# 'N HISTORIES-PRINSIPIëLE BESKOUING OOR DIE SOSIOLOGIESE ASPEKTE VAN HULPVERLENING IN DIE ONTWIKKELING VAN MAATSKAPLIKE WERK

---

deur Daniël Jakobus Eloff

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Promotor: Prof. dr. J.P. van der Walt

Potchefstroom
1967

Opgedra aan my vrou, kinders en my moeder.

My seun, vergeet my onderwysing nie,
en laat jou hart my gebooie bewaar;
want dit sal lengte van dae en jare
van lewe en vrede vir jou vermeerder.
Laat liefde en trou jou nie verlaat nie;
bind dit om jou hals, skryf dit op die
tafel van jou hart,
dan sal jy genade vind en 'n goeie
insig in die oë van God en die mense.
Vertrou op die Here met jou hele hart
en steun nie op jou eie insig nie.
Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy
jou paaie gelykmaak.

Spreuke 3:1-6.

# VOORWOORD.

Langs hierdie weg wil ek dank betuig en hulde bring aan die P.U. vir C.H.O., as Christelike Universiteit, vir die geleentheid om die wetenskap te beoefen: ÍN U LIG!

Ek wil graag aan almal wat bygedra het tot my vorming my opregte dank betuig. 'n Woord van besondere dank aan my Promotor en Hoof van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk, prof. dr. J.P. van der Walt, vir die vertroue in my gestel, sy opregte belangstelling, sy aanmoediging, hulp en vir sy leiding. Sy vriendelikheid, tegemoetkomendheid en ywerige belangstelling in Maatskaplike Werk word baie hoog op prys gestel.

Laastens wil ek graag aan die lede van die gesin van my herkoms my dank betuig vir hulle liefde en belangstelling. Aan my moeder, my vrou en kinders my innige dank en opregte waardering vir hulle liefde, aanmoediging, onderskraging en bystand. Veral vir die opoffering van my vrou en kinders wil ek baie dankie sê.

Aan God alleen die eer!

# INHOUDSOPGAWE.


Voorwoord .................................................. iii

Inleiding, doel en metode .................................. 1

## HOOFSTUK 1.

## DIE OPKOMS EN PRINSIPIËLE FUNDERING VAN DIE SOSIOLOGIE VAN HULPVERLENING.

I. DIE ONTSTAAN EN AARD VAN DIE MODERNE SOSIOLOGIE.. 5

a. Inleiding ........................................ 5

b. Die ontstaan van die moderne Sosiologie ........ 9

II. DIE AARD VAN DIE MODERNE SOSIOLOGIE ............ 15

III. LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING ..................... 23

a. Inleiding ........................................ 23

b. Die christelike lewens- en wêreldbeskouing ...... 24

c. Die skeppingsorde ................................ 24

d. Die samelewingsorde .............................. 26

e. Die strukturele orde ............................. 29

f. Die normatiewe orde .............................. 32

g. Die feitlike of funksionele orde ................ 33

IV. TOEGEPASTE, SPESIALE OF ASPEKSOSIOLOGIE .......... 37

a. Inleiding ........................................ 37

b. Die studieterrein en taak van die Toegepaste Sosiologie en hoe dit skakel met hulpverlening ... 37

c. Die studieterrein van die sosiologie van Hulpverlening en die konnotasie met enkele uitgangspunte (teorieë), met spesiale verwysing na Maatskaplike Werk .......................... 42

## HOOFSTUK 2.

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MAATSKAPLIKE WERK

I. INLEIDING ........................................ 51

II. GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MAATSKAPLIKE HULPVERLENING ...... 52

a. Die vroeëre ontwikkeling van maatskaplike hulpverlening .................................. 53

b. Die oorgang van maatskaplike hulpverlening na maatskaplike werk ......................... 62

III. DIE ONTSTAAN VAN PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE WERK.. 68

a. Inleiding ..................................... 68

b. Definisies en omskrywings van maatskaplike werk ... 72

c. Klassifikasie, analise en afleidings om onder andere ook die sosiologiese aard en omvang van genoemde definisies en betekenis van maatskaplike werk aan te toon .......................... 78

d. Doelstellings en funksies van maatskaplike werk ... 80

IV. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING .................. 88

## HOOFSTUK 3

## STRUKTUURANALISE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKGROEP

I. INLEIDING .................................................. 90

II. ANALISE VAN 'N GROEP IN DIE ALGEMEEN EN DIE MAATSKAPLIKE WERKGROEP IN DIE BESONDER ................. 93

a. Analise van 'n groep ................................ 93

b. Analise van die maatskaplike werkgroep .............. 98

1. Omskrywings van 'n maatskaplike werker en sy doelstellings ................................ 99

2. Die maatskaplike werkgroep ......................... 103

3. Die kriteria vir 'n professie en maatskaplike werk daaraan getoets ........................... 111

c. Die groep aan wie hulp verleen word ................ 115

d. Die verhouding tussen die verlener en die ontvanger van die hulp ............................. 121

III. MENSBESKOUING EN MAATSKAPLIKE WERK .................. 126

a. Die mensbeskouing in die algemeen .................. 128

b. Mensbeskouing ten opsigte van die kliënt ........... 138

c. Mensbeskouing ten opsigte van die maatskaplike werker self .......................................... 142

## HOOFSTUK 4

## ENKELE AANVAARDE BASIESE UITGANGSPUNTE IN GEBRUIK BY MAATSKAPLIKE WERK IN OOREENSTEMMING MET DIE LEWENS- EN MENSBESKOUING.

I. INLEIDING .................................................. 147

II. ENKELE AANVAARDE BASIESE UITGANGSPUNTE IN MAATSKAPLIKE WERK .................................... 148

a. Elke indiwiduele mens is van die hoogste belang .... 148

b. Elke mens kan verander, ontwikkel en groei, onder die stimulerende invloed van ander mense en deur lewenservaring .................................... 150

c. Mense moet aanvaar word net soos hulle is .......... 156

d. Mense kan alleen gehelp word as hulle hulleself wil help .................................... 159

e. Mense het egter nie net regte nie, maar ook verpligtinge en verantwoordelikhede .................... 161

f. Die selfbeskikkings- of selfbeslissingsreg van die mens .................................... 164

g. Alle mense behoort binne perke van sy eie moontlikhede, gelyke geleenthede tot selfontwikkeling te hê .. 167

III. SAMEVATTING .................................... 170

## HOOFSTUK 5

## DIE METODES IN GEBRUIK BY MAATSKAPLIKE WERK IN OOREENSTEMMING MET DIE LEWENS- EN MENSBESKOUING

I. INLEIDING .................................... 171

II. GEVALLEWERK AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK ........ 174

a. ŉ Bondige historiese agtergrond van gevallewerk as metode in Maatskaplike Werk ........................ 175

b. Ontwikkelingsfases .................................... 178

c. ŉ Sosiologiese fundering van gevallewerk ........... 185

d. Die huidige benaderingswyse van gevallewerk as metode in Maatskaplike Werk .................................... 188

e. Die doel van gevallewerk as metode in Maatskaplike Werk .................................... 190

f. Die aard en wese van gevallewerk as behandelingsmetode .................................... 194

g. Die hulpmiddels in gevallewerk .................... 201

h. Samevatting .................................... 205

III. GROEPWERK AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK ......... 208

a. Historiese agtergrond in breë trekke van groepwerk as metode in Maatskaplike Werk .................... 209

b. Die doel van groepwerk as metode in Maatskaplike Werk .............................................. 217

c. Die aard en wese van groepwerk as metode in Maatskaplike Werk ................................. 221

d. Samevatting .................................... 229

IV. GEMEENSKAPSORGANISASIE AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK .................................................. 232

a. Die historiese agtergrond in breë trekke van gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk .... 233

b. Die doel, aard en wese van gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk ...................... 238

c. Die proses van gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk ................................ 248

d. Die verkryging en gebruikmaking van geskikte strukturele hulpmiddels in gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk ...................... 253

e. Samevatting oor gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk ................................ 257

V. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING VAN DIE DRIE BASIESE METODES IN MAATSKAPLIKE WERK ...................... 259

## HOOFSTUK 6

## 'N PRINSIPIËLE BESKOUING OOR DIE BEOEFENING VAN MAATSKAPLIKE WERK OP VERSKILLENDE TERREINE EN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VERSKILLENDE INSTANSIES

I. INLEIDING .......................................... 262

II. 'N SOSIOLOGIESE STRUKTUURANALISE VAN DIE KERK, PARTIKULIERE INISIATIEF EN DIE STAAT ........... 269

a. Die kerk ........................................ 269

b. Die partikuliere inisiatief .................. 273

c. Die staat ....................................... 276

III. DIE FUNDAMENTELE BEGINSELS VAN EN DIE AANGEWESE LIGGAME VIR DIE BEOEFENING VAN HULPVERLENING EN MAATSKAPLIKE WERK ................................ 280

a. Die beginsel van heiligende of saligmakende liefde as grondslag vir die barmhartigheidsdiens van die kerk ........................................ 281

1. Die kanaal van kerklike barmhartigheidsdiens ...................................... 285

2. Kerklike barmhartigheidsdiens in Suid-Afrika .. 288

b. Die beginsel van organiese liefde as grondslag van die welsynsarbeid van die partikuliere inisiatief of private welsynsorganisasie ............... 296

c. Die beginsel van geregtigheid as grondslag van die arbeid van die staat ........................... 303

1. Die beginsel waarop die arbeid van die staat berus ..................................... 303

2. Die rol van die staat in welsynswerk in Suid-Afrika ................................... 308

IV. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING OOR DIE BEOEFENING VAN MAATSKAPLIKE WERK ........................... 316

HOOFSTUK 7

SAMEVATTENDE SLOTBESKOUINGE .......... 320

-----

## Inleiding, doel en metode

„Any formulation which is in conflict with the creation-order, with the meaning of the created being, will necessarily result in antinomies and obscure the vision of this human being whether he is engaged in pre-scientific activities or in scholarly pursuits" [1].

Met inagneming van bogenoemde aanhaling en van die historiese ontstaan van die Sosiologie as vakwetenskap en die aanvaarding wat „... de vraagstukken rondom de mens zijn aan alle kanten bezig zich te vermenigvuldigen en de nood van het mens-zijn is van de aard, dat er met het oog daarop wel voor diepgaande verontrusting aanleiding te over bestaat.

„Welnu, tegen deze agtergrond mag nu wel gesproken worden van een hoogst belangrijke functie, die er thans is voor het maatschappelijk werk... (die) daarin erom gaat de mens in zijn veelvuldige levensnood te helpen" [2].

In die lig hiervan sal in hierdie proefskrif getrag word om implisiet en/of eksplisiet, aan die begrip „orde" ŉ sekere inhoud, betekenis en konnotasie te heg, enersyds as die uitgangspunt en grondslag en andersyds dat alle afwykinge daarvan ŉ versteuring van die orde in die samelewing in die algemeen en ook in die besonder is.

---

1. Kooistra, Remkes. Facts and values. A christian approach to Sociology. Hamilton, Guardian Publishing Co., Ltd., 1962. P. 51.

2. Wurth, G. Brillenburg. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957. P. 11

By die bewerking van die stof is die ontstaan van die Sosiologie van besondere belang omdat veral Comte „... op de grondslag der nieuwe industriële ontwikkeling naar een nieuwe, vaste maatschappelijk orde zocht" [1]. Die begrip „orde" word uitgebou om tot die opvatting van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing [2] te kom en verder om aan te toon hoe die afwykings van die daaruit voortspruitende normatiewe orde in wisselwerking met die feitlike of funksionele orde, aanleiding gee en lei tot kennis waarvan die Toegepaste Sosiologie, die Sosiologie van Hulpverlening en die maatskaplike werkgroep bewus moet wees. Dit is ook nodig om te weet hoe laasgenoemde groep onder andere hierdie kennis implimenteer in die maatskaplike werkprofessie om die normale of gesonde orde in die samelewing, groepe, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op die onderskeie terreine van maatskaplike hulpverlening en maatskaplike werk, te herstel.

In die algemeen is die doel van hierdie proefskrif om aan te toon hoedanig die sosiologiese beskouing oor maatskaplike hulpverlening as verskynsel op alle lewensterreine en veral oor Maatskaplike Werk is, met ander woorde om aan te toon hoe die saamhangende fasette op 'n bepaalde wyse, tyd en plek met mekaar saamgevoeg word om 'n geheelbeskouing, dit is, die struktuur van die Sosiologie van Hulpverlening met spesiale verwysing na Maatskaplike Werk te kry.

In die besonder is die probleem van ondersoek en die doel van hierdie proefskrif om aan te toon hoedanig:

---

1. De Haan, J. Bierens. Sociologie, ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire, 1952. P. 42.

2. Vgl. Eloff, D.J. Enkele aspekte van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom, 1963. P. 170.

1) die aard, doel en taak van die Sosiologie en breë trekke is;

2) die aard, doel en taak van die Spesiale of Aspeksosiologie in die algemeen, en die aard, doel en taak van die Sosiologie van Hulpverlening in die besonder is;

3) die ontstaan van die Algemene Sosiologie met die sentrale begrip „orde" in verband gebring kan word met die Toegepaste, Spesiale of Aspeksosiologie wat tot wetenskapskomponent het die Maatskaplike Werk [1];

4) die lewensterrein wat te make het met hulpbetoon in die algemeen en in die besonder, naamlik die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk respektiewelik is;

5) die belangrikheid van 'n lewens- en wêreldbeskouing en mensbeskouing in Maatskaplike Werk is;

6) 'n struktuuranalise van die maatskaplike werkgroep gemaak kan word en om aan te toon wat die invloed van die totaliteit van die samelewing en kultuur op die maatskaplike werkgroep is en omgekeerd die invloed van die maatskaplike werkgroep op die samelewingstotaliteit as stimulus om die sosiale orde ten opsigte van dit wat verkeerd of buite orde (ontsporinge) is, te herstel;

7) die invloed van die norm van maatskaplike werk in wisselwerking met die moderne samelewing en dus die positivering van die kennis wat die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing bydra tot die wetenskap van die Maatskaplike Werk is;

8) die metodes wat deur die Maatskaplike Werk gebruik word is en hierdie metodes in ooreenstemming te bring met die mensbeskouing;

9) die verskillende terreine van kerk, staat en partikuliere inisiatief wat met maatskaplike hulpverlening te doen het, afgebaken kán word.

'n Redelike goeie kennis van maatskaplike werk is 'n noodsaaklike vereiste vir 'n studie van hierdie aard. Ten einde hieraan uitvoering te gee, word die volgende werkwyse gevolg by die behandeling van die stof

---

1. Vgl. Theron, J.S. Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Pretoria, 1965. P. 373.

sodat die hoofstukke soos volg uiteen val:

eerstens word die opkoms en prinsipiële fundering van die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk binne die besondere historiese verband geplaas;

tweedens word die ontstaan en ontwikkeling van Maatskaplike Werk geskets;

derdens word 'n struktuuranalise van die maatskaplike werkgroep gemaak waaruit spruit,

vierdens die metodes wat deur maatskaplike werk gebruik word, gesien in die lig van die mensbeskouing;

vyfdens word 'n prinsipiële beskouing van die verskillende terreine van kerk, staat en partikuliere inisiatief, gegee.

Ten laaste word in 'n samevattende slotbeskouing enkele gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak ten opsigte waarvan hierdie bronnestudie 'n bydrae wil lewer.

------------

# HOOFSTUK 1.

## DIE OPKOMS EN PRINSIPIËLE FUNDERING VAN DIE SOSIOLOGIE VAN HULPVERLENING.

### I. DIE ONTSTAAN EN AARD VAN DIE MODERNE SOSIOLOGIE.

#### a. Inleiding.

„In all ages and human times, ever since our erect and restless species appeared upon the planet, men have been living with others of their kind in something called societies. Wherever these societies may be and whatever their chapter of history - whether primitive Polynesian or ancient Egyptian, classical Chinese or contemporary Russian, medieval English or modern American - they all exhibit common elements and constant features. These are the elements that give to society its form and shape, that constitute its structure, and that, in a world, comprise the social order" 1).

In aansluiting hierby word van aanhalings gebruik gemaak om die aanloop en geskiedkundige agtergrond van die ontstaan van die Sosiologie te skets: „The history of sociology from an extended time perspective covers a period of a few thousand years. Such a history deals with the thought of man on the nature of society from points in early civilization down to the present" 2), en verder: „Sociology has a long past but only a short history. Since the dawn of civilization society has been a subject for speculation

---

1. Bierstedt, Robert. The social order. An introduction to sociology. Second edition, New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1957. P.V.

2. Wright, Verne and Elmer, Manuel C. General Sociology. An introductory book. New York, Farrar and Rinehart, Inc., 1940. P. 611.

and inquire, along with every other phenomenon that has agitated the restless and inquisitive mind of man" [1].

Na aanleiding van hierdie uitgangspunte omskryf baie skrywers Sosiologie dan ook as die wetenskap oor of van die samelewing [2] waarin die mens met sy denke, probleme en kultuur [3] 'n belangrike aandeel het binne die voorsienigheid van God [4]. So wy De Haan verder uit: „Altijd toch is de samenleving in de ervaring gegeven geweest, altijd heeft zij de mens gesteld voor vraagstukken op welke hij trachtte een antwoord te vinden. Doordat zij de mens voor vragen en praktische problemen stelde, werd zij onderwerp van het denken. In het denken over de samenleving weerspiegelt zich de samenleving zoals deze ervaren wordt" [5].

By hierdie mening oor die vraagstukke en praktiese probleme waarop antwoorde gevind moet word, sluit König aan met die siening dat die gebeure in die samelewing „... gekenmerkt wordt door veranderingen, problemen, moeilikheden, spanningen en gevaren. De theorie dringt geen vragen op aan de historisch-maatschappelijke ontwikkeling, maar de vragen vloeien uit het leven zelf voort en confronteren zich met de levende en denkende mens, die zich bewust in de wereld tracht te oriënteren" [6].

---

1. Bierstedt. The social order. P. 3.

2. Vgl. Van Dijk, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij., Tweede Druk. P. 7.

3. Vgl. Ibid. P. 33.

4. Vgl. Ibid. P. 20-21.

5. De Haan. Sociologie, ontwikkeling en methode. P. 11.

6. König, René. Sociologie in deze tijd. Amsterdam, Uitgeverij H.J. Paris, 1952. P. 7-8.

Die oorsprong van die moderne Sosiologie in die Franse- en Industriële Rewolusies [1] en die feit dat die Sosiologie en veral die Toegepaste of Aspeksosiologie hoofsaaklik te doen het met die ondersoek van die sosiale of maatskaplike verskynsels, selfs afwykende verskynsels en gedrag wat in die samelewing aangetref word, word dit dikwels as krisiswetenskap bestempel. Die Sosiologie word dan beskryf as die wetenskap wat die krisisverskynsels [2] van die samelewing, in die ruimste sin van die woord ondersoek. Hierdie opvatting mag ook lei tot sekere misverstande, naamlik dat die Sosiologie slegs te maak het met die studie van krisisverskynsels. Dit was veral die toestand wat die volgende aanhaling weerspieël, nl.: „... zij dankt... haar ontstaan voor een belangrijk deel aan de nood, aan de crisis waarin de samenleving in de tijd van de Saint Simon en Comte geraakt was" [3].

Op die huidige tydstip vertoon die gangbare Sosiologie die tendense en sterk impulse van die reële en veronderstelde nood van die samelewing vandag, hier en nou. Byvoorbeeld die kompleks van die moderne problematiek rondom die huweliks- en gesinslewe soos egskeiding, verlating, kinderverwaarlosing, drankmisbruik, misdaad ensovoorts, spreek ernstig tot ons uit kongresse, verslae en boekdele. Hierdie krisis-situasie waarin o.a. die moderne samelewingsvorme soos die huwelik en gesin op die oomblik verkeer, het die impulse verskaf tot die belangstelling vir en die ondersoek na hierdie probleem op die gebied van die Sosiologie van Hulpverlening.

Weereens word vandag, net soos in die tyd van Comte, geroep om die hulp van die wetenskaplike ondersoek van die Sosiologie om kennis by te

---

1. Bouman, P.J. Sociologie, begrippen en problemen. Amsterdam, Uitgeversmij. N.V. Standaard-Boekhandel, 1958. P.12.

2. Vgl. Van Dijk. Mens en medemens. P. 13.
Vgl. Bouman. Sociologie. P. 12.

3. Van Dijk. Mens en medemens. P. 13.

bring wat deur betrokke instansies benut kan word om die maatskaplike nood waarin die mensdom vandag verkeer, te lenig. Ook vind daar selfs 'n oorbeklemtoning plaas sodat die Sosiologie en veral die Aspeksosiologie en dan in besonder die Sosiologie van Hulpverlening, begroet word as redder uit die maatskaplike nood waarin 'n groot deel van die mensdom verkeer.

Veral word op die Sosiologie as „toegepaste sosiologie" of die Sosiologie van Hulpverlening vandag ernstige beroepe gedoen om die weg aan te dui van hoe ingegryp behoort te word en wat gedoen kan word om in die maatskaplike noodsituasie onder andere 'n bydrae te lewer om tot moontlike oplossings te kom.

Wat die Sosiologie in die algemeen 'n besondere taak en roeping oplê, is die feit dat die Sosiologie as wetenskap die naaste (digste) staan by die mens-in-die-gemeenskap, die mens-in-die-samelewing. Nooit en nêrens kan die beoefenaar van die Sosiologie hom terugtrek in sy laboratorium soos die ondersoeker van die natuurwetenskappe nie, of hom in sy studeerkamer opsluit, sonder die gevaar dat hy kontak met die werklikheid sal verloor nie. Die Sosiologie kan en moet ook nie geheel en al beheers word van agter die lessenaar en die kateder nie, maar dit moet die beoefenaar besiel en hom uitdryf na die realiteit van die ryke verskeidenheid in die samelewing met 'n ware en egte belangstelling tot insig en begrype van sy medemens as beelddraer van God en as kroon en konsentrasiepunt van Sy Skepping [1].

Met die oog op die bestudering van hierdie veld van ondersoek is die negatiewe beskouing: „Het zwijgen der godheid werpt den mensch terug op

---

1. Vgl. Van Dijk. <u>Mens en medemens.</u> P. 20.

zichzelf en op zijn geestesverwanten in gelijke eenzaamheid" [1]. Hierteenoor is die positiewe siening: „... de wijsgerige anthropologie en mèt Sorokin bijvoorbeeld (stel) dat de mens naar zijn act-structuur door Goddelijke scheppingswijsheid gebonden is aan, gevormd wordt in én door de ontzaggelijke diversiteit der samenlevingsverhoudingen, maar handhaaf tevens's mensen vrije verantwoordelijke keuze in het concentratiepunt van zijn bestaan en in onderworpenheid aan de volheid der wet Gods" [2]. Met ander woorde, dat alleen ꞌn christelike wetenskapsbeoefening op transendente grondslag ꞌn boodskap en oplossing vir ons geskonde wêreld het, maar dan ook die verlossing - die vrymaking van die mens en die samelewing [3] deur Jesus Christus, as die volwerklike boodskap.

Met die oog op bostaande beskouing is dit nodig om vervolgens aandag te gee aan die ontstaan van die moderne Sosiologie.

b. Die ontstaan van die moderne Sosiologie.

Verskillende skrywers is dit eens oor die ontstaan van die Sosiologie as selfstandige wetenskap en sluit aan by onder andere Van Dijk: „... zij dankt als zelfstandige tak van wetenschap haar ontstaan voor een belangrijk deel aan de nood, aan de crisis waarin de samenleving in de tijd van de Saint Simon en Comte geraakt was. Ellende, armoede, honger, ontbering bij de massa of althans bij een zeer grote massa, misbruikte macht, weelde en rijkdom vaak bij enkelen. Verwarring en ellende waaruit men geen uitweg zag

---

1. Zuidema, S.U. De Mens als Historie, Rede gehouden bij de aanvaarding van het ambt van buitengewoon hoogleraar in de faculteit der Letteren en Wijsbegeerte aan de Vrije Universiteit te Amsterdam, 9 Juni 1948, Franeker, T. Wever. P. 14.

2. Van Dijk, R. Enige opmerkingen over Sociologie als wetenschap. 's-Gravenhage, N.V. Uitg. W. van Hoeve, 1949. P. 14.

3. Vgl. Van Riessen, Ir. H. De Maatschappij der toekomst. Franeker, T. Wever, Vierde druk, 1957. P. 337.

vanwege dat andere, ongewone en nieuwe verschijnsel eigenlijk, dat die samenleving zo chaotisch ingewikkeld was geworden, omdat immers de vaste sociale orde der middeleeuwen, nog beheersbaar door gilden en feodale machten, radicaal was doorbroken en de ontzaglijke groei en verwikkeling van de tussenmenselijke verhoudingen welhaast een chaotisch en onontkoombaar noodlotskarakter aannamen: het was de wereld geboren uit de Franse en industriële revolutie" [1].

Ook Banning wys op die krisiskarakter van die nuwe wetenskap waar hy skryf: „... onze moderne sociologie, die positieve wetenschap zijn wil..., haar ontstaan dankt aan de crisis der maatschappij, en haar eigen karakter krijgt in verband met de wijze waarop deze crisis zich in verschillende landen voordoet en voltrekt" [2].

Daar word klem op gelê dat hierdie krisis veral in sekere afgebakende gebiede van die samelewing hom intenser uitwys en kan die belangstelling vir maatskaplike verskynsels ook sedert die begin van die 19de eeu toegeskryf word „... aan de sociale structuurveranderingen, waaruit de moderne burgerlijke samenleving te voorschijn kwam. Met de industriële revolutie in Engeland en de Franse Revolutie begon een tijd, waarin zowel het staatkundig als het economisch leven een massaal, uiters gecompliceerd en beweeglijk karakter aannamen" [3].

Wat die ontstaan van die Sosiologie aanbetref wys Kooistra dat dit gebore is „... uit de schokken en noden, die een maatschappij in structuurverandering en crisis oproept" en „... de opkomst van de sociologie hangt ten nauwste samen met de veranderingen, door de industrialisatie sinds het

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 13.
   Vgl. König. Sociologie in deze tijd. P. 13.
2. Banning, W. Sociologie en Kerk. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1951. P. 7.
3. Bouman. Sociologie, begrippen en problemen. P. 12.

einde van de 18e eeuw veroorzaakt. Niet de huisindustrie, maar de grootindustrie heeft de structuur der samenleving grondig veranderd. De fabriek met haar concentratie van arbeidskrachten deed de stedelijke samenleving een massaal karakter verkrijgen" [1].

Dit is te begrype dat in Engeland en Frankryk waar hierdie bloedlose en bloedige historiese gebeurtenisse plaasgevind het, ŉ nuwe toestand ontstaan het in die samelewing wat ŉ nuwe visie meegebring en gestimuleer het, gedwing het tot nadenke en gewag het op ŉ oplossing. In hierdie lande het dit ook voorop gegaan in die studie van en ontwikkeling van die Sosiologie. „Daarbij reiken - sociologisch zeer goed verklaarbaar - de wortels van de sociologie in Engeland dieper in het verleden terug dan in Frankrijk. Tevens bleef in het eerstgenoemde land echter enige vaagheid bestaan rondom de Sociologie. Het ging met deze wetenschap in Engeland zoals met de grootindustrie: zij kreeg een plaats in een omgeving, die nog zoveel mogelijk traditiegetrouw, het landelijk aanzien trachtte te bewaren. In Engeland, voerde de Verlichting, populair gezegd, dimlight, terwijl ze aan deze zijde van het kanaal haar tocht begon met volle lichten" [2].

Die uitvloeisel hiervan en die uitwerking van die ekonomiese veranderinge „... brought about chiefly through the substitution of mechanical for muscular power and with the aid of mechanical invention, was producing changes equally profound in the social life. The introduction of machinery and the factory system with its enormous increase of production, improvement in the means of communication, the development of trade and transportation, the massing of capital and the expansion of credit, the rise of the entrepeneur,

---

1. Kooistra, R. <u>De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie.</u> Franeker, T. Wever, 1955. P. 20.

2. Ibid. P. 20-21.

and the extension of the wage system, are among the important factors creating the modern industrial system. New problems of social adjustment demanded solutions for which there was neither knowledge nor experience" [1].

Ook Queen wys op die uitvloeisels dat die karakteristieke eienskap van die aard van hulpverlening van die 19de eeu deel uitgemaak het van 'n reaksie ten opsigte van die behoeftes wat gedurende die Industriële Omwenteling ontstaan het: „The Industrial Revolution brought in its train a host of new problems pressing for solution. The insanitary factories, crowded houses, long hours, low wages, employment of women and young children, periods of industrial depression accompanied by unemployment and monotonous existence broken by periodical 'sprees' presented a real challenge to those interested in the welfare of their fellow men. But these were not all. Along with them came the breakdown of customs, habits and morals. There was a general social disorganization" [2].

'n Verdere aanduiding van die ekonomiese ontwikkeling en die „hellevaart" waarmee die nuwe rigting deur die opkoms van die moderne grootindustrie as vrug van kultuurontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegniek uitgekristalliseer het, is die groot verskuiwings en veranderinge op maatskaplike gebied wat in beweging gebring is en waaroor Barnes skryf: „The industrial revolution, the greatest transformation in the history of humanity, broke down the foundations of the previous social system even more completely than the commercial revolution had destroyed the medieval order. Out of the confusion, as an aid in solving the newly created social problems, there

---

1. Lichtenberger, J.P. Development of Social Theory. New York, D. Appleton-Century Co., 1938. P. 237.

2. Queen, Stuart A. Social work in the light of history. Philadelphia, Lippincott, 1922. P. 84.

came a further development and differentiation of the special social sciences. The necessity of providing a synthetic and systematic science of society, to criticize the validity of the multitude of schemes presented to reconstruct the disintegrating social order, brought into being sociology in its present connotation" [1].

Uit genoemde aanhalings is dit baie duidelik dat die ontstaan van die moderne Sosiologie ten nouste saamhang met die nawerking van die historiese gebeurtenisse teen die agtergrond van die krisistoestand waarin veral Engeland en Frankryk op daardie bepaalde tydstip verkeer het, en by name spesifiek die krisistoestand van die samelewing soos dit ervaar was as die reaksie van die wetenskaplike denke, waaruit die Sosiologie gebore is, naamlik „... uit de schokken en noden, die een maatschappij in structuurverandering en crisis oproept" [2]. Dit sluit aan by wat Van Dijk sê: „Daarom moest in de gedachtegang van Comte (en voor hem reeds van de Saint Simon), die chaotiese samenleving worden bestudeerd, geanalyseerd en uiteindelik worden beheerst door het theoretisch denken. Het theoretisch denken, dat immers in de beheersing der natuur zijn onmiskenbare triomfen vierde, zou ook orde moeten brengen in de chaos van de menselijke samenleving. Het was die wetenschap van de samenleving die van Comte de naam Sociologie ontving" [3].

Die sosiale denke van die verligting in Engeland en Frankryk het die grondslae gelê waarop die wetenskap hom verder sou ontwikkel. Dit het die metode en wêreldbeskouing voortgebring waarvandaan hierdie wetenskap sou

---

1. Barnes, H.E. An introduction to the history of Sociology. Chicago, The University of Chicago Press, Sixth Impression, 1961. P. 47-48.

2. Banning. Sociologie en Kerk. P. 17.

3. Van Dijk. Mens en medemens. P. 13-14.

uitgaan. Dit het in sy beskouing oor die samelewing ook reeds veelal die probleme gestel wat die Sosiologie van die 19de eeu in gewysigde vorm ter hand sou neem. Maar dit het ook direkte sosiologiese betekenis: „... in haar ontwikkeling weerspiegelt zich het beeld der maatschappij over welke gedacht wordt" [1].

Die mens het nou van die werklikheid in die samelewing bewus geword en hierdie bewussyn het ꞌn wetenskaplike uitingsvorm gesoek. Die rewolusies het die mag van die maatskappy en van die massas wat dit vorm, met alle duidelikheid leer ken. In die jare na die rewolusies, het dit gelei tot die ontwikkeling van die Sosiologie as nuwe, selfstandige wetenskap waarvan De Haan sê: „Deze zal de wetenschappelijke uitdrukking zijn van het bewustzijn van deze eigen macht, de eigen aard van het maatschappelijk leven; zij zal trachten de, wetenschappelijk juiste, antwoorden te vinden op de vraagstukken voor welke dit stelt. De oude vormen der maatschappij zijn verbroken, maar nieuwe zijn nog niet gevonden; vroegere, richtinggevende maatstaven hebben hun gelding verloren, maar nieuwe zijn er nog niet. Het zal de taak der sociologie zijn deze te vinden. Nieuwe machten zijn opgekomen: de massa, de industrie, het kapitaal. De sociologie zal begrip moeten geven van deze nieuwe sociale werkelijkheid, van de machten welke haar beheersen, van de richting in welke haar ontwikkeling gaat; zij zal vooral praktische doeleinden moeten dienen" [2].

Hoewel die Sosiologie dus in ꞌn groot mate te doen het met die ondersoek van sosiale probleme wat die mens in die samelewing aantref en dikwels bestempel word as die wetenskap wat die krisisverskynsels in die ruimste sin

---

1. De Haan. <u>Sociologie, ontwikkeling en metode</u>. P. 33.

2. Ibid. P. 34.

van die woord ondersoek, is dit beslis meer as net 'n krisiswetenskap. Aansluitend hierby skryf Van Dijk: „Is dus de sociologie uit de nood der samenleving geboren, zij wil toch meer zijn dan een pathologie van die samenleving" [1].

Al is die wortels van sy ontstaan in die verste verlede, is die Sosiologie 'n moderne praktyk. „Wij spreken van moderne sociologie om aan te duiden, dat de klassieke sociologie tot het verleden behoort... Zij is een reactie op de revolutiebouw in het verleden, waardoor de sociologie nog steeds laboreert aan heilloze begripsverwarringen, systematische misverstanden tussen aanhangers van verschillende scholen... In de plaats treedt de moderne sociologie, te verstaan als het dynamische en evenwichtige samenspel van theorievorming en onderzoek ten bate van een steeds verder verfijnd analytische kennissysteem" [2]. „Despite these beginnings sociology is essentially a twentieth-century discipline, for many of its ideas and most of its reliable data have been accumulated since 1900" [3]. Dit bring ons by die aard van die moderne Sosiologie.

## II. DIE AARD VAN DIE MODERNE SOSIOLOGIE.

Dit is uiters noodsaaklik dat elke wetenskap duidelik en onomwonde sy uitgangspunt eers moet stel voordat die aard en wese onder die soeklig kom. Hier word aangesluit by Dengerink met die volgende: „De positieve sociologie is in haar visie op de typische structuren der empirische samenleving afhankelijk van de wijsgerige en de laatste is afhankelijk van het religieuze grond-

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 14.
2. Van Doorn, J.A.A. en Lammers, C.J. Moderne Sociologie. Systematiek en analyse. Utrecht, Aula-Boeken, 1964. P. 11-12.
3. Chinoy, E. Society. An Introduction to Sociology. New York, Random House, 1962. P. 3.

motief, dat haar uitgangspunt vormt" [1]. Dit hang saam met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing op transendente standpunt waarin voorop staan dat die beoefening van die wetenskap in hierdie lig gesien moet word uit hoofde van die feit dat sekere vooronderstellinge as grondliggend aksiomaties aanvaar word. Soos Van Dijk dit stel: „De kennis daaromtrent hangt aan theoretisch-wetenschappelijk onbewijsbare vooronderstellingen, die voor de christendenker gegeven zijn in de in het geloof aanvaarde goddelijke Woord-openbaring in Christus Jesus" [2].

Hiervolgens is alles uit, deur en tot God, en as beelddraer van God het die mens nie net ŉ ewigheidsbestemming nie, maar is hy ook die kroonstuk van die Skepping en is oor alles in die Skepping in verantwoordelikheid gestel „... tot bewustwording omtrent zijn oorsprong, roeping en bestemming (waartoe hy) moet worden geleid" [3].

Met bostaande as uitgangspunt in gedagte word volstaan met enkele definisies van die studieterrein van die Sosiologie om sodoende die aard en wese daaruit te kan aflei: -

1. „General sociology studies (a) the properties and uniformities common to all sociocultural phenomena in their structural ~~and dynamic~~ aspects as well as (b) the recurring interrelationships between the sociocultural and the cosmic phenomena; the sociocultural and the biological phenomena; the various classes of sociocultural phenomena" en „theoretical sociology studies the sociocultural universe as it is, in contradistinction from normative

---

1. Dengerink, J.D. Critisch-historische onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok N.V., 1948. P. 191.

2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 20.

3. Ibid. P. 21.

sociology, that sets forth the ideal sociocultural world as it ought to be; and from practical, or applied sociology which, like medicine or agronomy, consists in a scientific arrangement of the most efficient ways and means from a realization of a certain objective - elimination of poverty, war, etc. Like many applied disciplines, applied sociology, or the art of social engineering, must use not only the data of sociology but of several other sciences" [1].

2. „Voor de sociologie gaat het er nu juist om te onderzoeken, hoe die sociale structuren, hoe gezinnen, kerken, bedrijven, staten, klassen, standen etc. etc. er uitzien als totale verschijningsvorm, hoe zij in elkaar zitten, hoe ze zijn opgebouwd, hoe de verschillende aspecten daarin gevoegd zijn, hoe en op welke wijze de mensen daarin partieel gevoegd, gebonden zijn (structuur) en hoe de mensen individueel en gezamenlijk in het kader daarvan handelen, dus ook hoe het geheel (het gezin, de staat, de kerk, het bedrijf, de stand, de klasse) optreedt, handelt via het gedrag van de mensen, hoe ze dus fungeren (functie).

„De sociologie heeft dus tot object structuur èn functie van de afzonderlijke menslike groeperingen en van de samenleving, in hun totale verschijningsvorm, als kaders van collectief menslijke gedrag, d.w.z. van de samenleving en de sociale structuren als zodanig" [2].

Uit bovermelde en baie ander definisies [3] blyk dit dat die Sosiologie

---

1. Wilson, L. and Kolb, W.L. Sociological Analysis. An introductory text and case book. New York, Harcourt, Brace and Co., 1949. P. 28-29.

2. Van Dijk, R. en Kuiper, G. (Hzn). Gestalten en getijden in de sociale werkelijkheid. Amersfoort, N.V. Uitgeverij A. Roelofs van Goor. Ongedateerd. P. 16.

3. Vgl. Eloff. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuur-funksionele teorie van die samelewing. P. 113-118.

die vakwetenskap is wat die mens bestudeer in

i) sy strukturele of groepsverband,

ii) sy aanpassing en

iii) in sy verskillende samelewingsvorme. Samevattend kan ons nou in die lig van die voorafgaande uiteensetting die Sosiologie soos volg omskrywe: Sosiologie is in sy breedste betekenis daardie wetenskap wat die mens en die samelewing bestudeer in al sy vorme en grondslae. Dit bestudeer eerstens, die algemene, konstante verhoudinge en dryfkragte van alle menslike gemeenskappe in sy ekonomiese, regtelike, sielkundige, godsdienstige uitinge, ensovoorts. Verder probeer dit die relatiewe funksionele verhouding van die menslike samelewing tot die nie-sosiale omgewing, naamlik die geografiese en die biologiese, verklaar. Uit die aard van die saak moet dit die mens se biologiese struktuur, nl. die aarde waarop hy woon en waaruit hy sy lewensbestaan maak, as grondslag neem. Maar dit verklaar ook baie sosiale faktore wat uit die struktuur van die mens self spruit en op sy beurt die nie-sosiale beïnvloed. Derdens bestudeer dit die verhouding wat daar bestaan tussen die samelewing in die algemeen en die spesifieke wetenskappe en hoe die een uitingsvorm vir die menslike bestaan die sosiale lewe as geheel beïnvloed. Dit poog om vas te stel wat die korrelatiewe verband tussen godsdiens en ekonomie, tussen digtheid van bevolking en politieke en sosiale organisasies en verenigingе is. Vierdens bestudeer dit die verskillende menslike groepe wat binne die samelewing bestaan en funksioneer, en die faktore wat verantwoordelik is vir die vorming van sodanige groepe, die saambindende faktore en die wat verantwoordelik is vir die funksieverlies en ontbinding van sodanige groepe. Maar die Sosiologie bestudeer nie die mens as enkeling nie, maar wel binne sy sosiale of groepsverband - die mens as aksiesentrum in die wedersydse wisselwerkende vormingsproses met sy sosio-kulturele lewensmilieu. Binne hierdie groot raamwerk van die samelewing,

het die Sosiologie bepaalde maatskaplike probleme wat hy bestudeer, soos byvoorbeeld verarming, oorlog, gesinsontbinding, kinderverwaarlosing, drankmisbruik, misdaad ensovoorts. Die probleme is in kort die sosiale verskynsels en prosesse wat hulle in die samelewing voordoen [1].

„Sosiologie is (dus) die wetenskap van die dinamiese strukturele orde (individualiteit) van die menslike samelewing en van die (denkende) kennende, voelende en willende mens (menslike persoonlikheid) wat hom in daardie samelewing moet inpas en aanpas, maar in hierdie aanpassing gelei en gerig word deur sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef" [2].

Na aanleiding van die werke van o.a. Du Preez [3] en Van Dijk [4] kan die volgende afleidings gemaak word:

1. In die geskape werklikheid is die enkele mens nie ŉ wese wat op homself en vir homself alleen kan bestaan nie, maar hy is aangewys op saamlewe met andere, en aan wie hy op die een of ander wyse gebind is met allerlei bande van liefde, taal, godsdiens, ideale, tradisies, ensovoorts. Die enkele mens is nie en kan ook nie bestaan uit ŉ lewe op homself en vir homself nie, omdat sy lewe altyddeur en onophoudelik bestaan in, en onderhou word deur die saamlewe met ander mense. Omdat die mens ŉ sosiale of gemeenskapswese is, is hy nie ŉ enkeling of indiwidu sonder meer nie, want hy is op sy medemens afgestem en toegeskape omdat „... de geschapen werkelijkheid van het menszijn integendeel meebrengt, dat hij

---

1. Vgl. Du Preez, D.C.S. <u>Prolegomena</u>. Ongepubliseerde artikel, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. Ongedateerd.

2. Ibid. P. 14.

3. Vgl. Ibid.

4. Vgl. Van Dijk. <u>Mens en medemens</u>. Hoofstuk I en II.

doorlopend en op allerlei wijzen in contact treedt met zijn medemensen" [1] want „... van de wieg tot het graf, staat de enkele mens op een knooppunt van talloze verbindingsdraden met zijn medemensen" [2].

2. Die Sosiologie poog ook om aan te dui dat die enkele mens die aksiesentrum of aktiewe element in die samelewing is [3]. Die mens as aksiesentrum in die samelewing ontplooi en ontwikkel sy indiwiduele, persoonlike en ingeskape eienskappe as sy gawes, talente en moontlikhede in en deur die samelewing in samewerking met sy medemens.

3. Dat die enkele mens, op sy beurt gevorm en bepaal word, en dit in 'n baie hoë mate deur die samelewing waarbinne hy geplaas is. Mess skrywe in hierdie verband: „... to become a human being, in any adequate sense of that term, it is not sufficient to have been born of human stock, it is also necessary to have grown up in a human society and to have been subjected to its influences" [4]. In hierdie verband moet daarop gewys word dat dit nie saak maak hoe sorgvuldig die enkeling gevorm en ontwikkel is nie, hy tog 'n aansienlike mate van sy indiwidualiteit behou, sodat hy nie sonder meer die produk van sy sosiale milieu deur „aanpassing" by die samelewing kan wees nie [5]. „Zijn integratie in de samenleving gaat niet dieper dan zijn aangeleerde reacties nie" [6]. Ook in die volledige integrasie van die persoon en van die samelewing geld die feit, dat

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 9.
2. Ibid. P. 10.
3. Vgl. Ibid. P. 20.
4. Mess, Henry A. Social structure. London, George Allen and Unwin Ltd., 1942. P. 7.
5. Vgl. Linton, Ralph. The cultural background of personality. London, Kegan Paul, 1947. P. 14-15.
6. Van Dijk. Mens en medemens. P. 32.

die mens nog 'n oorspronklike eiewaarde het as persoon, soos hy gelei en gerig word deur sy gewete - sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef. Davis skrywe hieroor: „Such internalized norms guide and determine his intuitive judgements of others and his intuitive judgements of himself. They lead to the phenomena of conscience, of guilt feelings, of striving, of elation and depression" [1].

4. Die enkele mens is ook lid en het deel aan daardie fundamentele samelewingsvorme (groepe) in die samelewing waarin elke mens normaalweg gebore word, want „... van de wieg tot het graf staat de enkele mens op een knooppunt van talloze verbindingsdraden met zijn medemensen" [2]. Groepe soos die huweliksgemeenskap, die gesinsverband, die spel- en opvoedkundige groepe, die werksverband, die kerkverband, die staatsverband in die sin van: „Sociology is the study of social groups" [3].

As gevolg van die vaste en duursame karakter wat hierdie samelewingsvorme besit as die konstante op die skeppingsorde gegronde samelewingsstrukture, is dit maklik verstaanbaar dat die aandag van ondersoekers daarop geval het. Hierdie belangstelling het dan ook gelei tot die opvatting dat die Sosiologie hom veral in sulke samelewingsvorme sou verdiep. Dit is dan ook geensins vreemd dat hierdie min of meer duursame samelewingsvorme steeds in die sentrum van die belangstelling gestaan het omdat hierdie duursame en hegte samelewingsvorme, die indiwiduele selfheid, die eie-heid, en die indiwiduele gestalte baie maklik aantoonbaar is, en wel omdat hulle 'n blywende bestaan het ondanks die wisseling en opvolging van die indiwiduele lede.

---

1. Davis, K. Human Society. New York, The Macmillan Co., 1961. P. 55.
2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 10.
3. Bogardus, E.S. Sociology. Third Edition, New York, Longmans, Green and Co., 1949. P. VIII.

5. Benewens die feit dat die mens lid is van genoemde samelewingsvorme, vorm en onderhou hy self samelewingsvorme, dit wil sê hy word lid van bepaalde samelewingsvorme. So ontstaan tallose verenigings en organisasies waarin die mense gesamentlik bepaalde doeleindes nastrewe. Ook hierin is die mens die aksiesentrum as die aktief vormende element in die samelewing. Op hierdie besondere wyse ontvou, ontplooi, realiseer en aktualiseer die mens al die rykdom van sy kulturele lewensfunksies soos die ekonomiese, religieuse, artistieke, sedelike, ensovoorts, telkens weer in ander verhoudinge met sy medemens wat meer of minder duursaam is. In ooreenstemming met sy kultuuropdrag bou die mens voort in die samelewing.

6. Op hierdie wyse vorm die mens en die samelewing ŉ onverbreeklike tweeeenheid, netsoos die mens, die samelewing en die kultuur ŉ onverbreeklike drie-eenheid vorm. Met kultuur in relatiewe sin bedoel ons die produkte van die mens en die samelewing sodat Chinoy beweer: „Society cannot exist without culture and culture exists only within society" [1]. Samelewing veronderstel <u>orde</u> [2], wetmatigheid, ŉ samelewingsorde, wat beliggaam is in ŉ kompleks van norme en waardes wat die menslike gedrag in die samelewing rig en reguleer. Inherent aan die mens blyk die moontlikheid van ŉ keuse op grond van die norme wat in ŉ samelewing geld [3]. Hierdie normekompleks vorm die vernaamste deel van die kultuur en die kultuurpatroon soos Benedict skrywe oor „patterns of culture" [4]. Om nou hierdie kennis te integreer volgens ŉ eie gesigspunt in die Sosiologie in aansluiting by ons siening van die Sosiologie as

---

1. Chinoy, E. <u>Sociological perspective. Basic concepts and their application</u>. New York, Random House, 1954. P. 10.
2. Vgl. Van Dijk. <u>Mens en medemens</u>. P. 51.
3. Vgl. Du Preez. <u>Prolegomena</u>. P. 7.
4. Vgl. Benedict, R. <u>Patterns of culture</u>. New York, Penguin Books, 1946.

struktuurfunksionele teorie van die samelewing, of soos reeds deur Dengerink aangehaal word nou uitgegaan van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing op transendente standpunt.

III. LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING.

a. Inleiding.

[Die christelike lewens- en wêreldbeskouing is afhanklik van die wysgerige ondergrond wat setel in die religieuse grondmotief wat ook in hierdie proefskrif die uitgangspunt vorm en die geheel is „... van antwoorde of oortuigings van die mens aangaande fundamentele vrae betreffende die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van die mens en wêreld en van hul verhouding tot God"[1)] Dit vorm die christelike lewens- en wêreldbeskouing op transendente standpunt en sluit aan by die siening van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing[2)].

[Omdat 'n lewens- en wêreldbeskouing die geheel is van antwoorde of oortuigings van die mens aangaande al die fundamentele vrae oor die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van die mens en wêreld en van hul verhouding tot God, word dit vereenselwig met die standpunt van Coetzee[3)] nl. dat 'n absolute neutrale lewens- en wêreldbeskouing nie kan bestaan nie. Daar bestaan dus hoofsaaklik twee hoofindelings van lewens- en wêreldbeskouings wat radikaal, antiteties teenoor mekaar staan, naamlik die Christelike op transendente standpunt en die nie-Christelike op immanente standpunt][4)].

Uit hoofde van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing sal dus slegs aandag

---

1. Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. Potchefstroom, Pro Rege-Pers Beperk, 1961. P. 113.

2. Vgl. Van Dijk. Mens en medemens. P. 20.

3. Vgl. Coetzee, J.Chr. Die Christelike Universiteit. Intreerede as Rektor van die P.U. vir C.H.O. gehou op 19 Februarie 1954, in „KOERS", April 1954.

4. Vgl. Eloff. Enkele aspekte van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing. P. 87.

aan die Christelike standpunt gegee word.

b. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Die betekenis van die woord „Christelik" in hierdie besondere verband, word bepaal in die Heilige Skrif en in die Christelike historiese tradisie wat saamgevat is in die Christelike geloofsbelydenis en deur die Christelike kerk betuig word in sy formuliere van eenheid, in sy liturgie, in sy ampte en instellings. Vir hierdie doel hou die woord „Christelik" dus in die erkenning en aanvaarding van die gesag van Gods openbaring van Homself in Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, van die sondeval van die mens en sy verlossing deur die soenverdienste van sy Saligmaker, van die vertroosting van Gods Heilige Gees en van die Kerk as die bruid van Christus en as gemeenskap van die heiliges gedra deur die Heilige Gees. So word Christus erken en aanvaar as die eniggebore Seun van God, as die Redder en Verlosser van die verlore mensdom[1].

Die uitgangspunt [2] en kern van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing gesien in die lig van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is die woorde van Paulus: „Want uit Hom en deur Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid" [3]. Hiervolgens is „... alles uit, deur en tot God" en as beelddraer van God het die mens nie net ŉ ewigheidsbestemming nie, maar is hy die kroonstuk van die Skepping en is oor alles in die Skepping in verantwoordelikheid gestel.

c. Die Skeppingsorde.

Ons uitgangspunt in die Sosiologie naamlik die religieuse grondmotief,

---

1. Vgl. Coetzee. Die Christelike Universiteit. P. 193 en 194.
2. Vgl. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 191.
3. Paulus. Romeine 11:36.

impliseer dat God die heelal of kosmos geskape het volgens sy orde. Kosmos beteken oorspronklik „orde, sieraad, skoonheid; word tans gebesig vir heelal, wêreldgebou, stoflike wêreld; ..." 1).

Hierdie orde is 'n sentrale en deurlopende begrip in die opvatting van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing en daaraan sal op prinsipiële grondslag 'n sekere inhoud en betekenis geheg word, enersyds as die uitgangspunt en grondslag en andersyds dat alle afwykinge daarvan, dus 'n versteuring van die orde, dui op afwykings waarmee die Aspeksosiologie en veral die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk te doen het.

Die begrip orde is reeds deur baie skrywers verklaar. Grosheide skryf: „Orde. God is een God van orde. Hij wil dat alle dingen met orde geschieden (1 Cor. 14:40) en heeft aan Zijn werken orde d.i. Zijn ordinantiën of ordeningen gegeven (Ps. 148:6)" 2). „God is geen God van wanorde, maar van eirènè, schrijft Paulus in 1 Cor. 14:33. Eirènè heeft hier de betekenis van orde. Waar eirènè heerst, staan alle dingen op hun plaats en functioneren daar naar Gods bevel. In Gods rijk heerst geen wanorde, maar orde" 3).

Nog 'n skrywer wat aan die begrip orde 'n besondere inhoud gee is Baden waar hy universele orde gelykstel met skeppingsorde as hy skryf: „Universele orde? Bedoeld is de scheppingsorde, die in geheel de natuur heerst en elke creatuur zijn bijzondere plaats aanwijst. Volgens deze orde is de mens op zeer bijzondere en geheel enige wijze het schepsel Gods; hij wordt evenbeeld Gods en kroon der schepping genoemd... Zolang de mens zich aldus schepsel

---

1. Grosheide, F.W. Korte Christelijke Encyclopaedie. Kampen, J.H. Kok N.V., 1934. P. 615. (In Afrikaans vertaal).
2. Ibid. P. 817.
3. Pop, F.J. Bijbelse woorden en hun geheim. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1964. P. 549.

Gods wist, bezat hij een houvast en kende hij de hem toekomende metafysische plaats" [1].

Die Skeppingsorde sover dit die samelewing en die Sosiologie betref en verband hou met die aanhaling van Dengerink oor die positiewe Sosiologie, is 'n studie van die samelewingsorde soos onder andere Van Dijk dit stel: „Menselijke samenleving, menselijke samenlevingsvormen veronderstellen zo we zagen een samenlevingsorde; evengoed als we achter de ‚natuur' een natuurwetmatige orde, een vastheid en regelmatigheid van gebeuren ontdekken, zo ook achter de verschijnselen van de menselijk samenleving een samenlevingsorde" [2].

d. <u>Die samelewingsorde</u>.

In aansluiting by die samelewingsorde is die mens naas religieuse wese ook 'n sosiale wese wat met sy medemens saam leef en werk in groepe waardeur hy in verantwoordelikheid gestel word, nie net teenoor sy medemens nie, maar in die laaste instansie teenoor God.

Die noodsaaklikheid van ordening van die samelewing word ook deur Heiseler aangegryp as hy sê: „Het is echter de orde, waaraan we behoefte hebben, zij alleen kan ons redden" [3]. Ook Outler verwys daarna met: „... het is ons aandeel in de ordening van het leven, die zeer diep de kwaliteit van ons bestaan en ons streven naar onze bestemming raakt", en „de ordening van het leven is derhalve voor de mensen een zware en een onafwijsbare taak" [4].

---

1. Baden, H.J. <u>De Grenzen van de vermoeidheid</u>. Amsterdam, W. Ten Have N.V., 1962. P. 185.
   Vgl. Outler, A.C. <u>Psychotherapie en evangelieverkondiging</u>. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1959. Hoofstuk V.
2. Van Dijk. <u>Mens en medemens</u>. P. 59.
3. Bernt von Heiseler soos aangehaal deur H.J. Baden in <u>De grenzen van de vermoeidheid</u>. P. 182.
4. Outler, A.C. <u>Psycho-therapie en evangelieverkondiging</u>. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1959. P. 188.

In die meeste standaardwerke oor die Sosiologie soos byvoorbeeld 'n betreklik ou werk van Case (1924), Outlines of Introductory Sociology, en meer resente werke soos die van Mannheim en Bierstedt word op verskeie plekke van „social order" geskryf: „... the elements that give to society its form and shape, that constitute its structure, and that, in a word, comprise the social order" 1). William Temple wy 'n hele werk aan hierdie onderwerp in sy boek oor Christianity and Social Order waarin hy o.a. skryf: „The approach to the problem in our own time is to be made along four distinct lines:

1) the claims of sympathy for those who suffer;
2) the educational influence of the social and economic system;
3) the challenge offered to our existing system in the name of justice;
4) the duty of conformity to the 'Natural Order' in which is to be found the purpose of God" 2).

In lyn hiermee vind ons ook Fairchild se definisie oor „social order": „In general, the term refers to the totality of human relationships and culture of any given area or time; the constellation of social institutions. Critically the reference is to a certain quality, namely, the smooth, efficient, logical, aesthetic and ethical interactional functioning of individuals and groups within any such totality; it is a condition comparable to health in the individual. It is not the same as peace, for conflict may be orderly; it is not the same as organization, for organization always implies an amount of complexity not necessarily found with order" 3).

---

1. Bierstedt. The social order. An introduction to Sociology. P.V.
2. Temple, W. Christianity and social order. London, S.C.M. Press, Ltd., 1950. P. 13.
3. Fairchild, H.P. Dictionary of sociology. Paterson, New Jersey, Littlefield, Adams and Co., 1961. P. 287.

Ook Bierens de Haan skryf oor die samelewingsorde: „... er moet een zekere gemeenschappelijke geestelijke orde zijn, die als boven-individueele, collectieve werkelijkheid geldt, in en op welke alle verhoudingen tusschen menschen berusten. Deze werkelijkheid komt tot uiting in de orde der samenleving met de in haar geldende maatstaven, zooals deze leven in, en gedragen worden door, de taal met haar inhoud aan begrippen en opvattingen, de rechtsorde, de zedelijke orde, de traditie, de gebruiken en gewoonten, den godsdiens, in het geheel van maatstaven van praktijk en cultuur" [1].

Na aanleiding van bostaande en gevolgtrekkings deur andere [2] word aanvaar dat die samelewingsorde bestaan uit samelewingstrukture soos huwelike, gesinne, kerke, skole, bedrywe, sosiale indiwidualiteite en allerlei soorte van organisasies en verenigings, as empiriese gegewenhede. Hierdie empiriese of ervaringsfeite in die Sosiologie het ŉ struktuur of bou-orde, waardeur struktuur enersyds ŉ wysgerige implikasie en andersyds op feitlike gegewens in die orde van die samelewing dui.

Hierdie wysgerige ondergrond met sy religieuse grondmotief in die Sosiologie betreffende die samelewingsorde, dui op die <u>feit</u> hoe ons die Sosiologie moet sien en benut in die beoefening van hierdie vakwetenskap. Dit het tot taak om naas ander sake ondersoek in te stel na die onderlinge verhouding en samehang van die struktuurprinsipes wat hulle oorsprong in die Bybel het. Hierdie struktuurprinsipes in die Sosiologie is die struktuurnorme wat ons nou vanaf die samelewingsorde bring tot die strukturele orde of bou-orde.

---

1. De Haan, J. Bierens. <u>Grondslagen der samenleving</u>. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon N.V., 1946. P. 13.

2. Vgl. Eloff. <u>Enkele aspekte van die sosiologie as struktuur-funksionele teorie van die samelewing</u>. P. 90.

e. Die strukturele orde.

By die strukturele orde is ingesluit die wat, hoe en hoeveel van die kennis omtrent menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse van die verskillende aspekte, soos hulle saamhang en in onderlinge verhouding tot die geheel van die sosiale struktuur staan sodat ons „... begrip hebben van samenhang, die het schijnbaar afzonderlijke en zelfstandige bindt en het wederzijds afhankelijk maakt" [1].

Dit is dan ook die bydrae van hierdie kennis omtrent die verskillende aspekte wat op 'n bepaalde wyse in die strukturele orde geïntegreer word om 'n sosiale struktuur te maak tot wat dit is en behoort te wees, die feitlike orde en die normatiewe orde respektiewelik. Van Dijk stel sy standpunt baie duidelik: „... dat wij van bepaalde verhoudingen tussen mensen kunnen zeggen: dat is een gezin, dat een kerk, dat een staat, etc. en zulks onafhankelijk van plaats en tijd... Dat is geen toeval en dat is niet omdat mensen daarover van te voren een afspraak hebben gemaakt, maar dat komt, omdat een gezin een gezin, een kerk een kerk, een staat een staat is, hièr en ginder, nû en straks.

„Dat is, omdat in gezin, kerk en staat, steeds weer bepaalde elementen der tijdelike werkelijkheid op een bepaalde wijze aan elkaar toegeordend zijn, in een bepaalde onderlinge verhouding tot elkaar staan.

„Dat komt, omdat een bepaalde samenlevingsvorm een bepaalde structuur bezit, dat is: een bepaalde orde volgens welke die samenlevingsvorm is opgebouwd uit bepaalde werkelijkheidselementen" [2].

Dit is dan die strukturele orde wat maak dat die geheel meer en iets anders is as die som van sy dele, en dit onmoontlik maak om die geheel te

---

1. De Haan. Grondslagen der Samenleving. P. 13.
2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 59.

leer ken en te begryp alleen deur dit in sy onderlinge dele te ontleed en uit te lê.

In hierdie opset word ook betekenis geheg aan „social structure" soos Fairchild dit omskryf: „(i) The established pattern of internal organization of any social group. It involves the character of the sum total of the relationships which exist between the members of the group with each other and with the group itself. (ii) A general term for all those attributes of social groups and types of culture which make them susceptible of being viewed as composite or complex wholes, made up of interdependent parts. Two kinds of social structure may be distinguished from each other in the abstract: (a) the division of social groups into part groups and ultimately into individual members or persons, often differing from each other in rôle and status; and (b) the division of a type of culture, i.e., the total body of culture of a society or group, into constituent elements such as folkways, mores, culture complexes, institutions, and beliefs" [1].

In aansluiting hierby en die siening van Van Dijk, gee ook Davis 'n goeie uitleg: „Like an organism, a society is a system of relations, but relations between organisms themselves rather than between cells. It has like the organism a determined structure; and the parts of this structure when in operation contribute to the existence of the whole, giving it a continuity apart from that of the constituent individuals. It is this possession of a continuity and structure of its own that makes it impossible to reduce the study of society merely to a study of its individual members. It is like a house which, though composed of bricks, nails, mortar, and pieces of lumber, cannot be understood purely in terms of these materials;

---

1. Fairchild. <u>Dictionary of Sociology</u>. P. 293.

it has a form and function as a complete house" 1).

Bovermelde aanhalings oor die strukturele orde beklemtoon twee uiters belangrike aspekte nl. struktuur en funksie. Onder struktuur verstaan ons dus die orde waarvolgens 'n geheel opgebou word uit bepaalde dele, maar dan so opgebou dat aan elkeen van hierdie dele, sy bepaalde plek en funksie in die geheel aangewys word, om sodoende 'n geheel te kry van 'n besondere karakter en 'n eie aard. Omdat dit 'n dinamiese strukturele orde is waarmee ons in die Sosiologie hier te doen het, impliseer dit verder ook 'n rangorde in waardes - op grond van „... the hierarchy of ... norms" 2), wat ons bring by „... de mens oriënteert zijn activiteit, zijn denken en doen aan besef van zo behoren, van verplichting, kortom van waarden en normen. Samenleving veronderstelt orde, samenlevingsorde, maar in de menselijke samenleving is die orde van een dubbele realiteit. De samenlevingsorde is niet maar een registreerbaar objectief bestand van feitelijke verhoudingen, maar is tegelijk een normatieve orde. Een orde, belichaamd in een complex van regels van zo behoren, van normen, die het menselijk gedrag in de samenleving zoeken te richten en te reguleren. In elke samenleving van mensen moet daarom worden onderscheiden tussen wat is (feit) en wat hoort (norm), tussen een feitelijke en een normatieve orde" 3).

---

1. Davis. Human Society. P. 26.
   Vgl. Mannheim, Karl. Man and Society in an Age of Reconstruction. London, Routledge and Kegan Paul, Ltd., 1949. P. 230.
   Vgl. Wilson and Kolb. Sociological Analysis. An introductory Text and Case Book. P. 772.
   Vgl. Buckley, Walter. „Structural-functional analysis in Modern Sociology" in Modern Sociological Theory. Edited by Howard Becker and Alvin Boskoff. New York, The Dryden Press, 1957. P. 240.

2. Friedmann, W.G. „Sociology of Law" in Current Sociology. Volume X/XI, No. 1, 1961-62, Oxford, Basil Blackwell, P. 1.

3. Van Dijk. Mens en medemens. P. 51.

f. Die normatiewe orde [1].

Die normatiewe orde binne die raamwerk van die strukturele orde bestaan uit 'n rangorde in norme of waardes omdat norme 'n waardemaatstaf is waardeur die taak en roeping (struktuurnorm) van die mens in die groep tot uitdrukking kom.

Onderliggend aan die normatiewe orde lê die Bybelse prinsipes „... aan die Openbaring ontleent (dan) ook de christen de belijdenis dat achter de kosmiese orde, ook achter de normatieve samenlevingsorde als de laatste en absolute grond en oorsprong daarvan, staat de wijsheid en de wil van de Schepper die Zijn ordonnantiën stelde voor geheel Zijn Schepping" [2]. Dit is dan hierdie Bybelse prinsipes wat vir die Sosiologie die taak aandui van die weg of koers tot 'n sisteem van norme vir byvoorbeeld die geloofsgemeenskap, regsgemeenskap, die ekonomiese gemeenskap, die liefdesgemeenskap, ensovoorts, elkeen met 'n eie normsfeer of soos Van Dijk dit stel: „Wat wij de normatieve orde der samenleving of ook het complex van samenlevingsnormen plegen te noemen, vormt niet een homogeen geheel van gelijke aard en karakter, maar bestaat evenals de samenleving zelve uit een ontzagelijke verscheidenheid en verwevenheid van talloze normsferen. Elk gezin, elk bedrijf, elke kerk, elk dorp, elke staat, elke vereniging, elke maatschappelijke kring vormt zo 'n normsfeer, kortom elke individuele samenlevingsstructuur is tevens het geldingsgebied van een eigen positief normencomplex" [3].

By die norm in die samelewing gaan dit dus om 'n bepaalde wyse van gedrag

---

1. Vgl. Dynes, R.R., Clarke, A.C. and Dinitz, S. Social Problems. Dissensus and deviation in an industrial society. New York, Oxford University Press, 1946. P. 4-5.

2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 54.

3. Ibid. P. 58.

of handeling wat voorskryf of verbied [1]. En in die meeste gangbare werke oor die Sosiologie vind ons 'n aanvaarding hiervan, alhoewel die klem tog grotendeels val op die Sosiologie as empiriese wetenskap terwyl dit volgens sekere skrywers ook 'n normatiewe wetenskap is [2].

Hierdie norme wat sosiologies bestudeer word en die voortdurende opvoeding en beïnvloeding wat van die samelewing op die mens van die wieg tot die graf uitgaan, is vir die massa die norme omdat dit deurgaans so goed geslaagd, so effektief is, dat die mens meestal nie bewus is dat aan hom norme opgelê word nie.

Dit word aanvaar dat die strukturele orde ingeskape lê in die geestestruktuur van die mens, deur Gods Skepperswysheid so gewil [3] en dat die normatiewe orde in die samelewing in die algemeen 'n waarmaking van die Godgegewe wette en norme vir die mensheid ooreenkomstig die Bybelse prinsipes is.

Maar in aansluiting by die normatiewe orde is daar ook die feitlike of funksionele orde. Die normatiewe orde maak die feitlike orde in die samelewing moontlik en die eerste kan nie sonder die laaste bestaan nie omdat albei wederkerig op mekaar betrekking het en mekaar beïnvloed. Daarom moet beide geken word om die konkrete werklikheid van die samelewing waarlik te ken.

g. <u>Die feitlike of funksionele orde.</u>

Die feitlike of funksionele orde in die raamwerk van die strukturele orde sluit ook aan by ons uitgangspunt in die Sosiologie soos gestel deur

---

1. Vgl. Van Dijk. <u>Mens en medemens.</u> P. 60.
2. Vgl. Van Dijk. <u>Enige opmerkingen over Sociologie als wetenschap.</u> P. 9.
3. Vgl. Van Dijk. <u>Mens en medemens.</u> P. 60.

Dengerink [1].

Dit gaan nou in die feitlike of funksionele orde om die mens en die groep in die samelewingswerklikheid wat ten opsigte van sy hele lewe funksies te vervul het binne alle aspekte van die strukturele orde in die konkrete werklikheid, want „... feitelike sociale verhoudingen in de menselijke samenleving laten zich nooit los van wezenlijke sociale normen vaststellen" [2]. Hiervolgens het die mens in die samelewing sekere funksies te vervul op alle lewensterreine byvoorbeeld die van geloof en godsdiens, liefde, reg, ekonomie, kultuur, taal, denke, gevoel, opvoeding, ensovoorts.

Binne die kader van die strukturele orde is die normatiewe orde en funksionele orde in die Sosiologie nie van mekaar te skei nie, veral waar ons aanvaar dat die dinamiese strukturele orde verandering, vooruitgang, ontwikkeling ensovoorts veronderstel, en daarom funksie of handeling van mense en groepe in die samelewing veronderstel. Hieroor skryf Wilson en Kolb: „We have now (to) survey the different constituents or the social structure - the inclusive community ... (and) we cannot be content to describe its various organs in terms of their separate structures or functions.

„We must also show how these organs enter into specific relations in the fulfilment of the organic functions.

„The structure of a modern society is an elaborate one, more elaborate than we generally realize, and it is harder to conceive than the structure of a physical or biological unity, because the social framework is invisible and intangible. We all experience the fact that there is a social order. We perceive its results and point to the evidences that indicate its changes; but the order itself is not of the kind that directly meets the eye or the

---

1. Vgl. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 191.
2. Ibid. P. 189.

ear" [1].

Dit beklemtoon die belangrikheid van die normatiewe orde en die feitlike orde waaruit ook die positiveringsproses „... als de voortdurende poging (van die) normatieve orde en feitelijke orde (om) hoe langer hoe beter op elkaar af te stemmen, elkander hoe langer hoe meer te doen naderen of ook de ideële gelding tot zo hoog mogelijke graad van sociale gelding te brengen" [2], na vore kom.

Die gevolgtrekking na aanleiding van voorgaande, gesien in die lig van Dengerink [3] se uitgangspunt en die siening van die Sosiologie as struktuur-funksionele teorie van die samelewing [4], stem saam met onder andere Rumney wat as die taak van die Sosiologie sien „... to investigate the nature of the interdependance of the structures and functions in social life" [5], met ander woorde die sosio-kulturele werklikheid - die samelewingsorde in al sy aspekte en fasette.

As bovermelde op die meeste van die gangbare sosiologiese werke toegepas word, berus die wesenlike probleem van die strukturele orde van die samelewing op 'n konstante, onveranderlike orde, dit wil sê, die bou-orde van die werklikheidselemente wat aan te wys is in die samelewingstotaliteit.

---

1. Wilson and Kolb. Sociological analysis. P. 846.
   Vgl. Eloff. Enkele aspekte van die Sosiologie... P. 103-110.
   Vgl. Rumney, J. The science of society. An introduction to sociology. London, Duckworth, 1938. P. 10.
   Vgl. MacIver and Page. Society. P. 494.
   Vgl. Mannheim. Man and society. P. 26.
   Vgl. Hofstra, S. „Het functiebegrip in de Sociologie" in Het Sociale leven in al zijn facetten. Deel I, Assen, Van Gorcum. P. 63.
   Vgl. Parsons, Talcott. Structure and process in Modern Societies. Deel IV, Illinois, The Free Press of Glencoe, 1960.
2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 57.
3. Vgl. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 191.
4. Vgl. Eloff. Enkele aspekte van die Sosiologie... P. 168.
   Vgl. Johnson, Harry M. Sociology: a systematic introduction. London, Routledge and Kegan Paul Ltd., 1962. P. 552.
5. Rumney. The science of society. P. 10.

Hiervolgens het elke aspek in die volle werklikheid sy eie plek en funksie - soos gevoel, denke, die etiese, ekonomiese, of hoe dit dan ook al ingedeel word. Hierdie werklikheidsfere wat deur die verskillende aspekte beheers word is onherleibaar tot mekaar, hulle is op 'n bepaalde wyse met mekaar verbind, hang met mekaar saam en is opgebou, georden, gerangskik en gegroepeer tot 'n totaalstruktuur van die volle tydelike samelewingswerklikheid.

Hierdie funksies van die mens en die groep in die samelewing dui op wat o.a. Merton [1)] noem maatskaplike funksionering of „... the different manifestations of the failure of individuals to undertake the performance of expected social roles of their retreat from such performances" [2)], binne die raamwerk van die gesonde sosiale orde. Indien hierdie maatskaplike funksionering om die een of ander rede of omstandigheid onklaar raak sodat spanningstoestande voorkom, het ons te doen met afwykings van die normale en aldus met afwykende gedrag [3)]. Want sê Johnson: „Each of us is born into a family group, and most of our actions thereafter are performed in our capacity as a member of one group or another. All social problems, such as juvenile delinquency... have to do with the functioning of groups or with the interaction of groups" [4)].

„In die eerste plek is die Sosiologie dus geïnteresseerd in die normale gedrag van die mens. Daar is egter ook dié vorme van gedrag wat afwyk van die normale. Ook dit word deur die Sosiologie bestudeer" [5)]. Maar binne

---

1. Merton, Robert K. Social theory of social structure. Rev. ed., Illinois, The Free Press of Glencoe, 1957. P. 21 en 49.
2. Eisenstadt, S.N. (Editor) Comparative Social Problems. New York, The Free Press, 1964. P. 1.
3. Vgl. Du Toit, J.B., Steyn, Anna F. en Rip, Colin M. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme. Kaapstad, Nasionale Handelsdrukkery Bpk., 1965. P. 3.
4. Johnson. Sociology. P. 2-3.
5. Du Toit e.a. Afwykende gedrag. P. 3.

die algemene Sosiologie is daar byvoorbeeld ook 'n verdieping van probleemstelling wat lei tot die volgende opskrif.

## IV. TOEGEPASTE, SPESIALE OF ASPEKSOSIOLOGIE.

### a. Inleiding.

Hier word aansluiting gevind by veral Johnson; Van Dijk; Merton, Broom en Cottrel; Groves; Moore en andere in hulle onderskeie werke wat naas die Algemene Sosiologie as hoofonderdeel van die wetenskap van die Sosiologie nog verder stel die Toegepaste, Spesiale of Aspeksosiologie. Hierdie feit word duidelik soos volg gestel: „... it is ... held that an applied sociology is, nothing but the application of generalizations, developed by pure sociology, to concrete and practical cases" [1].

In hierdie trant skryf Van Dijk: „Speciale sociologie noem ik de sociologie voorzover ze zich richt op en oriënteert naar de bijzondere levensterreinen, de aspecten van de socioculturele werkelijkheid... en deze aspecten onderzoekt binnen en vanuit de totaliteit der samenlevingsvormen" [2].

### b. Die studieterrein en taak van die Toegepaste Sosiologie en hoe dit met hulpverlening skakel.

By baie skrywers oor die Sosiologie vind ons dat besondere aandag geskenk word aan afwykingsverskynsels of sosiale patologie. Dit word ook soms beskryf as maatskaplike probleme of „The sociology of social problems" [3].

Vir die doel van hierdie ondersoek kan met die volgende omskrywings of

---

1. Gouldner, Alvin W., and Miller, S.M. (Editors) Applied Sociology. Opportunities and problems. New York, The Free Press, 1965. P. 6.
2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 208.
3. Horton, Paul B. and Leslie, Gerald R. The sociology of social problems. New York, Appleton-Century-Crofts, Inc., 1960.
   Vgl. Ross, E.J. Fundamental sociology. Milwaukee, The Bruce Publishing Co., 1942. Part Three.
   Vgl. Clinard, Marshall B. Sociology of Deviant Behavior. New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc., 1964.
   Vgl. Johnson. Sociology. Part Eight.

definisies van Toegepaste Sosiologie volstaan word:

1) „Applied sociology or the specialization of sociology is chiefly concerned with the getting of information upon problems in the field of organized society such as e.g. social disorders, social disorganization and deviant behavior - also called social pathology or social problem courses (which) center attention on social expressions of maladjustment as deviants from the social ideal with the view to their amelioration or solution" [1].

2) „Applied sociology (is) the deductive phase of scientific sociology. The accurate and precise use of sociological generalizations to assist in the solution of social problems..." [2].

3) „Applied sociology is a more utilitarian subject. It is concerned with scientific generalizations that can be put into effect in dealing with social problems" [3].

4) „Applied sociology refers to a systematically organized body of sociological knowledge which is practically useful..." [4].

5) „Any sociologist who envisages the ends of his study in terms of usefullness or welfare and who seeks out practical means of attaining those ends is, in so far as he does these things, an applied sociologist" [5].

---

1. Soos aangehaal deur J.P. van der Walt in 'n ongepubliseerde memorandum oor die opleiding vir professionele maatskaplike werk in die Dept. Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 4 Mei 1964. P. 1.

2. Fairchild. Dictionary of Sociology. P. 302.

3. Wright and Elmer. General sociology. P. 7.

4. Shenton, H.N. The practical application of sociology. New York, Columbia University Press, 1928. P. 28 - 29.

5. Bain, Read and Cohen, Joseph. „Trends in applied sociology" in ~~Trends~~ in American Sociology deur Lundberg, George A., Bain, Read and Anderson, Nels, (Editors) New York, Harper and Brothers. 1929. P. 363.

6) „Applied sociology is the more practical study, which aims at the active promotion of man's temporal welfare. It studies social problems and their possible solution, and so it formulates principles for social amelioration conformably with the findings of social theory. To do this it needs not only the findings of positive sociology, based upon experience, but also the application of the normative principles of social philosophy. Yet applied sociology cannot depend wholly upon 'pure' sociological knowledge, even though the two branches are taken into consideration, but it must also consider the findings of the other sciences which are concerned with man... [1]. Verder „Applied sociology courses may be concerned with a variety of topics, but a knowledge of theoretical sociology is essential to the understanding of social conditions and the problems with which applied sociology is concerned... Such social problems as those concerning race, poverty, immigration, mental deficiency and insanity, mental or physical health, crime and delinquency,... are considered separately, or together in a course called variously, social problems, social disorganization, or social pathology... In social work courses are discussed the technical methods of dealing with individuals who are affected by some of the problems dealt with in applied sociology, individuals who have needs due to personal failure or to failure of the social groups to which they belong" [2].

Om nou na aanleiding van voorgaande definisies en omskrywings die taak van die Toegepaste Sosiologie vas te stel, word aangesluit by die volgende:

„De aspectsociologie onderzoekt telkens voor het bepaalde aspect waarnaar haar bijzondere aandacht uitgaat:

---

1. Ross. Fundamental sociology. P. 10.
2. Ibid. P. 11.

1. de door dat aspect gekwalificeerde samenlevingsstructuren, handelingen en gebeurtenissen en de plaats en functie van het aspect in deze én in de door andere aspecten gekwalificeerde samenlevingsstructuren, handelingen en gebeurtenissen;
2. de invloed die het bepaalde aspect (door dat aspect gekwalificeerde levensterrein) naar norm en feit ondervindt van het totaal der samenleving en omgekeerd de invloed die het aspect (het daardoor gekwalificeerde levensterrein) uitoefent op het geheel der samenleving" [1].

Voordat daar tot 'n gevolgtrekking geraak kan word en tot die toepassing op maatskaplike hulpbetoon is dit nodig om kennis te neem van die slotsom waartoe Theron in sy ondersoek geraak het: „Die toegepaste sosiologie bestudeer die verskynsel maatskaplike hulpbetoon terwyl die sosiologie hoofsaaklik die samelewing as sodanig bestudeer. Die sosiologie is slegs geïnteresseerd in die algemene kenmerke van die fenomeen maatskaplike hulpbetoon, hoe dit in die geheel inskakel, die betekenis daarvan vir die samelewing en hoe dit deur die groeplewe beïnvloed word. Die sosiologie verskaf aan die toegepaste sosiologie kennis oor die lewensverbande, die verskynsels van die samelewing, en dergelike meer. Die toegepaste sosiologie integreer hierdie kennis met die mens- en lewensvisie en met sy eie sisteem van kennis en pas dit toe om so meer te wete te kom van die fenomeen maatskaplike hulpverlening. Die sosiologie verskaf veral kennis vir die diagnose en oor middele en faktore vir die hulpaksie" [2].

In hierdie stadium kan tot die gevolgrekking geraak word dat die

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 209.

2. Theron, J.S. Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan aan mens- en lewensbeskouing. P. 410-411.

Toegepaste, Spesiale of Aspeksosiologie sekere toestande of verskynsels bestudeer wat afwyk van die normaal, aanvaarde in die sosiokulturele werklikheid. Dit het te doen met afwykende gedrag van die mens en die groep [1] binne die gemeenskap of die meer omvattende orde, naamlik die samelewing [2]. Afwykende gedrag veronderstel dadelik twee dinge, naamlik 'n negatiewe toestand dit wil sê iets wat verkeerd of buite orde is en 'n positiewe handeling wat 'n poging of daad insluit om dit wat verkeerd of buite orde is, te herstel. Die studie van maatskaplike probleme of afwykende gedrag binne hierdie raamwerk veronderstel dat pogings aangewend behoort te word om die afwykings weer tot die gesonde en normale te laat terugkeer. Hierdie handeling staan bekend as hulpverlening en kan ook beskryf word as die Sosiologie van Hulpverlening [3].

„A fully developed sociology of social welfare would have two central features: in common with any branch of sociology, it would attempt to explain the pattern of institutional development and organization; and, in the light of this knowledge, it would aid in the development of a more effective knowledge base for professional practice. This latter feature sets apart the sociology of welfare from many branches of sociology... but the operating sociologist will often be asked to make recommendations for the solutions of welfare problems. The first task of a sociology of social welfare obviously is to help explain the pattern of development of welfare institutions, but the second task of developing a more effective knowledge base for professional

---

1. Vgl. Johnson. Sociology. Hoofstuk I.
2. Vgl. Du Toit e.a. Afwykende gedrag. P. 3.
3. Vgl. Van den Berg, H. Sociologie van de hulpverlening. Meppel, J.A. Boom en Zoon, Uitgevers, 1964.

practice will always be at least a subsidiary aspect of the sociologist's job" 1).

c. Die studieterrein van die Sosiologie van Hulpverlening met spesiale verwysing na Maatskaplike Werk

Die toestand van hulpbehoewendheid binne die Sosiologie van Hulpverlening openbaar hom in baie vorms soos byvoorbeeld die natuurlike afhanklikheid van die kind van die ouers, dié van oues van dae, die behoefte van die siekes van verpleging en versorging, die nooddruf van armes, die algehele of gedeeltelike afhanklikheid van liggaamlik gebreklikes en geestelike onvolwaardiges, die afhanklikheid van die weduwee en wees ensovoorts. Die toestand van hulpbehoewendheid wek n positiewe daad tot hulpverlening op deur die algemene humaniteits- of menslikheidsgevoel wat sy oorsprong vind in die aangebore menslike drang tot simpatie of meegevoel en as gevolg van sekere godsdienstige lewensbeginsels wat gewortel is in die algemene Bybelse wette wat in prinsipe neerkom op algemene naasteliefde.

„Niemand zal er moeite mee hebben dit verschijnsel (hulpverlening) een sociaal verschijnsel te noemen. Toch is het niet geheel vanzelfsprekend, dat de beoefenaar van de wetenschap der sociologie zich aangetrokken voelt tot de hulpverlening als onderwerp van studie. Is de sociologie als wetenschap niet mede een vrucht van het inzicht, dat men de slachtoffers van de sociale veranderingen, die zich in de samenleving voltrekken, niet door incidentele hulpverlening, maar dat een wetenschappelijke aanpak der problemen op 'samenlevingsniveau' voorwaarde en enige waarborg is voor sociale verbetering?" 2).

---

1. Zald, Mayer N. Editor. Social welfare institutions. A sociological reader. London, John Wiley and Son, Inc., 1965. P. 1.
   N.B. Vir die doel van hierdie proefskrif word „social welfare" as sinoniem beskou van maatskaplike werk.
2. Van den Berg. Sociologie van de hulpverlening. P. 2.

Aansluitend hierby en die uitgangspunt van Brillenburg Wurth „... dat het (in maatskaplike werk) daarin erom gaat de mens in zijn veelvuldige levensnood te helpen" [1] word die studieterrein, doel en taak van die Sosiologie van Hulpverlening in die algemeen en van Maatskaplike Werk as uitvloeisel van die Sosiologie van Hulpverlening in die besonder na aanleiding van die stellings van Van der Walt [2] kortliks soos volg bepaal:

1. Die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk het tot doel en taak om ondersoek in te stel na die samelewingsverhoudinge, gedragswyses, handelinge en gebeurtenisse op die lewensterrein van hulpbetoon en maatskaplike werk volgens die variasie van die beginsel van naasteliefde in die gesin, kerk, staat en die partikuliere organisasies met besondere verwysing na (a) die opkoms van professionele maatskaplike werk, en (b) die bepaling van die beginsels waarop die uitoefening van maatskaplike hulpbetoon behoort te berus, asook die instellings of liggame wat kragtens hierdie beginsels geroepe is om maatskaplike hulpverlening en -versorging te beoefen.

2. Dit het tot doel en taak om ɱ ondersoek in te stel na die struktuur van die groep van professionele maatskaplike werkers omdat maatskaplike werk spesifiek deur hierdie lewensterrein gekwalifiseer word.

3. Dit het verder tot taak en doel om ɱ ondersoek in te stel na die invloed wat die groep van professionele maatskaplike werkers ondergaan van die totaliteit van die samelewing en omgekeerd die invloed wat hierdie groep uitoefen op die totaliteit van die samelewing.

---

1. Wurth, G. Brillenburg. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk.</u> P. 11.

2. Vgl. Van der Walt, J.P. <u>ɱ Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool.</u> Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Potchefstroom. 1959. P. 460.

4. In hierdie verband is van besondere belang die invloed van die norme en feite van die professionele maatskaplike werkgroep in wisselwerking met die totaliteit van die moderne samelewing en omgekeerd die invloed van die konkrete samelewingsituasie, dus die positivering en formulering van die norme vir die sistematisering van die kennis wat die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing bydra tot die wetenskap van Maatskaplike Werk in die algemeen en by name die professionele maatskaplike werkgroep.

Met die oog daarop dat hierdie studie hoofsaaklik sosiologies georiënteerd is, word instemming betuig met Zald en andere wat sê: „... although we possess fairly well-developed sociologies of other major institutional focuses- such as the sociology of religion, of the family, of education, and of industry - <u>no comparable body of literature exists for the sociology of social welfare</u>.

„This lack of literature is all the more surprising when we consider the early and important association, in the last century, of sociology with the development of social welfare reform and professional social work. Empirical sociology is based on the use of social statistics, and the use of social statistics was advanced by the problems of measuring poverty.

„All societies provide for the care of the lame and sick; all societies establish conditions for participation in the society's bounty and, if the society is at all above the subsistence level, it assigns different shares of the bounty to various groups; all societies make provision for handling the socially deviant" [1].

Nieteenstaande die genoemde tekort aan werke oor die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk, kan nogtans die volgende rigtings as

---

1. Zald. <u>Social welfare institutions</u>. P. 1.

uitgangspunte of teorieë in breë trekke gestel word omdat die ontwikkelingsgang van die Sosiologie ʼn kennisbydrae gelewer het van die behoeftes en node, aard en omvang van die samelewingsverskynsels en hoe dit die aard en omvang van die hulpverlening bepaal en beïnvloed het. Die hulpverlening het die problematiek ~~opgevolg deur~~ nood te lenig. Dit het kragtens die roepingsbewustheid van die mens volgens die beginsel van naasteliefde soos in Lukas 10 onder andere vervat, die mens innerlik gedring om hulp te verleen volgens die impuls van die kennis omtrent die samelewing, groepe, groeps- en menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse (Sosiologie) opgevolg. Dit was die reaksie op die nood van die samelewingsverskynsels soos byvoorbeeld armoede in gesinne.

Die tendense van afwykingsverskynsels in die samelewing word deur variasie in behandeling daarvan in maatskaplike werk opgevolg.

Oor die betekenis van die Sosiologie vir die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk word veral gelet op wat onder andere Van der Linden daarvan skryf:

(1) <u>Frankryk</u>: Naas die besondere betekenis van Comte neem Le Play ʼn besondere plek in die Sosiologie in omdat: „... hij nam als uitgangspunt het leven van de arbeiders" [1]. Die gesinsbegroting, sê Le Play, is ʼn belangrike hulpmiddel ter bestudering van die gesin as fundamentele sosiale eenheid. Hy beskou hierdie optrede as van groot belang om die gesinslewe te analiseer en gee op hierdie wyse die eerste stoot aan die sistematiese beskrywing van ʼn belangrike onderdeel van die sosiale lewe, naamlik die gesinslewe. Die leerlinge van Le Play het baie nadruk begin lê op die sistematiese ondersoek van die verhouding van die gesin met die sosiale milieu en van die maatskaplike omgewing as sodanig.

---

1. Van der Linden, H.B. <u>Van nummer tot mens</u>. Arnhem, Vuga-Boekerij, 1962. P. 115.

Van der Linden voeg hieraan toe: „De betekenis van deze sociologie voor het maatschappelijk werk is vooral hierin gelegen, dat feitelik voor het eerst het belang van het gezin als fundamentele sociale eenheid word onderkend.

„Le Play en zijn school kunnen wij zien als de voorloper van de gezins-sociologie, welke momenteel weer in het brandpunt van de belangstelling staat. De sociologische kennis van het gezin is onmisbaar voor het sociale werk, dat voortdurend heeft te maken met aanpassingsgebreken, waarbij het gezin is betrokken" [1].

(2) Duitsland: Die Duitse Sosiologie het in die tweede helfte van die 19de eeu en die eerste kwart van die 20ste eeu die nadruk sterk gelê op die sistematiek van die maatskaplike verhoudinge waarmee die maatskaplike werk daagliks te doen het. Tönnies gee 'n besondere inhoud en betekenis aan die begrippe „Gemeinschaft" en „Gesellschaft". „Het maatschappelijk leven heeft zich in de westerse samenleving, vooral in de steden, steeds meer ontwikkeld in de richting van Gesellschaft. Als reactie hierop heeft de gemeenschapsgedachte in onze dagen weer veld gewonnen. De veranderingen, welke ook een intieme levensgemeenschap (Gemeinschaft) als het gezin heeft ondergaan, hebben tegenkrachten opgeroepen welke er naar streven het begrip Gemeinschaft weer meer inhoud te geven. Met deze veranderingen en strevingen word het maatschappelijk werk voortdurend geconfronteerd" [2].

(3) „De Amerikaanse sociologie is vooral van betekenis, voor het maatschappelijk werk, doordat zij van het begin af aan veel aandacht heeft gehad voor het verschijnsel der sociale verandering... het kennisnemen van de omvangrijke Amerikaanse sociologische literatuur betreffende sociale

---

1. Van der Linden. Van nummer tot mens. P. 115.

2. Idem.

verandering, urbanisatie, sociale stratificatie (de maatschappelijke ,gelaagdheid' der samenleving), leiderschap, moreel, vooroordeel enz. (is) van groot belang. Vooral ook de bestudering van de verschijnselen in kleine groepen, in het grensgebied tussen sociologie en sociale psychologie, is voor het maatschappelijkwerk van belang" [1].

(4) „In Engeland neigt men speciaal tot sociale onderzoekingen, welke in verband staan met de gevolgen van de industrialisatie. Dit is geen wonder als men bedenkt, tot welke toestanden de opkomst van de fabrieken en industriesteden in Engeland heeft geleid...

„Het maatschappelijk werk, dat aanvankelijk vooral in de grote steden, maar meer en meer ook op het platteland met deze verschijnselen in aanraking komt, kan uit dergelijke onderzoekingen lering trekken voor de praktijk. De toestanden, zoals die destijds in Engeland waren, doen zien, waartoe een verschijnsel als industrialisatie kan leiden, als men het proces niet in de hand heeft" [2].

(5) In Nederland word in die tweede helfte van die 19de eeu weinig wetenskaplike belangstelling in die Sosiologie getoon. „In het begin van de twintigste eeuw valt hierin een kentering te constateren door het optreden van S.R. Steinmetz, ... de grondlegger van de specifiek Nederlandse <u>sociografie</u>. De sociografen schonken het aanzien aan talrijke monografieën van dorpen, streken en ook enkele steden. Tussen de beide wereldoorlogen vertoonde de sociografie een expansie, waarbij grote nadruk werd gelegd op het verzamelen van feiten en eenvoudige verwerken van statistische gegevens" [3].

---

1. Van der Linden. <u>Van nummer tot mens.</u> P. 115-116.
2. Ibid. P. 116.
3. Idem.

Na die Tweede Wêreldoorlog is daar enkele ondersoeke in Nederland afgehandel deur „... de universitaire of levensbeschouwelijke sociologische instituten, welke de praktijk van het maatschappelijk werk nauw raken" [1]. Die probleem waarvoor die industrialisasie die gesin stel en die belangrikheid van die gesin, was enkele van die maatskaplike probleme waardeur die Sosiologie belangrike dienste aan die maatskaplike werk gelewer het en verder nog kan lewer. „Het gezin vormt een van de belangrijkste en tevens een van de oudste sociale eenheden. Heden ten dage staat het gezin immers in het centrum der belangstelling van het maatschappelijk werk... Het maatschappelijk werk kan niet volstaan met het enkel lenigen van nood. Ook de oorzaken van het ontstaan van die nood zijn van belang, met het oog op een behoorlijke therapie, m.a.w. voor de methodiek van het maatschappelijk werk. Welnu, de praktijk van het maatschappelijk werk in de gezinnen, noodzakelijk geworden door materiële en immateriële noden, toont bijv. aan dat het gezin in nood kan zijn geraakt tengevolge van echtscheiding, alcoholmisbruik, kwaadwillige verlating, de dood van een der ouders, enz., kortom door vele oorzaken en factoren. Naar gelang van de omstandigheden spreekt men bijv. van volledige, onvolledige, maatschappelijk-zwakke en onmaatschappelijke gezinnen" [2].

Ander terme wat ook in die Sosiologie gebruik word is die gedesorganiseerde gesin, die funksieverlies van die gesin. „Al deze varianten doen de vraag rijzen naar de functies welke het gezin in de samenleving heeft, een vraag die gewettigd is in een tijd, waarin het woord gezinscrisis langzamerhand een gemeenplaats is geworden...

„De sociologische literatuur over het gezin, de gezinssociologie

---

1. Van der Linden. Van nummer tot mens. P. 117.
2. Ibid. P. 118 - 119.

vormt een aanknopingspunt voor de problematiek van het maatschappelijk werk met betrekking tot de onvolledige gezinnen, a-sociale gezinnen, verwaarloosde kinderen, werkende jeugd, alleenstaanden, de bejaarden enz.

„Over de betekenis van de gezinssosiologie voor het maatschappelijk werk schreef H.M. in 'tVeld-Langeveld [1], dat de belangstelling van de kant van het maatschappelijk werk groeit, doch dat de gezinssociologie nog geen pasklare oplossingen aan de hand kan doen voor de praktijk van het maatschappelijk werk. Wel kan de gezinssociologie momenteel reeds de grote lijnen aangeven, die min of meer door alle gevallen heen lopen" [2].

Maatskaplike aanpassingsprobleme staan ook in die brandpunt van die belangstelling vir sowel die Maatskaplike Werk as die Sosiologie. Van der Linden beweer: „Het maatschappelijk werk moet inzicht hebben in de sociologische wetenschap en onderzoeksarbeid en anderzijds zal de sociologie, wil zij werkelijk een waardevolle bijdragen leveren voor de beoefening van het maatschappelijk werk, een beter inzicht moeten hebben in de behoeften van het maatschappelijk werk en de eisen, welke dit werk aan sociologische rapporten en adviezen stelt". Hy gaan verder: „Meer en meer ziet men in, dat voor een goede uitvoering van het maatschappelijk werk een van te voren opgezet plan mede gebaseerd op sociologisch onderzoek, noodzakelijk is. Zodoende krijgen maatschappelijk werk en sociologie een rol te vervullen by de sociale beplanning... Sociologie en maatschappelijk werk kunnen een positieve rol vervullen bij de preventie van menselijk leed, voorzover dat voorkomt uit sociale nood. Sociologische analyses moeten worden toegepast om met succes maatregelen van maatschappelijk werk te kunnen nemen, waarbij de nadruk op het preventieve aspect valt" [3].

---

1. Vgl. In 't Veld-Langeveld, H.M. Gezinssociologie en gezinsbeleid. Utrecht, Bijleveld, 1963. P. 109-117.
2. Van der Linden. Van nummer tot mens. P. 119-120.
3. Ibid. P. 123-124.

Nie slegs die maatskaplike nood waarmee die maatskaplike werk hom besig hou nie, maar ook die maatskaplike werk self kan tot objek van sosiologiese ondersoek geneem word. Die Sosiologie as wetenskap wat die struktuur, dit wil sê die sosiale vorm en funksie van groepe in die samelewing en die verandering daarvan bestudeer, kan die Maatskaplike Werk help om sy plek en rol in die samelewing te bepaal en so maatskaplike werk in die samelewing bevorder.

Van der Linden sluit af deur op die belangrikheid van die Sosiologie te wys met die volgende: „De ontwikkeling van de samenleving alsmede de groei van het maatschappelijk werk zijn in de twintigste eeuw in een zodanig tempo voortgeschreden, dat het niet meer verantwoord is om zonder kennis van de sociologie maatregelen te nemen" [1).]

Sodoende kan in die lig van voorgaande die doel van maatskaplike werk kortliks na aanleiding van onder andere Eileen Younghusband soos volg omskryf word: „The purpose of social work is to help individuals or families with various problems, and to overcome or lessen them, so that they may achieve a better personal, family or social adjustment" [2).] Hieruit spreek o.m. die aard en bydrae wat die Sosiologie bied.

Dit is voorts nodig om in die lig van die voorgaande die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk na te gaan.

---

1. Van der Linden. Van nummer tot mens. P. 125.

2. Younghusband, Eileen. Report on: Social Workers in the local authority health and welfare service. H.M.S.O., 1959. Paragraaf 616.

# HOOFSTUK 2.

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MAATSKAPLIKE WERK.

### I. INLEIDING.

By uitstek is die kenmerkendste trek van die moderne tyd „... de intensieve belangstelling, die men in alle mogelijke kringen thans vindt voor de mens" 1). Die belangstelling in die mens bring ook groter en intenser belangstelling vir die Maatskaplike Werk omdat die mens in nood, die objek vorm van die moderne Maatskaplike Werk. Hiermee hang saam die toenemende belangstelling in, en ʼn aktuele behoefte aan professioneel opgeleide maatskaplike werkers.

Hierdie behoefte moet gesien word teen die steeds groter ontwikkeling op die pad na nywerheidsvooruitgang, industrialisasie en ekonomiese opbloei wat naas die positiewe en goeie vir die mens, die samelewing en kultuur, ook in negatiewe sin steeds groterwordende maatskaplike probleme en ontsporingsvraagstukke meebring. Met die gevolg „... dat de mens al meer in een diepgaande, heel zijn existentie bedreigde crisis (moest) komen" 2). Om hierdie rede skryf Friedlander dat „... in our modern industrial society, social welfare has become... an important part of our life and our culture..." 3).

Maatskaplike werk in die sin van hulpverlening is so oud soos die mensheid self, omdat mens-wees uiteraard beteken: in mindere of meerdere mate hulpbehoewend wees, min of meer afhanklik wees. De Jongh en

---

1. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 7.
2. Idem.
3. Friedlander, Walter A. Introduction to social welfare. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1965. P. vii.

andere [1] het daarop gewys dat hulp van buite, die hulp dus vir die enkeling en die groep, eweveel van belang is as selfhelp en op eie bene staan. Van ŉ volkome afhanklike klein kindjie groei die mens op tot ŉ so ryp en onafhanklik moontlike volwasse mens. Die menslike natuur staan geen algehele of volledige onafhanklikheid toe nie, en dit het nog nooit voorheen voorgekom nie. Alle mense bring in taamlike wankele ewewig tussen afhanklikheid en onafhanklikheid hulle lewe deur. Nog nooit was die mens op alle gebiede, fisiek, materieel, geestelik en emosioneel met algehele onafhanklikheid toebedeel gewees nie. Dit is die lewensterrein van maatskaplike hulpverlening. „De mens is niet bestemd om monoloog te zijn; hij is geschapen als dialoog" [2].

Teen die agtergrond van hierdie natuurlike en onnatuurlike afhanklikheid van die mens sal die onstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk nou nagegaan word. En aangesien dit nie moontlik is om ŉ omvattende uiteensetting van die historiese verloop te gee nie, sal slegs die belangrikste tendense nagegaan word.

## II. <u>GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MAATSKAPLIKE HULPVERLENING.</u>

Vir die doel van hierdie ondersoek sal veral gelet word op die ontstaan van die moderne maatskaplike werk „... in connection with the social problems of our industrial society. Poverty, sickness, suffering, and social disorganization have existed throughout the history of mankind, but the industrial society of the nineteenth and twentieth centuries had to face so many social problems that the older human institutions - family,

---

1. Vgl. De Jongh, J.F. „De verzuiling van het maatschappelijk werk" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>. 20 April 1957. P. 113-118.

2. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk</u>. P. 9.

neighbourhood, church, and local community - could no longer adequately meet them" [1]. Om ŉ beter oriëntering te verkry sal tog kortliks aandag aan die vroeëre ontwikkeling van maatskaplike hulpverlening geskenk word.

a. Die vroeëre ontwikkeling van maatskaplike hulpverlening.

i) Die voor-Christelike tydperk. „Het klinkt misschien op het eerste gezicht wat pretentieus te spreken van voorgeschiedenis. Immers helpen is zo oud als de wereld. Waar menzen bijeen zijn ontspringen er spontaan allerlei vormen van onderling hulpbetoon" [2]. Na die sondeval sien ons dat die mens in ŉ wêreld vol probleme beland, ŉ vervloekte aarde vol dorings en distels wat alleen sy vrug sou gee na moeitevolle arbeid. Die menslike geslag sou alleen met moeite en smart voortgeplant word in ŉ lewe waar die armes maar altyd aanwesig sal wees. Die gevolge van die sonde werk deur in die ganse skepping. Deur die eeue van die menslike geskiedenis kry ons te doen met een feit wat in baie opsigte disintegrerend inwerk en wat nie weggeredeneer kan word nie, naamlik dat terwyl sommige mense selfstandig is, dit ander ontbreek aan stoflike, geestelike en liggaamlike kragte en vermoëns in so ŉ mate dat hulle aan die eise van die maatskaplike lewe nie kan voldoen nie.

Ongelykheid in vermoë in die menslike toerusting het tot vrug ongelykheid van geleenthede. As gevolg van die verskil in gawes, die ongelyke gebruik van die gawes en die verskil in geleenthede is sommige mense uiters suksesvol en op verantwoordelike wyse aangepas, ander slegs gedeeltelik, terwyl nog ander nie eers aan die allernoodsaaklikste lewensvereistes kan

---

1. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 3.

2. Kamphuis, M. e.a. Helpen als ambacht. Baarn, Bosch en Keuning N.V., 1951. P. 7.

voldoen nie.

In 'n statiese gemeenskap wat grootliks beheer word deur gewoontes en tradisies en waarin die familie en stamverwantskap heg is, is die ongelykhede nie so opmerklik nie as in die samelewing waarin die indiwidu grootliks op homself aangewys is.

By hierdie sogenaamde primitiewe gemeenskap, het die versorging van hulpbehoewendes berus by die natuurlike samelewingsvorme soos die gesin, die grootfamilie, die stam en die volk. Die familiebande was sterk en klem is gelê op verwantskap. Friedlander skryf: „Mutual aid served as the means of protection for family or tribe against the hostile world. The role of the head or chief was mainly that of protector against human enemies as well as against wild animals" 1).

Gedurende die Antieke tydperk was daar wel van georganiseerde samelewings sprake en was onderliggend aan maatskaplike hulpverlening in Griekeland die Griekse mensliewendheid of „philanthropon" waarvan Papanoutsos die volgende sê: „It implies esteem, respect, faith in man as man and with these elements yet another: the feeling of solidarity and of justice. I am the friend of man when I honour him, respect him and give him my trust as a being unique (of his kind) in the universe, when I have the feeling that I am 'one with him', knowing that the nature and destiny of all men are identical. It follows that it is impossible that whatever happens to him, what he does and what he undergoes leaves me indifferent. This concerns me and touches me to the depth of my being... Finally, I am proud of my human quality, I rejoice in my good fortune in being a man

---

1. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 8.

and in living among men" [1].

Van bogenoemde ideale toestand het egter nie veel tereg gekom nie, omdat daar vir bedelaars en swakkelinge nie plek in die welsyn van die staat of gemeenskap was nie, wat as eenheid op die voorgrond gestel is. So is byvoorbeeld die misvormde kind deur blootstelling om die lewe gebring omdat „... die staat slegs uit gesonde, sterk en welgevormde burgers sou bestaan" [2]. Weeskinders is slegs versorg „... mits hulle gesonde kinders van die burgers van die staat of van gesneuwelde soldate was" [3].

Verder is hulp ook verleen aan weduwees van gesneuwelde soldate omdat diegene ~~wat ten~~ behoewe van die staat opgeoffer is, daarop geregtig was en nie om menslikheidsgevoel nie.

In die Romeinse Ryk is die „humanitas" of mensliewendheid, aangetref en het die staat ŉ groter aandeel in hulpverlening geneem. So is in Rome byvoorbeeld graan teen verminderde pryse aan mindergegoedes verkoop en gedurende tye van nood het ryk mense spesiale bydraes ten behoewe van armes gemaak.

Onderlinge hulpbetoon is ook onder die Jode of Israelitiese volk aangetref soos voorgeskryf deur die Wette van Moses en soos opgeteken in onder andere Levitikus, Numeri en Deuteronómium. Hulpverlening in Israel was geplaas op ŉ godsdienstige grondslag na aanleiding van hulle besondere

---

1. Papanoutsos, E. „Human values in social work education" in International Social Work, Vol. VIII, No. 1, Jan. 1965. P. 2.

2. Van Rooyen, I.J.J. ŉ Ontleding van die gesinsagtergrond van blanke sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika en van die rehablilitasiemetodes wat in die verband aangewend word. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Unisa, Pretoria, 1956. P. 179.

3. Idem.

verhouding tot God. Israel is die verbondsvolk waarin die godsdiens ꞌn allesoorheersende rol gespeel het. So was die staatswette en godsdienstige wette sinoniem, kerk en staat was een sodat hier geen afsonderlike kerklike of staatkundige instellings of organisasies vir die versorging van hulpbehoewendes bestaan het nie. Die versorging met sy godsdienstige oorsprong en doel is vasgelê in die godsdienstig-maatskaplike wette en reëls wat die hele volkslewe beheers het.

Onder die meer bepaalde voorskrifte vir die uitoefening van barmhartigheid moet gelet word op (a) die wette wat moes dien om armoede te voorkom. Byvoorbeeld: geen woekerwins te neem, wette oor die besit en beheer van grond, wette betreffende die swaershuwelik, die lossing- en arbeidswette; en (b) die regstreekse versorging van armes, weduwees, weeskinders en vreemdelinge wat die plig van elke Israeliet was. Hieronder kry ons die tiendes, die sabbatsjaar ensovoorts.

Hiervolgens kan die barmhartigheidsdiens of maatskaplike hulpverlening by Israel bestempel word as ꞌn versmelting van godsdiens en volksorg in die lig van hulle heiligheidstrewe as verbondsvolk van God.

ii) <u>Die Christendom</u>. Na die sondeval het daar nog ꞌn vonkie van goddelike liefde in die wêreld oorgebly wat die oorsprong van hulpbetoon in die voor-christelike tydperk, hoe ondoeltreffend, selfsugtig en gering ookal, was. Onder Israel wat onder ꞌn besondere godsdienstige verbondenheid geleef het, word die liefde in ꞌn suiwerder en sterker vorm aangetref.

Met die koms van Christus kom egter nie net ꞌn straal van Goddelike liefde in die wêreld nie, maar die liefde self. Daarom dat die christelike barmhartigheidsdiens noodwendig ꞌn vernuwing sou ondergaan om uit die gevoellose gereglementeerde formalisme waarin die Israelitiese hulpverlening langsamerhand verval het, uit te kom en aangevuur te word deur

heilige naasteliefde.

In die prediking van Christus was die sentrale gedagte die liefde tot God en die liefde tot die naaste [1] waaruit alle barmhartigheid gebore moet word. Daarom het Christus geen politieke of sosiale orde verkondig nie maar was alle hulpbetoon ŉ uiting van liefde tot die naaste. Christus dien dan ook as voorbeeld vir elkeen omdat hy naas die verkondiging van die verlossingsevangelie, ook hoëpriesterlike barmhartigheidsdiens verrig het deur strome van seëninge en weldade van sy uitgestrekte hande op ellendige en nooddruftige mense te laat neervloei. So beweer O'Grady dat: „... according to Christ's teaching, charity emanates from God Himself" [2].

Met die stigting van die eerste Christelike gemeentes was elke gemeente ŉ kompakte groep vriende te midde van ŉ vyandelike wêreld. Hulpverlening is aangevuur en gesterk deur die hoër motief van die christelike naasteliefde. Namate die gemeentes groter geword het en meer heterogeen, was dit nodig gevind om die hulpverlening te organiseer. Daar is veral beroep gedoen op die godsdienstige deug om aalmoese te gee. Die gemeente het ooreengekom met ŉ gesin en was selfs in sy lewenswyse eintlik maar ŉ voortsetting van die familiekring waar gemeenskap van goedere ŉ gewoonte was.

Met die toename in getalle en gemeentes en die insluiting van onder andere <u>Griekssprekende</u> en <u>Arameessprekende</u> lidmate het murmurering onder die Griekssprekende weduwees ontstaan oor hulle verwaarlosing wat gelei het tot die instelling van die diakonale amp om die versorging te onderneem. Later het die gesamentlike maaltye plek gemaak vir formele liefdesmaaltye vir die armes.

---

1. Vgl. <u>Matthéüs</u> 22:37; <u>Markus</u> 12:30-31; <u>Lukas</u> 10:27.
2. O'Grady, John. <u>An introduction to social work</u>. New York, Appleton-Century, 1928. P. 4.

„With the growing influence of the church and the acceptance of Christianity as state religion, institutions for the poor were established in the monasteries, serving as orphanages, as homes for the old, the sick, and the handicapped, and as refuge for the homeless, continuing the tradition of the Greek xenodochia (guest houses)" [1].

Van laasgenoemde instellings skryf Queen: „These were institutions for all sorts of persons who needed relief: orphans, widows, the aged, sick, poverty stricken and travellers. They were usually attached to some church, or later to a monastery, and located along a main route of travel. They were made necessary by the increase in the number of Christians to a point where neither travellers nor the needy folk could be taken care of in private homes, however hospitable" [2].

Hierbenewens kan ook genoem word dat kloosters „porters" gehad het wat klere, voedsel en selfs geld aan behoeftiges uitgedeel het en siekes moes besoek. Hier, net soos by die xenodochia, het mettertyd wanpraktyke ingetree omdat hulpverlening blindelings en sonder oordeel en ondersoek plaasgevind het.

Tydens die Kruistogte ontstaan die militêre ordes waarvan die van St. John een van die eerstes was. Hulle het ook soos die hulpbetoon in die kloosters gehandel met die doel om armes en siekes te help. „Its members were sworn to chastity, poverty and obedience. Their first duty was to care for the sick..." [3].

---

1. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 9.
2. Queen. Social work in the light of history. P. 235.
3. Warner, A.G., Queen, S.A. and Harper, E.B. American charities and social work. New York, Thomas Y. Crowell Co., 1942. P. 13.

In teenstelling met die inrigtings hierbo beskryf het die gespesialiseerde hulpverlening reeds gedurende die Middeleeue begin ontwikkel soos die versorging van geesteskrankes, blindes, dowes en kinders wat deur hulle ouers verlaat is [1].

Dit is duidelik dat die gewone buurskaplikheid, selfs met die verpligting van die christelike naasteliefde nie meer voldoende was om in die nood te voorsien nie. Dit moes aangevul word deur georganiseerde inrigtingsorg. Ashley het bereken dat daar net in Engeland meer as 450 van sodanige inrigtings teen die tyd van die Hervorming was [2].

Oor die aard van die Middeleeuse hulpverlening skryf Witmer: „... the charity of the Middle Ages was largely mass relief ... in which help is given to all comers as long as the supply lasts. .... the system was demoralizing and, except for the education offered to the children and the care given to the sick, there is little to indicate that as a result of receiving assistance people were put in any better position to help themselves. Instead, according to contemporary authorities, more and more were encouraged to lead a life of idleness, and the number of beggars grew to such proportions that the question of poor relief became one of the chief issues of the day" [3].

Die sogenaamde „ontwaking" en die ontstaan van dorpe en stede na die verval van die feodale stelsel was volgens Queen „... one of the first steps toward municipal control of charities... making burgesses trustees of private hospitals" [4], (and) „... one of the first official activities with reference

---

1. Vgl. Queen. Social work in the light of history. P. 261-262.
2. Vgl. Ibid. P. 235.
   Vgl. Ashley, W.J. An introduction to English economic history and theory. New York, G.P. Putnam's Sons, 1910. P. 306-376.
3. Witmer, Helen L. Social Work. An analysis of a social institution. New York, Rinehart and Co., Inc., 1942. P. 132.
4. Queen. Social work in the light of history. P. 299.

to the poor was an attempt to repress begging" 1). Die Renaissance bring herlewing na die Middeleeue waaruit die samelewing ontwaak en die ou tradisionele idees omvergewerp is.

„Although these methods recognized the legal responsibility of the community for the maintenance of the poor, they did little to change the social conditions of destitute families. The idea that the fate of the individual poor deserved attention was first conceived by the Spanish philosopher Juan Luis Vives in the sixteenth century... He developed a concise program of poor relief... He proposed dividing the city into parish quarters... in order to investigate the social conditions of every pauper family, and providing for aid through vocational training, employment, and rehabilitation, instead of the customary distribution of alms.

„It was two and one-half centuries later that the methods of Vives' plan were applied in practice. This was done in Hamburg in 1788 ..." 2).

Die Hervorming wat vroeg in die 16de eeu ŉ aanvang geneem het, bring ŉ einde aan die alleenheerskappy van die Rooms-Katolieke kerk van baie eeue. Johnson skryf hiervan: „The Protestant Reformation, with its emphasis upon individualism,... departed from the ancient tradition" 3), en Queen sluit hierby aan „... as a matter of fact, it (die Rooms-Katolieke kerk) never recovered its former influence over the minds and habits of the people of northern Europe" 4). Dit het die liefde tot die medemens in plaas van die sieleheil van die gewer voorop gestel. Die erfenis van bedelary wat die Middeleeuse kerk as gevolg van sy onoordeelkundige aalmoesgewing

---

1. Queen. Social work in the light of history. P. 295.
2. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 10-11.
3. Johnson, F. Ernest. Editor. Religion and social work. New York, Harper and Brothers, 1956. P. 4.
4. Queen. Social work in the light of history. P.245.

nagelaat het, is verder vererger deur die ekonomiese krisis wat veral Wes-Europa tydens die Hervorming deurgemaak het in die oorgang van die grond-ekonomie na die geld-ekonomie.

Wes-Europa was geteister deur ꞃ skrikwekkende plaag van bedelary en nieteenstaande die strengste owerheidsbepalings daarteen soos bv. gésel, ore afsny of die galgdood, kon dit nie beëindig word nie.

Luther het daarom bedelary teengestaan en betoog dat elke stad vir sy behoeftiges moes sorg, maar nie voordat behoorlik ondersoek na elke geval ingestel is nie. Hy behou in sy armversorging dieselfde samesnoering van kerk en staat as in sy kerkopvatting. Hieruit word dan afgelei dat Luther die beginsel van sekulêre liefdadigheid onderskryf het.

Witmer beweer dan dat: „... the Reformation and the accompanying economic changes swept away many of the monasteries and hospitals and put some of the latter in local governmental hands" [1]. Hierby sluit Johnson ook aan: „... sincere effort was made to care for the poor of Protestant parishes following the Reformation, it is fair to say that with the coming of Protestantism the secularization of social welfare began" [2].

Terwyl Luther ꞃ armsorgstelsel onder leiding van die owerheid en die kerk voorgestaan het, het Calvyn teruggekeer tot diakonale diens en stel „... twee soorte diakens aan: procureurs vir suiwer armeversorging en hospitaliers vir die siekeversorging. In Geneve vind ons dus behalwe die algemene versorging ook nog die drieledige hospitaal vir siekes, oues van dae en wese, sowel as ꞃ peshospitaal en ꞃ herberg vir reisigers -

1. Witmer. Social work. P. 132.

2. Johnson. Religion and social work. P. 5.

hoofsaaklik vlugtelinge en ballinge" [1].

Die Hervorming het dus 'n nuwe fase ingelui waarin die staat [2] meer aandag aan liefdadigheid begin gee waarvan die Engelse armsorgwetgewing die beste voorbeeld is. Hiernaas „... begint als gevolg van de thans opkomende en snel veldwinnende Verlichting het rationalisme 't hulpverleningswerk in sterkere mate te doordringen. Juist de Verlichting, die de ideeën van het 16de eeuwse humanisme gemeengoed maakte van de gemiddelde burger, was door zijn optimistisch mensbeeld, door zijn onwankelbaar geloof in de almacht van de rede, uitermate geschikt nieuwe impulsen te geven aan allerlei vormen van hulpverlening" [3].

Bostaande dui op die geleidelike oorgang van maatskaplike hulpverlening na maatskaplike werk wat sy eerste wortels het in die Engelse armsorgwette.

b. Die oorgang van maatskaplike hulpverlening na maatskaplike werk.

Die wetgewing ná die Middeleeue ten opsigte van maatskaplike versorging was hoofsaaklik negatief van aard omdat dit grotendeels op die onderdrukking van bedelary en leeglêery toegespits was. Dit was veral daarop gemik om die bestaande orde te handhaaf sodat die bestaan van die groep, en nie soseer dié van die enkeling nie, verbeter kon word. Webb beskryf hierdie as 'n optrede „... which neither lessened destitution,nor maintained order" [4].

Die volgende aanhaling gee 'n baie duidelike beeld van die toestand in

---

1. Coetzee, J.H. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika. (1859 - 1949). Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1953. P. 61.

2. Vgl. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 15.

3. Kamphuis, M. e.a. Helpen als ambacht. P. 37.

4. Webb, Sidney and Beatrice. English poorlaw history. New York, Longmans Green, 1927. Deel I. P. 29.
Vgl. Warner, Queen and Harper. American charities and social work. P.16.

Engeland gedurende hierdie tyd: „It cannot be doubted that behind this mass of chronic pauperism, beggary, and crime, there was an appalling amount of genuine misfortune and suffering. Not only the widows and orphans needed help, but men and women broken down by sickness and unemployment found their real needs overlooked in the clamour of mendicancy... The very existence of the degraded class was a standing insult and injury to the genuine worker who shared its reputation for idleness and inefficiency and was deprived by it of the succour which should have come to him in times of misfortune... This then was the situation in London at the end of the sixties. On the one hand a confused mass of poverty, crime and mendicancy, living side by side with the independant wage-earners under conditions of overcrowding and insanitation, and baffling all the efforts of authority and benevolence. The magistrates of the metropolis, one after another, expressed despair and hopelessness in presence of the clamorous crowds that beset their offices from day to day. On the other hand, a Poor Law administered so as to aggravate the evil, and a host of philanthropic societies and individuals confused and helpless before the magnitude of the demands made upon them" [1].

Hendrik VIII het in 1536 ŉ wet aangeneem wat plaaslike owerhede verplig het om armes op so ŉ wyse te help dat hulle nie moes bedel nie. Friedlander skryf: „... the Statute of 1536 established the first plan of public relief under the auspices of the government in England" [2].

Die volgende van belang in die Engelse armsorgwette, was die wette van Elizabeth wat in 1572 aangeneem is. „The Statute of 1572 marked the final recognition that the government was responsible for providing aid to people who could not maintain themselves. In 1576 'houses of correction', supplied

---

1. Quoted by Helen Bosanquet. Social work in London. 1869-1912. London, John Murray, 1914. P. 2.

2. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 15.

with wool, hemp, flax, and iron, were established in which the able bodied poor, particularly young persons, were forced to work.

„The Statute of 1597 confirmed that the churchwardens and four substantial householders were to be appointed as overseers of the poor by the justices of the peace. Almshouses should be erected for the impotent poor, the old, the blind, the lame, and those unable to work, and parents and children were made liable for each other's maintenance" 1).

Seker die belangrikste van die Engelse „Poor Laws" was dié van 1601 en die hersiening daarvan in 1834. Daarom dat Fink die volgende tipering gee: „It was during the latter days of the reign of Queen Elizabeth that the confused jumble of vagrancy and poverty laws came to be welded into the organic unity that we have since called the Elizabethan Poor Law. It is the 1601 revision of the act passed in 1598 which brought order of the chaos and established the basis of poor relief in England, and even America, for over three hundred years. ... The act of 1601... established three categories of relief recipients: the able-bodied poor, the impotent poor (unemployables), and dependent children" 2).

Soos Fink e.a. aandui is hierdie wet as grondslag beskou vir armversorging tot 1834, terwyl dit soms bestempel word as 'n model vir alle tye. Dit lê op elke gemeente 'n bepaalde heffing vir werkverskaffing aan arbeidsgeskiktes, vakopleiding aan kinders en die onderhoud van onbekwame armes in die sogenaamde „almshouses". Die wet bepaal ook die verpligting van bloedverwante om hulle naasbestaandes te onderhou terwyl

---

1. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 15-16.

2. Fink, E.A., Wilson, E.E. and Conover, M.B. The field of social work. New York, Henry Holt and Co., Third Edition, 1959. P. 28.

die werkskuwes gedreig word met tronke en verbeteringsgestigte.

As gevolg van die samedromming in gemeentes waar onderhoud volop was, moes Karel II verblyfsvoorwaardes vir die armversorging bepaal deur die „Settlement Act". In 1723 kom die „work house" deur wetgewing tot stand [1]. In sombere geboue moes armes met eentonige werk hulle onderhoud verdien. Later kom die „Allowance system" om die armes te versorg en alleen oues van dae, swakkes, ongetroude moeders en kinders word nou na „Poor houses" gestuur. Aan die liggaamlik geskiktes moes 'n verdienste gegee word. Fink sê hiervan: „To refuse to work, however, was to court dismissal and to be denied any relief. To make matters even worse, at least so far as the able-bodied poor were concerned, parishes were permitted to 'farm out' the poor on contract. This amounted, in essence, to an invitation to the lowest private bidder to exploit human labor to the utmost" [2].

Die gevolge van hierdie wette was swak lone deur die werkgewers enersyds en luiheid en verkwisting by die armes andersyds, sodat die stelsel as gevolg van die enorme styging van die armbelasting nie meer volgehou kon word nie, en daar nuwe armwette in 1834 aanvaar is wat die ontvangs van onderhoud vir die armes so skrikwekkend as moontlik gemaak het.

Onder andere som Clarke die beginsels van die 1834 wet soos volg op:

1) slegs behoeftigheid kon 'n persoon op hulp laat aanspraak maak;

2) verlening van hulp moet sodanig wees „... that the condition of paupers shall in no case be so eligible as the condition of persons of

---

1. Vgl. Warner, Queen and Harper. American charities and social work. P. 17-18.

2. Fink, e.a. The field of social work. P. 29.

the lowest class subsisting on the fruit of their own industry" [1].

3) Op liggaamlik-geskikte persone het die volgende betrekking gehad: a) geen geldelike hulp sou verleen word alvorens 'n werktoets toegepas is nie, b) indien werk verskaf word, moes die helfte van die hulp „in kind" verleen word, c) geen huurgelde sou betaal word nie, d) hulp aan hierdie persone en hulle gesinne sou slegs in „workhouses" verleen word; 4) die toepassing van die „Poor Law" moes aan plaaslike owerhede wat vir daardie doel gekies is, toevertrou word; 5) daar moes 'n sentrale gesag wees wat die hele administrasie van armsorg moes bepaal en beheer deur middel van inspekteurs.

Fink sê hiervan: „For two centuries England had struggled with the problem of a changing social order: the feudal system had disintegrated, the control of the Church over the lives of communicants had been slackened, a commercial and industrial economy had gained a dominant position. All the while, however, the lot of the worker and his dependants had fallen to lower and lower estate" [2].

Die tegnologiese ontwikkeling en verandering wat ná die uitvinding en aanwending van stoom in plaas van spierkrag in 1769 deur James Watt op die voorgrond geplaas is, het ook maatskaplike omwentelinge teweeggebring. Hierdie Industriële Rewolusie en die daaruit voortvloeiende maatskaplike omwenteling, het veroorsaak dat maatskaplike desorganisasie

---

1. Fink, e.a. The field of social work. P. 30.

2. Fink e.a. The field of social work. P. 30.
(N.B. eie onderstreping).
Vgl. Van Dijk. Mens en medemens. P. 13.
Vgl. De Haan. Sociologie. P. 34.
Vgl. Bouman. Sociologie, Begrippen en problemen. P. 12.

groot probleme laat ontstaan het. Van Dijk gee 'n baie duidelike beeld van hierdie tydperk as hy skryf: „Ellende, armoede, honger, ontbering bij de massa... Verwarring en ellende waaruit men geen uitweg zag... het was de wereld geboren uit de... industriële revolutie" [1].

Uit bostaande blyk dat die vaste sosiale orde versteurd geraak het en dat dit ingrypende maatskaplike veranderings tot gevolg gehad het. Alles is in werking gestel om die orde in die samelewing te herstel, dog die bestaande maatskaplike versorging kon nie daarin slaag nie. Witmer skryf: „With increasing democracy and humanitarianism, revolt against the poor law methods was bound to come. During the nineteenth century it showed itself in two lines of development: in attempts to alter poor relief methods and to take philanthropy out of governmental hands; and in attempts to prevent destitution by improving the structure and functioning of economic, educational and medical institutions. The latter found expression in factory legislation, agitation for old-age pensions, the beginnings of free education, and improvement in medical services. The former led to social work" [2]. In aansluiting hierby sê Queen: „The industrial welfare work, charity organization societies, settlements and housing reform that appeared in the nineteenth century were essentially the contribution of the bourgeoisie to social work" [3].

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 13.
   Vgl. Queen. Social work in the light of history. P. 84.

2. Witmer. Social work. P. 141.

3. Queen. Social work in the light of history. P. 86.

## III. DIE ONTSTAAN VAN PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE WERK.

### a. Inleiding.

Nuwe sosiaal-ekonomiese toestande, soos onder andere beskryf deur Queen en Van Dijk, bring altyd nuwe probleme mee wat ondersoek moet word asook nuwe metodes wat behandeling en optrede verg. Sodanige probleme is geskep deur die omstandighede wat hulle met die Industriële Rewolusie openbaar het en wat luidkeels om behandeling en oplossing geroep het.

Teen hierdie agtergrond van nuwe en akkumulerende probleme het die reeks ontdekkings en uitvindings veral op mediese en psigiatriese gebied en die gevolglike snelle uitbreiding van kennis en dienste, die moontlikheid geskep en toestande voorberei vir die snelle ontwikkeling op die gebied van wetenskaplike maatskaplike versorging. Van laasgenoemde skryf Queen: „... a small body of earnest, honest democrats, (made) it their chief business to seek solutions for problems of the common welfare... For them social work was not a charity, but public service; not an interesting diversion for spare time, but a profession, a 'man's job'" [1].

Ook ten opsigte van die taak en terrein van versorging van hulpbehoewendes is die visie verbreed, sodat nie alleen armes ingesluit is nie maar alle sorgbehoewendes en maatskaplik ontspoorde of wanaangepaste persone.

As gevolg van die toestande geskep deur die Industriële Omwenteling het industriële welsynswerk as 'n natuurlike gevolg ontstaan deur die bemoeiing van Robert Owen. Hoewel die motief hoofsaaklik was die belange van die onderneming of bloot op menslikheidsgronde, of albei, is

---

1. Queen. Social work in the light of history. P. 88.

daar tog goeie werk op hierdie gebied verrig.

Die volgende vorm van maatskaplike versorging wat gedurende die 19de eeu ontwikkel het, was onderneem deur die opkomende liefdadigheidsorganisasies. Ook hierdie georganiseerde liefdadigheid in die vorm van vrywillige liefdadigheidsorganisasies het hulle oorsprong in die Industriële Omwenteling gehad. Die belangrikheid hiervan was dat daar omtrent gelyktydig in Duitsland en Engeland organisasies ontstaan het wat gepoog het om al die onsamehangende pogings te koördineer.

„Yet for all the good intentions of individuals or organizations, private charity persisted without order or co-ordination. Rather than reducing begging and vagrancy, the indiscriminate giving of alms only encouraged greater reliance thereon. The Elizabethan Poor Laws had attempted to bring order out of chaos of public relief, but it remained for the German cities of Hamburg and Elberfeld in the eighteenth and nineteenth centuries to develop the beginnings of an organised system" [1].

Die Hamburg-stelsel van 1788 [2] en die Elberfeld-stelsel van 1852 was basies soos volg georganiseer: Die stede is in wyke verdeel met nie meer as vier afhanklike persone of gesinne wat onder die persoonlike toesig van 'n armversorger gestel is. Sy plig was om al die behoeftiges van sy wyk gereeld te besoek, om sodoende op hoogte te bly van hulle omstandighede en om sodoende hulle lewenswyses te probeer verbeter. Wyke is weer verder in distrikte verdeel wat elkeen onder 'n superintendent gestel is wat leiding moes gee. Oor al die distrikte was 'n Sentrale Administratiewe Raad aangestel wat ook die oorsake van armoede moes bestudeer.

---

1. Fink e.a. The field of social work. P. 36.
2. Vgl. Kamphuis e.a. Helpen als ambacht. P. 38.

In Engeland was die eerste noodleningsorganisasie die Charity Organization Society, in 1869 gestig met Octavia Hill aan die spits. Warner, Queen en Harper som dit soos volg op: „... there grew up in England and America Charity Organization Societies which sought to correlate the work of the many agencies in every city, to abolish public outdoor relief, and to mediate between the client and possible sources of help. Their methods included investigation, friendly visiting, registration, various 'provident schemes' and cooperation with the police to stamp out begging" [1].

Hierdie stelsels en organisasies het respektiewelik oor die hele Europa en Amerika versprei en is daar toegepas.

ŉ Verdere uitvloeisel van die Industriële Rewolusie was die stigting van die Society for improving the conditions of the labouring classes (1844) en daarmee saam die behuisingshervorming. Ook hier was Octavia Hill een van die bekendste figure wat die sorgwekkende woningstoestande ná die samedromming van groot getalle werkers rondom fabrieke, ter harte geneem het.

Voortvloeiend hieruit het die welsynsentrums of „settlements" [2] ontstaan wat ŉ godsdienstig geïnspireerde poging van welgestelde, simpatieke persone was om die omstandighede en lewensbeskouings van die arm werkersklas te verstaan deur ŉ tydlank onder hulle te gaan woon en leef net soos hulle. Op hierdie wyse, het hulle geglo, sou hulle eerstehandse kennis van dié leefwyse die hoër en laer klasse oorbrug om sodoende middelklas-liefdadigheid te beoefen.

---

1. Warner, Queen and Harper. American charities and social work. P. 23.

2. Vgl. Ibid. P. 24.

Nog ŉ direkte uitvloeisel van die Industriële Rewolusie was die ontstaan van die Kindersorgbeweging. Dit was veral die omstandighede wat gedurende en direk na die nywerheidsomwenteling geheers het, wat die aandag grootliks op die welsyn van kinders toegespits het. Hieruit volg die verskillende metodes van kinderversorging naamlik: „... (1) (to) set them, and adults as well, to work directly upon 'flax, hemp, wool', etc., which the overseers of the poor of the parish were empowered to buy for this purpose; (2) apprentice them; (3) care for them, especially those too young to work, together with infirm adults, either by 'farming out', by 'outdoor relief', or (4) in poor houses" [1].

Koördinasie en spesialisasie was ŉ reaksie op die onwetenskaplike filantropiese organisasies waarvan Rich skryf: „In addition to having a strong belief in the need for order and for system and kindliness in meeting human needs, the men and women... were convinced that there is a science of charity... Through scientific charity it would be possible to cure the misery of those who suffer now, and work constantly toward such improvement in circumstances that the number of the miserable shall deminish... They believed that these ends were to be achieved by scientific methods, by intelligent action founded on definite and thorough knowledge of the facts, whether to help the individual find a way out of his difficulties or to help the community improve its charities and reform its social conditions" [2].

Tot dusver is gehandel oor die ontstaan en ontwikkeling van maatskap-

---

1. Thurston, Henry W. The dependant child. New York, Columbia University Press, 1930. P. 3.

2. Rich, Margaret E. A belief in people. A history of family social work. New York, Family Service Association of America, 1956. P. 13.

like werk, hoofsaaklik in Engeland, omdat dit vandaar 'n groot invloed op die ontstaan en ontwikkeling elders, byvoorbeeld Amerika en oor die wêreld gehad het. Theron sê hiervan: „Die nywerheidsomwenteling begin op 'n later stadium in die V.S.A. en hulle neem die Britse stelsel van maatskaplike hulpbetoon oor. Die wetenskaplike grondslag van die hulpbetoon word nou geaksentueer... en daar word oorgegaan tot die opleiding van maatskaplike hulpverleners. Hierdie gedagtes van opleiding vir die beoefening van maatskaplike hulpbetoon word nou ook in ander lande aangetref" [1].

As gevolg van die maatskaplike versorging op verskillende gebiede kan afgelei word dat sekere tendense soos indiwidualisasie, voorkoming en rehabilitasie, spesialisasie en die praktiese toepassing van nuwere beginsels nou op die voorgrond tree. Dit vorm die begin van professionele maatskaplike werk soos dit vandag daar uitsien [2] en vervolgens die aandag geniet om die inhoud en betekenis daarvan te bepaal.

b. Definisies en omskrywings van Maatskaplike Werk.

In aansluiting by die siening van Maatskaplike Werk as die wetenskapskomponent [3] van die Sosiologie en aldus die Sosiologie van Hulpverlening, word uitgegaan van die standpunt dat dit in maatskaplike werk daaroor gaan om die mens in sy veelvuldige lewensnood te help [4].

Hiermee kan egter nie volstaan word nie omdat „... writers on social work subjects often have made the statement that the term has not been defined. Philip Klein, in his Pittsburg study in 1938, says that 'there

---

1. Theron. Die begrip maatskaplike werk... P. 69.
2. Vgl. Witmer. Social work. P. 141.
3. Vgl. Theron. Die begrip maatskaplike werk... P. 373.
4. Vgl. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 11.

is no agreement as to what is social work', and goes on to explain why authorities disagree and are likely to continue to do so. Herbert Bisno, writing on the philosophy of social work in 1952, says 'No really satisfactory definition of the term social work has yet been evolved'. International discussions in recent years have brought about fundamental agreements and distinctions in regard to the subject matter but has drawn in line against definition of the inclusive term which, nevertheless, is everywhere understood. In their extensive analysis of social work in 1951, Dr. Hollis and Alice Taylor give the clue to this, after all, common situation when they say, 'Both social work and social worker should be looked upon as evolving concepts that are as yet too fluid for precise definition'. Social work, like the sciences, may find that the last thing it will know is what it is about" 1).

Dat dit van die uiterste belang is om die moderne maatskaplike werk in terme van oogmerke, funksie en aktiwiteit te omskryf, word bewys deur die feit dat dit die tema gevorm het van die tiende Internasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk wat in Januarie 1961, in Rome gehou is 2).

Om nou duidelikheid te kry oor wat maatskaplike werk is, is dit nodig om 'n oorsig te gee van wat onder die term, in enkele lande van die wêreld verstaan word.

1) Duitsland: „The special character of social work is constituted

---

1. Cannon, M.A. „Guiding motives in social work" uit New directions in social work onder redaksie van Cora Kasius. New York, Harper and Brothers, 1954. P. 13.

2. Social work in a changing world - Its functions and responsibilities. Proceedings of the 10th International Conference of Social Work. Rome, Published by the International Conference of Social Work, Regional Office, Bombay, India. 1961.

by the fact that it gives or procures help to individuals or groups in distress who are

- not provided for under social security
- do not receive the necessary help for development from either family or society
- handicapped mentally or physically, socially or because of an abnormal disposition.

Social work's guiding principle is to give help to enable people to help themselves...." [1].

2) <u>Verenigde Koninkryk</u>: In die „Report of the working party set up by the Minister of Health on Social Workers in the Local Authority Health and Welfare Service" 1959, word die volgende bevind: „The process of helping people, with the aid of appropriate social services, to resolve or mitigate a wide range of personal and social problems which they are unable to meet successfully without such help" [2].

3) <u>Kanada</u>: „... a professional activity in which a social worker uses skills in controlled helping relationships with persons and knowledge concerning the interaction between man and his environment to the purpose of enabling people to achieve some greater measure of adequacy in their social functioning... The method implied is employed through three different processes, the case-work process, the group work process, and the community organization process, in these the helping relationship is applied to the individual, the small groups and the community,

---

1. „The term 'social work' as used throughout the world" - Part III, <u>International social work</u>. Vol. IV, No. 1, January 1961, P. 9-10.

2. „The term 'social work' as used throughout the world" - Part III, <u>International social work</u>. Vol. IV, No. 4, October 1961. P. 9-10.

respectively" [1].

4) Nederland: „Maatschappelijk werk omvat alle systematische bemoeiingen, uitgaande van personen of van instellingen, welke ten doel hebben om regelmatig in de ruimste zin van het woord, zonder equivalente tegenprestatie, zowel direct als indirect hulp te verlenen aan personen, die in maatschappelijke nood verkeren, of daarin dreigen te geraken" [2].

5) Die ~~Verenigde~~ State van Amerika: „Social work consists of a body of knowledge, skill and ethics professionally employed in the administration of the social services and in the development of programs for social welfare... Social work practice is based upon a set of values, purposes, sanctions, knowledge and methods..." [3].

Benewens bostaande definisies en omskrywings, is dit ook nodig om kennis te neem van etlike ander definisies soos deur indiwiduele wetenskaplikes gegee:

1) Stroup: „... social work is the art of bringing various resources to bear on individual, group, and community needs by the application of a scientific method of helping people to help themselves" [4].

2) Bisno: „Social work is the provision of services designed to aid individuals, singly or in groups, in coping with present or future social and psychological obstacles that prevent, or are likely to prevent, full

---

1. „The term 'social work' as used throughout the world"- Part III - International social work. Vol. IV, No. 4, October 1961. P. 7.
2. Van der Linden, H.B. Van nummer tot mens. Arnhem, Vuga-Boekerij, 1962. P. 20.
3. „The term 'social work' as used throughout the world" - Part III in International social work. Vol. IV, No. 4, October 1961. P. 11-12.
4. Stroup, H.H. Social work. An introduction to the field. Second Edition, New York, American Book Co., 1960. P. 1-2.

and effective participation in society" 1).

3) Clarke: „Social work is a form of professional service comprising a composite of knowledge and skills, parts of which are and parts of which are not distinctive of social work, which attempts on the one hand to help the individual satisfy his needs in the social milieu and on the other to remove as far as possible the barriers which obstruct people from achieving the best of which they are capable" 2).

4) Skidmore en Thackeray: „Social work may be defined as an art, a science, a profession which helps people to solve personal, group (especially family), and community problems and to attain satisfying personal, group, and community relationships through use of certain methods including casework, groupwork, community organization, and the enabling processes of research and administration. Social work not only helps people to solve problems, but also assists them to prevent problems and enrich daily living" 3).

5) Boehm: „Social work seeks to enhance the social functioning of individuals, singly and in groups, by activities focused upon their social relationships which constitute the interaction between man and his environment. These activities can be grouped into three functions: restoration of impaired capacity, provision of individual and social resources, and prevention of social dysfunction" 4).

---

1. Bisno, Herbert. The philosophy of social work. Washington, D.C., Public Affairs Press, 1952. P, 1.
2. Clarke, Helen I. Principles and practice of social work. New York, D. Appleton-Century Co., Inc., 1947. P. 16.
3. Skidmore, Rex A. and Thackeray, Milton G. Introduction to social work. New York, Appleton-Century-Crofts, 1964. P. 8.
4. Boehm, Werner W. Objectives of the social work curriculum of the future. Vol. I, New York, Council on social work education, 1959. P. 54.

6) Pray: „Social work, as I conceive it, always finds its focus and its object in the helping of individual human beings, who face in their social relationships all sorts of disturbing inadaquacies, frictions, limitations, that frustrate the full realization of their own capacities and wants as persons. Its philosophy and its practice are rooted in a profound respect for individual personality, for the significance of the individual as such and in his own right. Its service is directed primarily, therefore, to freeing and helping individuals to find and to fulfill themselves - their own unique selves - within the society of which they are part. The service is made available through social agencies, organized by members of the community to become aware of, and especially sensitive to, certain problems that confront their fellows, and who believe that community well-being as well as individual humanitarian feeling, requires that this help shall be made available to those who want or can use it" [1].

Omdat verskillende skrywers nie daarin kon slaag om 'n algemeen aanvaarde definisie of omskrywing te gee waarin al die belangrike elemente saamgevat is nie, word nou volstaan met die omskrywing van Muller:

7) „Maatskaplike werk is 'n professionele diens gebaseer op sekere onderliggende beginsels, wetenskaplike kennis en 'n bedrewenheid in menslike verhoudings waardeur individue, alleen of in groepe, bygestaan word om die hoogste moontlike graad van maatskaplike, geestelike en fisiese welsyn te bereik. Ten einde dit te bewerkstellig het maatskaplike werk 'n tweeledige funksie deurdat dit nie alleen met die individu, groep of gemeenskap gemoeid is nie, maar ook met die verbetering van maatskaplike

---

1. Pray, K.L.M. Social work in a revolutionary age. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1949. P. 18-19.

toestande deur 'n bydrae te lewer ten opsigte van beter lewenstandaard, gesondheid, behuising, arbeidstoestande en maatskaplike wetgewing. Hierdie taak word gewoonlik verrig binne die kader van 'n welsynsorganisasie of verwante liggaam en behels aktiwiteite van drieërlei aard, nl.

- herstel van belemmerde kapasiteit
- voorsiening van individuele sowel as maatskaplike bronne/fasiliteite
- voorkoming van maatskaplike wanfunksionering" [1].

Na aanleiding van bostaande en ander definisies en omskrywings kan sekere afleidings omtrent die aard en wese van maatskaplike werk gemaak word.

c. <u>Klassifikasie, analise en afleidings om onder andere ook die sosiologiese aard en betekenis van genoemde definisies en omskrywings van maatskaplike werk aan te toon.</u>

Teen hierdie agtergrond is die eerste feit waarvan ons moet kennis neem dat maatskaplike werk vandag 'n <u>funksie van die samelewing</u> is. Wurth beskryf dit soos volg: „... mag nu wel gesproken worden van een hoogst belangrijke functie, die er thans is voor het maatschappelijk werk" [2]. Van Dijk en Kuiper sien dit ook as deel van die struktuur van die samelewing [3] in soverre dat andere dit selfs as 'n instelling beskou.

Verder moet begryp word dat maatskaplike werk ook 'n <u>kuns</u> is. Wurth bevestig hierdie stelling as hy sê: „... maatschappelijk werk heeft zijn

---

1. Muller, Annette. <u>Opleiding vir maatskaplike werk met spesiale verwysing na S.A.</u> Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch, 1965. P. 10.

2. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk.</u> P. 11.

3. Vgl. Van Dijk en Kuiper. <u>Gestalten en getijden in de sociale werkelijkheid.</u> P. 184-185.

theoretische, wetenschappelijke zijde, die wij niet mogen miskennen, maar het is niet minder een kunst" [1]. Ook Boehm bevestig dit as hy skryf: „... social work practice is an art with a scientific and value foundation" [2].

Maatskaplike werk maak ook van bronne gebruik, bronne by die kliënt aanwesig soos sluimerende talente maar ook van al die bronne wat daar in die samelewing bestaan [3].

In die definisie van onder andere Stroup [4], Skidmore en Thackeray [5] word beskryf dat maatskaplike werk van wetenskaplike metodes gebruik maak.

ŉ Volgende element in genoemde definisies van Boehm, Skidmore, Thackeray, Stroup en Bisno is dat maatskaplike werk in die behoeftes van die enkeling, die groep en die gemeenskap voorsien.

Dit is ook duidelik dat maatskaplike werk die maatskaplike funksionering bevorder. Hier is dit veral Boehm wat klem lê op maatskaplike funksionering, maar ook Van Rooyen [6] beskou dit as ŉ baie belangrike funksie van maatskaplike werk.

Maatskaplike werk beoog ook om mense te help om hulleself te help [7]. Sodoende sal gepoog word om kliënte onafhanklik van ŉ betrokke vereniging

---

1. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 66.
2. Boehm. Objectives of the social work... P. 41.
3. Vgl. Stroup. Social work. P. 1-2.
4. Idem.
5. Skidmore and Thackeray. Introduction to social work. P. 8.
6. Van Rooyen, I.J.J. Maatskaplike funksionering en die maatskaplike werk. Pretoria, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1963. P. 9.
7. Vgl. Stroup. Social work. P. 1-2.

te maak.

Muller gee die volgende ontleding van die hoofelemente van maatskaplike werk:

„(a) Dit is 'n vakkundige diens wat

(b) onderneem word deur 'n welsynsliggaam of verwante instelling wat

(c) gerig is op maatskaplike funksionering (hetsy van die enkeling of die kleiner of groter groep) ten einde

(d) maatskaplike verhoudings tussen mense/groepe onderling, asook tussen mens en gemeenskap te bevorder, met die doel om

(e) die hoogs moontlike mate van algehele welsyn te bereik, waarvoor nodig is

(f) wetenskaplike kennis, bedrewenheid in menslike verhoudings, asook begrip en inagname van alle aspekte van die mens se lewe - dit wil sê maatskaplike, psigologiese, fisiese en ekonomiese faktore wat sy bestaan beïnvloed" [1].

In aansluiting by die ontleding van die definisies en omskrywings is dit van pas om nou die doelstellings en funksies van maatskaplike werk na te gaan.

d. Doelstellings en funksies van Maatskaplike Werk.

Ten opsigte van die doelstellings van Maatskaplike Werk, word daar ook verskillende standpunte aangetref vanwaar ons die doelstellings kan aflei. Die volgende gee 'n beeld hiervan:

(i) „Social work is committed to the task of improving living conditions and promoting the well-being of all people" [2].

(ii) „The goal of social work is the enhancement of social

---

1. Muller. Opleiding vir maatskaplike werk. P. 10.
2. Kasius, C. „Are social work principles emerging internationally?" in Social Casework. Vol. XXXIV, Nr. 1. January, 1953. P. 24.

functioning wherever the need for such enhancement is either socially or individually perceived" 1).

(iii) „... social work seeks to assist individuals, groups, and communities to reach the highest possible degree of social, mental, and physical well-being" 2), en „... the goal of social work in our society, ... is to prevent or at least to alleviate the socially and psychologically damaging effects of crisis situations, and to remove barriers to the healthy development of individuals, groups, and communities" 3).

Bostaande formuleringe kom basies ooreen ten opsigte van die bevordering van die welsyn van die mens, dit wil sê, om hom gelukkig te maak. Wat die welsyn van die mens nou eintlik is, hang af van die gemiddelde lewenstandaard en die waardebegrip.

Uit bostaande definisies en omskrywings word ook afgelei dat maatskaplike werk te doen het met:

(i) die mens met sy besondere behoeftes,

(ii) die mens met sy besondere nood en

(iii) die mens in sy maatskaplike funksionering om ŉ bydrae tot die gesonde sosiale orde te lewer.

Wanneer bepaal moet word wat die begrip welsyn inhou, moet daarop gelet word dat maatskaplike werk die welsyn van die mens, dit is die vervulling van sy behoeftes op drie vlakke beoog, naamlik:

---

1. Boehm. Objectives of the social work... P. 46.

2. Friedlander, W.A. Concepts and methods of social work. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, Inc., 1958. P. 7.

3. Ibid. P. 1-2.

(i) om in sy ekonomies-fisiese behoeftes te voorsien,

(ii) om in sy emosioneel-maatskaplike behoeftes en

(iii) om in sy geestelik-godsdienstige behoeftes te voorsien.

(i) Die ekonomies-fisiese behoeftes behels die basiese lewensvereistes soos voeding, kleding, huisvesting, ensovoorts, terwyl die (ii) emosioneel-maatskaplike behoeftes onder andere inhou die gevoel van veiligheid, die behoefte om lief te hê en aan liefde deel te hê. Hierby kan gevoeg word die behoefte aan persoonlike waarde en om iewers tuis te hoort, byvoorbeeld deel te wees van ŉ gesin, ŉ groep, ensovoorts.

Wat die (iii) geestelik-godsdienstige behoeftes betref, behoort daar meer klem op gelê te word omdat die mens eerstens tog ŉ religieuse wese [1] is. Cora Kasius stel dit baie duidelik as sy skryf: „There is also agreement that social work is concerned with more than man's material welfare; things of the spirit, variously conceived and defined, are also accepted as part of social work's responsibility" [2]. Bowers se standpunt sluit hierby aan as hy sê: „He cannot give love because he continually seeks to receive love in an effort to build thereby his sense of worth" en verder „... the fullest and most complete sense of personal worth lies in loving God and knowing one is loved by Him" [3].

Ter verdere verduideliking van die begrip welsyn kan gesê word dat maatskaplike werk die welsyn van die mens beoog deur sy besondere nood te lenig en lyding te versag of soos Friedlander dit stel in sy definisie

---

1. Vgl. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 80.

2. Kasius, C. „Are social work principles..." P. 24.
Vgl. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 38-39.

3. Bowers, S. „Social work and human problems" in Social Casework. Vol. XXXV, No. 4, May, 1954. P. 190.

van maatskaplike werk, om die skadelike gevolge van krisissituasies te voorkom en te verwyder. Die nood waarin die mens hom kan bevind, verskil by elke mens en kan toegeskryf word aan inherente swakheid van die mens of omstandighede in die gemeenskap of omgewing waaraan die mens self geen aandeel het nie, byvoorbeeld droogte, siekte, ensovoorts. Bisno sê: „Human suffering is undesirable and should be prevented, or at least alleviated, whenever possible" 1).

Verder beoog maatskaplike werk die welsyn van die mens deur die bevordering van maatskaplike funksionering. Hierdie begrip word deur Boehm soos volg beskryf: „Social functioning in this context designates those activities considered essential for performance of the several roles which each individual, by virtue of his membership in social groups, is called upon to carry out" 2).

Omdat elke mens op aarde sekere funksies het om te vervul, is die behoorlike en doeltreffende maatskaplike funksionering op al die vlakke of terreine van die lewe 'n vereiste. Die taak van die maatskaplike werk in hierdie sin bestaan daarin om toe te sien en te verseker dat die mens wat hulp nodig het op al die vlakke van die lewe behoorlik funksioneer 3) in die gemeenskap.

Hierdie maatskaplike funksionering vind plaas deur die verskillende rolle wat die mens in die samelewing vervul, byvoorbeeld: die rol van vader, moeder, kind, werkgewer, werknemer, onderwyser, ouderling ensovoorts. Hierdie rolvervulling kan alleen bestaan wanneer daar wederkerige aktiwiteite plaasvind en daar dus maatskaplike wisselwerking

---

1. Bisno. The philosophy of social work. P. 5.
2. Boehm. Objectives of the social work... P. 46.
3. Vgl. Merton. Social theory and social structure. P. 21.

tussen indiwidue onderling, indiwidue en groepe en indiwidue en gemeenskappe plaasvind. Hierdie rolvervulling hou ook altyd aspekte van regte en verpligtinge in.

Die bevordering van maatskaplike funksionering kan geskied deur toename in die doeltreffendheid van indiwidue se onderlinge wisselwerking, hetsy indiwidueel of in groepe, en deur die mobilisasie van toepaslike maatskaplike bronne deur koördinasie, verandering en voorsiening van bronne.

Alhoewel die maatskaplike werk met sy besondere doelstellings al hierdie dinge beoog, is dit nie die bedoeling dat die maatskaplike werk self in al hierdie behoeftes moet voorsien nie, omdat baie van hierdie behoeftes buite die terrein van die maatskaplike werk val. So is die voorsiening in die geestelike behoeftes die taak van die kerk, alhoewel die maatskaplike werk hiertoe tog 'n positiewe bydrae kan lewer.

Volgens Boehm kan die doelstellings van maatskaplike werk bereik word deur die volgende funksies naamlik dié van

(i) herstelling,

(ii) voorsiening van bronne en

(iii) voorkoming.

(i) Herstelling (restoration): „This function seeks to identify and control or eliminate those factors in the interactional process that have caused a breakdown or impairment of social relationships" 1). Die doel hiervan is om die persoon te help terugvoer na die hoogste vlak van funksionering wat voorheen moontlik was en selfs nog hoër. Hierdie funksie

---

1. Boehm. Objectives of the social work... P. 51.

kan herstellend van aard wees wanneer faktore uitgeskakel word wat die ineenstorting van die funksionering veroorsaak het, of rehabilitatief wanneer daar pogings is om die wisselwerkingspatrone te herbou of te herorganiseer.

(ii) Voorsiening van bronne: Boehm sê: „This function entails the creation, enrichment, improvement, and better coordination of social resources and the mobilization of existing, but inoperative, individual capacity for interaction in the physical, intellectual, emotional, or spiritual realms" 1). Hierdie funksie kan as ontwikkelend en opvoedkundig van aard gesien word.

Die ontwikkelingsaspekte beteken die bevordering van die doeltreffendheid van die bestaande maatskaplike bronne of om die persoonlike kapasiteit tot volle ontplooiing te bring met die oog op doeltreffender maatskaplike wisselwerking. Die opvoedkundige aspekte is bedoel om die publiek, sowel as die persone wat die diens ontvang, bekend te stel met die besondere voorwaardes en behoeftes van al die hulpbronne. Hieruit volg dat maatskaplike werk daartoe gebonde is om tot die welsyn van die hele gemeenskap by te dra en daarby nie net op die fisiese en materiële vlak beweeg nie maar dat dit tot in die hoëre geestelike sfere van die menslike bestaan strek 2).

(iii) Voorkoming: Dit beteken die „... early discovery, control, and elimination of conditions and situations that potentially could hamper effective social functioning" 3). Voorkoming moet geskied op persoonlike vlak sowel as op die breë maatskaplike terrein. Hieronder val

---

1. Boehm. Objectives of the social work... P. 51.
2. Vgl. Kasius in Social Casework. Vol. XXXIV, No. 1. P. 24.
3. Boehm. Objectives of the social work... P. 51.

„a. Prevention of problems in the area of interaction between individuals and groups" , en „b. Prevention of social ills" [1].

Dit is baie duidelik dat in die praktyk hierdie drie funksies nie altyd van mekaar geskei kan word nie, en dit geld vir die hele gebied wat die maatskaplike werk dek. So verloop die basiese metodes in dieselfde proses, naamlik die ondersoek, diagnose, evaluasie, prognose en die plan van behandeling of aksie.

Behalwe hierdie drie funksies van maatskaplike werk voeg Muller tereg nog twee by naamlik:

(iv) „Beplanning en koördinering van bogenoemde dienste deur die bestudering van behoeftes, leemtes, die bestaande beleid en dies meer. Hierdie taak vereis dus navorsing" en

(v) „die formulering en uitvoering van maatskaplike welsynsbeleid" [2].

Nathan Cohen beskryf dan die taak van die hedendaagse maatskaplike werk in 'n referaat by die Rome-Kongres van 1961 soos volg: „... This two-pronged approach includes concern on the one hand for the adjustment and development of the individual towards more satisfying human relationships and, on the other, for improving the social institutions within which the individual functions. Social workers seek through their work with individuals, groups and the community to help people find within themselves and the groups through which they function the resources for solving both the problems that affect them alone and those that affect people in

---

1. Boehm. Objectives of the social work... P. 51-52.
2. Muller. Opleiding vir maatskaplike werk. P. 14.

general. Thus, social work is not only concerned with the individual and the social institutions within which he functions, but also with the relationship between these two factors" 1).

Al hierdie verskillende aspekte van die doelstellings en funksies van maatskaplike werk probeer Van Roosmalen saamvat in die volgende:

„1. het doel van maatschappelijk werk is: bevordering van een evenwicht tussen de vrijheid en oorspronkelijkheid van de individuele persoon en de maatschappij, waarin hij leeft; de opbouw van een zodanige samenleving, dat hij aan zijn vrije oorspronkelijkheid in zijn sociale relaties mede een uitdrukking geeft;

2. a. functie: het methodisch en deskundig helpen van personen, die deze hulp behoeven op grond van het feit, dat de sociale relaties waarbinnen zij leven dit evenwicht verstoren.

b. het methodisch en deskundig helpen van samenlevingsverbanden om daardoor de sociale omgeving van de mens in gunstige zin te beïnvloeden.

c. het verwerken van de ervaringen onder 1. en 2a. en 2b. tot adviezen en beïnvloedingsmogelijkheden, om de omgeving van de mens (dus niet alleen de welzijnsinstituten, maar ook de welvaartsinstituten) bewust te maken van de spanningen, die de huidige struktuur oproept. 1., 2a. en 2b. zijn direkte funkties in het maatschappelijk werk, 2c. is een indirekte funktie" 2).

---

1. Cohen, Nathan. „Social work in a changing world. Its functions and responsibilities" in International social work. Vol. IV, No. 4, October, 1961. P. 88.

2. Van Roosmalen, H.P.A. „De funktie van het maatschappelijk werk in onze hedendaagse maatschappij" in Maatschappelijk werk. Krachten, terreinen en methoden onder redaksie van J.M. Broekman. Assen, Van Gorcum en Comp. N.V., Dr. H.J. Prakke en H.M.G. Prakke, ongedateer. P. 262.

Hierby sluit Van Rooyen aan met die volgende: „Dit is die werklike taak van die maatskaplike werk om die mens se welsyn te bevorder deur hom van sy eie waarde, van sy sluimerende moontlikhede bewus te maak. Dit kan die beste gedoen word deur hom in die diensstruktuur van die samelewing in te skakel. Dit is die taak van die maatskaplike werker om die mens se waarde te verhoog deur sy gewilligheid, sy bevoegdheid en geleenthede tot dienslewering uit te bou. Die mens se eie welsyn is in direkte verhouding afhanklik van die welsyn van die gemeenskap waarvan hy lid is. Op hierdie wyse is sy welsyn afhanklik van die bydrae wat hy tot die welsyn van die groep lewer" [1].

## IV. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING.

Verskillende skrywers [2] wys in hulle onderskeie werke op die belangrikheid van die sosiologiese aspekte vir die maatskaplike werk en lê veral klem op die invloed van die ontstaan van die Sosiologie op die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk en 'n bydrae van hierdie kennis vir gesonde aanpassing en funksionering in die groep en die mensverhoudinge in die goeie orde van die samelewing. So word sekere omskrywinge „... weer als uitgangspunt genomen voor enkele beschouwingen over de sociologische agtergronden en de sociale functie van het maatschappelijk werk" [3].

Alhoewel die ontstaan van maatskaplike werk in verband gebring word met veral die Industriële Rewolusie in Engeland, is hulpverlening so oud soos die mensheid self. Vanuit hierdie hulpverlening het die maatskaplike

---

1. Van Rooyen. Maatskaplike funksionering... P. 9.

2. Vgl. Van der Linden. Van nummer tot mens. P. 114.
   Vgl. Kamphuis. Helpen als ambacht. P. 61.

3. Ibid. P. 62.

werk ontwikkel tot ŉ wetenskaplik, „methodisch en deskundig helpen" soos dit vandag geken en beoefen word.

Deur ŉ duidelike uiteensetting van die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk te gee kan ook die aard en wese van maatskaplike werk afgelei word en ŉ aanvaarbare definisie van maatskaplike werk soos die van Boehm [1)] onderskei word.

Aangesien daar baie duidelik twee groepe bestaan binne die raamwerk van die maatskaplike werk, naamlik die enkeling en/of groep wat in een of ander maatskaplike nood verkeer, dit is die hulpontvanger, en die groep wat hulle daarop instel om hulp te verleen of hulpverlener, moet nou daartoe oorgegaan word om ŉ struktuuranalise hiervan te maak.

---

1. Boehm. Objectives of the social work... P. 54.

# HOOFSTUK 3.

## STRUKTUURANALISE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKGROEP.

*

## I. INLEIDING.

„Man is called by nature to live in society; for he needs many things that are necessary to his life, and which by himself he cannot procure for himself. Whence it follows that man naturally becomes part of a group, to procure him the means of living well. He needs this assistance for two reasons. First, in order that he may obtain the elementary necessities of life; this he does in the domestic circle of which he is a part... But there is a second reason why the individual is helped by the group, of which he is a part, and in which alone he finds his adequate wellbeing. And this is, that he may not only live, but live the good life - which is enabled by the opportunities of social intercourse" [1].

Johnson maak die volgende uitlating: „Each of us is born into a family group, and most of our actions thereafter are performed in our capacity as a member of one group or another. All social problems, such as juvenile delinquency,... inadequate housing or education, and war, have to do with the functioning of groups or with the interaction of groups" [2].

„A group is a specific form of human interrelation, namely a collection of individuals who are experimenting for the purpose of determining whether their needs are more likely to be satisfied by means of collaboration

---

1. Aquinas, Thomas. Commentary on Nicomachean Ethics. Soos aangehaal deur Witmer in Social Work. P. 76.

2. Johnson. Sociology. A systematic introduction. P. 2-3.

than through individual effort. I cannot see why, then, groups and group experiences do not stand at the very center of social work's concern" 1).

Die belangrikheid van bostaande aanhalings word bewys in die verskillende definisies en omskrywings van Sosiologie en Maatskaplike Werk, waarin die term of begrip „groep" ŉ sentrale plek inneem. Dit word ook daarin bewys dat die mens vanaf sy geboorte hom in groepsverband bevind, eers die gesin, die kerk, die spelgroep en daarna die skool, die arbeidsgroep en al die ander groepsituasies waarin die mens hom gedurende sy lewe bevind.

Oral waar mense aangetref word, bevind hulle hulleself in een of ander groepsverband met ander mense. Daarom kan gesê word dat die menslike samelewing uit ŉ oneindige veelheid van groeperinge tussen mense bestaan. Vir die mense wat daarby betrokke is, is elke groepering van wesenlike belang omdat dit ontstaan vir die bereiking van bepaalde oogmerke en dus spesifieke maatskaplike funksies te vervul het.

Dat elke groep waarvan mens lid is ŉ invloed uitoefen, getuig Boehm: „... each individual, from the time he is born, is subjected to the influence of groups" 2).

Met betrekking tot die groeplewe kan ook gepraat word van bindinge en ontbindinge, van groei en verval en dus van voortdurende veranderinge en wisselinge.

So kan elke mens gelyktydig by ŉ groot aantal groepe ingeskakel wees

---

1. Lindeman, Eduard C. „Group work and education for democracy" in Proceedings of the National Conference of Social Work, 1939. New York, Columbia University Press, 1939. P. 344.

2. Boehm. Objectives of the social work curriculum... P. 106.

wat vir hom as mens vir sy menswees 'n besondere betekenis en funksie het. Maar net so het elke lid van 'n groep ook vir die groep 'n betekenis en funksie sodat daar tussen die lid en die groep 'n wederkerige en betekenisvolle verhouding en 'n wedersydse beïnvloeding is. Daar gaan van die groep sowel as van die lid invloed uit wat vir albei van betekenis is omdat dit ten opsigte van die lid 'n bydrae lewer tot die vorming van sy persoonlikheid as mens en vir die vervulling van sy behoeftes en tegelyk vir die instandhouding van die groep deur die enkeling se bydrae.

Omdat die mens inherent 'n sosiale wese is, verlang hy omgang met sy medemens om van sy basiese behoeftes te bevredig. So is elke mens lid van primêre groepe wat intiem en persoonlik van aard is soos byvoorbeeld die huisgesin, maar elke mens behoort ook aan sekondêre groepe wat nie so persoonlik van aard is nie soos die arbeidsgroep, kultuurverenigings, sportverenigings, ensovoorts. In die lig hiervan kan 'n maatskaplike groep gesien word as 'n aantal indiwiduele persoonlikhede wat in kommunikasie met mekaar verkeer. So sien Pieterse 'n maatskaplike groep as „... twee of meer mense tussen wie 'n maatskaplike verband bestaan of waar wederkerige kommunikasie of interaksie aanwesig is" [1].

In die literatuur word baie bewyse aangetref wat op die belangrikheid van die groep in die mens se lewe wys. Jones beweer dat „... the social group is the most effective humanizing agent" [2] terwyl Stroup skryf „... all human beings have basic, common needs, including some which can be satisfied through group association. Not all forms of

---

1. Pieterse, J.E. „Groepwerk as metode in maatskaplike werk" in <u>Professionele maatskaplike werk</u> onder redaksie van prof. G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965. P. 154.

2. Jones, M.E. <u>Basic sociological principles</u>. Boston, Ginn and Co., 1949. P. 83.

group-association, however, will satisfy these needs. Some, in fact, tend to thwart them. In the recent decades especially, through increased industrialism, urbanism, and secularism, some of the means... have lost much of their prestige or influence" 1). Theron gaan verder en skryf: „... omdat nie alle groepe vandag bevorderlik vir die wording van die mens is nie, het die maatskaplike werk toegetree om die groepsfunksies aan te help en aan te vul. Die groep sorteer gevolglik binne die veld van die maatskaplike werk en daarom moet in die teorie van die maatskaplike werk terdeë aandag aan die groep geskenk word" 2).

Voordat 'n analise van die hulpverlenersgroep en die hulpontvangersgroep gemaak kan word, is dit nodig om duidelikheid te hê oor wat onder 'n groep verstaan word.

## II. ANALISE VAN 'N GROEP IN DIE ALGEMEEN EN DIE MAATSKAPLIKE WERKGROEP IN DIE BESONDER.

### a. Analise van 'n groep.

Veral Sosioloë het al verskeie definisies en omskrywings van maatskaplike groepe gegee waarvan die volgende goeie voorbeelde vorm:

(i) Volgens Eubank word 'n groep soos volg omskryf: „A group is two or more people between whom there is an established pattern of interaction. It is recognised as an entity, by its own members and usually by others, because of its

---

1. Stroup. Social work. P. 9.

2. Theron. Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing. P. 318.

particular type of collective behavior." [1].

(ii) MacIver skryf: „By a group we mean any collection of social beings who enter into distinctive social relationships with one another. A group, then, as we understand it, involves reciprocity between its members" [2].

(iii) „Groep is ieder, naar zijn aard, betrekkelijk vast en duurzaam verband, dat, in bepaald opzicht, een aantal mensen verenigt" [3].

(iv) Fairchild sê 'n groep is: „... two or more people between whom there is an established pattern of psychological interaction; it is recognized as an entity, by its own members and usually by others, because of its particular type of collective behavior" [4].

(v) Met die volgende omskrywing van Joubert en Steyn kan volstaan word: „Die term maatskaplike groep (word) gebruik met verwysing na bepaalde persone wat fisies aanwesig is en met mekaar in daadwerklike interaksie verkeer. 'n Maatskaplike groep dui dus op 'n konkrete, aanwesige en volledig waarneembare kollektiwiteit van persone. So gedefinieer sou 'n groep ophou om te bestaan indien die lede vir 'n korter of langer periode nie byeenkom nie. In so 'n geval -

---

1. Eubank, E.E. Concepts of Sociology. Boston, Heath, 1932. P. 99.
2. MacIver and Page. Society. An introductory analysis. P. 14.
3. Bouman. Sociologie, begrippen en problemen. P. 59.
4. Fairchild. Dictionary of sociology. P. 133.

en dit is die algemene posisie met die meeste groepe waartoe mense behoort - sou gesê kon word dat terwyl die lede nie fisies in mekaar se teenwoordigheid hulle groeprolle vervul nie, daardie groepsverhoudings bly voortbestaan en geaktiveer kan word sodra die lede bymekaar kom" [1].

Uit bostaande en ander omskrywings kan die volgende kenmerke van ꞌn maatskaplike groep afgelei word: i) Dit bestaan uit minstens twee mense; ii) tussen die twee of meer persone bestaan daar nie net wisselwerking nie, maar wel ꞌn daargestelde vaste patroon van wisselwerking; iii) die groep moet minstens deur die lede as ꞌn entiteit beskou word en iv) dit vertoon ꞌn besondere tipe kollektiewe gedrag.

Joubert en Steyn onderskei egter vyf basiese kenmerke van maatskaplike groepe naamlik „(a) Die belangrikste en ꞌn vereiste-kenmerk van ꞌn maatskaplike groep is dat daar interaksie tussen die lede sal wees. Daar is algemene konsensus in sosiaal-wetenskaplike kringe dat ꞌn groep op sy eenvoudigste gedefinieer moet word as: twee of meer mense tussen wie daar ꞌn onderskeibare patroon van interaksie bestaan...

„(b) Verskillende groepe onderskei hulleself van mekaar daarin dat die interaksie wat plaasvind altyd binne ꞌn gegewe konteks plaasvind... dat ꞌn groep sekere vasstelbare grense het wat dit moontlik maak om te besluit of individue se gedrag tot hierdie of daardie groep behoort... Hulle optrede in ꞌn bepaalde groep word hulle rol... genoem (en)... geskied dus selde of nooit met inset van sy hele persoonlikheid. Hy tree in die groep slegs in ꞌn bepaalde hoedanigheid of rol op...

---

1. Joubert, D.D. en Steyn, A.F. Groepsdinamika. ꞌn Inleiding tot die studie van klein groepe. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1965. P. 25.

„(c) ʼn Derde basiese kenmerk... is die bewustheid by die lede van die groep as groep. Die lede van die groep sien hulle self en mekaar as behorende tot die groep; hulle is bewus van hulle inter-persoonlike verhoudings in die besondere konteks. Daar is ʼn bewustelike onderlinge identifikasie, soveel so dat lede dit natuurlik vind om van ons te praat...

„(d) ʼn Vierde kenmerk... is dat hulle bepaalde doelstellings het wat verband hou met die motiverings en behoeftebevrediging van die lede...

„(e) ʼn Vyfde en laaste kenmerk van groepe wat ons as basies sou wou bestempel is die normatiewe ge-oriënteerdheid van interaksie in die groep... opgebou uit wederkerige verwagtings... Dit beteken dat interaksie in die groep tot ʼn mindere of meerdere mate normatief gereguleerd is... As basiese kenmerk van groepe moet in elk geval ʼn minimum van normatiwiteit in groepsgedrag veronderstel word.

„Op grond van die vyf bespreekte basiese kenmerke van maatskaplike groepe sou ʼn maatskaplike groep nou formeel as volg gedefinieer kan word:

„ʼn Maatskaplike groep bestaan uit twee of meer persone tussen wie daar ʼn normatiefgereguleerde, onderskeibare interaksiepatroon in ʼn gegewe konteks ontwikkel het, waarvan hierdie persone bewus is as ʼn onderskeie eenheid en waarin die bereiking van sekere gemeenskaplike doelstellings verband hou met individuele motiverings en behoeftes" [1].

Lewin gee die kenmerke van die groep soos volg: „The essence of a group is not the similarity or dissimilarity of its members, but their interdependence. A group can be characterized as a 'dynamical whole';

---

1. Joubert en Steyn. <u>Groepsdinamika. ʼn Inleiding tot die studie van klein groepe</u>. P. 17-21.

this means that a change in the state of any sub-part changes the state of any other sub-part. The degree of interdependence of the sub-parts of members of the group varies all the way from a loose mass to a compact unit" [1].

Hiervolgens moet die sosiologiese betekenis van maatskaplike groepe gesoek word in: i) die aard van die maatskaplike wisselwerking wat daar plaasvind tussen die groep en die indiwiduele lede en tussen die indiwiduele lede onderling; ii) die maatskaplike oogmerke wat die groep voorop stel; iii) die funksies wat die groep vervul en die wyses waarop die funksies uitgevoer word; en iv) die besondere invloed wat daar van die groep op die indiwiduele lede uitgaan.

Omdat die maatskaplike werkgroep volgens die indelings van Joubert en Steyn [2] ŉ sekondêre groep blyk te wees, is dit nodig om die kenmerke van die sekondêre groep na te gaan.

Alhoewel Merton [3] ŉ lys van 26 groepskenmerke opgestel het, ten opsigte waarvan groepe sou kon verskil, kan tog onder andere die volgende algemene maatskaplike kenmerke in breë trekke genoem word:

(i) In die reël het hulle ŉ groot ledetal.

(ii) Die verhoudings tussen die lede is meer onpersoonlik, formeel en berus hoofsaaklik op geleentheidskontakte.

(iii) Lede het slegs ŉ paar definitiewe gemeenskaplike oogmerke en belange.

---

1. Lewin, Kurt. <u>Resolving social conflicts.</u> New York, Harper and Brothers, 1948. P. 54.
2. Vgl. Joubert en Steyn. <u>Groepsdinamika.</u> P. 21-24.
3. Vgl. Merton. <u>Social theory and social structure.</u> P. 310-326.

(iv) Mense verander hulle lidmaatskap dikwels. Lidmaatskap is meer kortstondig as by die primêre groep.

(v) Terwyl mense slegs aan 'n klein getal primêre groepe kan behoort, kan hulle tog tegelykertyd lid wees van 'n groot aantal sekondêre groepe.

(vi) Die invloed wat van sekondêre groepe op lede uitgaan, is in die reël nie so ingrypend en verreikend as in die geval van primêre groepe nie.

Daar bestaan ook gedurig wisselwerking tussen die groep en sy individuele lede en omgekeerd waarvan Boehm sê: „Just as group membership affects individual behavior, so does the individual behavior affect the behavior of groups" [1]. Hierdie wisselwerkende invloed is van groot belang in maatskaplike werk en speel ook 'n vername rol, veral in die werker-kliënt verhouding.

In die lig van bostaande volg dit dat die maatskaplike werk situasie in die algemeen noodwendig 'n groepsituasie is - dit kan nie anders as in groepsverband gedoen word nie [2]. Dit werp ook lig op die maatskaplike werkgroep waarin twee afsonderlike entiteite, naamlik die hulpverlenersgroep en die hulpontvangersgroep onderskei kan word.

b. <u>Analise van die maatskaplike werkgroep.</u>

Sekondêre maatskaplike groepringe kan spontaan ontwikkel soos in die geval van spelgroepe en bendes, of dit word doelbewus en formeel gevorm soos

---

1. Boehm. <u>Objectives of the social work curriculum of the future.</u> P. 107.

2. Vgl. Theron. <u>Die begrip maatskaplike werk</u>... P. 315.

in die geval van die maatskaplike werkgroep. So word hierdie groep saamgestel en in stand gehou omdat dit 'n nuttige en onontbeerlike funksie in die samelewing te vervul het.

Alhoewel die gesin die natuurlike maatskaplike hulpverleningsmilieu is [1)], skiet sommige gesinne in hulle taak tekort en het daar mettertyd, veral na die Industriële Rewolusie in Engeland, 'n maatskaplike werkgroep ontstaan om in hierdie behoeftes te voorsien.

Om 'n analise van die maatskaplike werkgroep te maak is dit vooraf nodig om te weet waaruit die groep saamgestel word, te wete maatskaplike werkers. Op die vraag wat onder die term maatskaplike werker verstaan word, kan met die volgende omskrywings van 'n maatskaplike werker en sy doelstellings volstaan word:

* 90-99

1. <u>Omskrywings van 'n maatskaplike werker en sy doelstellings.</u>

Om nou 'n duidelike beeld te kry van 'n maatskaplike werker en sy doelstellings word op omskrywings deur verskillende lande en enkele persone gelet.

i) <u>Kanada</u>: „A social worker is one who, having acquired certain professional techniques, is qualified to treat, and if possible prevent, social maladjustments in the area of human and environmental relationships.

„Objectives of a social worker: 'to relieve, remove, and/or, if possible, prevent social maladjustments so that there may be a satisfactory interplay of the forces directing human life, in order that there may be

---

1. Vgl. Theron. <u>Die begrip maatskaplike werk</u>... P. 331.

the most effective expression of human capacities" [1].

ii) Nederland: „Social work is organized, individual help afforded according to a definite plan to persons who are in social need or in danger of falling into social need, with the purpose of enabling them to come nearer to their destination as men and as members of society. A social worker is one who devotes himself by profession to this kind of help.

„The types of services in the social welfare programme are: protection of children, probation of adults, housing management, industrial welfare (industrial counselling), family casework, settlement work and group work for youth" [2].

Uit die Nederlandse literatuur vind ons ook ŉ kort definisie van Maatskaplike Werk deur Van den Dam wat in hierdie verband lig werp naamlik: „... maatschappelijk werk is het systematische en methodische helpen door deskundigen, dat het bewerkstelligen en bevorderen van de maatschappelijk aanpassing - in onderlinge wederkerigheid - van personen, kleinere groepen en instituties bedoelt" [3].

iii) Nieu-Seeland. „The social worker, whether in the service of the State or of a voluntary agency, is concerned with preventing or remedying deficiencies in the relation between the individual and his environment,

---

1. Training for social work. An international survey by the United Nations Department of Social Affairs. Lake Success, New York, 1950. P. 105. The definition was taken from a report of a special committee of the Board of Directors of the Canadian Association of Social Workers.

2. Ibid. P. 109-110. Ingedien deur ŉ ad hoc werkgroep bestaande uit 9 Nederlandse Skole vir maatskaplike werk.

3. Van den Dam, J.P.A. „Maatschappelijk werk - een poging tot verheldering." Aangehaal in Maatschappelijk Werk onder redaksie van dr. J.M. Broekman. Assen, Van Gorcum en Comp. N.V. Ongedateerd. P. 253.

and for this purpose is concerned with the total individual in his total environment, in so far as this is relevant to preventing or righting such deficiencies. The social worker, therefore, must have:

1. Skill in diagnosing a particular need (sometimes a simple and sometimes a skilled process).

2. A knowledge of all the social agencies and the particular resources of a community which may be available to help in the given cases.

3. Ability to assist the individual or group of individuals to make the best use of these resources and to achieve a better degree of personal development and a more satisfying adjustment to the social environment. This may, of course, entail changing the individual's social setting as well as his attitude towards it" [1].

iv) Verenigde Koninkryk: „A professional social worker is one who is employed to provide some social service for individuals or groups of individuals. The aim of the service should be to work in co-operation with the individual in such a way that his or her potentialities are given the fullest possible scope in relation to the community of which he or she is a member. In performing that service, it is the function of the social worker to interpret the existing social service to the individual or group of individuals. He should also be ready to suggest changes in the social services where experience shows them to be desireable" [2].

---

1. Training for social work. United Nations. P. 110. Submitted by the Minister of External Affairs.

2. Training for social work. P. 116. Definition contained in the constitution of the British Federation of Social Workers.

v) Wat Suid-Afrika betref word die volgende in dieselfde verslag aangetref: „The function of the social worker, as an employee of the Department of Social Welfare and of the other bodies... including voluntary agencies, is to carry out the social welfare policy of these bodies amongst individuals, families and groups, with a view of their proper adjustment or re-adjustment in the community, and to relieve poverty and distress. These functions are carried out primarily by the techniques of casework and groupwork. It is further the function of the social worker to take appropriate preventative measures and to study and make surveys of undesirable social conditions and to report thereon to the Department or voluntary agency concerned with a view to their improvement or prevention" 1).

vi) Walker gee die volgende definisie: „A social worker, then, is a person engaged in some variety of case work with individuals, in group work which has a recreational, educational, or civic program, in administration or planning for a single organization or for a group of social agencies.

„The social worker is further characterized as one who has elected social work as a vocation and receives a salary for doing it" 2).

Volgens bostaande definisies is 'n maatskaplike werker 'n persoon, wat deur professionele opleiding aan 'n goedgekeurde opleidingsinrigting, homself bekwaam het in die wetenskap van Maatskaplike Werk, waardeur hy

---

1. Training for social work. P. 115. Submitted by the Inter-Departmental Committee of Inquiry into the Training and Employment of Social Workers acting as an ad hoc working party under the chairmanship of a member of the Social Commission.

2. Walker, S.H. Social work and the training of social workers. Chapel Hill, The University of North Carolina Press, 1928. P. 115.

sekere professionele bekwaamhede, vaardighede en kundighede ontwikkel het en deur die toepassing van die verskillende metodes van Maatskaplike Werk geskik is om maatskaplike afwykingsverskynsels in die samelewing te voorkom, te diagnoseer of te behandel om sodoende die maatskaplike aanpassing tussen die indiwidu en die maatskaplike milieu, dit wil sê sy gesonde maatskaplike funksionering, te bevorder. Hierdie dienste word binne die raamwerk van sekere staatsdepartemente, partikuliere welsynsorganisasies en kerke verrig.

2. Die maatskaplike werkgroep.

Die maatskaplike werkgroep word dus saamgestel uit opgeleide, gekwalifiseerde maatskaplike werkers(sters) in diens van die onderskeie instansies, saamgevoeg in 'n nasionale vereniging. Laasgenoemde se doel is om hulle gemeenskaplike belange te bevorder en te behartig. Die mate van sukses hang van hulle eie entoesiasme af.

Cronje skets dit soos volg: „... tussen die opgeleide maatskaplike werkers bestaan 'n bepaalde groepsbewustheid en saamhorigheidsgevoel wat spruit uit en berus op die gemeenskaplikheid van belange en doelstellings wat by hulle aanwesig is" 1).

Met betrekking tot die analise van die maatskaplike werkgroep is dit nodig om op die funderings- en bestemmingsfunksie van hierdie groep te wys.

i) Die funderingsfunksie van die maatskaplike werkgroep.

Die funderingsfunksie is geleë in die historiese ontwikkeling van die

---

1. Cronje, G. Mens tot medemens. 'n Algemene inleiding tot die maatskaplike sorg. Kaapstad, H.A.U.M., 1965. P. 133.

maatskaplike werkgroep en vir die doel van hierdie ondersoek dan meer bepaald ten opsigte van Suid-Afrika. Dit kan soos volg behandel word:
Die eerste vereniging vir maatskaplike werkers is in 1937 in Johannesburg gestig met die oog op die verbetering van diensvoorwaardes vir maatskaplike werkers en om die algemene standaard van maatskaplike werk te verbeter. Hierna is 'n poging tot die stigting van 'n nasionale beroepsorganisasie vir blanke maatskaplike werkers in 1944 aangewend, wat nie geslaag het nie. Ook 'n tweede poging in 1947 deur die Johannesburgse vereniging was nie geslaagd nie, maar op 27 Augustus 1948 is wel die Vereniging van Maatskaplike Werkers van Transvaal gestig [1].

Auret skryf van die verdere ontwikkeling die volgende: „Benewens die stappe wat op breë vlak geneem is om die beroep intern te organiseer, was daar ook 'n poging in 1948 aangewend om 'n organisasie van stapel te stuur wat lidmaatskap sou bied aan volkswelsynbeamptes in diens van die Departement van Volkswelsyn. Die saak was aanhangig gemaak deur die Hoofvolkswelsynbeampte van Johannesburg en daar was gehoop om Volkswelsynbeamptes deur middel van die vereniging en die uitgee van 'n tydskrif tot meer intense belangstelling in hul werk te stimuleer. Daar was ook gevoel dat die stigting van so 'n vereniging sou help om die status van Volkswelsynbeamptes as 'n groep wat belangrike en gespesialiseerde pligte vervul, te bevorder. Die verskillende kantore is oor die aangeleentheid gepols, maar weens gebrek aan belangstelling is dit afgelas" [2].

---

1. Vgl. Verslag van die Departementele Komitee van Ondersoek oor die Opleiding en Indiensneming van Maatskaplike Werkers. U.G. 13/1950. P. 92-93.
Vgl. Auret, A.J. Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria, 1965. P. 64-65.

2. Ibid. P. 65.

Volgens die Verslag van die Departementele Komitee van Ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers, het die Van Schalkwyk-komitee in 1950 bevind dat 'n organisasie op nasionale grondslag 'n noodsaaklike vereiste vir die erkenning van maatskaplike werkers as 'n professionele groep is. Die Komitee het derhalwe ook voorgestel dat ernstige pogings van die kant van die maatskaplike werkers aangewend moet word om hulle op nasionale basis te organiseer [1].

Dit is te begrype dat waar mense vanweë hulle besondere gemeenskaplike belange saam gegroepeer is, dit 'n natuurlike ontwikkeling is dat hierdie groepering na verloop van tyd formele beslag sal kry in 'n liggaam uitsluitlik daargestel vir die bevordering en behartiging van die belange en doelstellings van die besondere groep.

„So 'n liggaam verleen 'n eie identiteit aan die groep; dit ontwikkel en versterk die gevoel van te behoort en dit vorm 'n kanaal waardeur die belange van die groep bevorder word. Terselfdertyd sien dit toe dat aan sekere vereistes en standaarde voldoen word. Die behartiging van die belange van die groep lê in der waarheid by die lede van die groep self en dit hang in 'n groot mate van hulle af in watter mate hulle gemeenskaplike belange gedien en bevorder word. Die opgeleide maatskaplike werkers as beoefenaars van maatskaplike werk vorm so 'n groep met gemeenskaplike belange en

---

1. Vgl. Verslag van die Departementele Komitee van Ondersoek oor die Opleiding en Indiensneming van Maatskaplike Werkers. U.G. 13/1950. P. 100 en 102.

doelstellings..." [1].

'n Vereniging op nasionale grondslag het eers sowat veertien jaar vandat die eerste organisasie in Johannesburg gestig is, op 27 September 1951 [2], tot stand gekom met die naam: Die Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika.

Hiermee is ook voldoen aan die vereistes van 'n professie naamlik dat dit self-georganiseerd moet wees [3].

Maar die funderingsfunksie van die maatskaplike werkgroep hang onafskeidelik saam met die bestemmingsfunksie van hierdie groep.

ii) Die bestemmingsfunksie van die maatskaplike werkgroep.

Die bestemmingsfunksie van hierdie groep word bepaal deur die interne en eksterne doelstellings wat volgens die Konstitusie van die Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika soos volg lui: „Die doelstellings van die Vereniging is:

(1) Om 'n bevredigende standaard van kwalifikasies vir maatskaplike werkers te verseker en in verbinding te bly met opleidingsentra.

(2) Om te verseker dat maatskaplike werkers 'n hoë standaard van gedrag en integriteit sal handhaaf.

(3) Om 'n stelsel van registrasie van maatskaplike werkers daar te stel, teneinde bogenoemde standaarde te verseker.

(4) Om te verseker dat 'n progressiewe standaard in die maatskaplike werk

---

1. Auret. Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika. P. 63-64.
2. Vgl. Ibid. P. 66.
3. Vgl. Verslag van die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van vrywillige Welsynsorganisasies. Pretoria, 31 Augustus 1953. Paragraaf 795.

gehandhaaf sal word.

(5) Om vir maatskaplike werkers gunstige diensvoorwaardes te verkry.

(6) Om maatskaplike werkers in staat te stel om byeen te kom en gedagtes te wissel en by te dra tot die daarstelling van 'n konstruktiewe welsynsprogram in Suid-Afrika.

(7) Om verteenwoordiging te verkry op nasionale en plaaslike liggame wat ingestel is vir die koördinasie van maatskaplike werk asook op kommissies en rade wat handel met bepaalde welsynsprobleme.

(8) Om as mondstuk op te tree vir maatskaplike werkers en vertoë in verband met maatskaplike werk te rig aan die Regering of enige ander amptelike of nie-amptelike liggaam.

(9) Om saam te werk met ander organisasies met soortgelyke doelstellings.

(10) Om enige ander werksaamhede te onderneem wat mag nodig wees om die doelstellings te bereik" [1].

Die konstitusie bepaal dat die lidmaatskap van hierdie beroepsorganisasie beperk is tot blanke maatskaplike werkers en maak voorsiening vir die volgende: maatskaplike werkers met 'n graad of diploma in Maatskaplike Werk, dosente in Sosiologie en of Maatskaplike Werk aan opleidingsentra, studente in hulle finale jaar van studie vir 'n graad of diploma in Maatskaplike Werk en onopgeleide persone wat administratiewe posisies in maatskaplike werk beklee of aktief besig is met veldwerk en wat tenminste vyf jaar voltyds diens verrig het op 31/12/50 [2].

---

1. Konstitusie van die Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika. P. 1.

2. Ibid. P. 1 en 2.

Nieteenstaande die bepaalde groepbewustheid en saamhorigheidsgevoel wat spruit uit en berus op die gemeenskaplikheid van belange en doelstellings wat by hulle aanwesig is asgevolg van hulle lidmaatskap van hierdie professionele beroepsvereniging, is dit eintlik dit wat hulle elke dag doen, waaraan hulle hul lewens toewy, wat hulle hegter saambind. Dit is die helpende aktiwiteit en diens aan die medemens, aan indiwidue, groepe en die gemeenskap; die herstel en rehabilitasie veral op die gebied van menslike verhoudings en maatskaplike funksionering; die voorkoming van maatskaplike nood deur middel van vroeë opsporing, beheer oor en uitskakeling van toestande en omstandighede wat skadelik kan wees; die voorsiening van fasiliteite deur die medewerking van die publiek en die daarstelling en ontwikkeling van helpende dienste; die beplanning en koördinasie van al die dienste deur die bestudering van die behoeftes, leemtes en maatskaplike beleid; en die formulering en uitvoering van maatskaplike welsynsbeleid wat hierdie groep die hegste saambind. Dit is verder ook die diepe besef dat die daaglikse optrede en werksaamhede 'n ingrypende invloed op die lewens van mense kan hê en dat die behartiging van die werk 'n besonder hoë mate van persoonlike verantwoordelikheid vereis.

Met laasgenoemde hang in besonder saam die lewens- en wêreldbeskouing en mensbeskouing, naamlik dat elke persoon en ook diegene in nood, hoe groot dit ookal is en hoe groot sy eie aandeel aan die oorsake daaraan is, 'n geskapene is na God se beeld en gelykenis met 'n ewigheidsbestemming [1].

Gesien in die lig van bogenoemde rus daar 'n groot taak en besondere verantwoordelikheid op die maatskaplike werkgroep in die algemeen en op die maatskaplike werker in die besonder. Daar word ook vandag deur die ge-

---

1. Vgl. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk</u>. P. 38.

kompliseerdheid van ons moderne samelewing en sy besondere probleme baie hoë eise aan hierdie beroepsgroep gestel. Om vandag maatskaplike werker te wees beteken eintlik om „spesialis" te wees op verskillende gebiede van die sosiale wetenskappe. Daarom sê Muller is die kennis van die volgende by die maatskaplike werker 'n vereiste:

„(a) Kennis en begrip van die psigologiese, somatiese, maatskaplike, ekonomiese en kulturele faktore wat probleme mag oplewer in maatskaplike funksionering en wat dus disharmonie in menslike verhoudings kan veroorsaak. Die ineenstrengeling van en verband en balans tussen bogenoemde faktore verg ook deeglike studie en begrip.

„(b) Kennis in verband met die problematiek in die lewens van individue, groepe en gemeenskappe.

„(c) Gepaste optrede vir verligting, oplossing, voorkoming en voorsiening in behoeftes/leemtes.

„(d) Kennis in verband met beplanning en koördinering van welsynsdienste aan individue, groepe en gemeenskappe.

„(e) Kennis in verband met die etiese grondslag en basiese beginsels waarop hierdie beroep berus.

„(f) Selfkennis en 'n besef en begrip van eie gevoelens en houdings jeens andere en ander opvattinge" [1].

Hierdie kennis van die maatskaplike werker word nie net verwag wanneer hy tot die beroepsgeledere toetree nie, maar dit is van belang dat opgeleide maatskaplike werkers as 'n groep sal leer om saam te staan, mekaar te help ontwikkel deur gereelde uitruiling van kennis en ervaring en saam die waar-

---

1. Muller. Opleiding vir maatskaplike werk. P. 15.

digheid van hulle beroep te handhaaf [1].

Die beroep maatskaplike werk staan in diens van die samelewing en word getipeer deur die hulpverlening aan die hulpbehoewendes met die inagneming van elkeen se uiteenlopende behoeftes waarin voorsien moet word. Daarom moet al die maatreëls wat op die welsyn en gesonde aanpassing van die mens gemik is, rekening hou met die voortdurende veranderings in die samelewing sowel as met die gewoontes en norme van die hulpbehoewendes.

Die mens wat die voorwerp is van die maatskaplike werk se bemoeiinge staan midde in hierdie stroom van veranderinge en moet dit elke dag verwerk in die lig van sy persoonlike waarde en oortuigings. Dit vorm deel van die mens se maatskaplike funksionering om hierdie inwerking te aanvaar of te verwerp veral as hierdie veranderinge as uitvloeisel het sekere sosiaal-patologiese verskynsels soos onder andere drankmisbruik wat 'n groot gevaar en bedreiging vir die mens se rolvervulling inhou.

Omdat almal nie teen hierdie invloed van die veranderinge van buite en die gevolglike afwykings van die gesonde normale bestand is nie, loop hulle gevaar om maatskaplik ontwrig te raak of is hulle reeds ontwrig. Om aan hierdie persone in maatskaplike nood hulp te verleen met die oog op hulle behoud en die bevordering van die algemene welsyn van die samelewing, het die maatskaplike hulpverlening ontwikkel tot die professie van maatskaplike werk.

---

1. Vgl. Verslag van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk, 1936. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1937. P. 95.

3. Die kriteria vir ʼn professie en maatskaplike werk daaraan getoets.

Om as ʼn professie bestempel te word, word in die eerste instansie ʼn betreklike lang tegniese opleiding vereis en tweedens die erkenning van die lede as ʼn spesifieke klas of groep. „It is this characteristic, the possession of an intellectual technique acquired by special training, which can be applied to some sphere of everyday life, that forms the distinguishing mark of a profession" 1).

Abraham Flexner het by die „National Conference of Charities and Corrections" in 1915 die volgende kriteria vir ʼn professie neergelê 2):

(1) Professies het nie net akademiese en teoretiese doelstellings nie, maar definitief ook praktiese oogmerke.

(2) Professies toon ʼn neiging om in ʼn groter mate te reageer ten opsigte van aangeleenthede van openbare belang as wat dit met indiwidue die geval is en dit is dan ook meer simpatiek gesind teenoor sodanige openbare aangeleenthede.

(3) Professies vereis intellektuele bedrywighede (aktiwiteite) saam met ʼn hoë standaard van persoonlike verantwoordelikheid.

(4) Professies is wesenlik geleerde beroepe, waar die lede navorsing onderneem.

(5) Professies beskik oor tegnieke wat alleenlik verkry kan word deur

---

1. Carr-Saunders, A.M. and Wilson, P.A. „Professions" in Encyclopaedia of the social sciences. New York, Macmillan, 1948. Part XII. P. 480.

2. Flexner, Abraham. „Is social work a profession?" in Proceedings of the National Conference of charities and corrections. Chicago, 1915. P. 576-590.

hoogs gespesialiseerde opleiding, en alleen persone wat hierdie opleiding ondergaan het, mag die betrokke professie beoefen.

(6) Alhoewel die hoofdoel nie ekonomiese oorwegings is nie, moet die vergoeding sodanig wees om status aan die professie te verleen.

(7) Professies word <u>inter se</u> georganiseer en het ook hulle eie groepsaktiwiteite, verantwoordelikhede en affiliasies.

Aan hierdie kriteria het proff. Theron [1] en Cronje [2] die professie van maatskaplike werk in 1949 getoets en gevind dat nieteenstaande sekere tekortkominge, maatskaplike werk beslis as professie bestempel kan word.

Ook Greenwood skryf: „When we hold up social work against the model of the professions presented (above) (by Flexner), it does not take long to decide whether to classify it within the professional or the non-professional occupations. Social work is already a profession; it has too many points of congruence with the model to be classifiable otherwise. Social work is, however, seeking to rise within the professional hierarchy, so that it, too, might enjoy maximum prestige, authority, and monopoly which presently belong to a few top professions" [3].

Oor die professionele aard van maatskaplike werk kan nou volstaan word met wat Cronje sê veral met die oog op Suid-Afrikaanse standaarde en

---

1. Vgl. Theron en Stulting. <u>Maatskaplike dienste in Suid-Afrika</u>. Hoofstuk VII.

2. Cronje. <u>Mens tot medemens</u>. P. 131 - 132.

3. Greenwood, Ernest. „Attributes of a profession" in <u>Social Work</u>. July, 1957. P. 54.
Vgl. Skidmore and Thackeray. <u>Introduction to social work</u>. P.322-324.
Vgl. Auret. <u>Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika</u>. P. 12-15.
Vgl. Boehm. <u>Objectives of the social work curriculum of the future</u>. P. 56-57.

toestande: „Oor die professionaliteit van die maatskaplike werk word enkele opmerkings, wat van fundamentele belang geag word, gemaak:

„(a) Opleiding vir die beroep maatskaplike werk: Die professionaliteit van die maatskaplike werk hou in dat persone wat hierdie werksaamheid wil beoefen, daarvoor opgelei moet wees... Volstaan kan word met te konstateer dat die opleiding ten doel moet hê om die beroepsmens as professionele persoonlikheid te vorm. Hierdie beroepsmens moet oor die nodige wetenskaplike kennis beskik, hy moet die nodige professionele bedrewenheid verwerf en hy moet gemotiveer wees deur die professionele gesindheid van diens aan die mens en die gemeenskap tot die eer van God.

„(b) Die begrensing van die beroep maatskaplike werk: Die professionaliteit van enige werksaamheid hou in dat dit begrens moet word. Die eenvoudigste manier om hierdie begrensing, wat die maatskaplike werk betref, te bewerkstellig, is om die standpunt te stel dat die maatskaplike werk as beroepswerksaamheid eerstens bestaan in die opleiding vir maatskaplike werk as beroep, tweedens in die toepassing (deur opgeleide persone) van die metodes van die maatskaplike werk (te wete individuele behandeling, groepwerk en gemeenskapsorganisasie), derdens in die administrasie van die werksaamhede wat uit die toepassing van die metodes voortvloei, en vierdens in die navorsing wat met die voorafgaande verband hou. Hierdie begrensing is duideliker en buigsamer as 'n begrensing wat op 'n ‚definisie' van maatskaplike werk berus, indien daar wel sprake van 'n bevredigende en houdbare omskrywing van hierdie bepaalde beroepswerksaamheid kan wees. Die begrensing van die maatskaplike werk as beroep is om twee redes noodsaaklik: eerstens, om die terrein waarop die professionele maatskaplike werker hom beweeg, te kan aandui; en tweedens, om die plek van maatskaplike werk naas ander beroepe te kan stel.

„(c) Die verhouding van maatskaplike werk as beroep teenoor ander beroepe: Die professionaliteit van die maatskaplike werk as beroep vereis ook dat daar 'n bepaalde verhouding van hierdie beroep teenoor ander (veral verwante) beroepe (byvoorbeeld die geneeskundige, kerklike, opvoedkundige en ander beroepe) sal wees. Met hierdie verhouding word nie soseer bedoel dat tussen die beroepe wedersydse (formele) ‚erkenning' sal bestaan nie; maar wel dat op die grondslag van taakdifferensiasie 'n bepaalde samewerking as koördinasie tussen die betrokke beroepe sal ontwikkel sodat maatskaplike werk as beroep sy eie plek sal hê en sy beskore rol sal speel naas ander beroepe.

„(d) Die gehalte van maatskaplike werk as professionele werksaamheid: Dit is van die allergrootste belang om met die groots moontlike nadruk daarop te wys dat die professionaliteit van die maatskaplike werk die eis stel dat in die beoefening van die maatskaplike werk die hoogs moontlike werkgehalte nagestreef moet word en wel eerstens omdat die maatskaplike werk te make het met mense wat intrinsieke en oneindige waarde het, tweedens omdat professionele eerbaarheid dit vereis, en derdens omdat die maatskaplike werk alleen dan sy beskore rol naas en te midde van ander beroepe na behore kan speel. Beroepswelslae hang af van en hang saam met beroepsgehalte.

„(e) Die beskerming van maatskaplike werk as beroep: Wanneer hier van beskerming van die beroep maatskaplike werk gepraat word, dan word nie aan sake soos salarisskale, verlofvoorregte, pensioenskemas, en dergelike meer gedink nie, maar wel aan die opleidingsvereistes, die status en die eerbaarheid van die beroep. Wat opleidingsvereistes betref, moet vasgelê word hoedanig die opleiding moet wees om aan die beroepsvereistes te kan

voldoen. Die <u>status</u> van die beroep hou in dat bepaal moet word dat alleen opgeleide persone die bepaalde werksaamheid mag beoefen. Die <u>eerbaarheid</u> van die beroep stel die eis dat daar behoorlike beheer oor die beroep moet wees sodat persone wat hulle skuldig maak aan onbetaamlike en skandelike gedrag in professionele sin, uit die beroep uitgeskakel kan word. Die beskerming van die beroep kan die beste gedien word deur die wetlike registrasie van maatskaplike werkers deur 'n liggaam wat met die opleidingsvereistes, status en eerbaarheid van die beroep kan handel" [1].

Dit bring ons by die groep wat in die sentrum staan van die maatskaplike werk se belangstelling, naamlik die hulpontvangersgroep.

c. <u>Die groep aan wie hulp verleen word.</u>

Boehm skryf: „The social worker, in an effort to attain his goal, the enhancement of social functioning of individuals, is engaged in an effort to bring about change" [2]. Hierdie verandering wat noodwendig aangebring moet word veronderstel iets wat verkeerd of buite orde is. Die maatskaplike werker is daagliks besig met die mens in maatskaplike nood en dra die verantwoordelikheid om hierdie nood te probeer lenig en uit te skakel en om die nooddruftige te lei tot beter maatskaplike aanpassing en funksionering.

Daar is in elke gemeenskap persone of groepe van persone, soos byvoorbeeld gesinne, waar daar op maatskaplike gebied die een of ander vorm van nood aanwesig is. Sodanige persone of gesinne ondervind ten opsigte van

---

1. Cronje. <u>Professionele maatskaplike werk.</u> P. 17-19.

2. Boehm. <u>Objectives of the social work curriculum of the future.</u> P. 102-103.

hulle maatskaplike lewe probleme of moeilikhede wat veral in verband staan met hulle verhouding met hulle gesinsgenote of medemense. Hulle is blykbaar nie in staat om hulle eie moeilikhede of probleme op hulle eie, sonder die hulp van ander op te los of te bowe te kom nie. Om hierdie rede het hulle dan hulp nodig en waarop die maatskaplike werkgroep ingestel en ingerig is om hulp aan sodaniges te verleen.

Selfs vandag nog bestaan die wanopvatting dat sodra maatskaplike werk beoefen word en daar dus sprake is van hulpverlening, word die hulp wat betoon word of betoon sal word, beskou as bloot stoflik van aard. Daarvan is beslis nie sprake nie omdat hulpverlening ruimer opgevat word. Wanneer aan ouers raad gegee word in verband met byvoorbeeld ŉ onbeheerbare seun, ŉ man wat gehelp word om geskikte werk te bekom of aan ŉ huisvrou raad gegee word in verband met die beplanning van hulle begroting, is dit alles hulpverlening. So gesien is die beoefening van maatskaplike werk wesenlik die verlening van hulp.

Hierdie aspek word deur Wurth raakgevat as hy skryf: „... duidelijker begon men ook hier te beseffen, dat met materiële hulpverlening niet volstaan kan en mag worden, dat bij heel wat mensen en in heel wat gezinnen aan psychische steun minstens evenveel behoefte bestaat als aan stoffelijke en finantiële bijstand, ja, dat bijna altijd nood in de materiële sfeer niet alleen met psychische moeilijkheden - defectueuze persoonlikheidsstructuur, individuele neurotische aanleg of neurotische gezinsverhoudingen - gepaard gaat maar selfs voor een heel belangrijk deel daarin zijn oorsprong heeft" [1].

---

1. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 16.

Die mens in nood word in die professionele maatskaplike werk beskryf as die „kliënt", en alhoewel ŉ kliënt ŉ individu, ŉ groep of ŉ gemeenskap kan wees, word hierdie begrip gebruik vir ŉ indiwidu. Om aan ŉ kliënt hulp te verleen beteken leiding gee, onderskraag en help beplan sodat die maatskaplike werker in ŉ voortdurende vertrouensposisie verkeer waarin die persoonlike lewe van die indiwidu sover moontlik aan hom blootgelê word.

Alhoewel hierdie groep aan wie hulp deur die maatskaplike werker verleen word nie in der waarheid beantwoord aan die sosiologiese kenmerke van ŉ groep nie, kan hulle tog as ŉ groep geklassifiseer word. As gevolg van die feit dat almal met een of ander maatskaplike probleem, in nood verkeer, kan hulle dienooreenkomstig tog as ŉ groep onderskei word.

In terme van die historiese verloop was diegene aan wie maatskaplike hulp verleen was, die armes, die wat in ekonomiese nood verkeer het. Ook in Suid-Afrika was dit wel die geval soos byvoorbeeld met die armblanke-vraagstuk.

As gevolg van die invloed van die Sosiologie is daar meer aandag geskenk aan die maatskaplike omstandighede van diegene wat in nood verkeer het. Dit het die aandag ook gevestig op die ander saamhangende aspekte van maatskaplike funksionering en nie net op die ekonomiese wanfunksionering nie. Daar is mettertyd ook besef dat maatskaplike probleme so inmekaar gevleg is dat feitlik geen enkele oorsaak van ŉ probleemsituasie uitgewys kan word nie. So kan onder die armes dié aangetref word wat deur natuurrampe verarm is, ander as gevolg van werkskuheid, liggaamlike gebreke, verstandelike agterlikheid ensovoorts. Hier het veral die Sielkunde groter begrip van die probleme meegebring.

So het maatskaplike werk nie beperk gebly tot hulpverlening aan armes nie. Fink beweer dat na die V.S.A. se toetrede tot die Eerste Wêreld-

oorlog, kliënte met ander probleme as armoede, in steeds toenemende getalle by die welsynsorganisasies om hulp aangeklop het [1]. Ook Van Bochove sê dat daar al hoe meer hulp verleen moes word met die oplossing van probleme van 'n emosionele aard, versteurde maatskaplike verhoudings en die heraanpassing van teruggekeerde soldate [2].

Kamphuis stel dit so dat „... maatschappelijk werk heeft te maken met maatschappelijke noden. Maatschappelijke noden ontstaan wanneer de enkeling, het gezin, de kleine of grotere groep zijn eigen plaats in en zijn verbondenheid met het omringende sociale veld niet kan vinden" [3].

Theron beweer dat die beklemtoning van die preventatiewe aspek van maatskaplike werk vandag verder besig is om die verskille wat daar tussen die bevolking as 'n geheel en die kliënte van maatskaplike werk bestaan, te nivelleer [4].

Die groep aan wie vandag in Suid-Afrika hulp verleen word is, ooreenkomstig bostaande bewering, diegene wat probleme in verband met hulle maatskaplike funksionering ervaar of diegene wat sodanig funksioneer dat hulle die funksionering van hulle medemens bedreig. Oor die algemeen is die kliënt van maatskaplike werk hulle wat hulleself om een of ander ontsporing nie kan help om volwaardig in 'n samelewing te funksioneer nie.

---

1. Fink. <u>The field of social work</u>. P. 104-105.

2. Van Bochove, J.W. „Die ontwikkeling van die indiwiduele behandeling as metode in maatskaplike werk" in <u>Professionele maatskaplike werk</u> onder redaksie van G. Cronje. P. 59.

3. Kamphuis, M. „Functie en verantwoordelijkheden van het maatschappelijk werk vandaag" in <u>Professionele maatskaplike werk</u> onder redaksie van G. Cronje. P. 20.

4. Vgl. Theron. <u>Die begrip maatskaplike werk</u>... P. 134.

Voordat hulp verleen kan word is daar sekere dinge waarvan die hulpontvanger volgens Landy, seker moet wees, naamlik:

„1. The help-seeker must decide that something is wrong, that in some way some need has not been fulfilled, some obligation not met, some social or personal standard violated, with regard to himself, his family, his friends, and or society...

„2. The help-seeker must decide to face the probability that family, friends, neighbors, employer and occupational colleagues will know of his disability so that they may question his capacity as father, husband, brother, son, breadwinner, worker, producer, and the many other roles which every individual is called upon to play in a technologically and sociologically complex society...

„3. The help-seeker must decide to admit to the helper that he is in distress or has failed as a person and is not capable of handling and solving his problems unaided...

„4. The help-seeker must decide to surrender enough personal sovereignty and autonomy to place himself in the necessarily dependent relationship of asking for help and relying on the ability of the helper to produce the kind of help he requires..." 1).

Om 'n duidelike beeld te kry van al die soorte probleme waarmee die hulpontvangersgroep geteister word, moet die veld van die maatskaplike werk kortliks in oënskou geneem word. Probleme word onder andere ten opsigte van die volgende ondervind: bestaansbeveiliging, maatskaplike

---

1. Landy, David. „Problems of the person seeking help in our culture" in Social welfare institutions. A sociological reader. Edited by Mayer N. Zald, New York/London, John Wiley and Sons, Inc., 1965. P. 560-565.

noodhulp, gesinsorg, kindersorg, jeugsorg, bejaardesorg, alkoholisme, gesondheidsorg, ongehude moederskap en buite-egtelikheid, maatskaplike werk in skoolverband, in industriële opset, korrektiewe maatskaplike werk, insluitende proefdienste en werk met volwasse gevangenes en jeugdige oortreders, maatskaplike werk met liggaamlik-gestremdes soos blindes, kreupeles, dowes, epileptici ensovoorts. Verder met geestesgesondheidsorg en maatskaplike werk in psigiatriese opset, maatskaplike werk in mediese opset, insluitende hospitaal maatskaplike werk en werk met tuberkulose-lyers en kroniese siekes, maatskaplike werk en behuising, huweliksvoorligting en -beraad, inrigtingsorg ensovoorts.

Dit is daarom dat Theron beweer dat iedereen in ons Suid-Afrikaanse samelewing ook potensieel 'n kliënt van maatskaplike werk is. Maar hy word egter eers werklik kliënt wanneer sy maatskaplike funksionering sodanig is dat dit vir homself of sy gemeenskap probleme oplewer. Elkeen is dus nie kliënt van die maatskaplike werk nie, maar tog kan elkeen 'n kliënt word indien sy maatskaplike funksionering problematies word. Daarom het die maatskaplike werk in Suid-Afrika die opdrag van die Suid-Afrikaanse samelewing om diegene te help wat probleme met hulle maatskaplike funksionering ervaar of sodanig funksioneer dat hulle die funksionering van hulle medemens bedreig. Persone wat dus hulle probleme in dié verband self kan oplos, kan nie as kliënte beskou word nie, maar die kliënte van maatskaplike werk is dan tradisioneel hulle wat hulself nie kan help om volwaardig te funksioneer nie [1].

In hierdie hulpverleningsproses is dit noodsaaklik om daarvan bewus te wees dat elke mens uniek is, dat elke menslike probleem waarmee die

---

1. Vgl. Theron. Die begrip maatskaplike werk... P. 136.

maatskaplike hulpverlening te make het, iets uniek is en dat hulpverlening daarop ingestel moet wees om mense met hulle probleme só te help dat hulle in staat sal wees om hulle self te help. Met ander woorde, maatskaplike hulpverlening moet ingestel wees op die versterking van 'n verantwoordelikheidsbesef. Daarom moet die „... selfwerksaamheid en selfinspanning van die hulpbehoewende of liewers die hulpontvangende persoon of gesin steeds met die hulpverlening gepaard (sal) gaan" [1]. Laasgenoemde aspekte is van besondere belang by die verhouding tussen die hulpverlener en die ontvanger van die hulp.

d. <u>Die verhouding tussen die verlener en die ontvanger van die hulp</u>.

Oor die verhouding tussen die hulpverlener en die ontvanger van hulp of tussen die maatskaplike werker en die kliënt, laat Stroup hom ondubbelsinnig uit as hy skryf: „... it is again realized that social work rests ultimately on the quality of the personal relationship between the worker and the client. This relationship, present in all forms of social work, constitutes the medium through which persons are able to develop themselves by using their knowledge and that presented by the worker. This relationship, in which resources are discovered and explored, increases the possibility that people will come to act on their own initiative" [2].

Volgens Boehm word die kliënt in hierdie verband gesien „... as a person whose functioning is determined by social relationship. His social functioning can be broken down into his performance in social roles, each of which needs to be viewed in the light of its individual (somatic

---

1. Cronje, G. <u>Mens tot medemens</u>. P. 98.
2. Stroup. <u>Social work</u>. P. 21-22.

and psychic) and sociocultural determinants. Stress may affect his role performance, and inability to absorb stress may cause malfunctioning, which is revealed by the emergence of problems for which help is sought" 1). Van die werker sê hy: „Problem-solving and communication skills are needed by the worker in carrying out such professional activities as assessing the person in relation to the problem, planning, treatment, implementing the plan by seeking to attain the treatment goals, and evaluating the outcome of these professional activities. In addition, the (worker) must be familiar with characteristics of all professional relationships, and develop understanding of the specific nature of the client-worker relationship, the professional relationships between worker and the other professional personnel, and the professional relationship between worker and members of the client's role network" 2).

Wat van besondere belang is by die werker-kliënt-verhouding en wat die maatskaplike werker altyd in gedagte moet hou, is dat die verhouding ꞌn professionele verhouding is. Gordon Hamilton beweer ook dat dit ꞌn verhouding is waar die werker sy <u>totale self</u> in diens aan sy kliënte moet gee met ander woorde die maatskaplike werker behoort gedurende werkure geheel en al aan sy kliënte. Hamilton voeg hierby dat die professionele verhouding „... involves a mutual process of shared responsibilities, recognition of the other's rights, acceptance of differences, with the goal, not to isolation, but of socialized attitudes and behavior stimulating growth interaction" 3).

---

1. Boehm. <u>Objectives of the social work curriculum of the future.</u> P. 142.
2. Ibid. P. 143.
3. Hamilton, G. <u>Theory and practice of social casework.</u> New York, Columbia University Press, 1940. P. 27.

Omdat maatskaplike werk van mens tot mens geskied sal die verhouding van 'n persoonlike en by uitstek van 'n vertroulike aard wees. Hierdie vertroue met betrekking tot die vertroue tussen werker en kliënt is van tweërlei aard, naamlik die vertroue wat gewen moet word en die vertroue wat geskenk moet word. As vertroueling moet die maatskaplike werker oor die nodige integriteit beskik wat ook sy optrede sal bepaal onder andere in die gebruik van die magte tot sy beskikking en die inligting tot sy kennis, maar daarby moet ook sy gedrag tot voorbeeld strek.

By alles moet die maatskaplike werker, om 'n goeie verhouding tussen hom en sy kliënt te bewerkstellig, oor die nodige akademiese agtergrond en opleiding beskik om met die aanwending van die nodige vaardighede sy taak na behore te kan verrig. Volgens Bowers bestaan hierdie vaardighede veral uit die kennis van die wetenskap van menslike verhoudings, en die vaardighede met verhoudings [1]. Hierby sluit Biestek aan as hy sê: „... the relationship... is the medium through which the knowledge of human nature and of the individual is used; knowledge alone, without skill in relationship, is inadequate. The relationship is also the channel...; through it flow the mobilization of the capacities of the individual and the mobilization of the community resources; through it also flow the skills in interviewing, study, diagnosis, and treatment" [2]. Hy gaan verder en beskryf hierdie verhouding as „... the dynamic interaction of attitudes... with the

---

1. Vgl. Bowers, Swithun. „The nature and definition of social casework" in <u>Principles and techniques in social casework. Selected articles, 1940 - 1950</u> onder redaksie van Cora Kasius. New York, Family Service Association of America, 1950. P. 126-127.

2. Biestek, Felix P. <u>The casework relationship</u>. Chicago/Illinois, Loyola University Press, 1957. P. 4.

purpose of helping the client achieve a better adjustment between himself and his environment" 1).

Sodanige verhouding is moontlik omdat daar kommunikasie met 'n doel voor oë plaasvind wat mondelings of skriftelik of albei vorme kan aanneem. So gesien kan ons beweer dat die professionele verhouding tussen die werker en sy kliënt die vorm is waarin die wisselwerking tussen die twee gegiet word. Hollis betuig hiermee eenstemmigheid maar gaan ook verder: „... three aspects of this relationship are of particular significance: it is a means of communication between the two people involved in treatment; and it is a set of attitudes, and a set of responses, expressed in behavior" 2).

Die belangrikste doelstelling van die professionele werker-kliënt-verhouding is dat dit altyd die welsyn van die kliënt voor oë moet hou, dit wil sê hulpverlening aan die kliënt om sy maatskaplike probleme op te los. Biestek noem ook sekere elemente van die verhouding naamlik (1) erkenning van die kliënt se behoefte vir die doelbewuste uitdrukking van gevoelens; (2) die werker se gekontroleerde emosionele betrekking in antwoord op die kliënt se gevoelens; (3) die werker se aanvaarding van die gedagtes en gevoelselemente soos deur die kliënt uitgedruk sonder om die kliënt se gedrag noodwendig goed te keur; (4) indiwidualisasie deur die erkenning en begrip van die unieke kwaliteite van elke kliënt en derhalwe van sy probleem; (5) die nie-veroordelende houding teenoor die kliënt (6) erkenning van die kliënt se reg tot selfbeskikking; en (7) die

---

1. Biestek. The casework relationship. P. 12.

2. Hollis, Florence. Casework. A psychosocial therapy. New York, Random House, 1965. P. 149.

erkenning van die kliënt se reg tot vertroulikheid [1].

Perlman vat alles mooi saam in die volgende: „Warmth, receptivity, sympathetic responsiveness; acceptance of the person as he is and expectation that with help, he will strive toward change in himself or his situation; purposiveness, objectivity, and goal; the ability and willingness to be of help; authority of expertness and of change - all these characterize the caseworker's professional relationship. Within this dynamic matrix of acceptance and expectation, security and stimulation, the conscious work of problem-solving takes place" [2].

Wurth waarsku teen die gevaar van vertegnisering as hy skryf: „Als een ding nooit in de vertechniseerde sfeer getrokken mag worden, dan wel de omgang en inzonderheid de ontmoeting, het gesprek met de medemens. Dat draagt een zo hoogst intiem karakter. Dat is, gelijk weer de Bijbel ons leert,... alleen mogelijk in een klimaat van de diepste vorm van medemenselijkheid, die de naam van ‚naastenliefde' draagt" [3].

In hierdie werker-kliënt-verhouding is dit van die allergrootste belang dat die maatskaplike werker homself moet ken en steeds bewus moet bly van die redes waarom hy tot dié beroep toegetree het. Hiermee hang saam die hele kwessie van mensbeskouing in maatskaplike werk wat van besondere belang beskou word in die uitoefening van die beroep van maatskaplike werk.

---

1. Vgl. Biestek, Felix P. „An analysis of the casework relationship" in <u>Social casework</u>. Vol. XXXV, February, 1954. P. 58.

2. Perlman, H.H. <u>Social casework. A problem-solving process</u>. Chicago and London, The University of Chicago Press, 1957. P. 83.

3. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk</u>. P. 49.

## III. MENSBESKOUING EN MAATSKAPLIKE WERK.

Die mensbeskouing in maatskaplike werk hang af van die lewens- en wêreldbeskouing van die maatskaplike werker wat in aansluiting by die eerste hoofstuk bestempel word as die geheel van antwoorde of oortuigings van die mens aangaande al die fundamentele vrae oor die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van die mens en wêreld en van hul verhouding tot God.

Oor hierdie onderwerp en veral die Christelike mensbeskouing word kernagtig die volgende gevind by Van Dijk: „De kennis daaromtrent (menszijn) hangt aan theoretisch-wetenschappelijk onbewijsbare vooronderstellingen, die voor de christendenker gegeven zijn in de in het geloof aanvaarde goddelijke Woordopenbaring in Christus Jezus. De bijbel openbaart ons, dat de mens door God is geschapen, geschapen ,naar Zijn beeld en gelijkenis' en als zodanig door God geplaatst binnen het geheel der schepping, als kroon en concentratiepunt van die schepping. Geschapen niet als ,individuum' op en bij zichzelf bestaande, maar geschapen in het levensverband met zijn medemens, in het levensverband der mensheid, op de ander toegeschapen en afgestemd, begrepen in het Verbond met zijn Schepper, zijn medemens en met gans de Schepping. Het wezen van de mens ligt daarin, dat hij Gods beeld is, dat is het menselijke in de mens. Als mens is hij zoon, gelijkenis, geslacht Gods. Als zodanig is de mens geest, ziel (hart); op het lichaam als zijn verschijning aangelegd, en door dit lichaam aan de aarde gebonden, maar tegelijk daarboven uitgaand. De mens gaat niet op in dit tijdelijke leven, hij bezit eeuwigheidswaarde. Als kroon en concentratiepunt van de schepping kan en moet hij, daaraan

gebonden, tegelijk daarover heersen" [1]. Dit beteken onder andere sê Banning: „... dat hij overal in verantwoordelijkheid is gesteld, dat hij niet in dierlijke onderbewustheid mag leven, maar tot bewustwording omtrent zijn oorsprong, roeping en bestemming moet worden geleidt" [2].

Bostaande vorm die kern en uitgangspunt van die mensbeskouing en wys ook op die noodsaaklikheid van mensbeskouing in maatskaplike werk. Een van die by uitstek kenmerkende trekke van ons tyd sê Wurth „... is wel de intensieve belangstelling, die men in alle mogelijke kringen thans vindt voor de mens" [3]. Hierby voeg Thierry en gaan verder deur te stel dat die „... bedreigingen die van de moderne samenleving uitgaan, maken het noodzakelijk dat de mensheid zich meer gaat bezinnen op haar werkelijke aard en haar oorspronkelijke bestemming" [4] omdat „... de mens al meer in een diepgaande, heel zijn existentie bedreigende crisis... komen" [5].

Vraagstukke rondom die mens-wees is van alle kante besig om te vermenigvuldig en die nood van die mens-wees is van so 'n aard dat mens voor diepgaande verontrusting te staan kom oor die bedreiging van die mens. Die mens wat nie meer bewus is van sy oorsprong, roeping en bestemming nie kan beskryf word as „... individuals who have been blown out of their community... exposed to a chaotic lack of any relationship to

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 20.
2. Banning, W. Sociale ethiek. Den Haag, Servire, 1949. P. 13.
3. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 7.
4. Thierry, H. De bedreigde mens in de moderne samenleving. Den Haag, J.N. Voorhoeve, 1956. P. 5.
5. Beerling, R.F. Crisis van den mensch. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon N.V., 1938. P. 24.
   Vgl. Mannheim, Karl. Diagnosis of our time. Wartime essays of a sociologist. London, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., 1943. Veral hoofstuk 1.

anything and are becoming lost nomadic herds who no longer know where they belong, what their place in society is, and they have become more and more divorced from the ties of family, occupation, neighbourhood, nature and society" 1).

Omdat maatskaplike werk ꞑ besondere aktiwiteit is waarin die maatskaplike werker as mens te make het met die kliënt in nood as mens, is dit te begrype dat die mensbeskouing wat gehuldig word groot invloed sal hê op die werkwyse. Daarom stel Van der Ploeg dit baie duidelik dat: „Het mensbeeld, nauw verbonden met de levensoortuiging van de mens, is van centrale betekenis in het maatschappelijk werk" 2).

a. Die mensbeskouing in die algemeen.

Calvyn wys volgens Bouma daarop „... dat wij de mens nooit zullen leren kennen wanneer wij hem zien als een in zichself afgesloten eenheid. Het gaat om de totale werkelijke mens. Die totale mens krijgen wij slechts te zien als wij hem bezien in zijn relatie tot God... Zonder God kan de mens niet worden gedacht; dit is een voorwaarde zonder welke het niet mogelijk is iets over de mens te zeggen" 3).

Om die verhouding van die mens tot God te bepaal, word begin by Genesis waar ons leer dat God die mens geformeer het uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas het. „So het dan

---

1. Röpke, Wilhelm. Civitas Humana. A humane order of society. London, William Hodge and Co., Ltd., 1948. P. 134.

2. Van der Ploeg, J.G. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10e Jaargang, No. 10, 22 Mei 1956. P. 155.

3. Van der Linde. Van nummer tot mens. P. 170.

die mens ꞌn lewende siel geword" [1]. Verder hoor ons: „En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis,... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape" [2].

Die mens bly ook ná die sondeval nog skepsel van God, geskape na Sy beeld en gelykenis en met ꞌn onsterflike siel. Met die menswording van die Seun kom nuwe lewensverwagting vir die mens op die voorgrond, veral as Johannes skryf: „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" [3].

Daarom word die mens as sondige wese nog deur God van oneindige waarde geag en het die mens ook intrinsieke waarde met ꞌn onsterflike siel en ꞌn ewigheidsbestemming [4].

Oor die roeping en bestemming van die mens is daar ook duidelikheid in die Skrif waar Paulus aan die Romeine die volgende skryf: „Want niemand van ons leef vir homself nie... Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here" [5].

Die mens kan volgens voorafgaande altyd in drie perspektiewe gesien word naamlik in die lig van:

1. die Skepping, waar die ware mens gesien word;

---

1. <u>Genesis</u> 2:7.
2. <u>Genesis</u> 1:26-27.
3. <u>Johannes</u> 3:16.
4. Vgl. Van Dijk. <u>Mens en medemens</u>. P. 20.
5. <u>Romeine</u> 14:7-8.

2. die sondeval, waar die werklike mens gesien word; en

3. die verlossing, waaruit die herstelde mens tevoorskyn tree.

Die werklike mens in hierdie bedeling bestaan en beweeg tussen twee kragte, naamlik God se algemene genade wat die menswees behou en die afbrekende mag van die sonde wat sy menswees aftakel. Op grond van die mens as beeld van God wat basies beteken sy betrokkenheid tot God en vandaaruit sy betrokkenheid op die skepping en die medemens kan die volgende kenmerke van die mens onderskei word:

1. Die mens as eenheidswese [1] moet gesien word as totaliteit deur onderskeiding saamgebind deur sy „ek" tot 'n eenheid. Wurth sê ook dat die „... kenmerkende van de mens als mens, wat hem tot mens maakt en hom in de totaliteit van de werkelijkheid zijn heel speciale, uitzonderlijke plaats geeft, is dat hij in God zijn oorsprong heeft, is dat hij van Gods geslacht (Hand. 17:25) is, is dat heel zijn mens-zijn op God is aangelegd" [2].

Die brandpunt is gerig op die hele mens, die totaliteit van die menswees. Maatskaplike werk beklemtoon egter nie net die totaliteit van die persoon nie maar ook die totaliteit van sy omgewing wat op hom inwerk [3].

2. Die mens as „unieke" wese [4] wat verskil van God, plant, stof en dier.

---

1. Vgl. Berkouwer, G.C. De mens het beeld Gods. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957. P. 17, 26, 28, 213-226.

2. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 38.

3. Vgl. Skidmore and Thackeray. Introduction to social work. P. 10.

4. Berkhof, H. De mens onderweg. Een christelijke mensbeschouwing. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1963. P. 198. Vgl. Ibid. P. 19.

Elke mens onderskei hom as ŉ besonderheid van sy medemens deur die ontwikkeling van sy moontlikhede soos eie liggaam, temperament, karakter, persoonlikheidseienskappe ensovoorts.

3. Die mens as verbandswese [1] met sy betrokkenheid op God, sy medemens en wêreld buite homself gerig as ŉ ontmoetingswese. „In de relatie tot God gaat het niet om zulk een toevoeging aan de in zichzelf complete mens, maar om wat essentieel en constitutief is voor het wezen van de mens en zonder welke de mens dan ook niet kan worden gekend" [2]. Die geheim van menswees sê Berkhof „... ligt in de verhouding waarin hij staat tot de hem omgevende werkelijkheid, tot God, tot de medemens en tot de natuur" [3].

Die mens as verbandswese met sy betrokkenheid op God en sy skepping na die beeld van God dui daarop dat God die mens „... niet als een enkelvoud, maar als een meervoud: man èn vrouw [4] geskape het. Maar dit strek nog verder want „... niet alleen de relatie tot God, ook de relatie tot de medemens behoort tot het beeld Gods waarnaas de mens geschapen is" [5]. Om hierdie rede skryf Wurth, word in die Bybel: „... niet in de eerste plaats door God allerlei omtrent de mens in zijn betrekking tot God meegedeeld. Wij zien daar veel meer van het begin tot het eind God en mens levend, concreet, existentieel met elkaar verkeren. De ontmoeting van God en mens is daar het centrale thema" [6].

---

1. Vgl. Berkouwer. De mens het beeld Gods. P. 17, 19, 30, 32.
   Vgl. Berkhof. De mens onderweg. P. 27-45.
2. Berkouwer. De mens het beeld Gods. P. 19.
3. Berkhof. De mens onderweg. P. 27.
4. Ibid. P. 29.
5. Ibid. P. 30
6. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 32.

4. Die mens is ook antwoordwese. Stoker skryf: „Menswees is om geheel en al ꞌn verantwoordelike te wees" [1], en verder sê hy is menslike antwoording innig en onafskeidelik aan verantwoording verbonde. „Verantwoording gee aan antwoording as roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking sy eintlike diepte en ... betekenis" [2]. So word alles die mens tot vraag waarop hy antwoord moet gee, daarom het alles wat die mens doen sy oorsprong in sy opdrag deur God hom opgelê. Met ander woorde, wat doen elkeen met sy gawes, talente en vermoëns. So gesien is elke vraag basies ook ꞌn antwoord.

5. Die mens het ꞌn ewigheidsbestemming [3] en is onvernietigbaar in sy eenheid en uniekheid. „Ek" bly tot in ewigheid of by God in sy heerlikheid of in die ewige verdoemenis weg van sy menswees.

Na aanleiding hiervan kan beweer word dat die mens in sy gebrokenheid deur die sonde nogtans die beeld van God behou het wat bewys word deur die feit dat die mens as mens bewaar gebly het [4] deur Gods „algemene genade" [5]. Berkouwer stel dit baie duidelik: „Want in de bewaring van het menszijn gaat het altijd weer om de verhoudingen tussen de mensen. Wanneer het leven door de God aller genade wordt bewaard op de wegen des heils in al de spanningsvolle momenten van zijn gericht en genade, van zijn liefde

---

1. Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme. Potchefstroom, Pro Regepers Beperk, 1956. P. 28-29.

2. Idem.
Vgl. Van der Ploeg. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. P. 155.

3. Vgl. Van Dijk. Mens en medemens. P. 20.

4. Vgl. Berkouwer. De mens het beeld Gods. P. 125-166.

5. Vgl. Ibid. P. 166.

en toorn, van zijn twist en bewaring, dan staan we voor het feit, dàt we in de vervreemde wereld geconfronteerd worden met liefde en trouw, barmhartigheid en mededogen. Er is alle reden om juist aan deze verhoudingen te denken. Meermalen heeft men bij de bewaring van het menszijn gewezen op 's mensen verstand en wil, maar dieper en ingrijpender wordt de bewaring manifest, wanneer we denken aan wat men medemenselijkheid pleegt te noemen: de veelsoortige verhoudingen tussen de mens en z'n medemens.

„Juist daar grijpt de bewaring van het mens-zijn ons het meest als bewaring aan, omdat hier voor ons besef de corruptie het leven wel het allereerst schijnt te raken en aan te tasten..." 1).

Die belangrikheid van 'n bepaalde mensbeskouing en mens tot medemensverhouding beklemtoon Berkouwer as hy sê dat dit nie gaan „... om losse individuen, die daarná worden samengevoegd in een gemeenschap. De relatie tot de medemens is niet een min of meer belangrijk gevolg, maar behoort tot het wezenlijke van het mens-zijn naar Gods bedoelen.

„Zo is alleen te verstaan, dat de liefde tot God niet werkelijk aanwezig kan zijn, wanneer ze niet manifest wordt in de verhouding tot de ander.

„Als de aarde vol zal zijn van de kennis des Heren, dán zal men geen kwaad doen op Gods heilige berg en de liefde tot de naaste is dan ook niet mechanisch toegevoegd aan de liefde tot God als een ‚moreel' gebod aan een ‚religieus' gebod, maar vind in de liefde Gods zelf haar oorsprong en fundament: ‚Gij zult uw naaste liefhebben als uzelf: Ik ben

---

1. Berkouwer. De mens het beeld Gods. P. 193-194.

de Here'"[1]. Wanneer God in genade die menswees bewaar van demonisering, doen hy dit met die oog op hierdie gemeenskap tussen God en die mens asook tussen die mens en sy medemens. „Het is en blijft een van de aangrijpende verschijnselen in de werkelijkheid van het gevallen mensenleven, dat we de verbanden tussen mens en mens zien functioneren midden in de corruptieve macht van het kwaad, die wel waarlijk ook en juist tegen deze ‚gemeenschap' en tegen alle verantwoordelijkheid jeens elkaar is gericht. Deze mede-menselijkheid... behoort naar Gods bedoeling tot het meest essentiële van het mens-zijn"[2]. Dit staan in ooreenstemming met die Bybelse getuienis en in stryd met alle isolering van die liefde tot God en die liefde tot die naaste. „Hier is de facto niemand overgelaten aan de volledige concentratie op zichzelf. Het leven zelf in de handen Gods verzet zich hiertegen vanuit de heerlijkheid der mede-menselijkheid, deze hulpbehoevendheid en de daarop corresponderende hulp, dit leven in gemeenschap met elkander"[3].

Die begrip mede-menslikheid waarna Berkouwer verwys, word in die praktyk soms ligtelik opgeneem, en tot ŉ teorie omvorm maar dit hef die diepe sin en rykdom daarvan nie op nie. Die mens is, ook in sy afval van God, nie alleen en dit is „... waarlijk meer reden om bij het gevallen mensenleven aan deze medemenselijkheid te denken dan aan het bewaard worden van rede en wil. Want in deze doorbreking der eenzaamheid, vol van voortdurende verrijking en verantwoordelijkheid, gaat het maar niet om een ‚rest' van gaven (der individuen) waaruit dan een zekere ‚legaliteit' zou kunnen worden afgeleid, maar om vanuit de corruptie

---

1. Berkouwer. De mens het beeld Gods. P. 195-196.
2. Ibid. P. 196-197.
3. Ibid. P. 197.

waarlijk vreemde verbonden in de vooruitgang van het leven. Het behoeft ons dan ook niet te verwonderen, dat deze medemenselijkheid, dit samen menszijn in wederzijdse betrokkenheid altijd weer de aandacht trok" [1].

Ook persone van buite die christelike geloof soos die humanisme gryp meermale hierdie gedagte aan om 'n pleidooi te lewer oor die uniekheid van die mens maar dan word die mede-menslikheid losgemaak „... van haar betrokkenheid op God, van haar religieuze zin en rijkdom en meent, dat de aantasting van deze menselijkheid ten diepste toch incidenteel en periferisch kan worden genoemd en allerminst heenwijst naar de totale corruptie van het hart... Deze corruptie woedt in alle verbanden der mede-menselijkheid. De mens in opstand tegen God is in het diepst van z'n bestaan vervreemd van zichzelf, gekeerd tegen zichzelf en de ander, als de harmonie verbroken is, waarin alleen het waarachtige mens-zijn beveiligd is tegen de duisternis van het hart" [2].

So gesien beteken menswees:

1. op God gerig te wees [3] wat beteken dat God die middelpunt van ons bestaan en die beslissende faktor van ons lewe is. Dit gaan om die vaste vertroue op die waaragtigheid van Sy beloftes en die oorgawe aan Sy leiding, die verlange na Hom, die loof in, en dank vir genade betoon waarin die gebedsverkeer en voorbidding die sluitsteen vorm [4]. Daarom sê Berkhof: „De mens is aan God gebonde als een vis aan het water, die

---

1. Berkouwer. De mens het beeld Gods. P. 198.
2. Ibid. P. 199.
3. Vgl. Berkhof. De mens onderweg. P. 31.
4. Vgl. Ibid. P. 32.

als hij ‚vrij' is van het water, vrijheid onherroepelijk verliest" [1].

2. Op die naaste gerig te wees, want sê Berkhof: „God is een meervoud en als Hij de mens schept naar zijn beeld, schept Hij hem dus ook als een meervoud. De mens als enkeling kan nooit het beeld Gods zijn. Hij kan dat alleen wezen in zijn samenzijn met anderen, als mens in de gemeenschap" [2]. Met ander woorde, by die skepping van man en vrou lê die belangrikheid daarvan „... niet in de sexualiteit, maar in de polariteit van man en vrouw ligt hun beeld-Gods-zijn" [3].

Volgens Berkhof kan die enkeling nooit die ware menswees beleef nie, hy kan dit alleen word „... als hij uittreedt uit zichzelf om de naaste, de partner te worden ~~van zijn~~ medemens. Mens is en wordt men pas aan en door de medemens, evenzeer als men het pas wordt door de gemeenschap met God" [4]. Hierdie toetrede tot die gemeenskap geskied in die huwelik, opvoeding, familie-verhouding, vriendskaplike verhoudings, omgang tussen groepe ensovoorts, maar „... overal geldt, dat de relaties waarin wij treden, ons mens-zijn tot hogere verwerkelijking brengen" [5]. „Overal is de ander degene die in de ontmoeting mijn gaven tegelijk oproept en aanvult... Het gaat... om de intensiteit dan om de veelheid der betrekkingen. Maar zonder een intens verkeer van geven en ontvangen in een aantal van zulke menselijke verhoudingen, is het niet mogelijk om het mens-zijn zoals God dat bedoeld heeft, te verwerkelijken" [6].

---

1. Berkhof. De mens onderweg. P. 33.
2. Ibid. P. 34.
3. Idem.
4. Ibid. P. 36-37.
5. Ibid. P. 37.
6. Idem.

Want sê Berkhof: „In deze verhouding hebben wij tevens met de verhouding tot God van doen. In de naaste treedt ons God tegemoet en onze houding jegens hem weerspiegelt en verwerkelijkt onze houding jeens God" [1].

3. <u>Die natuur te beheers</u> waarby nie alleen aan die natuur te dink in die „... zin van de wereld der mineralen, planten en dieren, maar ook aan het menselijk bestaan zelf, voorsover het objectiveerbaar is, dus voorwerp van menselijk handelen en ordenen kan worden. Ook wetenschap, economie, politiek, enz. vallen er dus onder... Als Gods beeld, d.w.z. Gods representant en saakwaarnemer is de mens geroepen om de mogelijkheden die in de natuur en in het mens-zijn besloten liggen, te ontsluiten en te ontginnen" [2]. Met ander woorde die mens beheers die natuur in sy daaglikse arbeid en daarom is die mens ook in „... die techniek... bezig een goddelijke opdracht te vervullen." Berkhof gaan verder en sê: „In Jezus' natuurwonderen zien wij, wat God aan de mens ook op dit gebied heeft toegedacht. Alles wat wij kunnen en doen, blijft daarbij ver achter, maar in het licht van zijn verschijning mogen wij zowel de nu nog nauwelijks ontwikkelde occulte gaven van de mens als ook de zeer snel ontwikkelde natuurkundige en technische macht beschouwen als een gedeeltelijke en gebroken vervulling van Gods bedoeling met het menszijn en als een kleine profetie van de kosmische heersersposititie die God aan de mens in de voleinding heeft toegedacht" [3].

So is die mens in sy verhouding tot die natuur en sy naaste teen wil en dank besig met sy verhouding tot God wat die sentrale en funadmentele

---

1. Berkhof. <u>De mens onderweg</u>. P. 43-44.
2. Ibid. P. 37.
3. Ibid. P. 41.

verhouding van die mens se lewe is. So gesien kan van niemand gesê word dat hy geen verhouding tot God het nie. „Het gaat altijd om de verhouding tot God. Maar de verhouding tot de naaste en de natuur is geen aanhangsel daarvan, is ook geen ondergeschikt middel daartoe; het is een gestalte waarin zich de verhouding tot God verwerkelijkt. God verwijst ons naar de medemens en de natuur. Omgang met de medemens is dienst aan God" [1].

Bostaande saamgevat kan gesê word dat die mens in drie verhoudinge lewe, elkeen met sy eie gewig en belang, elkeen net so noodsaaklik as die ander vir die werklike menswees, en dat hierdie drievoud sy eenheid daarin vind dat die mens orals en altyd te make het met God tot wie se verheerliking die mens op drieërlei wyse geroepe is [2].

Nou dat die belangrikheid van die mensbeskouing in die algemeen aangetoon is met veral nadruk van die menswees daarop dat dit ook beteken om op die naaste gerig te wees, kan die mensbeskouing ten opsigte van die kliënt in aansluiting daarby, behandel word.

b. <u>Mensbeskouing ten opsigte van die kliënt.</u>

Uit voorgaande het Berkhof sowel as Berkouwer tot die slotsom gekom, wat onderskryf word, dat omgang met die medemens diens aan God is [3], waaruit die gevolgtrekking gemaak kan word dat die verhouding en omgang tussen die maatskaplike werker en die kliënt en alles wat daarmee saamhang, ook diens aan God is. Wat dus van die mensbeskouing in die algemeen gesê is, <u>kan</u> en <u>moet</u> net so toegepas word ten opsigte van die kliënt. Ook

---

1. Berkhof. <u>De mens onderweg.</u> P. 44.
2. Vgl. Ibid. P. 45-46.
3. Vgl. Ibid. P. 44.

die kliënt is beelddraer en staan ook in verhouding tot God, sy medemens en die natuur, alhoewel hierdie verhouding deur verskillende faktore geheel of gedeeltelik ontwrig is.

In verband met die uitwerking van die sonde met betrekking tot die verhouding tot die naaste, blyk dit dat „... wij niet van een vernietiging dezer relatie kunnen spreken. Ook op deze relatie is de mens gebouwd. De zonde vernietig haar niet, maar ontwricht haar" [1]. Dit word in Genesis 3 baie duidelik geteken. „Als de verhouding tot God verstoord is, bemerken Adam en Eva dat zij naakt zijn, en gaan ze zich schorten maken" [2]. Deur die sonde het hulle hulle vir mekaar geskaam en van mekaar vervreemd, en hierdie vervreemding lei tot beskuldiging sodat selfs „... de intiemste verhouding, het huwelijk, wordt ontwricht" [3].

Volgens Berkhof kan die ontwrigting van die verhouding tot die naaste en daarom tot die kliënt vier aspekte openbaar, naamlik:

1. <u>die medemens laat jou onverskillig</u>, al weerhou fatsoenlikheid en eie belang jou om dit te verberg;
2. <u>die medemens laat ergernis ontvlam</u> omdat weerstand ervaar word op die weg na harmonie en selfontplooiing;
3. <u>die medemens roep simpatie en self-toegeneentheid op</u> omdat die kliënt op een of ander wyse die werker se harmonie en selfontplooiing bevorder;
4. <u>die medemens kan self tot 'n sekere mate</u> in die lewe 'n afgod word, op

---

1. Berkhof. <u>De mens onderweg</u>. P. 71.
2. Idem.
3. Idem.

wie die werker hom geheel rig en toewy [1].

Berkhof sê: „Wel schijnen er vormen van vriendschap, liefde en kameraadschap te bestaan, die een echt partnershap inhouden met een wederkerig geven en ontvangen, gedragen door wederzijdse zelfverloochening; maar van dichtbij bezien blijken ze vaak uitingen van zelfsucht, van groepsegoïsme of van een wederzijds streven naar zelfverwerkelijking. Dat laaste moge op zichzelf niet te veroordelen zijn (huwelijk en vriendschap berusten er op), het is een liefhebben van de naaste om zichzelf en dus iets principieel anders dan wat Jezus noemt het liefhebben van de naaste als zichzelf" [2].

Hierdie siening is vir die maatskaplike werk van besondere belang omdat nie uitsluitlik die swakhede en tekortkominge van die mens in nood raakgesien en beklemtoon moet word nie, „... maar wel (om) hul kragte en deugde - hul moontlikhede - te ontdek en op te diep" [3], sodat die kliënt ook gesien kan word as herstelde mens.

Maatskaplike werk bou dus nie op die mens se swakhede en tekortkominge nie maar op hulle deugde en kragte sodat die moontlikhede van die mens (binne sy vermoëns) tot die hoogs moontlike peil kan ontwikkel om sodoende die hoogs moontlike mate van selfverwesenliking deelagtig te kan word en hul taak en roeping op aarde op die bes moontlike manier te vervul [4].

Hierdie positiewe benadering oor die mensbeskouing ten opsigte van die kliënt in nood, eie aan die christelike mensbeskouing, plaas professio-

---

1. Vgl. Berkhof. De mens onderweg. P. 72.

2. Idem.

3. Cronje, G. Professionele maatskaplike werk. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1956. P. 3.

4. Vgl. Idem.

nele maatskaplike werk op ŉ hegte grondslag en ŉ vaste fondament gebou op ŉ rots.

Dié benadering kry diepere betekenis wanneer dit ingeklee word in die groot gebod: „... en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie" [1]. As hierdie liefde in die beoefening van die maatskaplike werk tot openbaring kom, gesien in die lig van die liefde tot God en liefde tot die naaste, maak dit van maatskaplike werk ŉ heerlike taak en roeping.

„Met die christelike mensbeskouing word die beoefening van maatskaplike werk en in die besonder die verhouding van die maatskaplike werker tot die kliënt, bo die menslikheidsvlak en bo die nasionale vlak verhef na die godsdienstige vlak, naamlik as ŉ werksaamheid wat, gedra deur die liefde tot God en die liefde tot die naaste, op so ŉ wyse diensbaar aan die welsyn van die mens in nood is, dat God daardeur verheerlik sal word" [2].

Van der Ploeg sê baie duidelik dat dit in maatskaplike werk gaan om die benadering van die medemens in sy nood. Op grond hiervan is dit duidelik „... dat men niet moet denken een mens in nood te kunnen helpen, los van zijn existentie en los van de eigen existentie" [3], naamlik van sy betrokkenheid en verhouding tot God nie. „Als de mens in nood raakt,

---

1. Markus 12:30-31.
2. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 3.
3. Van der Ploeg. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk, No. 10, Mei 1956. P. 152.

wordt hij teruggeworpen op zijn laatste zekerheden" [1], naamlik sy verhouding tot God.

Teen hierdie agtergrond kan saam met James gekonstateer word:
„... (de) mens is altijd opweg, in wording, omdat hij voor zich uit denkt, terwijl hy nadenkt. Voor de praktijk van ons handelen in het maatschappelijk werk betekent dit alles, dat wij te maken hebben met gegevenheden, met verleden, heden en toekomst, met gebondenheid en vrijheid...
In het maatschappelijk werk ontmoeten wij de client in zijn <u>actuele situatie</u>. Wij zijn er op uit samen met de client te vinden wat hem in de weg staat en hem te helpen zijn eigen mogelijkheden en de mogelijkheden in de samenleving so goed mogelijk te leren gebruiken voor de toekomst, hem, ~~waar~~ maar ~~enigszins~~ mogelijk, zelf beslissingen te doen nemen en de consequenties daarvan voor hemzelf en zijn omgeving te voorzien en te accepteren" [2].

Vervolgens moet ook gelet word op die mensbeskouing ten opsigte van die maatskaplike werker.

c. <u>Mensbeskouing ten opsigte van die maatskaplike werker self</u>.

Wat ten opsigte van die algemene mensbeskouing gesê is kan net so hier toegepas word omdat die maatskaplike werker ook mens is, beelddraer van God met 'n ewigheidsbestemming en alleen geken kan word in sy verhouding tot God, waardeur ook sy verhouding tot sy medemens weerspieël word.

Om hierdie rede skryf Cronje: „Die mensbeskouing verleen nie net aan

---

1. Van der Ploeg. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>, No. 10, Mei 1956. P. 152.

2. James, M. „Mensbeeld en methodiek" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>. 10de Jaargang, Nr. 22, 20 December 1956. P. 342.

die maatskaplike werk as sodanig ꞥ bepaalde karakter nie en dit moet ook nie net ten aansien van die kliënt van toepassing gemaak word nie. In ꞥ heel besondere sin moet die mensbeskouing verwerkliking vind in die maatskaplike werker self. Die toerusting van die maatskaplike werker as beroepspersoon bestaan nie net in die vir sy beroepsbeoefening noodsaaklike kennis en begrip, vaardigheid en bedrewenheid nie. Inderdaad is die fundamenteelste deel van die maatskaplike werker se toerusting sy mens- en lewensbeskouing" [1].

Onthou moet word dat die mens in die eerste en laaste instansie mens is wat sy beroep beoefen in verhouding tot sy God, sy medemens en die natuur. Sy hele menswees sal noodwendig bepalend inwerk op die betekenis wat sy arbeid vir sy medemens en kliënt as mens het. Dit wil sê die waarde-sisteem wat hy innerlik verwerk en aanvaar het, wat hy in hom dra en wat uit sy doen en late, uit sy woorde en houding, met ander woorde, uit sy hele lewe as sodanig spreek of daarin tot openbaring kom [2].

Om dus maatskaplike werk te doen, beteken om in verhouding met God, die medemens en die natuur te wees, dit wil sê om ꞥ besondere, bepaalde en unieke wese te wees en te bly. Dit is die mens as draer en oordraer van lewenswaardes. Cronje sê dan die „... essensiële in die werker-kliënt-relasie is en bly dat daar ꞥ oordraging na die kliënt as mens moet plaasvind van dit wat in die werker aanwesig is, dit wil sê <u>van dit wat hy as mens is</u>" [3].

---

1. Cronje. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. P. 3.
2. Vgl. Ibid. P. 4.
3. Idem.

Hieruit volg dan dat dit uiters noodsaaklik is dat die maatskaplike werker gedurig teenoor homself moet rekenskap gee van die mens wat hy is, naamlik eenheidswese, unieke wese, verbandswese, antwoord-wese en ewigheidsbestemde wese. Onthou moet word dat die mens as eenheidswese nie kan redeneer dat sy „private lewe" niks met sy „beroepslewe" te doen het nie. As eenheidswese kan die werker nie in sy „private lewe" bepaalde lewenswaardes opsy skuiwe en dieselfde lewenswaardes in sy „beroepslewe" op so 'n wyse na vore bring dat hulle op ander mense oorgedra kan word nie. „Om lewenswaardes op ander te kan oordra moet hulle nie maar net intellektueel erken word nie, hulle moet geestelik (innerlik) verwerk en aanvaar word - alleen dan kan daar geestelike oordraging plaasvind. Lewenswaardes is nie soos kledingstukke wat 'n mens kan aantrek en uittrek en kan verwissel om by die geleentheid te pas nie. Hulle is deel van die persoonlikheid van die mens of hulle is nie deel daarvan nie" [1].

Die maatskaplike werker moet as antwoordwese gedurig eerlik en onbevange antwoorde gee op al die lewensvrae veral in hoeverre hy as mens op die weg van selfverwesenliking vorder ooreenkomstig sy mens- en lewensbeskouing wat hy huldig en ook uitlewe. Alleen daardie maatskaplike werker wat in die lig van hierdie mensbeskouing lewe en op die weg na selfverwesenliking vorder en sy drievoudige verhouding uit die aard van sy geskapenheid na Gods beeld uitlewe om God deur sy lewe te verheerlik, kan ander help om op daardie pad te vorder.

Die christelike mensbeskouing skets Du Plessis na aanleiding van die vraag: „Wat is die mens?" soos volg: „'n Aardse wese na die beeld van God geskape, skaars minder as die engele, veel anders as die visse van

---

1. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 4.

die see en plante en stof van die aarde. Hierdie skepsel Gods bevind hom in God se wêreld naas ander mense met n opdrag om in al sy doen en late God en die naaste lief te hê. n In sonde gevalle skepsel wat sy gawes en opgawes misbruik en verkrag - ook dít kan van die mens gesê word. Deur Christus weer met God versoen en opnuut geroep tot n lewe in dankbaarheid waar die eer van God in hierdie wêreld saam met sy naaste gesoek sal word.

„Wat is die mens?

„Nie die optelsom van n aantal funksies nie, maar n eenheid in en van n verskeidenheid aspekte, relasies, ens.

„Hy is geen compositum van selfstandige dele, bv. liggaam plus siel nie, maar n totaliteit wat die verskeidenheid te bowe gaan en wat in al sy synswyses aanwesig is.

„Meer nog: Die mens is in elke synswyse of aspek of funksie of vermoë ewe menslik ewe wesenlik aanwesig.

„Daar is geen belangrike en onbelangrike dele in en aan die mens te onderskei nie.

„Die mens dra ook geen non-menslike afdeling met hom saam nie. Daarom is byvoorbeeld sy liggaam nie die dierlike en sy siel die goddelike in hom nie.

„Wat die mens is, weet ons wetenskappe slegs ten dele" [1].

[Met hierdie Bybelse mensbeskouing voor oë word die maatskaplike werker gestimuleer, want Wurth skryf soos volg: „Hoe meer men door de

---

1. Du Plessis, P.G.W. „Wat is die mens?" in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap. Nommer 6, Augustus 1966. P. 126-127.

bijbelse openbaring in de diepste zin het eigenlijke mysterie van de naar Gods beeld geschapen mens heeft leren ontdekken, hoe meer men nu ook van zelf er naar zal verlangen deze mens ook empirisch al beter te leren kennen en wijgerig tot een verantwoorde visie op de totaliteit van zijn menszijn te komen, om straks met behulp van dit alles ook in staat te zijn die mens in zijn concrete levensproblematiek bevredigend te helpen" 1).

Ongetwyfeld kan die maatskaplike werker sy kliënt, vanuit Christus benader, met ander oë aansien en glo in beter moontlikhede en 'n ander toekoms as wat hyself met sy beperkte kennis en insig vir homself sien. Volgens Wurth is hierdie beskouing „... niet maar een Evangelie voor 'sZondags in de kerk, maar het is niet minder de beheersende grondslag voor mijn mensbeschouwing in het maatschappelijk werk". Hy gaan verder en sê: „... als door Christus verlost en door de Heilige Geest herboren ben ik en blijf ik mens en ga ik zelfs meer dan ooit tevoren mijn medeaansprakelijkheid voor mijn medemensen in de wereld beseffen. En dát zal juist voor mij al meer mijn diepste en krachtigste stimulans in mijn bemoeiing om hem te helpen zijn. Want hoe kan ooit de nood van anderen mij meer ter harte gaan, dan wanneer ik door Gods genade mij zelf uit de diepste nood van mijn menszijn gered mag weten?" 2).

In die lig van hierdie mensbeskouing kan nou die aanvaarde basiese uitgangspunte en die metodes in gebruik deur die maatskaplike werk in ooreenstemming gebring word.]

---

1. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 21.
2. Ibid. P. 63.

# HOOFSTUK 4.

## ENKELE AANVAARDE BASIESE UITGANGSPUNTE IN GEBRUIK BY MAATSKAPLIKE WERK IN OOREENSTEMMING MET DIE LEWENS- EN MENSBESKOUING.

### I. INLEIDING.

Met die besondere mensbeskouing wat so pas uiteengesit is, is dit van besondere belang om ook aandag te skenk aan enkele algemeen aanvaarde beginsels of uitgangspunte in Maatskaplike Werk wat deur verskillende skrywers aangehaal word. ŉ Beginsel is ŉ prinsipe. Aristoteles het ons reeds geleer dat ŉ prinsipe of beginsel of uitgangspunt dít is vanwaar iets begin [1].

Maatskaplike Werk soos baie ander vakwetenskappe word gebaseer op sekere wetenskaplike beginsels en op waardes of uitgangspunte. Hierdie uitgangspunte vorm sekere dinge wat vooraf veronderstel en aanvaar word en wat grondliggend aan die besondere vak is en ŉ besondere beskouing daarvan uitmaak. Dit is soms sake wat die mens nie altyd noodwendig kan bewys nie omdat dit op etiese of godsdienstige waardes berus. Tog is hulle van die grootste belang omdat die hele wetenskaplike struktuur van die vak daarvan afhanklik is.

Voordat daar met die beoefening van maatskaplike werk begin kan word,

---

1. Vgl. Coetzee, J.Chr. Ons Universiteit. Sy grondslag en beginsel en die vryheidsbeginsel. Potchefstroom, Die Westelike Stem, Junie 1954. P. 4.
Vgl. Lion, L.C.F. „De betekenis van de term 'basic concept' in het individueel maatschappelijk werk" in Maatschappelijk Werk. Krachten, terreinen, methoden, onder redaksie van J.M. Broekman. Assen, Van Gorcum, Deel 1. P. 294.

moet duidelikheid bestaan oor die basiese uitgangspunte van die Maatskaplike Werk. Hierdie uitgangspunte of beginsels is van sodanige wesenlike en fundamentele belang dat hulle ook wel, volgens Cronje, die voorveronderstellings en selfs die postulate van die maatskaplike werk genoem kan word [1].

## II. ENKELE AANVAARDE BASIESE UITGANGSPUNTE IN MAATSKAPLIKE WERK.

„De moderne maatschappelijke werker zal zich... houden aan een aantal grondregels..." [2]. Enkele van hierdie algemeen aanvaarde basiese beginsels of uitgangspunte in professionele maatskaplike werk is die volgende:

a. Elke indiwiduele mens is van die hoogste belang.

Hierdie uitgangspunt sluit nou aan by die mensbeskouing en spruit voort uit die godsdienstige beskouing, naamlik dat die mens geskape is na God se beeld en gelykenis, en kragtens sy skepping in ꞌn besondere verhouding en betrokkenheid tot God, sy naaste en die natuur staan. So is die mens ook kroon en konsentrasiepunt van God se skepping en met ꞌn ewigheidsbestemming. Uit die Skrif leer ons ook dat God die wêreld en die mens so liefgehad het, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om op die aarde ꞌn kruisdood te sterf sodat almal wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie. Christus het ook tydens Sy omwandeling op aarde op die besondere waarde van elke indiwiduele mens gewys waarvan die gelykenis van die verlore seun ꞌn voorbeeld is [3].

---

1. Vgl. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 1.
2. Barnhoorn, J.A.J. Individueel maatschappelijk werk en geestelijke gezondheidszorg. Leiden, H.E. Stenfert Kroese N.V., 1960. P. 29.
3. Vgl. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 32, 34, 38, 39.

Ook in die gangbare literatuur kry ons die beklemtoning van hierdie beginsel, soos byvoorbeeld by Bisno wat sy eerste filosofiese beginsel soos volg formuleer: „Each individual, by the very fact of his existence is of worth" [1]. Ook Friedlander formuleer sy eerste beginsel soos volg: „Conviction of the inherent worth, the integrity, and the dignity of the individual" [2]; terwyl Ferguson skryf: „For some people, the first hopeful thing in their lives in many years is the knowledge that a social worker feels that they are valuable enough to help" [3].

'n Ander werk is dié van Pray waarin hy die belangrikheid van hierdie beginsel binne die raamwerk van maatskaplike werk plaas met die volgende: „Social work, as I conceive it, always finds its focus and its object in the helping of individual human beings, who face in their social relationship all sorts of disturbing inadequacies, frictions, limitations, that frustrate the full realization of their own capacities and wants as persons. Its philosophy and its practice are rooted in a profound respect for individual personality, for the significance of the individual as such and in his own right. Its service is directed primarily therefore, to freeing and helping individuals to find and to fulfill themselves - their own unique selves - within the society of which they are part. The service is made available through social agencies, organised by members of the community who become aware of, and especially sensitive to, certain problems that confront their fellows, and who believe that community well-being, as well as individual humanitarian feeling, requires that this help

---

1. Bisno. <u>The philosophy of social work</u>. P. 5.

2. Friedlander. <u>Concepts and methods of social work</u>. P. 2.

3. Ferguson, Elizabeth A. <u>Social work. An introduction</u>. New York, J.B. Lippincott Co., 1963. P. 23.

shall be made available to those who want and can use it" [1].

Omdat elke indiwiduele mens van die hoogste belang is in maatskaplike werk moet die maatskaplike werker geen onderskeid tussen sy kliënte maak nie. Ook die uitgeworpenes uit die samelewing moet met dieselfde agting bejeen en met dieselfde houding benader word as enige ander persoon in die samelewing. Die opregte belangstelling en agting in die kliënt gee hom eiewaarde en vervul hom met nuwe hoop op sy eie herstel.

b. Elke mens kan verander, ontwikkel en groei, onder die stimulerende invloed van ander mense en deur lewenservaring.

Hierdie uitgangspunt is nie net van essensiële belang in Maatskaplike Werk nie, maar vorm ook die grondslag vir die Opvoedkunde en ander wetenskappe. Die maatskaplike werk se vaste oortuiging van die potensiële kragte in die mens wat tot positiewe ontwikkeling gebring kan word, vorm feitlik die regverdiging vir die hele bestaan van maatskaplike werk. Daarom beweer Van Dijk: „Elke samenleving geeft daarom een pedagogisch aspect te zien dat zich met name belichaamt in allerlei daarop gerichte instituten en activiteiten..." en praat van die „... voortdurende opvoeding en beïnvloeding die van de samenleving op de mens van de wieg tot het graf uitgaat..." [2], terwyl daar selfs verder gegaan word deur Kuypers, Wielenga en Wijgaarden: „... Een menselijke gemeenschap, waarin niet opgevoed wordt, bestaat niet" [3].

Maatskaplike werk is altyd 'n bewuste beïnvloeding wat van die

---

1. Pray. Social work in a revolutionary age. P. 18-19.
2. Van Dijk. Mens en medemens. P. 61.
3. Kuypers, A., Wielenga, G. en Wijngaarden, H.R. Feestbundel uitgegeven ter gelegendheid van het Vijfentwintigjarige Jubileum als Hoogleraar van Doctor Jan Waterink. Amsterdam, 8 October 1951. P. 105-106.

maatskaplike werker op sy kliënt(e) deur middel van wisselwerking en kontak uitgaan, want „... all contacts are parts of a process of education" [1] en „... education touches life at every point... Society is full of educators" [2]. In aansluiting hierby sê Kohnstamm: „Opvoeden is: een mens in wording te helpen om zonder anderen lastig te zijn of ten laste te vallen, de diepste hem bereikbare innerlijke vrede te vinden" [3].

Wat hierbo aangehaal is ten opsigte van Opvoedkunde en opvoeding in die algemeen, is ook waar in die maatskaplike werk-situasie waar dit pas, en soos Dent beweer: „... when the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of a society which is educative in all its parts and aspects" [4].

In maatskaplike werk moet ŉ ruimer beskouing omtrent hierdie beginsel gehandhaaf word soos blyk uit die volgende: „... education in its widest sense includes any method whereby culture, including not only social heritage and traditions, customs, and institutions from the past, but also new knowledge and techniques, is transmitted from one individual or group to another individual or group. It involves both learning and teaching, and is vitally necessary for the continued existence and functioning of any society. It is the means whereby organized society

---

1. Hayes, E.C. Introduction to the study of sociology. New York, Appleton and Co., 1928. P. 652.

2. Ottaway, A.K.C. Education and society. An introduction to the sociology of education. London, Routledge and Kegan Paul, Ltd., 1955. P. 5.

3. Kohnstamm, Ph. Schepper en Schepping. Deel 2, Persoonlijkheid in wording. Haarlem, Tjeenk Willink en Zoon, N.V., 1929. P. 122.

4. Dent, H.C. Education in transition. London, Kegan Paul and Co., Ltd., 1945. P. 235.

is perpetuated and whereby it grows" [1].

Omdat die mens van die hoogste belang geag word in die maatskaplike werk en die mens in een lyn met sy ewigheidsbestemming 'n taak en roeping op aarde in 'n tydelike hoedanigheid in die lewe het, behoort elkeen hierdie roeping hom opgelê, te vervul, hier en nou. Aangesien almal nie altyd hierdie roeping nakom nie en dat daar as gevolg van allerlei faktore, ontsporing en afwykings van die normale, die aanvaarbare, voorkom, lê dit op die weg van die maatskaplike werker se roepingsvervulling om die ontspoorde, afgedwaalde langs die weg van verandering te probeer bring tot die normale aanvaarbare optrede, funksionering en as sodanig roepingsvervulling.

Cronje noem hierdie uitgangspunt die <u>veranderingsprinsipe</u> omdat die mens deur die loop van sy lewe nie dieselfde bly nie maar steeds verander. Met hierdie verandering word nie bedoel dat die mens geheel of radikaal anders word, as wat hy tevore was nie. „Verandering beteken hier eerder wysiging en wel so dat daar van 'n kontinue proses van verandering gepraat kan word. Hierdie kontinuïteit beteken dan eintlik dat deur die verandering die konstantheid in die mens tog wel nie verlore gaan nie. Dit alles kan die beste aangedui word met die begrip <u>persoonlikheidsproses</u> waarin die persoonlikheid op die konstantheid dui en proses op die verandering.

„Die veranderingsprinsipe... moet in die maatskaplike werk van groot belang geag word. Omdat die mens 'n veranderde wese is, lê dit voor die hand dat sy node ook nie met verloop van tyd dieselfde sal bly

---

1. Gillen, J.L. and Gillen, J.P. <u>Cultural sociology</u>. New York, Macmillan, 1948. P. 400.

nie. Steeds moet... met die feit van verandering rekening gehou word en wel in die sin dat die ondersoek altyd weer verder gevoer en die behandeling in die lig daarvan altyd weer in oënskou geneem en hersien moet word" [1].

Hamilton beskou dit een van die twee hoof doelstellings wat deur maatskaplike werk nagestreef word, om naamlik geleenthede te skep vir maatskaplike groei en ontwikkeling deur bevredigende verhoudings en ervaringe. Verder beklemtoon Hamilton die waarde van die positiewe lewenservaringe wat die mens in staat stel om die nodige veranderings in sy omgewing of in homself te weeg te bring [2].

Heijmans voeg hieraan toe: „In de ruimste zin is dit elk mens van welke leeftijd ook; immers elk mens, behoudens de zeer gestoorde, kan zich ontwikkelen zolang hij leeft. In de gunstigste situasie wordt de basis voor deze steeds verder gaande ontwikkeling en geestelijke rijping gelegd in de jeugd, in de relatie met de ouders, waardoor de mens tenslotte op meer zelfstandige wijze en vanuit een zeker innerlijk evenwicht hiertoe open staat" [3]. Dit is dus duidelik dat elke mens kan verander, ontwikkel en groei onder die stimulerende invloed van en wisselwerking met ander mense en lewenservaring binne die beperking van sy eie vermoëns.

Pray sê dat hierdie uitgangspunt berus „... upon the demonstrable scientific fact that all real and permanent changes in the form and structure of human relationship are the outgrowth of inner change, of

---

1. Cronje. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. P. 14.
2. Vgl. Hamilton. <u>Theory and practice of social casework</u>. P. 12.
3. Heijmans, M. „Een pedagogisch aspect in de hulp aan probleemgezinnen" in <u>Om de leefbaarheid van het bestaan</u> deur Heijmans, Kamphuis en andere, Lochem, De Tijdstroom, 1959. P. 67.

change in the attitudes and feelings, the motives and purposes of the human being involved in those relationships. Such a philosophy accepts not only the truth and the transcendent importance of this basic fact of life; it accepts the rightness, the positive value of this fact, from the point of view not only of the individual but of society as a whole, and of society's stake in its own unity and progress. It embodies a profound faith in human beings and in the inviolable integrity and creative power of individual personality. We not only submit to this inescapable law of human nature; we welcome, embrace, and use it by deliberate, determined choice." Hy sê verder: „... social work has steadily moved to the conscious acceptance and the consistent, skillful, productive use of this basic philosophy..." [1].

Ook Friedlander is oor hierdie uitgangspunt baie duidelik: „The social worker believes that people are capable of changing their attitudes and behavior; he believes that techniques that will help people to change as they want to change can be communicated and learned" [2].

Prof. Coetzee, een van die groot opvoedkundiges van hierdie tyd, wys ook op die ooreenkoms, verskil en aansluiting tussen Maatskaplike Werk en die Opvoedkunde as hy beweer: „Opvoedingswerk en maatskaplike werk kom in baie opsigte goed ooreen maar hulle verskil tog wesenlik. In albei word deur mense met mense gewerk. Maar die maatskaplike werker wil red, wil regmaak, wil ophef, die opvoedkundige werker wil vorm, wil ontwikkel, wil laat groot word...

„Die Opvoedkunde en die Maatskaplike Werk het dus as wetenskappe die

---

1. Pray. Social work in a revolutionary age. P. 290 en 294.
2. Friedlander. Concepts and methods of social work. P. 3.

die mens tot voorwerp van hul arbeid. Meeste ander wetenskappe word deur mense beoefen maar die voorwerp van hul arbeid is nie die mens self nie... In ons opvoedkundige denke sluit ons alle voorwerpe behalwe die mens self uit. Ons praat nie van die opvoeding van stof, plant en dier nie en hoogstens van vorming, vervorming... Opvoed kan alleen die mens doen en ontvang" 1).

Coetzee stel ook dat opvoeding net soos maatskaplike werk ŉ handeling van die mens met ŉ mens of van mense met mense is. Daar word ook onderskei tussen die wat opvoed en die wat opgevoed word. Die opvoeders „werk as't ware met hulleself en ook met die wat hulle opvoed". Daarom is opvoeding net soos maatskaplike werk dus ŉ wisselwerking tussen mense. Wat Coetzee dus sê van opvoeding in die algemeen kan ook van toepassing gemaak word ten opsigte van maatskaplike werk soos blyk uit die volgende: „Die kernbegrip wat ons hier gebruik, is opvoed. ‚Voed' ken ons uit die daelikse lewe uitnemend goed: die voorsiening van voedsel aan ŉ mens, nie net om hom aan die lewe te hou nie, maar om hom te laat groei, ontwikkel, groot word. Ons het by voeding eintlik twee prosesse in die gedagte: voedsel gee en groot word, aan die lewe hou en laat groei. ‚Op' is dus die tweede proses, dit dui aan wat met die voeding ook beoog word. Opvoed is dus ŉ werksaamheid van die een mens met ŉ ander om hom deur geestelike voeding/leiding te voer van benede na bo, van kinderlikheid na volwassenheid, van afhanklikheid, onrypheid, onvolwassenheid na onafhanklikheid, sedelike rypheid, volwassenheid. Maar die een wat gelei, opgevoed, opgevoer word, moet self meedoen: hy moet leer, groei, ontwikkel. Opvoeding sluit dus eintlik in grootmaking èn grootwording - grootmaking deur die opvoeder, grootwording deur die wat opgevoed word (die opvoeding).

---

1. Coetzee, J.Chr. „Die mens in die opvoeding" in <u>Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap. Nommer 5, Mei 1966.</u> P. 74.

Daar is dus voeding en vorming, en daar is groei en wording of ontwikkeling" [1].

Wurth sê dan ook tereg: „... dat men een mens geen betere dienst kan bewijzen en aan zijn echte mens-zijn niet beter recht kan laten wedervaren dan door hem op te voeden - maar dan moet het ook inderdaad een opvoeden zijn - tot het aanvaarden van verantwoordelijkheid voor zijn eigen leven en zijn eigen levensbeslissingen" [2].

Ook Waterink sluit hierby aan as hy die doel van die opvoeding definieer as „... de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar Zijn Woord dienende persoonlikheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst" [3].

c. <u>Mense moet aanvaar word net soos hulle is.</u>

Die aanvaarding van die mens soos hy is, hou twee elemente in, naamlik passiewe en aktiewe aanvaarding. Met passiewe aanvaarding word veelal bedoel dat die maatskaplike werker die kliënt moet aanvaar soos hy is, met sy gebreke, beperkings en moontlikhede en daar word by die kliënt aangesluit in die toestand waarin hy verkeer. Gevaarlik is die fatalistiese, passiewe aanvaarding wat eventueel ontaard in berusting met die omstandighede soos dit is. Dit sal nie help om te wens dat die kliënt nie so ongenaakbaar, moeilik, teenstrydig, eiegeregtig ensovoorts moet wees nie. Hulle moet aanvaar word met elkeen se liggaamlike, persoonlike

---

1. Coetzee. „Die mens in die opvoeding" in <u>Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Christelike Wetenskap</u>. P. 75.
2. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk</u>. P. 72.
3. Waterink, J. <u>Theorie der Opvoeding</u>. Kampen, J.H. Kok N.V., 1951. P. 114.

en geestelike vermoëns en veral beperkings. Bowers skryf ook: „... The art of helping, like any other art, depends on accepting the material with which we propose to work as it actually exists, with its limitations as well as its potentialities" 1).

„Met aktiewe aanvaarding van die mens" sê Cronje, „word bedoel dat in ‚die mens soos hy is' gedelf word sodat deur ‚die toestand waarin hy verkeer' gedring kan word teneinde die kragte en moontlikhede wat in die mens aanwesig is - maar wat onder ‚die toestand waarin hy verkeer' begrawe geraak het - te ontdek, op te diep en na vore te laat kom en om daardie kragte en moontlikhede as die lewende water van die mens behoorlik te kanaliseer. Maatskaplike werk moet noodwendig in groot mate neerkom op daardie opdieping, mobilisering en ontwikkeling van menslike kragte en moontlikhede sodat die mens self die node die hoof kan bied en as volwaardige of minstens so volwaardig moontlike mens na vore kan tree. Die opdieping en mobilisering en ontwikkeling van menslike kragte kom eintlik neer op ‚aktiewe' aanvaarding van die mens - nie bloot die mens soos hy is nie maar soos hy kragtens sy moontlikhede redelikerwys kan wees of kan word. Onrealisties is hierdie soort aanvaarding beslis nie. Inteendeel, dit hou maar net die aktiewe realisering van aanwesige moontlikhede in" 2).

Wanneer iemand dus aanvaar word soos hy is, word dadelik deur die kliënt 'n positiewe warmte as gevolg van die belangstelling aan die kliënt oorgedra. Die kliënt ondervind baie gou die gevoel van belangstelling, dat die werker hom wil help en veral nie veroordeel en kritiseer nie.

---

1. Bowers. „Social work and human problems" in Social casework. Vol. XXXV, No. 4, May, 1954. P. 190.

2. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 17.

Dit alles help grootliks om die werker-kliënt-verhouding te bevorder. Oor die aanvaarding van die kliënt skryf Hamilton: „This means acceptance of the other person as he is - in whatever situation, no matter how unpleasant or uncongenial to the interviewer, with whatever behavior, aggressiveness, hostility, dependancy, or lack of frankness he may manifest. This attitude can come only from respect for people and a genuine desire to help anyone who is in need or trouble" 1).

Mense en veral die kliënt van die maatskaplike werker moet aanvaar word soos hulle is omdat elke mens ŉ unieke wese is wat van alle ander mense verskil; selfs sogenaamde identiese tweelinge is nooit volkome identies nie. Daarom is dit „... noodsaaklik om in die maatskaplike werk voortdurend die uniekheid van elke mens en elke menslike nood te beklemtoon... omdat... die maatskaplike werk, as dit iets positiefs wil verrig, nooit met voorskrifte of resepte te werk kan gaan nie... Omdat elke mens en elke menslike nood iets unieks is, moet noodwendig elke behandelingsplan en -aksie iets unieks wees" 2).

Mense moet aanvaar word net soos hulle is omdat geen mens ooit soos ŉ ander kan wees nie, weens die uniekheid van elke mens se natuurlike toerusting, sy unieke sosiale verband, sy unieke noodsituasie asook die uniekheid van elke mens se verwerking 3).

Sodoende moet elke kliënt gesien word as ŉ eiesoortige wese en daarom moet teen die gevare van kollektivisme en veralgemening gewaak word.

Die volgende uitlating van James gee ŉ beeld van hierdie beginsel in

---

1. Hamilton. Theory and practice of social casework. P. 52.
2. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 10.
3. Ibid. P. 10-12.

die Nederlandse literatuur naamlik: „Het principe van het ‚aanvaarden' van de client betekent dan het accepteren van de persoon in zijn onherhaalbaar anders-zijn en daarmee het scheppen van het klimaat waarin hij zich kan voordoen zoals hij is, waarin hij iets van de medemenselijkheid kan beleven en waarin, op het juist gekozen moment, de oproep tot het doen van een keuze en het dragen van verantwoordelijkheid kan doorklinken. Het gaat bepaald niet om ‚een alles maar vriendelijk aanvaarden' en bestaande normen overboord gooien" [1].

Behalwe die aanvaardingsbeginsel vanuit die kliënt se gesigspunt meld Van der Ploeg dat die kliënt gesien moet word in die maatskaplike werk in sy „eigen existentie". Hy skryf: „Met welke definitie wij nu het maatschappelijk werk ook willen omschrijven, het is duidelijk, dat het in dat werk gaat om het benaderen van de medemens in zijn nood. En dan is het op grond van het bovenstaande duidelijk dat men niet moet denken een mens in nood te kunnen helpen, los van zijn existentie en los van de eigen existentie" [2].

d. <u>Mense kan alleen gehelp word as hulle hulleself wil help</u>.

Alle pogings tot hulp sal verlore wees as die wil om gehelp te word nie by die hulpbehoewende teenwoordig is nie. Hierdie wil om gehelp te word kan beslis alleen bereik word indien die mens wat hulp nodig het van binne-uit gemotiveer is om mee te werk in hierdie hulpaksie.

Hierdie uitgangspunt geld ten opsigte van al die metodes in die

---

1. James. „Mensbeeld en methodiek" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>. P. 343.

2. Van der Ploeg. „Het mensbeeld in maatschappelijk werk" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>. P. 152.

maatskaplike werk en word steeds meer as ŉ vereiste gesien by alle hulpverlening. Die wil om gehelp te word staan in noue verband met elkeen se selfverwesenliking en sy roepingsbewustheid, met ander woorde met elkeen se verhouding tot God, sy medemens en die natuur. Roepingsbewustheid is van die uiterste belang in die lewe van elke mens maar dan moet dit reg begryp word. Habermehl skryf: „God roept niet iemand tot papiermaker, maar Hij roept een papiermaker tot Zijn dienst, tot het nieuwe leven. Dat deze man papiermaker is, is uiteraard niet buiten Gods leiding omgegaan; maar dit is niet wat de Bijbel aanduidt met het woord Roeping" [1] - dit wil sê ŉ variasie van roepings in die diens van God en tot heil van ons naaste.

Ferguson stel dit so: „... social work is a co-operative endeavor between client and worker, not something imposed on the client by the worker... social work is done with and for the client, not to the client... For this reason... it behooves social workers to be sure that their clients have an active investment in whatever treatment is going on" [2].

Uit die volgende aanhaling word hierdie beginsel baie duidelik wanneer Hamilton sê: „Help is most effective if the recipient participates actively and responsibly in the helping process. Few persons are grateful for a 'hand-out', and certainly not for continuous remittances which prolong dependancy. The relationship of the benefactor to his client is proverbially uncomfortable and disillusioning. Some are not ready to use help wisely, just as some are not ready to learn. Readiness, however,

---

1. Habermehl, D.N. Ons daaglijks werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1959. P. 48.

2. Ferguson. Social work. P. 28.

can be stimulated and educated. What most people are grateful for in the long run,... is a chance to help themselves - to work out their own solutions, at least to have a hand in shaping their destiny. The poor and the less fortunate have this desire just as strongly as the captains of industry. It is resources, capacity, and opportunity which fail them"[1].

Wurth betuig sy instemming hiermee as hy skryf: „...intussen blijft het toch een onmiskenbare verdienste van het social casework, dat het ons eraan herinnerd heeft, dat men een mens heel vaak toch het beste helpt door hem te helpen om zichzelf te helpen..." [2].

### e. Mense het egter nie net regte nie, maar ook verpligtinge en verantwoordelikhede.

Regte, verpligtinge en verantwoordelikhede hang ten nouste saam met die mens- en lewensbeskouing sowel as dit wat daaruit voortvloei soos die sosiale bindinge en tussenmenslike verhoudings, handelinge en gebeurtenisse soos ouerskap, lidmaatskap, burgerskap ensovoorts. Orals word omskrywings van menseregte gegee, maar dit baat niks as dit nie vergesel gaan van menslike verpligtinge nie. Immers regte word ook verpligtinge. „Die mense in nood het ꞌn reg om te lewe, hulle het ꞌn reg om gehelp te word, maar saam met daardie reg gaan pligte en ons moet in die maatskaplike werk toesien dat ons mense wat in nood verkeer, tot ꞌn pligsbesef kom" [3].

---

1. Hamilton. Theory and practice of social casework. P. 13.
2. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 72.
3. Cronje, G. Grondslae in die maatskaplike werk. Ongepubliseerde rede op 12 Oktober 1966 uitgespreek by geleentheid van die kursus vir maatskaplike werkers aan die Universiteit van Pretoria. P. 19.

Die vraagstuk van regte van die mens word deesdae eensydig beklemtoon sonder om te besin oor die ware betekenis van vryheid en menslike regte. By die mens behoort daar ook 'n ewewig te bestaan tussen regte en pligte omdat regte ook pligte meebring. So is die mens baie gou om op sy regte aanspraak te maak terwyl die oë al te maklik vir die pligte gesluit word, omdat die noodsaaklike ewewig in die waardesisteem nie aanwesig is nie. „En juis hierin wortel meermale die probleme van mense wat in nood verkeer en wat dan deur die maatskaplike werk gehelp moet word. Wanneer en in soverre dit die geval is, moet dit voor die handliggend geag word dat die behandeling daarop gerig dien te wees om by die mense wat aldus in nood beland het, die noodsaaklike ewewig in hul waardesisteem tuis te bring en wel deur die proses van oordraging. Alleen hy wat in sy waardesisteem 'n ewewig tussen regte en pligte bewerkstellig het en daardie ewewig nalewe, kan waaragtig op 'n eie beslissingsreg aanspraak maak" 1).

Een van die fundamentele regte van elke mens is vryheid, maar dit bring onverbiddelik verantwoordelikhede mee. Die mens en die gemeenskap is alleen op sekere vryhede geregtig wanneer hy in staat is om reg te laat geskied aan die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. Die meeste menslike probleme waarmee die maatskaplike werk te doen kry, spruit uit die misbruik van vryhede wat neerkom op die negering van verantwoordelikheid. Anders gestel kan ons sê dat baie van die maatskaplike nood, waarin mense verkeer, spruit daaruit voort dat verantwoordelikheid nie as die keersy van vryheid gesien, aanvaar en beleef word nie, soos byvoorbeeld in die geval van buite-egtelike verhoudings en die daaruit voortspruitende gevolge.

---

1. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 6.

Thierry stel die beginsel sterk in die volgende: „Vrijheid en verantwoordelijkheid zijn twee van de belangrijkste kenmerken van de mens. De èèn kan niet zonder de ander. Vrijheid zonder verantwoordelijkheid wordt losbandigheid, een onbeteugeld uitleven van zijn vrijheidsdrift. Vrijheid is niet het los zijn van alle banden, maar een zich vrijwillig binden aan bepaalde normen of waarden. Het is een binding aan het wezenseigene. De vis is alleen vrij in het water; de vogel alleen in het luchtruim. Zo wordt de mens eerst werkelijk vrij, indien hij zich bindt aan het echt menselijke, wat voor mij gegeven is in de persoon van Christus" 1).

Waar vryheid aangegryp en verantwoordelikheid ontwyk word en die menslike nood geheel of gedeeltelik daaraan toegeskryf word, is dit die taak van die maatskaplike werker om die mense in nood deur oordraging te help om ewewig tussen hierdie twee waardes in hulle eie waardesisteem te bewerkstellig.

Die misbruik van vryheid, dus die negering van verantwoordelikheid is soms so verregaande dat in die lewe van die mens in nood op so 'n wyse ingegryp moet word ten einde andere en die hele gemeenskap, of selfs die persoon self te beskerm - selfs deur die ontneming van vryheid soos in die geval van onder andere diefstal, moord, ensovoorts. „Vanselfsprekend bly die taak van die maatskaplike werk hier dieselfde, naamlik die oordraging van ewewig van waardes vanaf die werker na die kliënt" 2).

Friedlander beskryf hierdie uitgangspunt: „A ... value common to all methods of social work is the conviction that man's individual rights

---

1. Thierry. <u>De bedreigde mens.</u> P. 29.

2. Cronje. <u>Professionele maatskaplike werk.</u> P. 6.

to self-respect, dignity, self-determination, and equal opportunities are connected with his social responsibilities toward himself, his family, and his society. This conviction involves the challenge of opening a clearer understanding of a give-and-take relationship between our society and human beings as individuals, groups, and communities for growth and for human happiness. Both the social caseworker and the social group worker have to show the individual and the group that full recognition of their own rights also requires insight into their obligations and limitations, and the acceptance of and respect for the needs and rights of others" [1].

f. Die selfbeskikkings- of selfbeslissingsreg van die mens.

Met die selfbeskikkingsreg van die mens word bedoel dat mense nie alleen die beste gehelp kan word as hulle hulself help nie, maar dat elke normale mens die reg het om eie besluite te neem en 'n sê te hê in die wyse waarop hy gehelp wil wees. In gevalle van afwykings soos by misdadigers en geestesversteurdes en andere, waar die persoon nie in staat is om self besluite te neem en ten uitvoer te bring nie, moet die maatskaplike werker noodwendig alleen die verantwoordelike besluite neem. Die maatskaplike werker mag nie terugdeins vir hierdie verantwoordelikheid nie.

Onder hierdie basiese uitgangspunt verstaan Friedlander: „... the conviction that the individual who is in economic, personal, or social need has the right to determine himself what his needs are and how they should be met. In the practice of social work, the individual in material or emotional need is entitled to retain his right of self-determination. His claim to exercise 'self-help' is accepted as a

---

1. Friedlander. Concepts and methods of social work. P. 6-7.

human civil right" 1).

Ferguson noem ook hierdie uitgangspunt waarop maatskaplike werk berus en voeg daarby: „... within the limits of accepted social standards and serious harm to others or to himself, the client has the right to make his own decisions... Social work philosophy is based on the conviction that people can be helped to make wiser decisions, to become more self-sufficient and more adequate" 2). Die skrywer gaan verder en sê: „The rights of the client to self-determination, as it is often called, imposes limitations on the activity of the social worker, who is, after all, a person with definite notions of what are the 'right' ways of behaving. Unless the social worker has learned to be aware of his own fixed notions and indirect as well as the direct ways he may be attempting to impose them on clients, he will inevitably infringe on clients' rights to make decisions for themselves" 3).

Dit is duidelik dat die beslissings wat die mens daagliks neem, voortspruit uit die wyse waarop elkeen die lewensituasies waarin hy beland van tyd tot tyd verwerk ooreenkomstig sy eie lewenswaardes. Daarom rig sy waardesisteem gedurig sy verwerkingsprosesse en beslissings. Die gebrek aan ewewig in die waardesisteem lei tot gebrek aan ewewigtige beslissings waaruit die nood van die mens veelal spruit soos die maatskaplike werk daarmee te doen kry.

Cronje verklaar ook dat die mens, prinsipieel gesien, 'n eie beslissingsreg het „... wat wesenlik saamhang en gepaard gaan met die

---

1. Friedlander. Concepts and methods of social work. P. 3.
2. Ferguson. Social work. P. 26.
3. Ibid. P. 26-27.

intrinsieke waarde en waardigheid van die mens, maar geen mens se eie beslissingsreg is onbeperk en sonder grense nie. Die mens se eie beslissingsreg word beperk en begrens deur sy onbevoegdheid en onvermoë om tot ewewigtige beslissings te geraak ooreenkomstig sy besondere waardesisteem. Hoe groter die bevoegdheid en vermoë om op ewewigtige wyse self te beslis, des te ruimer die reg van eie beslissing; en hoe swakker daardie bevoegdheid en onvermoë, des te beperkter is die reg om self te beslis" [1].

Onthou moet word dat daar by mense in nood, 'n gaping bestaan tussen eie beslissingsreg as teorie en as werklikheid, tussen wat die toedrag van sake behoort te wees en wat dit inderdaad is. Die maatskaplike werker moet probeer om daardie gaping te oorbrug om so sy bydrae te lewer tot die vorming van 'n ewewigtige mens wat op ewewigtige wyse tot eie beslissings kan kom - dit wil sê: „... die mens wat prys op sy vryheid stel maar ook die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid tors, wat op sy regte gesteld is maar eweseer op sy pligte let, wat gesag uitoefen en eerbiedig en ook steeds gehoorsaam is, wat die stoflike nie bo die geestelike verhef maar ook nie maak asof die stoflike van onbeduidende belang is nie.

„Die ewewigtige mens is dus geestelik volwasse en gedissiplineerde mens wat helderheid oor fundamentele lewenswaardes het en wat 'n rigtinggewende lewensbeskouing daarop nahou. Die vorming van die mens is een van die hoekstene van alle opvoeding/en moet ook as een van die hoekstene van alle maatskaplike werk beskou word" [2].

Om bostaande redes is dit duidelik dat die maatskaplike werker nie vir of namens die kliënt moet besluit nie maar dat die kliënt self vir sy

---

1. Cronje. Professionele maatskaplike werk. P. 9.

2. Ibid. P. 10.

eie lewe verantwoordelikheid aanvaar. Die maatskaplike werker se taak lê daarin dat hy die kliënt moet opvoed en lei sodat sy eie beslissings sover moontlik ewewigtig kan wees. Dit is duidelik dat hierdie leiding en opvoeding van die kliënt uit die aard van die saak 'n proses sal wees wat soms baie lank duur en intensiewe behandeling verg wat daarop gerig moet wees dat die vryheid van beslissings op verantwoordelike beslissings sal uitloop [1].

Oor hierdie uitgangspunt skryf James soos volg: „Het principe van het zelfbeschikkingsrecht... kan een waardevol uitgangspunt worden nl. wanneer het de drievoudige inhoud krijgt van zelfbeslissingsrecht, zelfbeschikkingsplicht en zelfbeschikkingsmogelijkheid. Het gaat dan betekenen dat een mens iemand is met eigen mogelijkheden en grenzen, waarmee en waaruit hij, rekening houden met het feit, dat hij mede-mens is, in vrijheid mág, maar ook móét leren kiezen en daarmee waarlijk mens worden" [2].

g. <u>Alle mense behoort binne perke van sy eie moontlikhede, gelyke geleenthede tot selfontwikkeling te hê</u>.

Dat alle mense gelyke geleenthede tot selfontwikkeling moet hê is 'n grondbeginsel van die demokrasie wat ook in maatskaplike werk van toepassing is, maar met die uitgangspunt dat die gelyke geleenthede binne perke van elkeen se eie moontlikhede van toepassing gemaak moet word. Dit beteken nie bandelose optrede en die stel van eise op die beginsel dat alle mense gelyk is en daarom aan almal dieselfde geleenthede gegee moet word nie. Dit word algemeen aanvaar dat elke mens met sy eie, unieke

---

1. Vgl. Cronje. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. P. 10.

2. James. „Mensbeeld en methodiek" in <u>Tijdschrift voor maatschappelijk werk</u>. P. 343.

natuurlike toerusting gebore is, en wat verskil van elke ander mens op aarde. Die mens verskil nie net wat sy uiterlike aanbetref nie, maar ook wat sy innerlike vermoëns en kapasiteite betref. Daarom kan die mens alleen binne daardie beperkings tot eie ontplooiing kom. Elke mens se inherente kapasiteite soos somatiese, psigologiese, intellektuele en geestelike faktore sowel as die omstandighede en omgewingsinvloede vorm saam die bepalende faktore wanneer die regte van die mens ter sprake kom.

In die lig van die voorgaande stel Bisno die beginsels soos volg: „In the development and actual operation of social work programs the theory of community responsibility has been enlarged upon, and implemented, by the formulation of certain highly significant derivative concepts. These concepts are: (1) the 'right' of individuals to the benefits provided by our public assistance and social insurance programs; (2) the 'right' of such persons similarly situated to equal treatment under such programs...; and (3) the obligation on the part of the community to provide an adequate standard of assistance" 1).

Ook Friedlander onderstreep hierdie uitgangspunt met die volgende: „A... concept that is of decisive importance for social work in a democratic society is the firm belief in equal opportunity for all, limited only by the individual's innate capacities" 2).

In die Republiek van Suid-Afrika met sy verskillende rasse word hierdie uitgangspunt aanvaar en uitgeleef en as vereiste vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling gestel. Differensiasie tussen Blankes, die Bantoe, Kleurlinge en Indiërs word aanvaar en selfs differensiasie tussen

---

1. Bisno. The philosophy of social work. P. 35.
2. Friedlander. Concepts and methods of social work. P. 5.

die Bantoevolke word erken. Welsynsdienste word aan die verskillende bevolkinsgroepe gelewer soos elkeen nodig het volgens sy eie aard, tradisie, beginsels, ensovoorts. Daarom kan maatskaplike werk in enige gemeenskap slaag indien dit ontwikkel word uit daardie gemeenskap, behartig word deur mense van daardie gemeenskap en staan in diens van die mense van daardie gemeenskap. 'n Belangrike aspek by die ontwikkeling van hierdie beginsel is die uitbouing en ontwikkeling van welsynsorganisasies vir en onder die beheer van die verskillende bevolkingsgroepe [1].

'n Uiters belangrike saak in voorgenoemde aspek is die ontwikkeling en uitbouing van opleidingsfasiliteite vir maatskaplike werkers vir die verskillende bevolkingsgroepe wat die beginsel tot volle ontplooiing kan bring.

Al die basiese uitgangspunte kan in hierdie beginsel tot uiting kom soos blyk uit die volgende: „In het maatschappelijk werk ontmoeten wij de client in zijn actuele situatie. Wij zijn er op uit samen met de client te vinden wat hem in de weg staat en hem te helpen zijn eigen mogelijkheden en de mogelijkheden in de samenleving zo goed mogelijk te leren gebruiken voor de toekomst, hem, waar maar enigzsins mogelijk, zelf beslissingen te ~~doen~~ nemen en de consequenties daarvan voor hemzelf en zijn omgeving te overzien en te accepteren. Wij zullen echter waar en voor zover nodig zijn verleden en de grenzen van zijn mogelijkheden in onze aandacht betrekken, want wij zijn ons ervan bewust dat het heden en de toekomstverwachtingen gekleurd worden door ervaringen uit het verleden en tevens dat ieder zijn eigen mogelijkheden moet trachten te verwerke-

---

1. Vgl. Cronje. Grondslae in die maatskaplike werk. P. 14.

lijken vanuit de hem gegeven grenzen" [1].

## III. SAMEVATTING.

Hierdie aanvaarde basiese uitgangspunte moet in die lig van die christelike mensbeskouing gedurig in gedagte gehou word in die beoefening van maatskaplike werk en by die implementering van die verskillende metodes waardeur maatskaplike werk, dit wil sê die bevordering van menslike welsyn ten uitvoer gebring word. Die vraag is dus hoe gaan die maatskaplike werk te werk om sy doelstellings te bereik te wete die bevordering van die welsyn van die mens of om die mens in sy veelvuldige lewensnood te help.

Aangesien die maatskaplike werk met die mens as enkeling, die mens in sy groepsverband en die mens in die gemeenskap te doen het, het daar verskillende metodes ontwikkel om daarby aan te pas. Hierdie drie metodes, naamlik: die indiwiduele behandelingsmetode of gevallewerk, die groepwerkmetode en gemeenskapsorganisasie, staan ook bekend as die primêre metodes in maatskaplike werk. As sekondêre metodes word maatskaplike werk-navorsing en maatskaplike werk-administrasie deur skrywers genoem.

Vervolgens word die verskillende metodes nou in breë trekke bespreek.

---

1. James. „Mensbeeld en methodiek" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. P. 342.

# HOOFSTUK 5.

## DIE METODES IN GEBRUIK BY MAATSKAPLIKE WERK IN OOREENSTEMMING MET DIE LEWENS- EN MENSBESKOUING.

### I. INLEIDING.

Stoker sê dat die wetenskaplike metode wesentlik gebind is aan die prinsipiële aard van die kenne en aan die prinsipiële aard van die kenbare [1]. Hiervolgens sal die metodes in gebruik by die maatskaplike werk gebind wees aan die prinsipiële aard van die christelike mensbeskouing en die aanvaarde basiese uitgangspunte in die maatskaplike werk.

Op die vraag wat onder ꞌn metode verstaan word, antwoord Stoker dat ꞌn metode ꞌn handelswyse of werkwyse is [2]. Ook Trecker skryf: „A method is a conscious procedure, a designed means of achieving a goal. In its outer aspects, a method is a way of doing something, but underneath the doing we always discover an integrated arrangement of knowledge, understanding, and principles" [3]. Stoker brei daarop uit en sê dat ꞌn metode ꞌn verantwoordelike menslike handelswyse is. ꞌn Metode kan dus omskrywe word „... as ꞌn beplande handelswyse of werkwyse om met gebruikmaking van wat in ꞌn gegewe geval voorhande is ꞌn gestelde doel te verwesentlik (resp. ꞌn bepaalde resultaat te verkry)" [4]. Daar moet op

---

1. Vgl. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap. P. 108.

2. Vgl. Ibid. P. 49.

3. Trecker, Harleigh B. Social group work. Principles and practices. New York, Association Press, 1965. P. 3.

4. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap. P. 51.

gelet word dat die handeling self geen metode is nie, maar dat ŉ metode slegs die <u>wyse</u> is waarop ŉ handeling met gebruikmaking van wat voorhande is ŉ gestelde doel verwesenlik of ŉ bepaalde resultaat bereik.

ŉ Metode veronderstel twee pole, dit wat in die begin voorhande is en waarvan gebruik gemaak word en die doel wat gestel en verwesenlik word of die resultaat wat bepaal en verkry word, dus: (i) die beginpunt en (ii) die eindpunt. Dit moet dus so ŉ wyse van handeling wees dat dit albei pole verbind, rekening hou met die aard en moontlikhede wat voorhande is en met die gestelde doel. So moet die handelwyse deur beide pole bepaal word.

Stoker wys ook daarop dat ŉ metode soms ŉ kunsvaardigheid, ŉ tegniek genoem word en skryf: „Hierin steek ŉ betreklike waarheid. Want, nes metode, is tegniese vaardigheid of tegniek slegs maar ŉ middel en geen doel op homself nie. En namate die mens kultureel hoër ontwikkel, moet hy metodes vind en beheer wat al meer tegnies van aard is en al meer intensiewe inoefening vereis. <u>Veral wetenskaplike metodes is tegnies van aard, is tegnieke</u>. Maar nie elke metode is tegnies of ŉ tegniek nie" [1].

Die maatskaplike werker streef daarna om sy professionele aktiwiteite uit te voer op ŉ sistematiese, bestendige en logiese wyse. Die metodes wat op wetenskaplike wyse toegepas word, sluit hoofsaaklik die volgende stappe in: die ondersoek of studie; die vasstelling van die probleem of diagnose; beplanning van ŉ oplossing; die uitvoering van die plan van behandeling en die evaluasie van die resultate [2]. Hierdie stappe

---

1. Stoker. <u>Beginsels en metodes in die wetenskap</u>. P. 51.
2. Vgl. Boehm. <u>Objectives of the social work curriculum of the future</u>. P. 53 en P. 130-131.

word bedoel om verandering teweeg te bring, en met die metodes van maatskaplike werk word verandering beoog om maatskaplike funksionering te bevorder. Die volgende elemente in die eienskappe van die metodes om verandering te bewerkstellig word deur Boehm genoem:

„1. Change is planned rather than left to chance, and represents an agreed upon goal between worker and recipient of service.

„2. There must be an agent of change. Each social worker, regardless of method used, is an agent of change. He is active, on behalf of and with the client, to plan and bring about the agreed upon change.

„3. There is a process of change. The client, or client system, participates with the worker or agent of change in the determination of the direction of change and the desired outcome. The term client system has been used to denote the interaction between individual, members of group, and groups and organizations within the community.

„4. The process of interaction between change agent and client is goal-directed, time bound, and carried on in the context of a professional relationship through appropriate activities" 1).

Daarom is die metodes van maatskaplike werk daarop ingestel om die kliënt se pogings om verandering teweeg te bring te bevorder, en dusdoende sy probleemoplossingsaktiwiteite aan te help.

Al die aktiwiteite van maatskaplike werk word uitgeoefen volgens sekere metodes. Friedlander skryf: „Social work activities may be classified into six types: social casework, social group work, and

---

1. Boehm. Objectives of the social work... P. 131-132.

community organization - the three basic methods of social work - and social welfare administration, social welfare research, and social action - three ancillary activities which are necessary to establish, maintain, and operate social services. Social work process is the interaction between the client and the social worker; between the members of a group with one another and with the group worker; and between individuals and groups in the community. Social casework and social group work are carried out in direct, personal contact with the people who use the social services... Although there is no uniform theoretical agreement over whether or not all six activities should be classified as social work, they are important tools in our modern social welfare program. They all require certain common skills which may be called generic social work qualifications, but the methods applied in the six processes differ" 1).

Binne die raamwerk van hierdie proefskrif sal hoofsaaklik aandag aan gevallewerk, groepwerk en gemeenskapsorganisasie gegee word om redes hierbo deur Friedlander aangedui.

## II. GEVALLEWERK AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK

Ten einde enigsins tot n werklike begrype van gevallewerk 2) te kom, is dit van die uiterste belang om die ontwikkeling daarvan vlugtig in sy historiese perspektief te sien. Dit sal nodig wees om in hierdie

---

1. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 148.
   Vgl. Witmer. Social work. P. 121 en 123.
   Vgl. Stroup, Herbert H. Community welfare organization. New York, Harper and Bros., 1952. P. 126.

2. Hoewel skrywer persoonlik voorkeur gee aan die benaming: indiwiduele behandelingsmetode, word die term gevallewerk gebruik na aanleiding van die Vaktaalkomitee vir die samestelling van n Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk.

beknopte oorsig slegs sekere aspekte en waarheidsmomente van hierdie metode na vore te bring, wat veral vir die ontstaan en verdere ontwikkeling van gevallewerk van groot belang is.

a. **'n Bondige historiese agtergrond van gevallewerk as metode in maatskaplike werk.**

Hulpverlening is so oud soos die mensheid self, daarom kan beweer word dat gevallewerk 'n kort geskiedenis maar 'n lang voorgeskiedenis het [1]. Die gevallewerk vind sy oorsprong in die leniging van allerlei maatskaplike node en dateer vanaf die tweede helfte van die agtiende eeu. Van Rooyen beweer: „... georganiseerde welsynswerk het egter eers gedurende die tweede helfte van die 18de eeu 'n aanvang geneem met die stigting van welsynsorganisasies wat hulle spesifiek op die verskaffing van welsynsdienste toegelê het" [2].

Na die Franse Rewolusie en die Nywerheidsomwenteling in Engeland het die samelewingstruktuur ingrypende veranderings ondergaan en gedurende die tweede helfte van die 18de eeu het maatskaplike probleme op groot skaal ontstaan. Probleme moes nou op georganiseerde en doelgerigte wyse bekamp word, omdat ontsettend haglike toestande van ekonomiese nood, bedelary en verwaarlosing steeds vererger het. „Die strukturele veranderings het menslike leed en probleme steeds meer na vore gebring en ook die houding van mense ten aansien van hulpverlening aan verandering

---

1. Vgl. Van Bochove. „Die ontwikkeling van die indiwiduele behandeling as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk. P. 54.

2. Van Rooyen, I.J.J. Diagnostiese en funksionele benaderings in die gevallestudie metode - 'n oorsig en evaluasie. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1960. P. 5.

blootgestel" [1].

Die gevallewerk spruit voort uit die pogings van verskillende Europese dorpe en stede om die bedelplaag te beheer. Teen ongeveer 1788 het die dorpsbestuur van Hamburg (Duitsland) die dorp in wyke verdeel met vrywillige werkers in elke wyk om aansoekers se omstandighede deeglik te ondersoek voordat hulp verleen is. Elberfeldt pas die gewysigde Hamburg-stelsel teen 1852 toe wat daarop neerkom dat die administrasie van die hulpverlening vereenvoudig is en „Armpflegers" aangestel is wat elkeen nie meer as vier gesinne sou versorg nie. Toesig is gehou oor die werkers terwyl groepe werkers samesprekings oor hulle werk gevoer het. Die klem en aandag was op elke indiwiduele geval toegespits.

Hierdie stelsels het nie net in Europa veld gewen nie maar ook in Engeland sy invloed laat geld sodat orals organisasies gestig is soos byvoorbeeld „The Society for Bettering of the Conditions and Increasing the Comforts of the Poor". Woodroofe sê: „... it was not surprising that in England charities had increased in number and variety... in 1861 there were 640 institutions, of which 279 had been founded between 1800 and 1850, and 144 between 1850 and 1860" [2]. Verder sê sy: „This, then, is the background against which the Charity Organization Society [3] - or as it was called in 1869, the Society for Organizing Charitable Relief and Repressing Mendicity - has to be viewed... it was within the framework of

---

1. Van Boohove. „Die ontwikkeling van die individuele behandeling as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk. P. 55.

2. Woodroofe, Kathleen. From charity to social work. London, Routledge and Kegan Paul, 1964. P. 23.

3. Charity Organization Society word voortaan afgekort met: C.O.S.

this Society... that social casework was evolved..." 1).

Hoewel die C.O.S. gestig was met die doel om ondersoek in te stel na die aktiwiteite van die groot aantal welsynsorganisasies om oorvleueling en bedrog te probeer uitskakel en welsynsdienste in London te bevorder, dus gemeenskapsorganisasie, het die C.O.S. later self hulpverlening gebied. Nou het die uitgangspunt geword: persoonlike dienslewering, persoonlike verantwoordelikheid en indiwiduele aandag aan elke geval. Klem is nie alleen op materiële hulpverlening gelê nie maar pogings is aangewend om hulpbehoewendes te hervorm deur middel van persoonlike en vriendskaplike besoeke en ander dienste soos werkverskaffing. „Not only did the Society hammer out a philosophy and a technique to guide its own friendly visitors and social workers in their daily task, but through the early establishment of a training school..." 2).

Skrywers soos Young en Ashton heg ook groot waarde aan die werk van pioniers soos Thomas Chalmers, 'n Skotse predikant wat in sy gemeente beginsels van hulpverlening toegepas het wat later groter algemene erkenning gekry het. „The one centre of thought and influence that did stand out... before the foundation of the C.O.S. was that of Thomas Chalmers, whose ideas on poverty and visiting had an effect far beyond the confines of Glasgow" 3).

Die invloed van die C.O.S. strek ook uit na Amerika want „... the philosophy and practice of Charity Organisation were transplanted in 1877

---

1. Woodroofe. From charity to social work. P. 24.

2. Idem.

3. Young and Ashton. British social work in the nineteenth century. London, Routledge and Kegan Paul, 1956. P. 69.

to the United States..." [1]. Die stigting van die C.O.S. in 1877 in Buffalo, New York het 'n definitiewe verskuiwing van insig met die oog op hulpverlening meegebring, waaruit die gevallestudiemetode uiteindelik ontwikkel het. Klem val nou op materiële verbetering, veral die wyse van hulpverlening, waarin vriendskaplike besoeke met die oog op persoonlike beïnvloeding wat maatskaplike hervorming in die hand werk, 'n baie groot rol speel [2].

As gevolg van kennis wat opgedoen is deur die toepassing van veranderde werkwyses het daar werklike veranderings gekom. Verdienstelikheid van gevalle is bepaal na aanleiding van deeglike ondersoek van elke individuele geval deur middel van vrae aan elke geval. „'n Besonder belangrike ontwikkeling in die uitbouing van doeltreffende hulpverlening aan die einde van die 19de eeu was die aanstelling van besoldigde werkers en die begin van 'n deeltydse opleiding vir dié werkers. Aanvanklik is in New York begin met 'n stelsel van ‚vakleerlingskap' waarna in 1898 begin is met kort aanvullende somerkursusse aan ‚The New York School of Philanthropy' wat later ‚The Columbia University School of Social Work' geword het" [3]. Daar word nou aandag gegee aan kennis oor die maatskaplike omgewing en die maatskappy in die algemeen. Verder is ook van alle moontlike hulpmiddels wat die gemeenskap bied, gebruik gemaak.

b. Die ontwikkelingsfases.

In Maatskaplike Werk het soos in die Sosiologie, vorm die mens, die samelewing en die kultuur 'n onverbreeklike drie-eenheid wat groot invloed

---

1. Woodroofe. From charity to social work. P. 24.
2. Vgl. Van Bochove in Professionele maatskaplike werk. P. 56.
3. Idem.

uitoefen. Maatskaplike werk vorm deel van die werklike lewe en is aan voortdurende ontwikkeling, beweging, klemverskuiwing en verandering onderhewig. Dit is veral kenmerkend van die 20ste eeu waarin daar verskillende fases van ontwikkeling voorkom en wat ook spesifieke benaderingswyses gehuldig het en groot invloed op die ontwikkeling van gevallewerk gehad het, en nog uitoefen.

Verskillende skrywers noem verskillende fases maar wat tog min of meer met mekaar ooreenstem [1]. Die fases kan min of meer in die volgende tydperke ingedeel word:

(a) Die tydperk 1900 tot 1919.

Hierdie tydperk word gekenmerk deur:

(i) die moralistiese fase waar die aandag veral op die oorsake van maatskaplike nood en behoeftes toegespits is. Veroorsaking in die innerlike, morele lewe van die mens is gesoek en hulpbehoewendes is in twee groepe verdeel, naamlik die verdienstelike armes wat gehelp is, en die nie-verdienstelike armes wat nie gehelp is nie omdat hulle as slegte mense beskou was. Die versterking van die moraal en 'n sober lewe was op die voorgrond gestel. Die beginsel van individualisasie het in 'n groot mate sy beslag gekry terwyl die „... beklemtoning van eie verantwoordelikheid ten aansien van die mens se maatskaplike omstandighede en die versterking van innerlike vermoëns deur 'n persoonlike kontak tussen die hulpverlener en die hulpsoeker veral 'n sterk invloed gehad het" [2].

(ii) Die fase van maatskaplike hervorming het die nadruk van die

---

1. Vgl. Van Bochove in Professionele maatskaplike werk. P. 57.
2. Ibid. P. 57.

voorgaande verskuif na die nadruk op die uiterlike faktore en wantoestande wat in die samelewing voorkom. Sodoende is allerlei hervormingsmaatreëls beplan en hulpfasiliteite ontwikkel om armoede te voorkom en algemene ekonomiese welsyn te bevorder. Terwyl hierdie eensydige benadering van maatskaplike hervorming beplan is, het baie mense van ellende ondergegaan.

(iii) Die sosiologies-ekonomiese fase waarin maatskaplike werkers algaande begin besef het dat maatskaplike nood 'n besonder ingewikkelde samehang het. Teen hierdie agtergrond was Mary E. Richmond een van die werksters van die C.O.S. wat in 1917 na baie jare van toegewyde studie en navorsing met die publikasie van 'n boek Social Diagnosis „... die weg aangedui het vir die eerste rasionele en sistematiese benadering in die ontleding en diagnosering van die besondere maatskaplike omstandighede van die individu en die gesin as funksionele eenheid" [1].

Deur hierdie werk is daarop nadruk gelê dat by die diagnostiese benadering die essensiële begryping van die aard en die omvang van die probleem van die kliënt van die uiterste belang is. Die probleemsituasie en omstandighede van die kliënt moet deeglik begryp word, deur te begin by die maatskaplike ondersoek en wat eindig by 'n diagnose en plan van behandeling. „Baie sterk word die noodsaaklikheid beklemtoon van 'n deeglike wetenskaplike ondersoek wat die diagnose voorafgaan, waarop 'n evaluasie van die kliënt se potensialiteite volg om uiteindelik 'n plan van behandeling of hulpaksie te kan bepaal. Die kliënt binne sy gesinsverband vorm die spil waarom alle aktiwiteite draai. Hierdie werk verleen

---

1. Van Bochove in Professionele maatskaplike werk. P. 58.

aan die Amerikaanse werkwyse met betrekking tot gevallewerk 'n besonder sterk individualiserende en diagnoserende karakter om die ingewikkelde samehang van maatskaplike probleme van mense te probeer verstaan. Dit was veral tydens hierdie fase dat maatskaplike werkers daarop ingestel raak om kliënte te help om van alle bestaande hulpbronne gebruik te maak en om die maatskaplike verhoudinge van die gesin te betrek, sodat die kragte in die gesin ontdek en georganiseer kan word om die maatskaplike node blywend op te hef. Dienslewering moet bo die materiële uitstyg en die beginsel van eie hulp word sterk benadruk, alhoewel die maatskaplike werker nog gesien word as die probleembepaler, die beplanner, die ingeligte buitestaander wat sake objektief kan sien en beoordeel, die swakhede en kragte kan ontdek, die oorsake van probleme kan opspoor en kan sê hoe probleme verwyder kan word. Die maatskaplike werker doen baie vir die kliënt, skryf voor en probeer die kliënt oorreed om alle voorskrifte stiptelik uit te voer" 1). Daarin is heelwat verruiming van insigte waaronder die besef dat die verhouding tussen werker en kliënt baie belangrik is en dat die oplossing van stoflike node nie slegs in die verandering van omgewing of die verwydering van die indiwidu uit die omgewing wat vir die besondere probleem verantwoordelik is, geleë is nie, maar dat die kliënt se maatskaplike verhoudinge aandag verg. Maatskaplike werk tree ook nou sterk na vore as 'n <u>beroep met sy eie werkterrein</u>.

Hierdie drie fases vorm die belangrikste periodes in die ontwikkeling van gevallewerk wat as oorgangstyd beskou kan word waarin bepaalde beginsels en prosedures hulle beslag gekry het om gevallewerk tot moderne benaderingswyse te laat uitstyg.

---

1. Van Bochove in <u>Professionele maatskaplike werk</u>. P. 58.

(b) Die tydperk 1920 tot 1933.

Gedurende hierdie tydperk kry ons te doen met

(i) die sielkundige fase. Na die Eerste Wêreldoorlog van 1914 - 1918 met die nagevolge van geestelike en maatskaplike ontwrigting, het maatskaplike werkers met probleme van emosionele aard, versteurde maatskaplike verhoudings en probleme van heraanpassing van die teruggekeerde soldate te doen gekry. Maatskaplike werkers met hulle sosiologiese oriëntering het die gebrek gevoel aan meer sielkundige kennis om die bepaalde emosionele probleme soos frustrasie, aggressiwiteit, neuroses en psigoses die hoof te bied. „This was an era in which an interest in psychology and in educational method was rapidly developing" 1).

Baie gou is daar besef dat maatskaplike probleme nou minder as ooit deur materiële bystand en blote verandering of manipulasie van die omgewing opgelos kan word.

Gedurende hierdie tyd het die psigo-analitiese beginsels van Freud en die teorieë van ander sielkundiges soos Adler, Jung en veral Otto Rank wye bekendheid verwerf en belangstelling in maatskaplike werkkringe geniet. Die indiwidu in plaas van die gesinseenheid het op grond van hierdie teorieë die middelpunt van belangstelling geword. Sodoende word die hulpaksie gerig op die bevryding van emosionele spanning en konflikte en geniet die onderlinge verhoudinge van die indiwidu en sy gesinsverband sowel as sy maatskaplike betrekkinge na buite die aandag van die maatskaplike werker. Die uitgangspunt is nou dat die indiwidu gehelp moet word om homself emosioneel en andersins te handhaaf en in bevredigende betrekkinge

---

1. Aptekar, H.H. The dynamics of casework and counseling. New York, Houghton Mifflin Company, 1955. P. 5.

met ander te lewe [1].

Hierdie ontwikkelings op die gebied van die Sielkunde bring 'n nuwe ontwikkeling in die gevallestudie wat tot 'n eensydige sielkundige benadering geneig het. Sodoende is die sosiologiese benadering gewysig deur die bykomende insig en belangstelling in die innerlike sielelewe van die kliënt. Dit bring mee dat die metode van gevallewerk twee verskillende rigtings inslaan, naamlik die diagnostiese en die funksionele benadering [2].

Die diagnostiese benadering is gefundeer op die psigo-analitiese beginsels en opvattinge van Freud en deur Mary Richmond nagevolg. Van Bochove som dié twee uitgangspunte soos volg op: „Die grondliggende gedagte (van die diagnostiese) was dat rekening gehou moet word met die psigo-sosiale aspekte van die voorgeskiedenis van die kliënt omdat dit 'n baie belangrike rol speel in die diagnose en evaluasie van die probleem en veral ook in die sosiale behandeling. In hierdie onderskeie prosesse is dit veral die maatskaplike werker-kliënt-verhouding, wat 'n baie belangrike plek inneem. Die funksionele benadering staan hierteenoor. Dit is die analitiese benadering wat gefundeer is op die psigologiese denke van Rank soos veral nagevolg deur Jessie Taft. Hierdie benadering kom daarop neer dat die welsynsorganisasie en sy beleid, struktuur en funksie die spil is waarom die aktiviteite van die maatskaplike werker in belang van die kliënt en sy direkte probleem draai en waarvolgens die kliënt die dienste wat hom aangebied word, kan gebruik na gelang van sy eie

---

1. Vgl. Van Bochove in Professionele maatskaplike werk. P. 59.
   Vgl. Stroup. Social work. P. 5.

2. Vgl. Van Rooyen. Diagnostiese en funksionele benaderings in die gevallestudie metode. P. 13 en P. 19.

wilsbesluit" [1].

(ii) <u>Die sosiologies-sielkundige fase</u> het ingetree aan die einde van die twintiger en die begin van die dertiger jare toe maatskaplik ekonomiese toestande ingrypende veranderings tot gevolg gehad het. Met die depressie van 1929 - 1933 het die materiële nood sterk op die voorgrond getree toe persone wat voorheen selfversorgend was, as gevolg van die depressie werkloos geraak het en gladnie in staat was om in hulle onmiddellike nood te voorsien nie. Die gevolg was dat noodlenigingsorganisasies op groot skaal ontstaan het waarheen werkloses in groot getalle hulle toevlug geneem het. Dit het die besef laat groei dat alle probleemsituasies nie sonder meer uit die persoonlikheid van die mens voortkom nie en dat daar tussen die indiwidu en sy lewensmilieu ŉ voortdurende wisselwerking bestaan. Dit het die besef gebring dat daar voortdurend rekening gehou moet word met die innerlike en die uiterlike faktore naamlik die sielkundige sowel as die sosiologiese. Die sosiologiese uitgangspunt in die gevallewerk is dat die mens en sy lewensmilieu, dit wil sê die samelewing, nie van mekaar losgemaak kan word nie. [2].

Virginia Robinson se publikasie van <u>A Changing Psychology in Social Casework</u> [3] bring die diagnostiese teenoor die funksionele benadering in die indiwiduele behandeling in stryd met mekaar. Die grondliggende gedagte van <u>wisselwerking</u> in die verhouding tussen maatskaplike werker en kliënt is van besondere belang. Die eie persoonlikheid van die maat-

---

1. Van Bochove in <u>Professionele maatskaplike werk</u>. P. 60.

2. Vgl. Idem.
Vgl. Aptekar. <u>The dynamics of casework and counseling</u>. P. 64.
Vgl. Kamphuis, M. <u>Wat is social casework?</u> Groningen, N. Samson N.V., Alphen aan den Rijn, 1964. P. 18.

3. Robinson, Virginia. <u>A changing psychology in social casework</u>. Chapel Hill, University of North Carolina Press, 1930.

skaplike werker waarmee die tussenmenslike verhouding opgebou word, maak ŉ belangrike werktuig uit. Robinson bestempel ook die begrip supervisie as onmiskenbare metode van onderrig in die skoling en ontwikkeling van die persoonlikheid.

(c) Die tydperk 1934 tot 1950.

Die tendens gedurende hierdie tydperk word op kernagtige wyse deur Van Bochove saamgevat: „Baie sterker as ooit tevore, en veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, het die nuwere opvattinge begin posvat, naamlik dat die maatskaplike werker altyd te make het met ŉ persoon in ŉ situasie en dat daar ŉ ingewikkelde samehang bestaan tussen persoon en lewensomgewing. Gevallewerk het veral deur hierdie benadering ŉ hoogs belangrike bydrae gelewer en die algemene insig verryk en verdiep en die moontlikhede om iets aan maatskaplike nood te doen en daarin iets te laat verander, tot groot hoogtes gevoer" 1).

c. ŉ Sosiologiese fundering van gevallewerk.

ŉ Sosiologiese stelsel wat vir maatskaplike werk in die algemeen en in die besonder vir die gevallewerk van groot betekenis is, is die handelingsteorie. Die sosiale handelingsteorie kan teruggevoer word tot die Duitse idealistiese sosiaal-wetenskaplike tradisie en meer bepaald tot Max Weber.

Die Sosiologie word deur Weber gedefinieer as: „... eine Wissenschaft, welche soziales Handeln deutend verstehen und dadurch in seinen Ablauf und seinen Wirkungen ursachlich erklären will" 2), m.a.w. die wetenskap wat

---

1. Van Bochove. Professionele maatskaplike werk. P. 61.

2. Banning, W. Theologie en sociologie. Een terreinverkenning en inleiding. Assen, Van Gorcum en Comp. N.V., Ongedateer. P. 30-31.

probeer om maatskaplike handelinge te verstaan en langs daardie weg tot ŉ oorsaaklike verklaring van die verloop en gevolge daarvan te kom. Vir Weber is die wesenlike element in ŉ handeling nie die uiterlike waarneembare gedrag van ŉ persoon nie, maar wel die innerlike sin en betekenis wat die persoon self daaraan heg, met ander woorde, die subjektiewe motivering van die handeling. So gesien is ŉ handeling maatskaplik vir sover die handelende persoon hom deur ander persone laat beïnvloed.

Weber sien die taak van die Sosiologie dan om die sin en betekenis van mense se handelinge te verstaan. Die sosioloog moet weet waarom mense op ŉ bepaalde manier optree. Om dit te wete te kom moet die sosioloog die motiveringe wat aan die handeling ten grondslag lê, leer begryp. Sodoende word Weber se metode ook die begrypende metode in die Sosiologie genoem. Weber het hom toegelê om nie net feite te versamel nie, maar ook om in die feite wetmatighede te probeer ontdek om tot ŉ oorsaaklike verklaring van die feite te kom [1].

Sosiale handelinge word deur Max Weber beskou as optrede wat gerig word deur die bewussyn van ander persone wie se gedrag deur die handelende persoon, ook genoem die akteur, beskou word as inwerkend op die verwesenliking van sy eie doeleindes.

Binne die raamwerk van die sosiale handelingsteorieë kan die volgende afleidings gemaak word:

(1) Dat groepsgedrag terug verwys kan word na en betekenis verkry in terme van die subjektiewe oogmerke van die indiwiduele deelnemers. Optrede teenoor ander word aangespoor deur motiewe wat gerig is op verwesenliking van doeleindes. Sosiale handeling berus op die bevrediging van begeertes,

---

1. Vgl. Barnes. An introduction to the history of sociology. P. 289.

houdinge of disposisies in die vorm van waardes en belange.

(2) Dat doelgerigte optrede in 'n situasie op 'n bepaalde plek en tyd voorkom. Sekere aspekte van die situasie wat onvoorwaardelik is, is toestande (omstandighede) waarmee enige handelende persoon rekening moet hou, terwyl die aspekte wat deur die akteur verander word om sy doel te verwesenlik, middele genoem word.

(3) Dat daar altyd alternatiewe middele tot doeleindes of alternatiewe doeleindes self is, wat die uitoefening van 'n keuse vereis. Die keuse in menslike optrede, wat nie heeltemal willekeurig is of deur omstandighede voorgeskryf word nie, kan beperk word deur sosiale kodes, kulturele standaarde en institusionele vorme.

Max Weber se beskouing van sosiale handeling vorm die grondslag van die handelingsverwysingsraamwerk wat kortliks op die volgende neerkom:

(1) Sosiale handeling wat beide versuim van handeling, passiewe berusting of instemming insluit, kan gerig wees op die verlede, teenswoordige of verwagte toekomstige gedrag van andere. Die „andere" mag indiwiduele persone wees aan die akteur bekend of dit mag 'n onbepaalde pluraliteit vorm, as indiwidueel onbekend aan die akteur.

(2) Nie alle handelinge is „sosiaal" nie. Sigbare handelinge is naamlik nie-sosiaal nie wanneer dit bloot op lewenslose voorwerpe gerig is. Subjektiewe houdinge vorm slegs sosiale handelinge in soverre dit op die gedrag van andere gerig is.

(3) Nie alle tipe kontak tussen menslike wesens het 'n sosiale aard nie; dit word beperk tot gevalle waar die akteur se gedrag betekenisvol op die van andere gerig is.

(4) Sosiale handelinge is nie identies met die ooreenstemmende handelinge

van talle persone of met handelinge wat deur ander persone beïnvloed is nie.

Die belangrikste eksponente van die handelingteorie van Weber is Parsons, Znaniecki, Becker en MacIver. Hulle stem basies ooreen met Max Weber se begrip van sosiale handeling en verder dat groepsgedrag terug verwys moet word na, en betekenisvol word in terme van die subjektiewe bedoelinge van die indiwiduele deelnemers [1].

Kennis van die handelingsteorie sal bydra tot ʼn beter begrip van veral gevallewerk as metode in maatskaplike werk.

d. Die huidige benaderingswyse van gevallewerk as metode in maatskaplike werk.

Gedurende die 20ste eeu merk ons ʼn groot aksentverskuiwing vanaf ʼn stelsellose massabedeling „... tot doelmatige, geïndividualiseerde hulpverlening, van uniforme materiële steun tot gespesialiseerde behandeling, van genesende tot voorkomende sorg, van weldadigheid, liefdadigheid en armeversorging tot beroepsmatigheid en deskundigheid en van motief tot daadwerklike funksie" [2].

ʼn Opvallende kenmerk van gevallewerk in die moderne bedeling is die feit dat die diagnostiese sowel as die funksionele benaderings vandag aangewend word. Dit bring mee dat die twee rigtings nader aan mekaar gegroei het. Kamphuis skryf: „Langzamerhand heeft men vee meer oog

1. Vgl. Roode, C.D. Robert M. MacIver - ʼn Kritiese waardering van sy sosiologiese beskouings. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Bloemfontein, November 1964. Veral Band 2.
Vgl. Brown, S.C. „Some methods of sociology" in The study of society. London, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co.,Ltd., 1939. P. 387-398.

2. Van Bochove. Professionele maatskaplike werk. P. 61.

gekregen voor de betekenis van de milieu - bredergezegd de sociologische factoren, terwijl men thans probeert meer tot een synthetische visie te geraken, waarin niet alleen psychologische en sociologische factoren beide hun plaats hebben, maar ook als interdependent gezien worden" [1].

'n Goeie voorbeeld waarin beide rigtings sinvol geïntegreer is, is die werk van Perlman: Social casework. A problem-solving process. So het daar dan uit die oordrewe spesialisasie en oorbeklemtoning van een van die twee rigtings, die generiese benadering ontwikkel wat maatskaplike werkers instaat stel om gevallewerk op alle terreine te kan gebruik soos ten opsigte van aannemings, pleegsorg, psigiatriese maatskaplike werk, gesinsorgwerk ensovoorts.

'n Baie belangrike tendens is die sentrale plek wat aan die gesin as eenheid toegesê word in die moderne maatskaplike werk. Kamphuis stel dit so: „Ook moet gewezen worden op het weer centraal stellen van het gezin als eenheid voor onderzoek en behandeling in het social casework in de laatste jaren" [2]. Sy gaan verder en skryf daar „... moet ook vermeld worden de modificatie van de methode die aangebracht werd ten behoeve van de z.g. ‚multiproblem families'. Wij denken aan het werk dat aangedui word als ‚aggressive casework' of ook wel ‚outreaching casework', waarin getracht wordt de zeer ernstige probleemgezinnen, die dikwijls ook zeer negatief ten aanzien van de maatschappij en de instellingen voor maatschappelijk werk staan, te bereiken en te helpen" [3].

---

1. Kamphuis. Wat is social casework? P. 19-20.

2. Ibid. P. 20.
   Vgl. Van Bochove in Professionele maatskaplike werk. P. 62.

3. Kamphuis. Wat is social casework? P. 20-21.
   Vgl. Van Bochove in Professionele maatskaplike werk. P. 62.
   Vgl. Van Rooyen. Diagnostiese en funksionele benaderings in die gevallestudiemetode. P. 30-32.

e. Die doel van gevallewerk as metode in maatskaplike werk.

Met hierdie metode word hoofsaaklik beoog om mense op 'n persoon-vir-persoon grondslag te help om die hoogste graad van persoonlike ontwikkeling en aanpassing te bereik. Dit het betrekking op die indiwidu en sy positiewe aanpassing in die lewe asook op sy algemene maatskaplike welsyn. Dit is ondenkbaar om op die mens te konsentreer sonder inagneming van die maatskaplike faktore wat tot die probleemtoestand bygedra het.

Biestek sê die „... purpose of casework, according to this definition (definisie van Bowers), is to help the client make a 'better adjustment'; casework helps a person meet a problem, fill a need, receive a service. The means to this purpose are the mobilization of dormant capacities in the individual, or the mobilization of appropriate community resources, or both, depending upon the needs of each client" [1].

Werner Boehm skryf: „The purposes of social casework are conceived as the specific goals which are contained in the ultimate goal of social casework. These purposes are of two kinds: Improvement or restoration of impaired social functioning; preservation and enhancement of threatened social functioning" [2].

Volgens Boehm se bostaande definisie behels die doel van gevallewerk 'n tweeledige stel aktiwiteite naamlik:

(1) Die bevordering en herstel van 'n persoon se belemmerde kapasiteit vir maatskaplike funksionering.

Dit beoog die uitskakeling en/of kontrole van daardie faktore in die

---

1. Biestek. The casework relationship. P. 3.
2. Boehm, Werner W. The social casework method in social work education. New York, Council on Social Work Education, 1959. P. 45.

maatskaplike verhoudings wat die wan- en disfunksionering in die hand werk. Die doelstellings kan daarom beskou word as helend en rehabilitatief in die sin dat persoonlike en maatskaplike bronne verbeter word en dat sluimerende potensialiteite in die indiwidu gemobiliseer word om in die fisiese, maatskaplike, intellektuele, emosionele en geestelike gebiede te funksioneer. Dit konsentreer op indiwidue se gedrag in maatskaplike verhoudings wat hul rolvervulling teenstrydig of nadelig beïnvloed. Die aktiwiteite bestaan hoofsaaklik en spesifiek uit die gebruikmaking van persoonlike en maatskaplike bronne wat voorheen gefunksioneer het of wat teenwoordig funksioneer maar nie tot die mate wat hulle moet of kan funksioneer nie, te ontwikkel.

(2) Die behoud en bevordering of versterking van bedreigde maatskaplike funksionering.

Dit behels die ontdekking of blootlegging, kontrole en uitskakeling van toestande en situasies wat, indien hulle nie beheer sou word nie, die doeltreffende maatskaplike funksionering nadelig sou beïnvloed en sou strem. Deur middel van gevallewerk sal die kliënt gehelp kan word om indiwiduele en omgewingsfaktore wat moontlik probleme kan laat ontstaan of herontstaan of dit kan vererger, uit te skakel of te kontroleer. Dit hou ook in dat 'n borswering binne probleemgeneigde gebiede opgebou moet word.

Uit voorgaande uiteensetting kan ook afgelei word dat die probleme waarop hierdie metode toegespits word, sowel psigiese as maatskaplike faktore wat die persoon se maatskaplike funksionering beïnvloed, inhou. Daarom is dit ook moontlik dat die maatskaplike werker hulp kan verleen omdat, soos Hollis dit stel, die maatskaplike werker glo dat menslike

gedrag wetlike eerder as toevallige patrone volg, en dat dit derhalwe verstaan en doelbewus beïnvloed kan word [1].

Die doelstellings impliseer en vereis die nastrewing van 'n hele reeks inmekaar verweefde professionele aktiwiteite. Boehm sê: „These activities are the core of the social casework method. They are the means whereby service are rendered. Four activities can be distinguished for all methods of social work: assessment of the problem; planning for solution; implementing the plan; and evaluating the outcome. In social casework, these activities comprise tasks germane to the purpose of that method" [2].

Van Zyl omskryf die doel van hierdie metode „... as 'n diens, 'n noodlenigingsdiens, wat beskikbaar gestel word aan persone wat in maatskaplike nood verkeer. Die eintlike brandpunt in die aktiwiteite van die individuele hulpbetoon is dus die maatskaplike nood en die leniging daarvan.

„... maatskaplike nood (kan) beskryf word as menslike behoeftes wat om bevrediging roep" [3].

Hierdie nood, aldus Van Zyl, ontstaan in die mate waarin wesenlike menslike behoeftes nie voldoende bevredig word nie. Dit word in die daaglikse lewe gemanifesteer in gebrekstoestande, siekte, versteurde verhoudings, antisosiale gedrag, die belewing van ondraaglike fisiese en/of psigiese ongemak.

Die voorgenoemde skrywer onderskei in die menslike behoeftelewe vier

---

1. Vgl. Hollis, Florence. „Social Casework" in Social Work Year Book, 1957. P. 525.
2. Boehm. The social casework method in social work education. P. 46-47.
3. Van Zyl, G.J. „Die hulpmiddels en bedrewenhede in die individuele behandeling" in Professionele maatskaplike werk. P. 90-91.

demensies wat menslike behoeftes op vier lewensvlakke manifesteer. Maar daar is ŉ onderlinge gebondenheid en ŉ voortdurende oor-en-weer-beïnvloeding tussen hierdie vier lewenswerklikhede sodat die mens altyd in sy geheel, die totale mens gesien moet word. Hy noem vier afsonderlike behoeftegroepe wat eintlik vir hulleself spreek, naamlik:

(i) Die mens is ŉ fisieke wese met liggaamlike behoeftes, soos die behoefte aan kos, klere, onderdak, vars lug, liggaamlike beweging ensovoorts. Dit sluit ook die ekonomies-fisiese behoeftes in, trouens materiële of ekonomiese nood is in die meeste gevalle die eerste rede vir maatskaplike werk-aktiwiteit.

(ii) Die mens is ook ŉ psigiese wese met geestelike en emosionele behoeftes wat minder konkreet, minder opvallend en daarom moeiliker onderskeibaar as die liggaamlike behoeftes is. So vra die instandhouding van die geestelike „ek" toegeneentheid van ander mense, aanvaarding, agting, geleentheid om waardevol te wees, om dinge tot stand te bring; dit vra om sekuriteit en vryheid van ongesonde beperking en elke mens vra om lief te hê en aan liefde ook deel te hê, ensovoorts. Maar wanneer die geestelike en emosionele behoeftes nie voldoende bevredig word nie, ontstaan daar toestande soos onttrekking, gevoelspanning, aggressiviteit, vereensaming, angs en soms selfs ŉ vernietigende minderwaardigheidskompleks.

(iii) As maatskaplike wese het die mens ook maatskaplike behoeftes wat saam met die liggaamlike behoeftes die beste in die saamlewe met ander bevredig word. Sterk behoeftes is onder andere die behoefte om te behoort aan, om te identifiseer met, deel te wees van fundamentele en maatskaplike groepe, behoefte aan gesellige verkeer ensovoorts.

(iv) Die mens is ŉ Godgeskape wese met ŉ ewigheidsbestemming en met godsdienstige behoeftes. Die mens soek altyd na ŉ Hoër Hand wat magtiger

is as sy lewensomstandighede op wie hy geheel en al kan vertrou; hy soek na lewenswaardes wat sy lewe kan lei en rig wat kan dien as lamp voor sy voet en lig op sy pad; hy soek na 'n morele kode en verlossing van sy sondes en skuldgevoelens.

Hierdie behoeftes word vandag alhoemeer besef, ook selfs in die Amerikaanse literatuur tref ons verwysings daarna aan soos wat onder andere Cora Kasius dit stel: „There is also agreement that social work is concerned with more than man's material welfare; things of the spirit, variously conceived and defined, are also accepted as part of social work's responsibility" [1].

f. Die aard en wese van gevallewerk as behandelingsmetode.

Die aard en wese van gevallewerk kan afgelei word van verskillende definisies waarvan die volgende goeie voorbeelde is:

(i) Mary Richmond: „Those processes which develop personality through adjustments consciously effected individual by individual, between men and their social environment" [2]. 'n Volgende definisie lui: „Social casework may be defined as the art of doing different things for and with different people by cooperating with them to achieve at one and the same time their own and society's betterment" [3].

(ii) Swithun Bowers: „Social casework is an art in which knowledge of the science of human relations and skill in relationship are used to

---

1. Kasius. „Are social work principles emerging internationally?" in Social casework. January 1953. P. 24.

2. Richmond, Mary E. What is social casework? New York, Russel Sage Foundation, 1922. P. 98.

3. Richmond, Mary E. The long view. New York, 1930. P. 374.

mobilize capacities in the individual and resources in the community appropriate for better adjustment between the client and all or any part of his total environment" 1).

(iii) ŉ Britse definisie voorgelê aan die komitee oor „Social work terminology": „Casework is a personal service provided by qualified workers for individuals who require skilled assistance in resolving some material, emotional or character problem. It is a disciplined activity which requires a full appreciation of the needs of the client in his family and community setting" 2).

(iv) Boehm: „Social casework is a method of social work which intervenes in the psychological aspects of a person's life to improve, restore, maintain, or enhance his social functioning by improving his role performance. Intervention occurs when the person or members of his group or his community, realize that his role performance is hampered or threatened. The intervention takes place through a professional relationship between the worker and the person, and also between the worker and other individuals whose interaction with the person affects his role performance. Since social functioning is a product of interaction among intrapsychic, somatic and social forces, social casework involves assessing the internal and social factors which impair or threaten the person's role performance in helping him to find and use the somatic, psychic and social resources at his disposal, to eliminate or reduce malfunction and

---

1. Bowers. „The nature and definition of social casework" in Principles and techniques in social casework. P. 127.

2. Davison, Evelyn H. Social casework. London, Bailliere, Tindall and Cox, 1965. P. 126.

to enhance functioning in social role" [1].

(v) Barnhoorn: Individueel maatschappelijk werk... is iedere maatschappelijk werk-activiteit, waarbij het individu, de client, eventueel met zijn allernaaste levensmilieu, in het centrum word gesteld, sowel wat betreft het zich verschaffen van inzicht in zijn geval als wat betreft de wijze waarop hem hulp word geboden" [2].

(vi) Hollis beskou hierdie metode as ꞌn psigososiale terapie en sê: „... when casework is employed to help the client achieve better social functioning, it becomes a form of psycho-social therapy. It relies mainly on rational procedures closely allied to psycho-analytic techniques, augmented by methods of direct influence when diagnoses indicates that these will be more effective" [3].

(vii) Perlman: „Social casework is a process used by certain human welfare agencies to help individuals to cope more effectively with their problems in social functioning" [4].

(viii) Kamphuis: „Social casework is een beroepsmatige methode, gebruikt door social caseworkers ten behoeve van een persoon die hulp nodig heeft in een van de sectoren van zijn sociaal functioneren" [5].

Die Vaktaalkomitee vir die samestelling van ꞌn Verklarende Afrikaanse

---

1. Boehm. The social casework method in social work education. P. 44-45.
2. Barnhoorn. Individueel maatschappelijk werk en geestelijke gezondheidzorg. P. 29.
3. Hollis. Casework. A psychosocial therapy. P. 29-30.
4. Perlman. Social casework. A problem-solving process. P. 4.
5. Kamphuis. Wat is social casework? P. 40.

Woordeboek vir Maatskaplike Werk gee voorkeur aan die term gevallewerk [1] in plaas van die indiwiduele behandelingsmetode en omskryf gevallewerk soos volg: „('n) Metode in die maatskaplike werk waarvolgens 'n kliënt deur 'n verskeidenheid van vaardighede, tegnieke en ander hulpmiddels gehelp word om sy maatskaplike funksionering te bevorder" [2].

Na aanleiding van bostaande definisies en omskrywings kan maatskaplike gevallewerk beskryf word as die vakkundige metode waarin 'n deskundige (maatskaplike werker) werksaam is binne die opset van 'n welsynsorganisasie (geld ook die Departement van Volkswelsyn en Pensioene). Hierby moet inaggeneem word sekere grondliggende waardes, kennis wat in verband staan met die verskynsel van maatskaplike hulpverlening wat op vaardige wyse aangewend word om 'n kliënt (met maatskaplike funksioneringsprobleme) op direkte en indirekte wyse te beïnvloed tot verbeterde maatskaplike funksionering en rolvervulling [3].

Bowers het na die ontleding van vier-en-dertig definisies van die gevallestudiemetode tot die volgende gevolgtrekkings geraak:

(i) Die gevallestudiemetode is 'n kuns [4].

(ii) Die materiaal van die gevallestudiemetode is enige indiwidu of gesin (groep van indiwidue saamgebind deur bande van bloed en liefde) wat met 'n probleem na 'n welsynsorganisasie gaan.

(iii) Die doel van hierdie metode is om bronne in die gemeenskap en

---

1. Gevallewerk sal voortaan gebruik word as die benaming van die metode in maatskaplike werk, ook bekend as gevallestudiemetode of indiwiduele behandelingsmetode.

2. Volkswelsyn en Pensioene. Amptelike halfjaarlikse tydskrif van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang 1, No. 1. Des. 1966. P. 30.

3. Vgl. Theron. Die begrip maatskaplike werk... P. 158.

4. Vgl. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 66.

moontlikhede in die indiwidu in werking te stel om 'n beter aanpassing tussen die indiwidu en sy omgewing te laat plaasvind.

(iv) Die besondere middels waarvan gebruik gemaak word is maatskaplike werkers wat oor sekere kennis en vaardighede beskik oor die hantering van verhoudings.

Die kernelemente van gevallewerk soos uit bostaande blyk is vakkundigheid, sistematiese en vaardige werkwyse, die maatskaplike werker, die kliënt met maatskaplike probleme, die organisatoriese opset, 'n sisteem van kennis van maatskaplike hulpverlening en aanverwante vakwetenskappe en die beïnvloeding in 'n positiewe sin van die kliënt.

Van Niekerk beklemtoon die belangrikheid van die feit dat gevallewerk 'n <u>proses</u> is omdat daar geen wonderwerk gebeur in die sin dat dit meteens vir die kliënt moontlik is om homself op doeltreffende wyse te handhaaf, al sy moeilikhede in die maatskaplike lewe die hoof te bied en tot 'n beter aanpassing te geraak nie. „Die veroorsakende faktore wat daartoe gelei het dat die mens ongelukkig en swak aangepas in sy omgewing, sy werk en in sy verhoudinge met sy gesinslede en ander is, het gewoonlik hul oorsprong in sy vroeëre lewe en beïnvloed heel dikwels sy persoonlikheid in so 'n mate dat verandering of groei alleen deur 'n langdurige proses moontlik is.

„Ons wil dus die stappe in die proses onderskei maar seer sekerlik nie van mekaar skei nie, te wete:

„(a) Die aanmelding en inskrywing,

„(b) Die ondersoek of gevallestudie,

„(c) Die probleembepaling en evaluasie, en

„(d) hulpaksie of behandeling" [1].

Gevallewerk begin dus met die aanmelding wat die basis vorm vir verdere werksaamhede en sluit die volgende komponente van die gevallewerkproses in, naamlik:

(i) die ondersoek of studie van die probleem;

(ii) die diagnose of probleem-bepaling, met ander woorde die maatskaplike werker se professionele opinie oor die aard van die probleem en evaluasie wat die maatskaplike werker se professionele skatting is van die moontlikhede en beperkinge in die kliënt wat die oplossing van die probleem sal vergemaklik of vertraag. Saam met die diagnose en evaluasie word hieronder ingesluit die prognose wat die maatskaplike werker se professionele opinie is oor die moontlikhede dat die beoogde behandeling kan slaag;

(iii) die behandeling wat ook beskryf kan word as die hulpaksie wat gebaseer is op die probleembepaling, evaluasie en prognose.

Die elemente van die gevallewerkproses vorm 'n onafskeidbare eenheid hoewel dit soms gerieflikheidshalwe apart van mekaar bespreek word. So is die versameling van gegewens reeds behandel. Die ondersoek is die versameling en ordening van die gegewens en feite, die diagnose is psigo-sosiaal en dinamies van aard. By die diagnose word getrag om die probleem van die kliënt in sy sosiale opset te omskryf. Evaluering is die vakkundige opinie van die maatskaplike werker oor die moontlikhede en beperkings met betrekking tot die maatskaplike funksionering van die

---

1. Van Niekerk, S.E. „Die aanmelding, ondersoek, probleembepaling en evaluasie in die individuele behandelingsmetode" in Professionele maatskaplike werk. P. 70.

kliënt. Die behandeling is psigo-sosiaal van aard en maak die eintlike kern uit van gevallewerk.

Volgens Kamphuis [1], Hollis [2] en andere kan die behandeling tweeledig van aard wees, naamlik:

(i) Omgewingsmanipulasie [3], dit wil sê omgewingsfaktore naamlik uiterlike faktore wat deur mense verander of beïnvloed kan word om sodoende die probleem op te los of te help oplos. Dit sluit in finansiële ondersteuning, woningverskaffing of -verandering, verwydering na inrigtings, verplasing na ander werkkringe ensovoorts.

(ii) Psigologies georiënteerde behandeling waardeur in onderhoude met die kliënt getrag word om hom te beïnvloed om sy probleem te begryp en sy houding te verander. Die belangrikste wyses van optrede hieronder is sielkundige onderskraging, opheldering of beraad en insigterapie [4]. Hollis noem eerstens ondersteunende behandeling om die ego te versterk om binne die kader van bestaande afweermeganisme goed te funksioneer. Dit word gedoen deur bemoediging, advies en leiding, inligting, konfrontering met die werklikheid, geleenthede vir katarsis ensovoorts. Tweedens noem Hollis klassifikasie as 'n sinoniem vir beraad (counseling).

Die mikpunt is die intellektuele en in 'n mate ook emosionele begryping van die kliënt, van homself, sy omgewing en die mense met wie die

---

1. Vgl. Kamphuis. Wat is social casework? Hoofstuk 4.
2. Vgl. Hollis. „Social casework" in Social work year book. 1957. P. 527.
3. Vgl. Hamilton. Theory and practice of social casework. P. 246.
4. Vgl. Hollis, Florence. „The techniques of social casework" in Principles and techniques in social casework onder redaksie van Cora Kasius. New York, Family Service Association of America, 1950. P. 415-426.

kliënt in aanraking kom. „Always the effort is to help the client to think more clearly, to react more realistically, and to plan more wisely" [1]. Sy noem derdens insigterapie waarin die kliënt gehelp word tot diepere begryping van sy eie reaksies, bewus of onbewus, en waarin van die verskynsel van oordrag in ŉ mate gebruik gemaak word. Hierdie tipe behandeling word deur Barnhoorn beskryf as „... psychiatrisch-sociale maatschappelijkwerk therapie" [2].

Hierbenewens het ook ŉ vierde wyse van behandeling ontwikkel naamlik die nie-direktiewe behandeling waarin die kliënt die geleentheid kry om sy probleem in ŉ rustige omgewing te stel en waarin die maatskaplike werker net telkens ŉ samevatting van die kern van sy stellinge weergee. Hierdie wyse van behandeling is veral ontwikkel deur Carl Rogers in verskillende werke [3] wat uit sy pen verskyn het.

g. Die hulpmiddels in gevallewerk.

Die maatskaplike werker maak gebruik van vier basiese hulpmiddels of werkwyses (techniques) om die proses van ondersoek-diagnose-behandeling moontlik te maak, naamlik:

(i) Die professionele verhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt. Hierdie vakkundige verhouding is ŉ verhouding van wedersydse

---

1. Hollis, Florence. „The techniques of social casework" in Principles and techniques in social casework. P. 420.
2. Barnhoorn. Individueel maatschappelijk werk en geestelijke gezondheidszorg. P. 30.
3. Vgl. Rogers, C.R. Client-centered therapy. Boston, Houghton Mifflin Co., 1951.
   Vgl. Rogers, C.R. Counseling and psycho-therapy. New concepts in practice. Boston, Houghton Mifflin Co., 1942.
   Vgl. Rogers, C.R. and Kinget, G.M. Psychotherapie en menselijke verhoudingen, Utrecht, Spectrum, 1959.

vertroue wat die kern van gevallewerk vorm. Biestek sê: „The relationship between the caseworker and the client is the medium through which the knowledge of human nature and of the individual is used; knowledge alone, without skill in relationship is inadequate. The relationship is also the channel of the entire casework process; through it flow the mobilization of the capacities of the individual and the mobilization of community resources; through it also flow the skills in interviewing, study, diagnosis, and treatment" [1].

Hierdie professionele verhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt word so hoog geag dat die voorbeeld gebruik word dat dit as die siel van gevallewerk beskou kan word terwyl die proses van ondersoek-diagnose-behandeling as die geraamte of liggaam bestempel word.

Biestek noem ook sekere beginsels van die professionele verhouding wat uitgewerk word tot selfstandige hoofstukke en wat ook die basiese beginsels van gevallewerk vorm, naamlik: „Individualization, purposeful expression of the feelings, controlled emotional involvement, acceptance, the non-judgemental attitude, client self-determination, confidentiality" [2].

(ii) Die <u>onderhoud</u> word gebruik as hulpmiddel wat in ŉ fyn kuns ontwikkel kan word. Onder andere wy Annette Garrett ŉ hele hoofstuk aan „The art of interviewing" [3]. Onderhoude kan plaasvind op kantoor, aan huis van die kliënt of elders. ŉ Groot mate van aanvoeling, takt en ŉ natuurlike vermoë om met mense kontak te maak, vorm die basis waarop die

---

1. Biestek. <u>The casework relationship</u>. P. 4.

2. Ibid. P. IX.

3. Garrett, Annette. <u>Interviewing. Its principles and methods</u>. New York, Family Service Association of America, 1966. P. 5.

formele kennis gebou moet word. Garrett skryf: „Interviewing is an art, a skilled technique that can be improved and eventually perfected primarily through continued practice. But mere practice alone is not enough. Skills can be developed to their fullest potentialities only when practice is accompanied by knowledge about interviewing and self-conscious study...

„The obvious fact about interviewing is that it involves communication between two people... Special problems confront both interviewer and interviewee..." [1].

„For an interview to be successful, the diverse fears of both interviewer and interviewee must be allayed, and the diverse desire of both must be met. Rapport must be established between the two, a relationship that will enable the interviewee to reveal the essential facts of his situation and that will enable the interviewer to be most effective in helping him" [2].

(iii) Die maatskaplike werker maak ook van bronne gebruik in al drie stadia van die gevallewerkproses. Dit word gebruik veral by die ondersoek waar alle beskikbare inligting ingewin moet word, en by die behandeling waar die suksesvolle optrede dikwels afhang van die bronne wat in die gemeenskap beskikbaar is. Omgewingsverandering is dan ook een van die belangrikste wyses van behandeling waarheen die maatskaplike werker hom wend.

Hamilton lê klem op „... a thorough grounding of knowledge as to socio-economic factors in the community which have influence upon individuals: population make-up and trends, industrial and health conditions; history of the community, political or governmental structure, educational provisions

---

1. Garrett. Interviewing. Its principles and methods. P. 8.
2. Ibid. P. 9.

and standards, religious influences, ethical standards and so forth... Because of such knowledge he will come to understand social needs - what they are, how they change, ways in which they are being met..., he will comprehend resources for meeting social needs..." 1).

In die gemeenskap word daar altyd een of ander vorm van voorsiening vir materiële noodleniging aangetref. Hierbenewens word ook sielkundige dienste beskikbaar gestel veral deur die samewerking met verenigings vir geestesgesondheid.

Benewens die bronne in die gemeenskap is daar ook die bronne of moontlikhede in die indiwidu self soos sluimerende skeppingsmoontlikhede in elke persoon.

(iv) Die maatskaplike werker maak as vakkundige gebruik van <u>verslae</u>. Dit staan ook bekend as gevallestudierekords en rapporte wat ook opsommings en prosesverslae insluit. Verslae kan op verskillende maniere opgestel word, naamlik in verhalende trant, in vorm van gekondenseerde, beskrywende verslae of in die prosesvorm waarin elke detail van die onderhoud weergegee word; of soos Hamilton dit noem, die opsommende verslag waarin die materiaal gerangskik word onder sekere hoofde soos byvoorbeeld gesinsamestelling, eties-religieuse aspekte, geskiedkundige agtergrond ensovoorts. Op hierdie wyse kry die maatskaplike werker die geleentheid om al die inligting en sy denke op papier te orden. Die verslag vorm ook die belangrikste bron van inligting oor elke geval vir die volgende werker en daar moet ook periodieke opsommings van die behandeling se verloop geskryf word, waarop die werker sy eie werk kan beoordeel om die vordering te bepaal.

---

1. Hamilton. <u>Theory and practice of social casework</u>. P. 84-85.

Hamilton skryf: „Careful recording is essential for evaluation... Some impression as to the client's readiness, capacities, and ability to use treatment... is often helpful. The first formal evaluation recorded after the diagnostic summary appears in the statement of prognosis and treatability. Evaluation of the client's progress in treatment, which is a matter of constant review, may be shown by running comment and by evaluation summaries in which the course, use, and results of treatment are discussed" [1].

h. Samevatting.

Uit voorgaande blyk die belangrikheid van gevallewerk as dié metode in maatskaplike werk baie duidelik en in die praktyk word dit beslis baie meer gebruik as enige ander metode.

Die sterk reaksie op die psigo-analitiese oorbeklemtoning in die V.S.A. in die verlede en selfs vandag nog, die sterk na vore treding van die sosiale faktor in die Sielkunde en die aard en patroon van maatskaplike werk in Europa, het alles bygedra om maatskaplike werk in Suid-Afrika te versosiologiseer [2]. Hierdie versosiologisering van die hulpaksie en die vooropstelling van die diagnose is 'n kenmerk van maatskaplike werk in Suid-Afrika. Om 'n „goeie sosiale diagnose te kan stel" [3], is 'n vereiste vir die oplossing van alle probleme. Die behandeling en oplossing word gebaseer op die diagnose.

Suid-Afrika is wat die professionele maatskaplike werk betref en dan

---

1. Hamilton. Theory and practice in social casework. P. 236.
2. Vgl. Theron. Die begrip maatskaplike werk.... P. 146.
3. Verslag van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934. P. XXI.

veral gevallewerk, in 'n betreklike beginstadium van ontwikkeling. Gesien in die lig van die ontstaan en groei in die algemeen, was dit nie voor die laat twintiger en begin dertiger jare nie dat maatskaplike werk 'n relatief prominente plek verower het deur die opleiding van die eerste maatskaplike werkers. Die gevallewerk het veral in die vyftiger jare in Suid-Afrika besondere ontwikkeling ondergaan en toe het die nodige belangstelling begin toeneem.

Instemming word betuig met Van Bochove as sy skryf: „Die eerste en allergrootste stap om verder te kom, wat die individuele behandeling betref, is geleë in die ontwikkeling van 'n eie wetenskaplik gefundeerde werkswyse, 'n verantwoordelike ingesteldheid om bedrewenhede en hulpmiddels op te bou, om 'n probleembepaling en evaluasie te kan saamstel om daardeur 'n hulpaksie te bewerkstellig. Ons kan dus sê dat ons op die huidige tydstip in die ontwikkeling van die individuele behandeling in die teorie en die praktyk, besig is met die uitbouing van 'n eie metodiek, aangepas by ons eie kultuurpatroon" [1]. Hierby kan gevoeg word ons eie christelike lewens- en wêreldbeskouing en mensbeskouing gesien in die lig van ons christelik godsdienstige beginsels en uitgangspunte.

Dit is daarom nodig om gevallewerk met sy basiese beginsels van aanvaarding, selfverantwoordelikheid, vertroulikheid [2], nie-veroordeling, objektiwiteit, individualisasie, ensovoort, en die aanvaarde basiese uitgangspunte in maatskaplike werk in ooreenstemming te bring met die christelike lewens- en mensbeskouing. Want „... het zal van de aard van het geval, van de functie der maatschappelijk werk instelling, sowel als van de opvattingen (wetenschappelijke en religieus-ethische), de opleiding,

---

1. Van Bochove. Professionele maatskaplike werk. P. 63.
2. Vgl. Davison. Social casework. P. 8-33.

de training en de ervaring van de maatschappelijk werker afhangen of hij daarbij een in hoofdzaak materieel of sociaal sanerende, een milieu-sanerende of een op het verkrijgen van een betere en soepeler aanpassing van de client aan de gegeven realiteit gerichte behandeling zal toepassen"[1].

By die uitvoering van maatskaplike werk is die beginsel van liefde van die uiterste belang maar hoe belangrik die liefde ookal is, is vakkennis 'n vereiste [2]. Vakkennis sê Wurth is op die terrein van maatskaplike werk van groot belang „... omdat de verhoudingen hier zo ingewikkeld zijn. Het behoren bv. tot een zelfde sociologische of ook levensbeschouwelijke kring, hoe belangrijk het ook voor het onderling verstaan als client en helper mag zijn, waarborgt op zichzelf dat verstaan nog allerminst, omdat het vaak doorkruist word door verschillen van afkomst en milieu. Vandaar dat heel de opleiding van de maatschappelijk werker erop gericht dient te zijn mensen uit een heel ander geestelijk milieu toch zo goed te verstaan, dat men in staat is hen bevredigend te helpen" [3].

Wurth sê verder „... dat er een niet onbelangrijk waarheidselement in ligt, als het social casework als uitvloeisel van zijn mensbeschouwing steeds weer de eist stelt, dat zoveel het maar even kan de client tot een actief medewerker gemaakt moet worden bij het oplossing van zijn eigen problemen" [4]. Maar die betekenis van die basiese uitgangspunte in maatskaplike werk in ooreenstemming met 'n bepaalde lewens- en mensbeskouing bring ook die besef „... als door Christus verlost en door de

---

1. Barnhoorn. <u>Individueel maatschappelijk werk...</u> P. 29.
2. Vgl. Wurth. <u>Mensbeschouwing en maatschappelijk werk.</u> P. 21.
3. Idem.
4. Ibid. P. 72.

Heilige Geest herboren ben ik en blijft ik mens en ga ik zelfs meer dan ooit tevoren mijn medeaanspreeklikheid voor mijn medemensen in de wereld beseffen. En dàt zal juist voor mij al meer mijn diepste en krachtigste stimulans in mijn bemoeiing om hem te helpen zijn. Want hoe kan ooit de nood van anderen mij mèèr ter harte gaan, dan wanneer ik door Gods genade mij zelf uit de diepste nood van mijn mens-zijn gered mag weten?" 1).

## III. GROEPWERK AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK.

Konopka beweer: „Group work as a method of social work is only a recent concept. Originally it was conceived of as a movement, a way of democratic action, and a part of several fields of social services. Foremost among these were informal education, youth services, recreation, camping, the labor movement, settlement houses and community centers" 2).

Groepwerk as metode van maatskaplike werk is dus heelwat jonger as gevallewerk, want waar Mary Richmond reeds in 1917 die eerste professionele handboek oor gevallewerk die lig laat sien het, het Grace Coyle in 1930 met ŉ soortgelyke poging oor groepwerk na vore gekom. Albei hierdie metodes spruit nietemin uit een-en-dieselfde problematiek, naamlik dié wat uit die Industriële Rewolusie voortgespruit het.

Brew beskryf hierdie agtergrond baie treffend soos volg: „The Industrial Revolution disrupted the whole of this settled society, broke down communities and caused vast conglomerations of human beings to work in unaccustomed ways and to live in close contact with one another in

---

1. Wurth. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. P. 63.
2. Konopka, Gisela. Social group work. A helping process. Englewood Cliffs, New York, Prentice-Hall, Inc., 1964. P. 2.
Vgl. Fink, Wilson and Conover. The field of social work. P. 500.

houses often hastily built by their employers or by speculative builders or else in large houses originally designed for quite other kinds of living. The young were welcomed in the factory as necessary 'little numble fingers', but the work brought neither satisfaction nor status. Many young people in the larger industrial areas became 'anti-social' problem-children - almost all became young workers whose living and working conditions eventually shocked the social conscience of those who, however unwittingly, had thrived on their labour" [1].

Bostaande vreemde, ongesonde en ongelukkige omstandighede het veral ontstaan nadat die nywerheidsomwenteling begin het, en die toestande in die stede was veral kritiek. In die menslike behoeftes waarin voorheen op die platteland in die normale gang van die lewe voorsien is, moes nou op ander maniere voorsien word. By die ontstaan van nuwe behoeftes in die gemeenskap moes nuwe organe of organisasies ontwikkel word om in hierdie behoeftes van die nuwe omstandighede te voorsien.

a. Historiese agtergrond in breë trekke van groepwerk as metode in Maatskaplike Werk.

Engeland

Die sosiologiese agtergrond-toestande wat verantwoordelik was vir die ontstaan van gevallewerk is dieselfde as die wat later die ontstaan en ontwikkeling van groepwerk tot gevolg gehad het. Die nywerheidsvoorspoed en die opkoms en groei van die Kapitalisme met 'n beperkte getal ryk mense het ook ernstige negatiewe maatskaplike gevolge as uitvloeisel gehad. In Engeland het baie mense verarm en maatskaplik ontwrig geraak. Toestande was so erg dat studente van Oxford en Cambridge die posisie van

---

1. Brew, J. Macalister. Youth and youth groups. London, Faber and Faber, 1957. P. 115-116.
Vgl. Fink, Wilson and Conover. The field of social work. P. 502.

die ontwrigtes ter harte geneem en hulle beywer het vir die welsyn van diesulkes.

Pieterse skryf dat groepwerk as sodanig terug dateer na die „Settlement Houses" wat oorspronklik in Engeland ontstaan het. Hierdie welsynsentra, ~~veral in Engeland~~ was 'n godsdienstig geïnspireerde poging van welgestelde, simpatieke persone om die omstandighede en lewensbeskouings van die arm werkersklas te verstaan deur 'n tydlank onder hulle te gaan woon en leef net soos hulle. Op hierdie wyse, het hulle geglo, sou hulle eerstehandse kennis van dié leefwyse opdoen om die hoër en laer klasse te oorbrug om sodoende middelklas liefdadigheid te beoefen.

Oor die doelstellings van hierdie „Settlement Houses" skryf Stroup: „The founders (usually wealthy university men who wished to 'do good' for the poor) were often impressed by the harsh conditions associated with the developing industrialization of cities. They looked upon the houses as appropriate means of providing educational and recreational facilities for those who otherwise would not have them and who might as a result turn to unwholesome activities... There was also some effort on the part of the settlement houses to initiate social reform movements against poor housing, insanitary conditions, and low wages. An important goal was to give a higher degree of community feeling to areas within cities which had suffered serious social disorganization. Religious conversion was sometimes another goal of the settlement houses" [1].

Baie intellektueles soos Ruskin en Carlyle en geestelike sosialiste soos Maurice en Kingsley het in hierdie beweging die voortou geneem wat deur studente nagevolg is. Die eerste sentrum van hierdie aard is onder

---

1. Stroup. <u>Social work</u>. P. 44.

leiding van eerwaarde S.A. Barnett in 1883 gestig, met Arnold Toynbee as een van die eerste kampvegters van hierdie beweging. Hy was 'n jong belowende student wat in 1875 in die arm gemeente St. Jude's gaan woon het om eerwaarde Barnett by te staan. Na sy skielike dood is die „University Settlement Association" in 1883 ter herinnering aan hom gestig en die eerste gebou, Toynbee Hall is na hom vernoem. Dit is in 1885 in gebruik geneem met eerwaarde Barnett as die hoof.

Amerika

Hierdie beweging het ook aanklank in Amerika gevind en „... the first settlement house in America was the Neighborhood Guild of New York City, founded in 1887 by Stanton Coit, Charles B. Stover, and their friends. The Neighborhood Guild (its name was changed in 1891 to the University Settlement House) was an outgrowth of the London movement which had founded Toynbee Hall, the first settlement house in existence. It was the direct contact on the part of Stanton Coit with the London experiment that led to the settlement house movement in this country" [1].

Twaalf jaar later is ook in Chicago die „Hull House" deur Jane Adams en Ellen Gates Starr gestig. Hierdie groepbyeenkomste was so doeltreffend dat daar in 1948 reeds 220 sodanige sentra in die V.S.A. bestaan het [2]. Hierdie „settlement movement" was die eerste van twee belangrike bewegings wat tot die ontwikkeling van die groepwerk metode aanleiding gegee het.

Hierdie vloedgolf van belangstelling in die maatskaplike lewe het gelei tot die tweede belangrike historiese gebeurtenis in die geskiedenis

---

1. Stroup. Social work. P. 43.

2. Vgl. Botha, D. Groepwerk as metode in die maatskaplike werk. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die opknappingskursus vir maatskaplike werkers te Pretoria, 12 - 14 Oktober 1966. P. 2.

van groepwerk, naamlik die stigting en ontwikkeling van die „Young Men's Christian Association" en ander verwante organisasies wat ook as karakter-bouende organisasies bestempel kan word. Die Y.M.C.A. het sy ontstaan tussen 1821 en 1905 te danke aan die belangstelling van George Williams [1] wat as werknemer van 'n ysterwarefirma in London bekommerd geraak het oor die geestelike welsyn van die 15,000 jong werknemers van die firma in London. Eers het hy 'n bidkring georganiseer wat eventueel ontwikkel het tot die Y.M.C.A. op 6 Junie 1844. Van die beweging in Amerika sê Stroup die volgende: „The Young Men's Christian Association was founded in this country in 1851 for the improvement of conditions and opportunities for young men. Although there were important precursors, the Young Women's Christian Association was formally introduced into American life in Boston in 1866. Likewise the Boy Scout movement, founded in England, was incorporated in this country in 1910 with a nonmilitary, nonsectarian, educational and recreational program for boys over twelve years of age. With similar purposes the organization of Girl Scouts were established in 1912 in Savannah, Georgia, by Juliette Gordon Low. The community center movement, getting its start about the time of the First World War, sought to provide a program which differed little from the settlement house program, except that it was commonly intended only for the poorer people of the community" [2].

Pieterse beweer dat die rede waarom die dienste van genoemde en ander organisasies, mettertyd as professionele maatskaplike werk geïdentifiseer is en tans as groepwerk beoefen word, veral toegeskryf moet word aan die

---

1. Vgl. Fink, Wilson and Conover. <u>The field of social work</u>. P. 503.
2. Stroup. <u>Social work</u>. P. 44.

ontwikkeling wat op die gebied van openbare ontspanning, opvoedkunde en maatskaplike werk as professie gedurende die tydperk tussen die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het [1].

Maar die sametrekking van mense in groepe het baie gou glad nie net tot die minderbevoorregtes beperk gebly nie. Nou het mense met gemeenskaplike behoeftes, wat uiteraard ook gegoedes ingesluit het, sodanige byeenkomste bygewoon. Die motief was egter nog in 'n mate beperk tot ontspanning, wat ook in die lig van tegnologiese ontwikkelings tot meer vryetyd gelei het, gesien moet word.

Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was die industriële ontwikkeling so oorweldigend dat die mens hom moeilik in die snel veranderde maatskaplike lewe voldoende kon handhaaf. Ook later gedurende die depressiejare - aan die begin van die dertigerjare - is openbare ontspanningsprogramme soos speelterreine, parke, ontspanningsentra, ensovoorts aansienlik uitgebrei. Dit het die besef laat ontstaan dat sodanige aktiwiteite in belang van die samelewing is en waar maatskaplike groepwerk sodanige fasiliteite as middel tot 'n doel aanwend, was dit duidelik dat die ontwikkeling van groepwerk in 'n groot mate voordeel uit die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite getrek het.

Ook op die gebied van die opvoedkunde, sê Pieterse, „... het veral gedurende die twintiger jare van hierdie eeu belangrike ontwikkelings plaasgevind wat uiteindelik meegehelp het om groepwerk as 'n wetenskaplike metode te ontwikkel. Die Sosiale Sielkunde het meer aandag begin gee aan interpersoonlike verhoudings wat so 'n belangrike aspek van die ‚sosiale proses' in die groep is (later genoem die groepproses) en wat ontwikkel

---

1. Vgl. Pieterse, J.E. „Groepwerk as metode in die maatskaplike werk" in <u>Professionele maatskaplike werk.</u> P. 143.

het as die kern waarom groepwerk draai. In kinderleidingsklinieke het die opvoedkundige sielkunde ontspanningsprogramme as ŉ terapeutiese middel begin aanwend" [1]. Friedlander skets dit soos volg: „The process changed from routine direction of activities to conscientious consideration of the desires and needs of the individuals in the group and of these factors which would make the group as a whole the educational and cultural experience the members hoped for, from which they could gain a feeling of belonging together and of mutual solidarity" [2].

Volgens Botha [3] het die besef toe reeds in toenemende mate posgevat dat wetenskaplik opgeleide persone benodig word om die mense se behoeftes te verstaan en daarin te probeer voorsien. Voortspruitend uit hierdie besef het groepwerk as ŉ vakkundige metode ontwikkel [4]. En deur „... this variety of philosophy, structure, program, and methods there was a common purpose - to help develop to the fullest extent possible the social capacities and potentialities of the members served" [5].

Macarov beweer dat die eerste kursus in groepwerk in 1923 aan die Western Reserve University in die V.S.A. aangebied is [6] terwyl die American Association for the study of Group Work in 1936 gestig is. Die ontwikke-

---

1. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 144.
2. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 167.
3. Vgl. Botha, D. Groepwerk in kinderinrigtings met spesiale verwysing na ŉ Pretoriase Inrigting. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Jan. 1964. P. 14-16.
4. Vgl. Botha. Groepwerk as metode in maatskaplike werk. P. 2.
5. Fink, Wilson and Conover. The field of social work. P. 504.
6. Vgl. Macarov, D. „Current issues in social group work" in International social work. Vol. 8, No. 1, Jan. 1964. P. 37-41.

ling van gevallewerk wat om en by 1930 [1] in die V.S.A. sy beslag gekry het, het baie daartoe bygedra om die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van groepwerk as ʼn tweede metode van maatskaplike werk aan te moedig. Richmond beskryf dit as „... a tendency in modern casework which I seem to have noted and noted with great pleasure. It is one which is full of promise, I believe, for the future of social treatment. I refer to the new tendency to view our clients from the angle of what might be termed small group psychology" [2]. Tot dusver was groepwerk volgens afleidings nog nie as volwaardige metode erken nie.

In 1935 met die National Conference of Social Work het die „Group Work Section" vir die eerste keer as ʼn aparte liggaam vergader waar nie alleen die ontwikkeling van groepwerk beklemtoon is nie, maar ook die noodsaaklikheid dat groepwerk met maatskaplike werk geïdentifiseer moet word.

Dit was eers in <u>1946</u> dat Grace Coyle, destyds professor aan die Western Reserve University, daarin geslaag het om <u>groepwerk as volwaardige metode van maatskaplike werk</u> erken te kry. Die aard van groepwerk het tot ʼn groot mate met gevallewerk ooreengekom veral omdat dit hoofsaaklik sosiologies georiënteerd was. Dit was egter eers in <u>1955</u> met die stigting van die National Association of Social Workers met ʼn aparte afdeling vir groepwerk dat hierdie metode tot sy reg gekom het.

Nieteenstaande bogenoemde ontwikkeling bespreek Miihaud in ʼn artikel wat in 1959 verskyn het onder die opskrif „Ten years of social work in Europe" „... the great confusion which existed on the question of what

---

1. Vgl. Pieterse. <u>Professionele maatskaplike werk</u>. P. 144.

2. Richmond, Mary. „Some next steps in social treatment" in <u>Proceedings of the National Conference of Social Work</u>. New York, Columbia University Press, 1939. P. 258.

social group work really is" 1). Afgesien van die vorige toestand skryf Wilson en Ryland: „The demand for social group workers in all fields is great, but the scarcity of workers with professional education prevents the expansion of social group work services in proportion to the demand" 2).

Dit is om hierdie redes waarom soms nog aan die groepwerkmetode as metode van die maatskaplike werk getwyfel word en omdat daar nog nie tyd was om te bewys wat deur groepwerk bereik kan word nie. Maar die uitspraak van Cora Kasius is bemoedigend en gerusstellend: „During the past decade, many agencies whose traditional method of help has been casework have also begun to provide group treatment for clients. This form of treatment seems to be rapidly gaining favour and is becoming a regular part of the treatment program of many agencies" 3).

SA

Wat die toestand in Suid-Afrika betref word beweer dat groepwerk in die moderne tyd noodsaaklik geword het omdat die huisgesin as groep nie meer in die basiese behoeftes kan voorsien nie 4). Die toestand moet gesien word in die lig van die toenemende gekompliseerdheid van die moderne samelewing en die kommersialisasie van vermeerderde vryetyd. En verder: „... die uitbouing van groepwerk is ook noodsaaklik gemaak vanweë die

---

1. Miihaud, M. „Ten years of social work in Europe". The United Nations special European social welfare programme in International social work. Vol. 2, No. 3, July, 1959. P. 25.

2. Wilson, G. and Ryland G. Social group work practice. Cambridge, Hougton Mifflin Co., The Riverside Press, 1949. P. 10.

3. Kasius, Cora. „Group treatment in casework settings" in Social Casework. Vol. XLIV, No. 2, February, 1963. P. 90.

4. Vgl. Pieterse, J.E. „Ons werk met groepe" in Vrouevolksdiens. Kwartaalblad van die S.A.V.F., A.C.V.V., O.V.V. en N.C.V.V. Jaargang 2, No. 4. Vierde kwartaal 1964. P. 18.

besondere plek van vryetydsbesteding in ons moderne tyd" [1].

In Suid-Afrika is dit veral die vroueverenigings wat hulle sterk beywer vir die uitbouing van groepwerk met veral die S.A.V.F. wat baanbrekerswerk in hierdie opsig doen.

b. Die doel van groepwerk as metode in Maatskaplike Werk.

Die historiese doelstellings van groepwerk blyk uit die doelstellings van die sogenaamde „social settlements", naamlik die van maatskaplike opheffing soos afgelei kan word van die gees wat die werk gekenmerk het toe lede van die Londonse Universiteite die invloed van die universiteite na die agterbuurtes wou uitdra. Tereg merk Phillips op: „The whole settlement programme, in all its aspects is, and must be, educational. Let every phase of the work, for the improvement of the health, for a higher standard of living, for the increase of happiness and joy, for ethical and spiritual fulfilment, be conceived as educational first and last" [2].

Die professionele doelstellings van groepwerk as ŉ metode van maatskaplike werk kan dus beskryf word as ŉ opvoedkundige proses wat die ontwikkeling en maatskaplike aanpassing van ŉ indiwidu deur vrywillige omgang met ander mense beoog. Daardeur word maatskaplike goedgekeurde doelstellings wat indiwiduele sowel as maatskaplike doelstellings impliseer, bevorder.

Groepwerk, net soos die ander metodes van maatskaplike werk, beoog die bevrediging van die basiese menslike behoeftes wat volgens Konopka

---

1. Pieterse, J.E. „Ons werk met groepe" in Vrouevolksdiens. Jaargang 2, No. 4. Vierde kwartaal 1964. P. 18.

2. Phillips, Helen U. Essentials of social group work skill. New York, Association Press, 1957. P. 21-22.

voortvloei uit die fisiese, intellektuele, emosionele en geestelike aspekte [1]. Daar bestaan ook die siening dat die mens dan eers waarlik leef omdat hy in aanraking kom met ander mense en dat ŉ gesonde, ewewigtige en stabiele bestaan die gevolg is van gesonde groepverhoudings omdat volgens Berkhof God die mens nie as enkelvoud nie, maar as meervoud geskape het [2]. Dit vorm dan die grondslag van groepwerk wat gevolglik ook die doelstellings daarvan bepaal.

Die doelstellings van groepwerk word ook weerspieël deur die doelstellings van die welsynsorganisasies wat groepwerk beoefen. So sal ŉ organisasie wat groepwerk doen oor die algemeen dieselfde doelstellings as die groepwerker hê, soos indiwiduele groei deur groepondervinding en die ontwikkeling van groepe.

Pieterse wys op sekere aspekte wat van besondere belang is by die ontleding van die doelstellings van groepwerk [3].

(a) Die ontwikkeling van die groepe sodat hulle van waarde kan wees vir hulle lede.

(b) Bevrediging van die basiese behoeftes van die mens wat onder andere insluit: die behoefte om met ander mense om te gaan, om van waarde te wees, ŉ bydrae te lewer en ŉ eie identiteit te behou, om aanvaar te word, om êrens te behoort, om onafhanklik te voel nieteenstaande die aanvaarding van sekere afhanklikheid, om deel van ŉ groter geheel te wees soos ŉ vereniging, die behoefte aan veiligheid en ontspanning [4].

---

1. Vgl. Konopka. Social group work. P. 39.
2. Vgl. Berkhof. De mens onderweg. P. 29.
3. Vgl. Pieterse in Professionele maatskaplike werk. P. 150-153.
4. Vgl. Wilson and Ryland. Social group work practice. P. 63-65.

(c) Die ontwikkeling van persoonlikheidshoedanighede by die lede van die groep wat onder andere inhou om die volgende vermoëns te ontwikkel soos om sowel te gee as te neem, om met ander saam te werk, om frustrasie op gesonde konstruktiewe wyse te verwerk, om met ander te verkeer, om die werklikheid te aanvaar, om eie belang op die agtergrond te stel, om besluite te neem en eie verantwoordelikheid te dra, om jouself te ken, dissipline te aanvaar, kennis en insig te vermeerder, vaardighede aan te leer en 'n gebalanseerde waardesisteem op te bou [1].

(d) Leierskap te ontwikkel deur leiers van die lede van die groep te maak en leiding vanuit die groep aan te help. Waar 'n leier uit die groep gekies word om 'n sekere funksie te vervul moet die groepwerker die persoon onderskraag en help om die leiding te aanvaar en deur te voer. Die groepwerker moet die groep help om konstruktiewe leiding te aanvaar wat daarop neerkom dat sy taak meestal indirek van aard is.

(e) Vryetydsbesteding word veral van besondere belang geag omdat die industriële en tegnologiese vooruitgang korter werksdae en werksweek tot gevolg het met meer vrye tyd. Die beklemtoning van die vryheid van die mens en die regte van die indiwidu sonder om die pligte en verantwoordelikheid wat dit impliseer te noem, veroorsaak dat daar aan vrye tyd vandag 'n besondere plek en funksie gegee word [2]. In die moderne samelewing het indiwiduele bevrediging, selfgelding en ontspanning gedurende

---

1. Vgl. Konopka, G. Group work in the institution. A modern challenge. New York, Whiteside Inc., and William Morrow and Co., 1954. P. 45-47.
   Vgl. Friedlander. Concepts and methods in social work. P. 126-131.

2. Vgl. Du Toit, J.B. Die naskoolse jeug, arbeid en vrye tyd. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1956. P. 40-43.

vrye tyd ŉ vereiste geword. Hierbenewens het die kommersialisering van ontspanning die aard van vrye tyd geweldig beïnvloed. Botha wys egter daarop dat „... ontspanningsaktiwiteite (kan) wel by die programbeplanning ingesluit wees, maar dan net as ŉ middel tot ŉ doel, naamlik om daardeur die groep tot meer rypheid te bring en tot insig in alledaagse maatskaplike probleme te stimuleer" [1].

Welsynsorganisasies wat groepwerk onderneem beklemtoon onder andere die volgende:

(a) om groeplede te help om deur middel van aktiewe groepdeelname ŉ sin vir verantwoordelike, produktiewe en aktiewe burgerskap te leer en die aard van deelname aan maatskaplike aksie te verbeter;

(b) persoonlikheidsverbetering en ontwikkeling van groeplede om maatskaplike funksionering te verbeter;

(c) die voorkoming van maatskaplike aftakeling, en

(d) om korrektiewe ervaring binne die groepsverband te bewerkstellig waar maatskaplike aftakeling plaasgevind het.

Konopka verwys na groepwerk as synde „... to enhance... social functioning through purposeful group experiences..." [2]. Hierin lê die eintlike doelstellings van professionele maatskaplike werk opgesluit waarin die volgende twee aspekte onderskei kan word:

(a) Die bevordering of herstelling van belemmerde maatskaplike funksionering wat die uitskakeling van daardie faktore in die maatskaplike verhouding wat wanfunksionering in die hand werk, beoog, en

---

1. Botha. Groepwerk in kinderinrigtings... P. 18.

2. Konopka. Social group work. P. 20.

(b) die behoud en bevordering van bedreigde maatskaplike funksionering wat die ontdekking of blootlegging, kontrole en uitskakeling van toestande wat, indien hulle nie beheer sou word nie, doeltreffende maatskaplike funksionering sou beïnvloed, behels.

c. Die aard en wese van groepwerk as metode in Maatskaplike Werk.

Om die aard en wese van groepwerk behoorlik te begryp, is deeglike kennis van wat ŉ groep is noodsaaklik. Aansluiting word gevind in die vorige hoofstuk waar die groep onder oë geneem is en waarvan die volgende woorde van Lindeman ŉ goeie beeld verleen: „A group is a specific form of human interrelation, namely a collection of individuals who are experimenting for the purpose of determining whether their needs are more likely to be satisfied by means of collaboration than through individual effort. I cannot see why, then, groups and group experiences do not stand at the very center of social work's concern" [1]. Verder is dit nodig om onderskeid te maak tussen wetenskaplike groepwerk en groepsorg. „Groepsorg dui op die daarstelling van fasiliteite in die gemeenskap vir groepdeelname, gewoonlik as vryetydsbesteding. Oral waar individue in groepe saam getrek word om te ontspan, te leer, ens. word groepsorg gedoen. Groepwerk is daarenteen, net soos die individuele behandelingsmetode, ŉ wetenskaplike metode - d.w.s. ŉ metode wat bewustelik en doelgerig aangewend word" [2].

Van die volgende definisies en omskrywings van groepwerk kan die

---

1. Lindeman. „Group work and education for democracy", Proceedings of the National Conference of Social Work. P. 344.

2. Pieterse, J.E. „Die metodes van maatskaplike werk" in Mens en gemeenskap. Jaargang III, Nr. 2, Junie 1962. P. 63.

aard en wese afgelei word:

(i) „Dit is een van die metodes van maatskaplike werk waardeur groepe bestaande uit individue, langs die weg van die wetenskaplike hantering van die groepproses en die verhoudinge in die groep, so ontwikkel dat moontlikhede vir die individuele lede gestel word om te groei, te verander of te ontwikkel" [1].

(ii) Marjorie Murphy som die kenmerkendste trekke van groepwerk waaroor eenstemmigheid in 1959 bestaan het soos volg op:

„1. Social group work is a method of rendering service to persons, through providing experience in groups. Development of the person towards his individual potential, improvement of relationship and social functioning competencies, and social action are recognized as purposes of social group work. The worker functions within a framework of ethical and social values.

„2. Social group work is a generic method which can be used in different settings.

„3. The method includes conscious use of worker-member relationships, relationships among members, and of group activity. The worker simultaneously uses relationships with individual members and with the group as a whole. He works as an enabler with both, helping members and the group to use their capacities and strenghts. He uses himself differently in accordance with specific objectives and his assessment of members' needs,

---

1. Pieterse. „Die metodes van maatskaplike werk" in Mens en gemeenskap. Jaargang III, Nr. 2, Junie 1962. P. 63.
Vgl. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 146.
Vgl. Pieterse. „Groepwerk as metode in die maatskaplike werk" in Mens en gemeenskap. April 1961. P. 32-40.

interests and capacities" [1].

(iii) „Social group work is a method of social work which helps individuals to enhance their social functioning through purposeful group experiences and to cope more effectively with their personal, group or community problems" [2].

(iv) „Social group work may be defined as (1) an educational process (2) generally carried on in leisure time with voluntary groups (3) with the aid of a group leader (4) under the auspices of an agency (5) for the satisfaction of the social needs of individuals and (6) for the development of legitimate group goals. The earlier activities of social group workers and the interests of sociologists in small group behavior recently merged in what is called group dynamics. Group dynamics is chiefly concerned with research on group behavior by means of experimentally-organized group activities" [3].

(v) „... we therefore see social groupwork as a process and a method through which group life is affected by a worker who consciously directs the interacting process toward the accomplishment of goals which in our country are conceived in a democratic frame of reference" [4].

(vi) „Social group work is a method of working with people in groups (two or more people) for the enhancement of social functioning

---

1. Murphy, Marjorie. „The social group work method in social work education", <u>A project report of the curriculum study</u>. XI, Werner Boehm, Director and coordinator. New York, Council on Social Work Education, 1959. P. 78.

2. Konopka. <u>Social group work</u>. P. 20.

3. Stroup. <u>Social work</u>. P. 360.

4. Wilson and Ryland. <u>Social group work practice</u>. P. 61.

and for the achievement of socially desirable goals. Group work is based on the knowledge of people's needs for each other and their interdependence. Group work is a method of reducing or eliminating road blocks to social interaction and for accomplishing socially desirable purposes" 1).

(vii) „Social group work is a method through which individuals in groups in social agency settings are helped by a worker who guides their interaction in program activities so that they may relate themselves to others and experience growth opportunities in accordance with their needs and capacities to the end of individual, group and community development.

„In social group work, the group itself is utilized by the individual with the help of the worker as a primary means of personality growth, change, and development. The worker is interested in helping to bring about individual growth and social development for the group as a whole and for the community as a result of guided group interaction" 2).

(viii) „Groepswerk is een vorm van werken met groepen, gericht op de sociale ontwikkeling van groepen jongeren, volwassenen en bejaarden, zowel individueel alsook als groep, op sociaal-wetenschappelijk basis en vanuit een aantal waarden die onze samenleving voor fundamenteel houdt en eerbiedigt" 3).

Uit voorgaande definisies en omskrywings kan afgelei word dat groepwerk 'n **wetenskaplike metode van maatskaplike werk is wat op ordelike,**

---

1. Skidmore and Thackeray. Introduction to social work. P. 268.

2. Trecker. Social group work. Principles and practices. P. 5.

3. Wieringa, C.F. „Groepwerk-doelstellingen-uitgangspunten-middelen" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 15de Jaargang, No. 12, 20 Juni 1961. P. 243.

sistematiese en beplande wyse met mense in groepe werk en berus op: die gebruikmaking van verhoudings en die wisselwerking tussen die lede van die groep onderling en tussen die groepwerker en die groeplede; die gebruikmaking van programmering; en die beginsel van gee en neem van groeplede onderling, die groep en die gemeenskap waarin die groeplede leef en die groep ook funksioneër.

Met verwysing na veral die definisie van Stroup kan ook verder afgelei word dat die groepwerkmetode 'n opvoedkundige proses is wat gewoonlik in vrye tyd met vrywillige groepe onderneem word met behulp van 'n groepwerker onder die beskerming van 'n welsynsorganisasie met die oog op die voorsiening in maatskaplike behoeftes van indiwidue en die ontwikkeling van aanvaarbare groepdoelstellings. Aldus is groepwerk 'n metode en proses wat daarop gerig is om moontlikhede vir indiwidue te skep om hulle maatskaplike probleme op te los en hulle maatskaplike funksionering te verhoog.

By die groepwerkmetode in die maatskaplike werk moet onderskei word tussen die groepproses en die hulpmiddels of vaardighede.

Wat die proses betref is daar ook die onderskeiding tussen die groepproses en die groepwerkproses [1]. „Group process is one of the social processes; it signifies the totality of the group's interactions, developments and changes which occur in the group's life. Social group work process refers to group process when consciously affected by the worker toward specified ends. Interrelationships of member to member, of worker with members and group-as-a-whole, members' and group's reactions to activity and experience, the worker's professional responsibility and judgement are components of the social group work process" [2].

---

1. Vgl. Pieterse in Professionele maatskaplike werk. P. 155-156.
2. Murphy. The social group work method... P. 32.

In die lig van die vorige word die groepproses dus in werklikheid deur die vakkundige optrede van die werker omskep tot die groepwerkproses en tot wetenskaplike groepwerk as metode van die maatskaplike werk.

Die groepwerkproses berus, net soos die gevallewerkproses op vier stappe, naamlik:

(a) Die aanmelding wat op gegewe tydstip geskied en neerkom op die samestelling van 'n nuwe groep waar die doelstellings deur die groep onder oë geneem word.

(b) Die ondersoek wat neerkom op die feiteversameling of inwin van inligting wat geskied by wyse van waarneming van en luister na die groep; kontak met indiwiduele groeplede en/of met gesinslede van die groeplid deur huisbesoek; en inligting deur middel van 'n grondige kennis van die gemeenskap waarin die groeplede lewe [1)].

(c) Diagnose en evaluasie wat neerkom op die groepwerker se professionele mening oor die behoeftes en probleme van die indiwiduele lede van die groep en van die groep as geheel, hulle moontlikhede tot ontwikkeling; die uitwerking wat die indiwidu op die groep het en omgekeerd die uitwerking van die groep op die indiwidu.

(d) Die behandeling wat neerkom op „... the actual application of the social group work method. The tools we have at our disposal are the group process itself (the interaction of the members with one another), the program media (activities, discussions), the worker's understanding of the members, his capacity for 'empathy', his disciplined and conscious use of himself in relation to the members" [2)].

---

1. Vgl. Friedlander. <u>Concepts and methods of social work</u>. P. 141.
2. Ibid. P. 150.

Alhoewel hierdie stappe van mekaar onderskei word, kan hulle gladnie van mekaar geskei word nie.

Die hulpmiddels by groepwerk wat ook deel vorm van die vaardighede van die groepwerker, waarvan gebruik gemaak word ten einde die doelstellings van die behandeling te bereik, is onder andere die volgende:

(a) die werker-groep-verhouding waarvan Konopka die volgende sê: „One of the main tools in achieving such a relationship is the conscious use of self. This includes self-knowledge and self-discipline in relationships without the loss of warmth and spontaneity" [1].

(b) Indiwidualisasie. Hoewel die groep in groepwerk van belang is moet die belange en behoeftes van indiwiduele lede altyd in ag geneem word sodat elke groeplid die maksimum voordeel uit die groepondervinding sal kan haal. Konopka skryf: „It is one of the specifics of the group work method that the individual is not lost in the whole, but that he is helped to feel as a unique person who can contribute to the whole" [2].

(c) Wisselwerking tussen groeplede onderling, tussen groeplede en die groepwerker kan deur die vaardige en kundige groepwerker tot 'n fyn kuns ontwikkel word. „The capacity to help balance the group, to allow for conflict when necessary and to prevent it when harmful. The help given to the lonely member, not through individual attention by the group worker alone, but by relating him also to other members. Help given to the leading member by enhancing his gifts so he may become a democratic leader who increases the capacity of the group" [3].

---

1. Friedlander. Concepts and methods of social work. P. 153.
2. Ibid. P. 154.
   Vgl. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 161.
3. Friedlander. Concepts and methods of social work. P. 154.

(d) Die program. Pieterse sê dat die program uit die groep behoort te groei waardeur die lede van die groep 'n aktiewe deelname in die beplanning daarvan moet hê. „In die werklikheid is programbeplanning dus eintlik een van die groepprosesse en impliseer die bedrewenhede van die werker om groepprosesse te identifiseer en te orden..." 1). Die program is 'n baie belangrike aspek van die bedrewenhede of hulpmiddels van die groepwerker. Trecker skryf: „... the program development process involves several definite steps which can be listed as follows: the continuous discovery of interests and needs, the selection of a starting point or beginning level of program, the analysis of what is needed in the way of work responsibilities to carry out the program, the allocation of duties to various members, the co-ordination of individual efforts and the creation of a group unity, the experiencing of the program choice, and evaluation before moving on to the next program" 2).

(e) Rekords of verslagskrywing het nie alleen sin in soverre dit besinning oor die diens wat gelewer word, bring nie, maar dit help sowel die werker as die supervisor om 'n oorsigtelike beeld van die werk te kry. Hierdeur gee die groepwerker aan homself rekenskap van wat hy gedoen of nie gedoen het nie. Afgesien dus van beter dienste wat deur verslagskrywing bewerkstellig kan word, het dit besondere waarde vir die nuwe groepwerker deurdat dit navorsingsmoontlikhede en opleidingsmateriaal vir hom bied.

Hoewel groepwerk as metode in die maatskaplike werk die algemene basiese beginsels en uitgangspunte aanvaar, word deur verskillende skrywers oor groepwerk, klem gelê op enkele van die beginsels soos eerbied en agting,

---

1. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 162.
2. Trecker. Social group work. P. 161.

aanvaarding, selfbeslissing, eie hulp, begin waar die groep is, uniekheid en indiwiduele verskille, vertroulikheid en indiwidualisasie [1].

Hierbenewens is die kennis van menslike gedrag 'n voorvereiste en die christelike mensbeskouing van die uiterste belang vir suksesvolle wetenskaplike groepwerk.

d. Samevatting.

Groepwerk as wetenskaplike metode van maatskaplike werk streef net soos gevallewerk om die maatskaplike funksionering van die mens te verbeter langs die weg van die wetenskaplike hantering van groepe in veral groepprosesse en die verhouding in die groep so te ontwikkel dat moontlikhede vir die indiwiduele lede gestel word om te groei, te verander en te ontwikkel.

Om groepwerk te begryp en dit ten beste te onderneem is 'n deeglike studie van Sosiologie 'n voorvereiste. Tewens Groenman sê: „Sociologie zou ik dan willen noemen de studie van de aanpassend handelende mens in groepsverband" [2], en „... anderen zien als object der sociologie: de sociale verschijnselen, d.w.z. de tussenmenselijke betrekkingen (tussen mensen, tussen groepen, en tussen mens en groep) en de sociale formaties..." [3]. Ook Bogardus sê Sosiologie is „... the study of social groups" [4]. Die sterk trekke van ooreenkoms is duidelik, daarom word.

---

1. Vgl. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 147-150.
   Vgl. Friedlander. Introduction to social welfare. P. 165.
   Vgl. Konopka. Social group work. P. 72-73.
   Vgl. Trecker. Social group work. P. 260-271.
2. Groenman, Sj. Sociale aanpassing. Assen, Van Gorcum en Com., 1952. P. 5.
3. Kruyt, J.P. Inleiding tot de sociale wetenschappen. ENSIE, IIIde Deel. P. 205.
4. Bogardus. Sociology. P. VII.
   Vgl. Bouman. Sociologie. Begrippen en problemen. P. 18.

die bydrae van onder meer die Sosiologie tot die Maatskaplike Werk en veral tot die groepwerkmetode hoog geag.

In groepwerk word van die basiese wetenskaplike kennis van die Sosiologie oor groepe as uitgangspunt geneem en word die feit dat die mens ook ŉ sosiale wese is wat nie as enkeling alleen kan voortbestaan en groei nie, deeglik benut. Tewens een van die sterkste en diepste emosionele behoeftes inherent aan die mens is juis daardie gevoel om aan iemand of ŉ groep te behoort, om deur die groep erken te word, om daaraan deel te hê en om ŉ bydrae tot die groep te lewer.

Die bevrediging van hierdie behoeftes is gevolglik ook ŉ basiese vereiste om die mens ten goede te beïnvloed om sodoende iets positiefs in die mens tot stand te bring. Gevolglik word in die lig van hierdie kennis van die groep gebruik gemaak in maatskaplike werk as ŉ middel om ŉ indiwidu of groep indiwidue te beïnvloed en om positiewe waardes en gesindhede by hulle tuis te bring [1]. Wilson en Ryland beweer dan ook: „Groups are the media through which (1) individuals achieve personal and social satisfaction and goals; (2) individuals and social norms are changed; (3) controls in society are maintained; and (4) society passes its customs, norms and values" [2].

Die funksie van groepwerk as deel van maatskaplike werk, is dus verder die opsporing en uitskakeling van faktore wat maatskaplike funksionering belemmer. Omdat dit die hoogste mate van doeltreffende maatskaplike

---

1. Vgl. Evaluasie-verslag oor groepwerk by Excelsior Plek van Veiligheid en bewaring, Durban. Aangebied deur die seksie navorsing en statistiek van die Departement Volkswelsyn en Pensioene, No. 1 van 1964. P. 1.

2. Wilson and Ryland. Social group work in practice. P. 36.

funksionering beoog is groepwerk genesend van aard omdat dit faktore wat belemmerde funksionering veroorsaak, elimineer en rehabiliteer deurdat dit die wisselwerkende patrone herorganiseer en herstel. Verder is dit ook voorkomend omdat dit voorsiening maak vir gesonde vryetydsaktiwiteite sodat ledigheid, wat kan lei tot wangedrag, uitgeskakel word.

Deurdat meer en meer besef word dat groepwerk in Suid-Afrika nog 'n groot agterstand vertoon, word grootse pogings aangewend in sowel opleidingsentra as die praktyk om verdere ontwikkeling te bewerkstellig. Hierdie ontwikkeling word gestimuleer deur die veelvuldige aard van die moontlikhede om groepwerk te gebruik ten einde mense te help. In maatskaplike werk word gewoonlik gedink in terme van mense wat van die normale, aanvaarbare gedrag afwyk, maar dit is ook die taak van groepwerk om nie net mense in sodanige situasies te help nie, maar niks verhoed dat ook die kind van die welgestelde persoon by groepwerk ingeskakel kan word om hom met sy persoonlikheidsontwikkeling te help nie. Moontlik is dit juis die kinders uit gegoede huise, waar die ouers so bedrywig is dat die kind se ontwikkeling skade ly, wat die ervaring van konstruktiewe deelname aan 'n groep so nodig het [1].

Groepwerk kan op velerlei terreine en verskillende soorte omstandighede gebruik word soos in gesinsorg, by inrigtings, groepwerk met besondere groepe en groepwerk en kampering. In die Republiek van Suid-Afrika is dit veral die vrywillige organisasies wat groepwerk bevorder maar dit word ook algemeen deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se vakkundige personeel in kinderinrigtings soos veiligheidsplekke, rehabilitasiesentra

---

1. Vgl. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 168.

en toevlugte toegepas [1].

Nieteenstaande groepwerk 'n baie belangrike metode van maatskaplike werk is, is dit wenslik om dit saam en aanvullend met ander metodes te beoefen veral om probleemoplossings te bewerkstellig. Botha skryf ook: „'n Aangeleentheid waaroor ondersoeker baie sterk gevoelens daarop nahou, is die onderlinge aanvulling tussen die verskillende metodes in die maatskaplike werk... veral tussen die individuele behandeling en groepwerk" [2].

Fink, Wilson en Conover wys egter verder op nog 'n baie belangrike aspek, naamlik: „As with all social work, group workers are recognizing more and more the necessity of correlating research developments in sociology, psychology, social psychology, cultural anthropology, and many other disciplines, with social work content and methods. There is at the same time a growing awareness that this is a much more complicated task than superficial examination might indicate. Each discipline has developed a language of its own for purposes of more scientific accuracy within the particular discipline, but this makes interchange of concepts and research findings more difficult. In this direction, however, may be the most fruitful development in the next few years" [3].

## IV. GEMEENSKAPSORGANISASIE AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK.

Van groot belang is die feit dat besef moet word dat gemeenskapsorganisasie in 'n wyere of ruimere opvatting 'n metode is wat nie alleen

---

1. Vgl. Millar, L.L. „Groepwerk soos toegepas in 'n veiligheidsplek" in Rehabilitasie in Suid-Afrika, Vol. 9, No. 1, Maart 1965. P. 6.

2. Botha. Groepwerk in kinderinrigtings... P. 129.

3. Fink, Wilson and Conover. The field of social work. P. 525-526.

deur die maatskaplike werk gebruik word nie maar ook deur baie ander liggame soos stadsrade, professies en selfs staatsdepartemente soos Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, Gemeenskapsbou ensovoorts. Hierdie en veel meer vorm deel van gemeenskapsorganisasie hoewel dit buite die gebied van maatskaplike werk val. Carter stel dit baie duidelik in die volgende: „Community welfare planning cannot be described as a particular social work method but rather represents a variety of means through which agencies, individuals, groups and organizations work voluntarily toward goals to improve the health and welfare of the total community" [1].

Gemeenskapsorganisasie as metode van maatskaplike werk beteken onder andere die organisasie van welsynsdienste en die koördinasie van die bestaande private en openbare welsynsdienste soos deur die Nasionale Welsynswet No. 79 van 1965, beoog word, die uitskakeling van oorvleueling en die instelling van nuwe welsynsdienste. Maar as gevolg van die feit dat gemeenskapsorganisasie binne sowel as buite die maatskaplike werk-veld aangetref word, gee sommige skrywers voorkeur aan begrippe soos „community organization for social welfare" of „community welfare organization" [2].

Om ŉ duidelike beeld van hierdie metode te kan gee is dit noodsaaklik om die historiese ontstaan en verloop in die regte lig te sien.

a. Die historiese agtergrond in breë trekke van gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk.

Dunham skryf: „Modern social work is a response to problems as old as humanity. Sickness, old age, widowhood, orphanhood, domestic discord,

---

1. Friedlander. Social work. P. 210.

2. Vgl. Dunham, Arthur. Community welfare organization. Principles and practice. New York, Thomas Y. Crowell Company, 1965. P. 23.

physical handicaps, maladjusted personalities, and crime are problems which have been with man... Nevertheless, modern social work differs, in many essentials, from earlier efforts to minister to human needs" [1].

Fink en andere beweer dat die ontstaan van gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk teruggevoer kan word na dieselfde toestande as dié wat vir die ontstaan van gevallewerk en groepwerk verantwoordelik was [2], en skryf: „One of the first attempts at organization on a community-wide basis was that carried out by the Charity Organization Societies in the latter part of the nineteenth century. They had been organized to bring about order in the confusion of variety and quality of service and relationships between agencies as well as to provide direct service. It was out of this experience that one of the basic principles of community organization was formulated" [3]. Hoewel die hoofdoelstelling van die C.O.S. heel aan die begin dus gemeenskapsorganisasie was, het dit later self direkte hulpverlening gelewer waaruit die gevallestudiemetode mettertyd ontwikkel het. Tog het gemeenskapsorganisasie ŉ belangrike sekondêre aktiwiteit gebly. Sentrale registers is aangelê vir die registrasie van gevalle om veral oorvleueling en misbruik uit te skakel. Terselfdertyd is begin met die gemeenskapskas wat fondsinsamelings gekoördineer het.

Hierna is gemeenskapsrade gestig uit verteenwoordigers van die welsynsorganisasies van sekere gemeenskappe om die fondsinsamelings te behartig.

Net soos met die ander twee metodes het die verskyning van die eerste

---

1. Dunham. Community welfare organization... P. 3.
2. Vgl. Fink, Wilson and Conover. The field of social work. P. 548.
3. Ibid. P. 548.

werk oor gemeenskapsorganisasie naamlik Community Organization deur Jesse F. Steiner in 1925, baie vir hierdie metode beteken. Net soos Mary Richmond en Grace Coyle het Steiner as sosioloog die onderwerp uit 'n sosiologiese gesigspunt benader. Steiner het net soos ander pionierskrywers gewys op die breë begrip van gemeenskapsorganisasie wat ook buite die gebied van maatskaplike werk aangetref is en nie alleen as 'n metode van verskillende gemeenskapsrade en gemeenskapskaste wat toe oral oor die V.S.A. bestaan het nie [1].

'n Faktor wat ook 'n belangrike rol gespeel het by die ontstaan en ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie is die teenkanting teen die sogenaamde „laissez-faire" houding. Hierin het Lester F. Ward met sy boek Dynamic Sociology in 1883 'n belangrike rol gespeel omdat hy die opvattings van Sumner en andere, dat onder andere die ontwikkeling van die samelewing buite menslike beheer is, veroordeel het. Sy positiwistiese stelling dat maatskaplike ewolusie wel deeglik deur die mens beïnvloed kan word, het beplanners en leiers van gemeenskappe oor die hele wêreld aangegryp.

'n Verslag voor die Nasionale Konferensie van Maatskaplike Werk in 1939 het gemeenskapsorganisasie ook grootliks bevorder [2]. Die Lane-komitee verslag was 'n belangrike mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van gemeenskapsorganisasie en kan met die verslag van die Milford Konferensie oor die gevallestudiemetode vergelyk word. „A more recent series of meetings and papers, a milestone in this process of definition and study, occurred in 1947 when the National Conference of Social Work met in San Franciso. Papers by Kenneth Pray... Wilbur I. Newstetter... and Lester

---

1. Vgl. Harper, E.B. and Dunham, A. Community organization in action. New York, Associated Press, 1959. P. 117.

2. Vgl. Fink e.a. The field of social work. P. 554.

Granger... among others, made significant contributions toward the definition of that portion of community organization which is an integral part of social work..." [1].

ŉ Verdere ontwikkeling vind in 1952 plaas toe ŉ spesiale eenheid van die Sekretariaat vir Gemeenskapsorganisasie en Ontwikkeling ontstaan het, en in 1954 opgevolg is deur die Afdeling oor Gemeenskapsontwikkeling wat veral gemeenskapsorganisasie in die sogenaamde onderontwikkelde gebiede beoog het.

Die verskyning van Harper en Dunham se boek Community Organization in Action in 1939, is ŉ belangrike mylpaal waarin al die belangrikste geskrifte wat nog oor gemeenskapsorganisasie verskyn het, saamgevat, kronologies gerankskik en van kritiese opmerkings voorsien is. In dieselfde jaar verskyn die verslag van die studiegroep oor leerplanne waarin Harry L. Lurie verslag gedoen het oor gemeenskapsorganisasie [2].

In Suid-Afrika kan die ontstaan van gemeenskapsorganisasie teruggevoer word na die Carnegie-ondersoek van die armblanke-vraagstuk wat die eerste omvattende en ook landswye ondersoek na ŉ nasionale probleem was.

Hoewel die stigting van die Departement van Volkswelsyn in 1937 ŉ groot stap vorentoe was, het die oorlogsjare 1939 - 1945 alle welsynsbeplanning in verband gebring met die mobilisasie van bronne terwille van die teruggekeerde soldate, oorlogskreupeles met oorlogsneuroses, gesinsprobleme, egskeiding ensovoorts, wat met die oorlogsontwrigting in verband gebring kan word.

---

1. Fink e.a. The field of social work. P. 554.

2. Vgl. Lurie, Harry L. The community organization method in social work education. New York, Council on Social Work Education, 1959.

Die aaname van die Wet op Welsynsorganisasies No. 40 van 1947 waardeur onder andere 'n Nasionale Welsynsraad en verskillende Streekswelsynsrade in die lewe geroep is met die oog op die koördinasie van welsynswerk, en die registrasie van welsynsorganisasies verpligtend gemaak het, is veral van belang vir gemeenskapsorganisasie.

In 1965 word as't ware die kroon op alle arbeid geplaas toe die Nasionale Welsynswet No. 79 van 1965 aanvaar is. Dit is die wet om „... voorsiening te maak vir die instelling van 'n Nasionale Welsynsraad en van sekere kommissies en streekswelsynsrade en om hul werksaamhede te omskryf, en om voorsiening te maak vir die registrasie en beheer van sekere welsynsorganisasies en van maatskaplike werkers, vir die beheer van die insameling van bydraes tot die fondse van sodanige organisasies en van sekere inrigtings en van die insameling van fondse onder sekere omstandighede andersins as deur geregistreerde welsynsorganisasies vir bepaalde doeleindes en vir ander bykomstige aangeleenthede" [1].

Volgens hierdie wet word die Nasionale Welsynsraad en sy vier kommissies, naamlik die Kommissies vir Welsynsorganisasies, vir Maatskaplike Werk, vir die Gesinslewe en vir Welsynsbeplanning [2] ingestel en daarmee saam die nege verskillende Streekswelsynsrade. Nieteenstaande die hele Wet van belang vir gemeenskapsorganisasie is, word die Kommissie vir Welsynsbeplanning van besondere belang geag. Die doelstelling en begrensing van sy taak word gestel om aandag aan beplanning van welsynsdienste soos dit onder andere tot uiting kom in samewerking, koördinasie, bepaling van

---

1. Wet No. 79 van 1965. Pretoria. Staatsdrukker.

2. Maatskaplike Werk. 'n Vaktydskrif vir die Maatskaplike Werker. Jaargang 2, No. 3., Augustus 1966. P. 133-134.

behoeftes en standaarde, voorsiening in behoeftes en wetgewing. Die funksies van die Nasionale Welsynswet kan in breë trekke soos volg opgesom word: (a) Koördinasie van welsynsdienste onderling, tussen die Staat en vrywillige welsynsorganisasies en tussen staatsdepartemente onderling.

(b) Aanpassing van bestaande welsynstelsels by Suid-Afrikaanse omstandighede.

(c) Voorsiening in behoeftes waarvoor fasiliteite nog nie bestaan nie.

(d) Standaarde vir dienste.

(e) Behoefte aan nuwe wetgewing en

(f) Navorsing.

In die lig van hierdie kort historiese oorsig word nou ingegaan op wat presies gemeenskapsorganisasie is.

b. <u>Die doel, aard en wese van gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk</u>.

Die oogmerke van gemeenskapsorganisasie word mooi saamgevat deur onder andere Ferguson naamlik as: „The aim of community organization is the mobilization of community resources, lay and professional, to meet social welfare needs. Both social casework and social group work participate in community organization, not only in the provision of services to citizens of the community, but in their 'enabling' functions on behalf of individuals. People who are too troubled to make optimum use of the facilities already available may be 'enabled', through modification of attitudes and reaction patterns by casework or group work treatment, to utilize these facilities more productively... The knowledgeable use of other agencies for referral of clients by caseworkers or

groupworkers is in essence a form of community organization" [1].

Robert Lane beskryf die doelstellings van gemeenskapsorganisasie as metode van maatskaplike werk soos volg: „The general aim of community organization is to bring about and maintain a progressively more effective adjustment between social welfare resources and social welfare needs. This implies that community organization is concerned with

(a) the discovery and definition on needs;

(b) the elimination and prevention of social needs and disabilities, so far as possible; and

(c) the articulation of resources and needs, and the constant re-adjustment of resources in order to better meet changing needs" [2].

Uit ŉ ondersoek van dertien verskillende omskrywings van skrywers sedert 1921 tot 1955 het Harper en Dunham vier verskillende kernidees wat deur die definisies weergegee is, vasgestel, naamlik (i) die beklemtoning van die begrippe koördinasie, samewerking en integrasie deur Devine, Steiner, McMillen, King en Ross; (ii) die beklemtoning van voorsiening in behoeftes en die daarstelling van ewewig tussen behoeftes en hulpbronne deur Petit, Lane, Mayo, Dunham, McNeil en Ross; (iii) die beklemtoning van die feit dat dit te doen het met programverhoudings in teenstelling met die direkte diens van gevallewerk en groepwerk deur Kurtz en (iv) noem Lindeman dat die breë filosofiese begrip van gemeenskapsorganisasie ŉ werksverhouding verskaf tussen die demokratiese proses en spesialisme [3].

---

1. Ferguson. <u>Social work</u>. P. 558-559.

2. Harper and Dunham. <u>Community organization in action</u>. P. 56.

3. Vgl. Ibid. P. 54-59.

Voordat die aard en wese van gemeenskapsorganisasie verder die aandag geniet is dit vooraf nodig om die begrip gemeenskap te ondersoek.

Aangesien die begrip gemeenskap en alles wat daarmee saamhang basies op die terrein van die Sosiologie lê is dit nodig om definisies en omskrywings van sosioloë te bespreek. MacIver, die so bekende Amerikaanse sosioloog, sê die volgende: „By a community I mean any area of common life, village, or town, or district, or country, or even wider area. To deserve the name community, the area must be somehow distinguished from further areas, the common life may have some characteristic of its own such that the frontiers of the area have some meaning... Wherever men live together they develop in some kind and degree distinctive common characteristics - manners, traditions, modes of speech, and so on" [1].

Dunham se definisie stem grootliks met bostaande ooreen as hy skryf: „A community is a group of human beings, settled in a fairly compact and contiguous geographical area, and having significant elements of common life, as shown by manners, customs, traditions, and modes of speech" [2].

Harper en Dunham het in hulle werk veertien definisies van 'n gemeenskap ondersoek. Bogenoemde definisie van MacIver is ook een van die veertien uitgesoektes. Twee ander wat ook grootliks bevredig, is die van Steiner en Stroup. Steiner skryf: „A community may be regarded as made up of groups of people living in a more or less contiguous area so situated with reference to other places that social organization in one form or another arises within it in order to provide for mutual protection and welfare" en Stroup skryf: „A community may be described generally as

---

1. MacIver, R.M. Community. A sociological study. London, MacMillan and Co., Limited, 1936. P. 22-33.

2. Dunham. Community welfare organization: principles and practice. P. 15.

composed of a relatively large number of persons having a consciousness of their own inter-relatedness, who are dependent upon a common territory, possess limited political autonomy, and seek basic satisfactions in a complex and changing social structure" [1].

Uit hierdie drie verteenwoordigende definisies en ook andere kan afleidings gemaak word van sekere kenmerke van die gemeenskap, naamlik dat 'n gemeenskap binne sekere geografiese, fisiese of territoriale grense gelokaliseer word wat daarvan 'n aparte entiteit maak. 'n Gemeenskap beskik ook oor die vernaamste instellings en organisasies waardeur behoeftes van die lede bevredig word. Verder is dit opmerklik dat 'n gemeenskap gekenmerk word deur maatskaplike en kulturele homogeniteit en 'n bindende saamhorigheidsgevoel wat deur wisselwerking tussen die lede onderling ontwikkel word.

Met hierdie begrip van wat onder gemeenskap verstaan word, kan nou enkele definisies en omskrywings van gemeenskapsorganisasie as metode van die maatskaplike werk ondersoek word.

(1) Cohn sê: „Community organization in social work is the effective mobilization of the community's social welfare resources to serve individual and community needs. It is a field of practice and an area of service. It is not a basic process comparable to casework and groupwork" [2].

(2) Sieder sien dit soos volg: „Community organization is a method

---

1. Harper and Dunham. Community organization in action. P. 24-26.

2. Cohn, M.M. „Training for community organization in social work" in The community organization method in social work education. London, Council on Social Work Education, 1959. P. 111.

of social work practice which helps a community determine and achieve continuously more desirable program goals which meet constantly changing social welfare needs by facilitating the interaction of its constituent parts (organizations, institutions, individual leaders, and geographic subdivisions) in such a way as to make maximum use of its internal and external resources while at the same time strengthening its potential ability to undertake the solution of new and more difficult problems. Its focus is upon helping individuals and groups increase their capacity and motivation to work together to bring about progressive change and better integration in the social service of the community" [1].

(3) Johnson skets dit soos volg: „Social community organization work, then, might be defined as that method in social work used by a professional social worker to help people in a community (a defined situation) to find release, direction, and integration of energy into associative forms of activity that aim to develop in the participants increasingly higher levels of socialization and that usually result in progressively more satisfying balance between social welfare needs and resources" [2].

(4) Fink, Wilson en Conover se meer omvattende definisie lui: „Community organization in its simplest sense is concerned with meeting the needs of the individuals and groups that compose the community. It is an organised attempt on the part of the community to identify and define the social, biological, and psychological needs of the individual members and the needs of the community groups. In fact, the community

---

1. Sieder, V.M. „The tasks of the community organization worker" in <u>The community organization method in social work education</u>. P. 249.
2. Johnson, A. „Community organization method and skills in social casework practice" in <u>The community organization method in social work education</u>. P. 150.

itself as a corporate group has certain basic needs that must be met just as surely as those of individuals who live in that community. Community organization is the attempt to bring existing resources to bear on the problems involved in meeting these needs, to modify resources if necessary for more effective functioning, to eliminate specific service if they have failed to keep pace with current needs, and to develop new resources when necessary" 1).

(5) Ross skryf: „Community organization... is... a process by which a community identifies its needs or objectives, orders (or ranks) these needs or objectives, develops the confidence and will to work at these needs or objectives, finds the resources (internal and/or external) to deal with these needs or objectives, takes action in respect to them, and in so doing extends and develops coöperative and collaborative attitudes and practices in the community" 2).

(6) Friedlander sê: „Community organization is the social work process of establishing a progressively more effective adjustment between the social welfare needs and the community resources within a geographic area" 3).

(7) Murphy skryf: „In determining what community organization is, as a concept, and what it accomplishes, as a practice, it is essential to

---

1. Fink e.a. <u>The field of social work</u>. P. 547-548.

2. Ross, Murray. <u>Community organization, theory and principles</u>. New York, Harper and Bros., 1955. P. 39.

3. Friedlander. <u>Introduction to social welfare</u>. P. 181.
Vgl. McMillen, Wayne. <u>Community organization for social welfare</u>. Chicago, University of Chicago Press, 1949. P. 20-22. (Op genoemde bladsye word die verskillende definisies bespreek)
Vgl. Stroup. <u>Community welfare organization</u>. P. 138-148.

synthesize the dual view of it as a process and as a field. Seen as a process, community organization for social welfare consists in the skills that are used to coordinate, promote, and interpret the social service in any setting. As a field, it is viewed as itself a kind of superstructure made up of agencies whose primary responsibility is to coordinate and promote the work of the various service organizations and agencies" [1].

In veral die Amerikaanse vakliteratuur vind ons definisies en omskrywings wat die doel van gemeenskapsorganisasie beskryf as die opmekaar afstemming van behoeftes en hulpbronne terwyl ander die doel as integrasie en samewerking omskryf [2]. Eersgenoemde gedagte is veral in die Lane-verslag uitgebring en vorm die kern van ŉ aantal definisies wat later gevolg het [3]. Dunham beskryf dit soos volg: „By community organization for social welfare I mean the process of bringing about and maintaining adjustment between social welfare needs and social welfare resources in a geographical area or a functional field" [4].

Mayo is een van die weinige skrywers wat gemeenskapsorganisasie ook as ŉ kuns beskou [5]. Die meeste skrywers is dit eens dat gemeenskaps-

---

1. Murphy, C.G. Community organization practice. Boston, Houghton Mifflin Co., 1954. P. 29.

2. Vgl. Hendriks, G. Wat is community organization? Een korte verkenning. Groningen, Academie voor Sociale en Culturele Arbeid. 1960. P. 10. Vgl. Pieterse. Professionele maatskaplike werk. P. 175.

3. Vgl. Lane, Robert. Proceedings of the National Conference of Social Work. Selected papers, 66th Annual Conference, Buffalo, New York, Columbia University Press, 1939. P. 495-511.

4. Dunham, Arthur. „What is the job of the community organization worker?" in Proceedings of the National Conference of Social Work. Atlantic City, 1948. New York, Columbia Press, 1949. P. 162.

5. Vgl. Mayo Leonard W. „Community organization in 1946" in Proceedings of the National Conference of Social Work. New York, Columbia University Press, 1947.

organisasie ɱ proses is. Volgens Dunham, ɱ vooraanstaande skrywer, is „Community organization for social welfare (or community welfare organization) the process of bringing about and maintaining adjustment between social welfare needs and social welfare resources in a geographical area of a special field of service. Community welfare organization is a process comparable to casework or group work" 1). Ook Ross gee in ɱ definisie ɱ duidelike begrip van die proses in gemeenskapsorganisasie naamlik: „... a process by which a community identifies its needs or objectives... takes action in respect to them..." 2). Deur hierdie proses wat hom afspeel in die samelewing is die integrasie van welsynsdienste noodsaaklik en hiervoor is samewerking ɱ vereiste. Daarom kan die hoofdoel van gemeenskapsorganisasie beksyf word as naamlik om op die doeltreffendste wyse in die gemeenskapsbehoeftes te voorsien, persone te help met hulle maatskaplike probleme met die oog op die beter maatskaplike funksionering van die lede in die gemeenskap.

Gemeenskapsorganisasie as metode van maatskaplike werk bevat volgens Carter die kernelemente van maatskaplike werk, naamlik maatskaplike ondersoek en diagnose, beoordeling van kragte in die situasie, gebruikmaking van hulpbronne, modifikasie en evaluasie 3). Die drie-eenheid van ondersoek, diagnose en evaluasie en behandeling kom dus in gemeenskapsorganisasie voor net soos in die geval van die ander twee basiese metodes.

Die behandeling of hulpaksie begin met die ondersoek en sodra ɱ voorlopige verkenning plaasgevind het deur die professioneel opgeleide

---

1. Dunham. Community welfare organization. P. 23.
2. Ross. Community organization, theory and principles. P. 39.
3. Vgl. Friedlander. Social work. P. 220-221.

persoon, asook ander persone of groepe wat in die projek belangstel, is reeds met die diagnose en evaluasie sowel as met die hulpaksie begin. As die formele ondersoek gedoen word soos met behulp van maatskaplike opnames, het die werker ook met die ondersoek sowel as met die diagnose-evaluasie en die hulpaksie te doen. Dit is begryplik dat enige aktiwiteit reeds die lede van die gemeenskap beïnvloed tot beter sosiale funksionering. Begryplikerwys val die klem op die hulpverlening en hulpaksie wat op die voorgrond staan sodat die ondersoek, diagnose en evaluasie slegs as dele van die hulpaksie beskou word.

Ten opsigte van die proses het Lindeman reeds in 1921 die proses van gemeenskapsorganisasie in tien stappe verdeel wat as gevolg van die insig in die aard van gemeenskapsorganisasie beroemdheid verwerf het.

Hierdie stappe kom neer op 1) die bewuswording van 'n behoefte; 2) die verspreiding van die bewustheid van die behoefte; 3) die belangstellende groep projekteer hulle bewussyn van die behoefte op meer leiers in die gemeenskap wat dit verder uitdra; 4) die bekendheid van en besorgdheid oor die behoefte bring gewoonlik 'n emosionele impuls om die behoefte vinnig te bevredig; 5) besadigde persone tree met oplossings na vore; 6) konflik ontstaan tussen moontlike oplossings; 7) die besef kom oor deeglike ondersoek; 8) openbare byeenkomste word gereël; 9) integrasie van oplossings vind plaas en oplossings word getoets en 10) 'n finale kompromie tussen groepe vind plaas en oplossing word aanvaar [1].

Ook Ross onderskei sekere stappe in die professionele proses, naamlik: die presiese definiëring van die probleem, die studie van die aard, betekenis en implikasies van die probleem, besluit aangaande die eventuele

---

1. Vgl. Harper en Dunham. Community organization in action. P. 169-170.

oplossing van die probleem, en die toepassing van die plan van behandeling of aksie wat op die gekose oplossing gebaseer moet wees [1].

Stulting sê: „Wanneer die proses doelbewus en op vakkundige wyse bevorder en gelei word, vind ons gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk. Die doelstelling by die toegepaste proses, soos J. Boer dit stel, hou aan die een kant verband met die gekonstateerde behoeftes of probleme van die samelewing en aan die ander kant met die funksionele moontlikhede van die proses. Dit word aanvaar dat die proses beïnvloedbaar is, sodat vakkundige begeleiding die kans vergroot dat dit gunstig verloop en die gestelde doel bereik word. Een van die grondstellings is dat die gemeenskap hulp nodig het, naas die hulp aan individue en groepe deur die twee ander maatskaplike werk metodes, naamlik gevallewerk en groepwerk. Deur die hulp wat die gemeenskap nodig het om die proses van gemeenskapsorganisasie gunstig te laat verloop, ontstaan 'n maatskaplike werksituasie, waarin op sistematiese wyse, beroepsmatig, volgens metodiese gedragslyne, hulp aan die gemeenskap verleen word" [2].

Die karakteristieke kenmerk van die metode van gemeenskapsorganisasie is hulpverlening in en aan die gemeenskap. Die metode kan onderskei word van die proses soos Stulting dit beskryf: „Gemeenskapsorganisasie is 'n metode van maatskaplike werk wat 'n gemeenskap help om die voortdurende maatskaplike welsynsbehoeftes die hoof te bied deur die interaksie van sy konstituerende dele (organisasies, instellings, individuele leiers, en geografiese onderafdelings) op so 'n wyse aan te help

---

1. Vgl. Ross. Community organization: theory and principles. P. 137-152.

2. Stulting, A.A. „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk. P. 178.

dat die hoogste mate van sy interne en eksterne bronne bevry en gebruik word, terwyl terselfdertyd sy potensiële vermoë om die oplossing van nuwe probleme te onderneem, versterk word" 1).

Die definisie van Dunham vorm die gedagterigting wat 'n hoofbestanddeel van gemeenskapsorganisasie sien as 'n proses van behoeftevoorsiening deur die aanwending van hulpbronne om so 'n aanknopingspunt te vind vir georganiseerde welsynsdienslewering in die praktyk. Stulting skryf: „Wanneer welsynsdienste ingestel word, verloop daar 'n proses van gemeenskapsorganisasie, omdat 'n welsynsdiens beoog om in behoeftes te voorsien en hulpbronne nodig is om die behoefte-voorsiening moontlik te maak. Wanneer 'n welsynsorganisasie tot stand kom, word 'n kanaal gevorm, waardeur die proses van gemeenskapsorganisasie plaasvind" 2).

Vervolgens word nou aandag geskenk aan die proses wat hom voltrek en die hulpmiddels waarna Stulting verwys.

c. Die proses van gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk.

Veral in die Amerikaanse vakliteratuur en vaktydskrifte word gemeenskapsorganisasie deurgaans beskryf as 'n proses wat hom in die samelewing voltrek, ongeag enige doelbewuste ingryping om die gewensde doeleindes te bereik 3). Waar mense saam woon, is organisasie nodig om in al die

---

1. Stulting. „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk. P. 178-179.
Vgl. Sieder, V.M. „The task of the community organization worker" in Planning social service for urban needs. Papers on community organization presented at the 84th Annual Forum of the National Conference on Social Welfare. New York, Columbia University Press, 1957. P. 6.
2. Stulting. Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Stellenbosch, 1961. P. 16.
3. Vgl. Stulting. Professionele maatskaplike werk. P. 175.

behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Selfs ook waar persone en groepe middele en weë soek om hulpbronne wat bestaan, tot voordeel aan te wend en so hulle pogings saamsnoer om in die behoeftes te voorsien en probleme die hoof te bied, is daar sprake van 'n proses van gemeenskapsorganisasie. Dit is 'n spontane proses waar geen opgeleide vakkundige teenwoordig is nie, en waar die proses van bewuswording van die probleem of behoefte, die afbakening en ontleding en die soek na 'n oplossing, die toepassing van die uitgesoekte oplossing en evaluasie, tog wesenlik op dieselfde neerkom as in die geval waar gemeenskapsorganisasie as metode van maatskaplike werk hom voltrek. In laasgenoemde geval word die proses op doelbewuste vakkundige wyse gelei en bevorder deur 'n opgeleide persoon.

Volgens onder andere Lindeman [1] en Stulting [2] is daar sekere stappe wat gedurende hierdie proses voltrek word en sluit die volgende in:

(a) Die bepaling van die behoeftes en oogmerke met betrekking tot 'n bepaalde situasie. Al die feitekennis moet ingesamel en behoorlik ontleed word. In hierdie verband onderskei Mildred Barry ook tussen doel, oogmerke en oplossing [3]. Doeleindes is die aanvaarde beginsels wat nagestreef word om gesondheid, geluk, geleentheid vir ontwikkeling en sekuriteit te bewerkstellig en die waardes wat verkry word deur positiewe interpersoonlike en intergroep-verhoudinge. Met oogmerke word bedoel om in 'n

---

1. Vgl. Harper en Dunham. <u>Community organization in action</u>. P. 169-170.

2. Vgl. Stulting. <u>Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies</u>... P. 21.

3. Vgl. Barry, M.C. „Assessment of progress made by community organization in identifying basic concepts and methods for utilization in social work education" in <u>Community organization in social work</u>. New York, Council on Social Work Education, 1956. P. 29.

behoefte te voorsien of ŉ probleem op te los. Oplossings is die spesifieke programme wat aangewend word om die behoeftes te bevredig en die probleme die hoof te bied.

(b) Die tweede stap is die ordening en rangskikking van die behoeftes. Dit geskied om ŉ kriteria te vorm en prioriteit te bepaal wat volgens Johns en De Marche [1] soos volg ingespan kan word: die relatiewe dringende behoeftes, dit wil sê daardie behoeftes wat die waarskynlikste deur die bestaande of potensiële hulpbronne ontmoet kan word en daardie behoeftes waaromtrent daar ŉ toestand van gereedheid by die gemeenskap bestaan wat verandering moontlik sal maak.

ŉ Ander kriterium is om te bepaal watter situasie onmiddellik aandag verdien, verder langtermyn behoeftes en probleme wat nadere ondersoek verg voordat daarop gehandel kan word.

Die behoeftebepaling en vasstelling van prioriteite tussen hulle vereis sorgvuldige tydsberekening en ŉ deeglike kennis van die situasie in die besondere gemeenskap.

(c) Die derde stap in die proses is die ontwikkeling van die bereidheid en gereedheid om aan die behoeftes wat bepaal is, te werk. Net soos met die metodes van gevallewerk en groepwerk moet die gemeenskapswerker begin waar die gemeenskap is en waar die lede bereid en gereed is om iets te doen. Bereidheid en gereedheid is nou verbonde aan die maatskaplike bewussyn, die volwassenheid van die mense, hulle ondervinding in verskillende beplanningsprojekte en die beskikbare kennis omtrent die probleme. So kan die gemeenskapsorganisasiewerker die konsep van gereedheid gebruik om te bepaal of daar verandering of beweging van die kant van die gemeenskap

---

1. Johns, R. & D.F. De Marche. <u>Community organization and agency responsibility</u>. New York, Association Press, 1951. P. 153-154.

verwag kan word. Dit beteken egter nie dat by 'n onbevredigende gemeenskapsituasie berus moet word nie.

In Suid-Afrika is hierdie gedagte van groot belang. Waar dit 'n grondbeginsel van gemeenskapsorganisasie is dat gemeenskappe gehelp moet word om hulleself te help, moet gedink word aan die aktivering van die nie-blanke gemeenskappe om hulle eie welsynsdienste te onderneem. Daarom is die behoefte aan nie-blanke maatskaplike werkers wat onder andere ook as gemeenskapsorganisasie-werkers kan optree amper groter as die behoefte aan gewone maatskaplike werkers.

(d) Die vierde stap is die soek na hulpbronne. Hulpbronne kan verdeel word in intern of ekstern, materieel of nie-materieel en kan bestaande en potensiële leiers van die gemeenskap se ondersteuning in geld en tyd insluit. Die hulpbronne sluit onder meer in organisasies en liggame wat georganiseerde dienste lewer wat aan maatskaplike welsyn verwant is, welsynsorganisasies, fisieke fasiliteite wat vir welsynsdoeleindes benut kan word.

Carter skryf hiervan: „Perhaps resources for community organization could be grouped around (1) people - leadership, both influencers and doers; (2) financial support, including tax support, private support, foundations; (3) places and facilities; (4) social welfare programs and services in their broader sense; (5) specialized resources for planning, such as research, sources of data, university resources; and (6) previous experiences and attitudes in cooperative community effort, which can be developed through social work community organization methods"[1)].

---

1. Carter, Genevieve W. „Social work community organization methods and processes" in Concepts and methods of social work. Edited by Walter A. Friedlander. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall Inc., 1965. P. 236.

Hulpbronne is van besondere belang omdat die oogmerke en behandelingsprogramme daarsonder nie tot uitvoer gebring kan word nie. Daarom moet persone by partikuliere welsynsorganisasies voortdurend soek na alle moontlike geskikte hulpbronne.

(e) Die vyfde stap in die proses is dat daar tot aksie oorgegaan word, wat neerkom op die intensivering van handelinge waardeur die oplossings wat in vooruitsig gestel is, tot stand gebring word. Sodoende word die behoeftebepaling omgesit in behoeftevoorsiening en die behandelingsprogram wat opgestel is, uitgevoer.

Van die uiterste belang is die feit dat persone of groepe wat deel sal hê in die uitvoering van die plan vroegtydig geken en ingelig moet word om alle moontlike samewerking te verkry en weerstand of teenkanting uit te skakel. Murphy sê hiervan: „For a community to achieve satisfactory social goals through planning, it is normally necessary to work with the community, through its leaders, identifying community problems as seen by important segments of the community itself. With competent technical help, the community can be brought to a deeper understanding of its problems and enabled to work toward their solution" [1].

In die praktyk kan hierdie stappe nie altyd geskei en die bepaalde rangorde gevolg word nie omdat dit soms nodig is om tot aksie oor te gaan voordat 'n volledige ondersoek ingestel of al die inligting ingewin kan word.

Die vraag ontstaan nou hoedat gemeenskapsorganisasie in die praktyk ten uitvoer gebring word, hoe strukturele hulpmiddels verkry kan word en hoe van hierdie metode in die maatskaplike werk gebruik gemaak word.

---

1. Murphy. <u>Community organization practice</u>. P. 119.

d. <u>Die verkryging en gebruikmaking van geskikte strukturele hulpmiddels in gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk</u>.

Om die proses van gemeenskapsorganisasie te voltrek is ʼn organisasie of struktuur noodsaaklik wat die oogmerke en doelstellings kan kanaliseer. Sommige liggame beoefen gemeenskapsorganisasie as die primêre terwyl ander dit weer ter wille van ʼn sekondêre funksie beoefen. Johns en De Marche stel dit soos volg: „The idea of 'primary' responsibility and 'secondary' responsibility has grown up in some circles. It is undoubtedly true that community organization is carried on by some organizations as a primary function - i.e. by organizations established for the express purpose of carrying it on; and by some organizations as a secondary function - i.e. by organizations established for the express purpose of carrying on some other process of social work; but such a concept can lead to unsound interpretations" en verder „... everyone concerned with any aspect of social welfare must be concerned with community planning and organization. It is indeed everybody's business" [1].

Om uitvoering aan die voorgaande te gee kan die volgende as strukturele hulpmiddels by gemeenskapsorganisasie beskou word:

a. <u>Welsynsorganisasies</u>. Die daarstelling van welsynsdienste deur die instelling van privaat welsynsorganisasies deur gemeenskappe is reeds gemeenskapsorganisasie. Dit vorm ʼn kanaal waardeur die gemeenskap sy verantwoordelikheid van welsynsdienste aanvaar en ook nakom. Waar reeds meer as een welsynsorganisasie bestaan is die daarstelling van ʼn nuwe organisasie en die samewerking tussen die welsynsorganisasies ʼn gemeen-

---

1. Johns & De Marche. <u>Community organization and agency responsibility</u>. P. 81.

skapsorganisasie-verantwoordelikheid. In hierdie omstandighede waar die dienste aangepas moet word by die veranderde omstandighede en volgens nuwe kennis en insigte en die uitbreiding van nuwe dienste - dit alles word as aktiwiteite van gemeenskapsorganisasie beskou. Deur gemeenskapsorganisasie toe te pas kan samewerking tussen organisasies bewerkstellig word om oorvleueling uit te skakel.

b. Sentrale gevalleregisters is ŉ middel om die koördinasie van welsynsdienste te bevorder deur gevalle van welsynsorganisasies te registreer sodat hulle kennis dra van mekaar se maatskaplike hulpverlening aan gevalle om oorvleueling uit te skakel. Hierdie hulpmiddel is altyd aanvullend, daarom moet daar altyd samewerking, wisselwerking en koördinasie tussen organisasies bestaan om leemtes in welsynsdienste aan te vul.

Sentrale gevalleregisters is deur partikuliere welsynsorganisasies ingestel maar later is die diens deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene oorgeneem.

c. Gemeenskapskasse. In verskillende oorsese lande, veral Amerika, speel gemeenskapskasse ŉ prominente rol by fondsinsameling. Hoewel die Komitee insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies bevind het dat daar sterk besware teen die stigting van die gemeenskapskasse bestaan [1)], is daar tog ŉ hele aantal in Suid-Afrika in werking.

d. Koördineringsorganisasies. Organisasies wat dieselfde soort diens lewer word op nasionale grondslag verbind en op landswye grondslag georganiseer. Die hooffunksie is om as beplannings- en koördinerende liggame op te tree ten behoewe van die soort diens waarvoor hulle ingestel

---

1. Verslag van die Komitee insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies. Ongepubliseer, 1953.

is. Hierdie organisasies word saamgestel uit verteenwoordigers van geaffilieerde verenigings of takke en vorm die kanaal vir die skakeling met staatsdepartemente. Hierdie nasionale organisasies soos die verskillende Nasionale Rade, bepaal dan ook die beleid en stel standaarde waaraan die welsynswerk moet beantwoord.

e. Die Nasionale Welsynsraad met sy Kommissies en Streekswelsynsrade. Die doel van die Nasionale Welsynswet No. 79 van 1965 kan kortliks soos volg saamgevat word:

a) Die wysiging van:

i) die samestelling en funksies van die Nasionale Welsynsraad om dit in staat te stel om meer doeltreffende advies te kan gee aan die Minister van Volkswelsyn en Pensioene; en

ii) die samestelling en funksies van streekswelsynsrade.

b) Die instelling van kommissies om die Nasionale Welsynsraad behulpsaam te wees in die uitvoering van sy werksaamhede.

c) Die bevordering van die gesinslewe en welsynsbeleid.

d) Koördinasie van vrywillige welsynwerk.

e) Beter koördinasie tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en vrywillige welsynsorganisasies.

f) Beter maatskaplike beplanning met behulp van die Nasionale Welsynsraad.

g) Die registrasie van welsynsorganisasies.

h) Die registrasie van maatskaplike werkers.

Artikels twee tot ses handel oor die instelling van die Nasionale Welsynsraad, sy vergaderings, werksaamhede ensovoorts. Ooreenkomstig

artikel 2 word die Nasionale Welsynsraad deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene soos volg saamgestel: Een lid van elk van die streekswelsynsrade, ʼn vakkundige beampte van die Departement Volkswelsyn en Pensioene en nog vyf ander persone wat deur die Minister na goeddunke aangestel word.

Artikels sewe tot nege handel oor die instelling van sekere gespesialiseerde kommissies ter vervanging van die Uitvoerende Komitee van die ou Nasionale Raad, en bepaal hulle werksaamhede. Die vier kommissies is die volgende:

a) Die Kommissie vir Welsynsorganisasies.

b) Die Kommissie vir Maatskaplike Werk.

c) Die Kommissie vir die Gesinslewe.

d) Die Kommissie vir Welsynsbeplanning.

Streekswelsynsrade en hulle werksaamhede word bepaal deur artikels tien tot twaalf. Vir elke gebied waarvoor ʼn streekkantoor van die Departement Volkswelsyn en Pensioene bestaan, stel die Minister ʼn streekswelsynsraad in.

Die registrasie van welsynsorganisasies en alles wat daarmee saamhang word ooreenkomstig artikels sestien tot twee-en-dertig vasgestel.

ʼn Baie belangrike aspek van hierdie wet is die voorsiening vir die registrasie van maatskaplike werkers en alles wat daarmee saamhang, wat feitlik die res van die wet in beslag neem. Net maatskaplike werkers wat aan sekere opleidingsvereistes voldoen kan registreer as maatskaplike werker. Die registrasie van maatskaplike werkers deur die Nasionale Welsynsraad sal ʼn sekere mate van beskerming aan werkers, die publiek en die kliënte van die maatskaplike werkers bied, status en erkenning aan die beroep verleen en verder ander voordele vir die maatskaplike werker

self bied. Dit word voorsien dat registrasie verder sal bydra tot die uitbouing van professionele maatskaplike werk en die standaard van werkverrigting op 'n hoër peil sal plaas.

e. <u>Samevatting oor gemeenskapsorganisasie as metode in Maatskaplike Werk.</u>

Uit die bestudering van die drie basiese metodes in maatskaplike werk is bevind dat georganiseerde dienslewering 'n metode vereis wat sal konsentreer op hulpverlening aan die gemeenskap, wat te onderskei is van die hulp aan indiwidue deur gevallewerk en hulp aan groepe deur die metode van groepwerk. Elke maatskaplike werker en almal wat die beroep maatskaplike werk beoefen kry in die praktyk voortdurend met gemeenskapsorganisasie te doen.

Maatskaplike werkers moet in die praktyk saamwerk met ander organisasies om oorvleueling van welsynsaktiwiteite uit te skakel, daarom moet elke werker 'n goeie insig in en kennis van gemeenskapsorganisasie hê. Die hele raam waarbinne maatskaplike werkers optree in gevallewerk of groepwerk, berus op die geslaagde aanwending van die proses van gemeenskapsorganisasie.

Al hoe meer word van die maatskaplike werk verwag om leiding en hulp deur middel van die vakkundige werker te bied met betrekking tot die metodiese hantering van die gemeenskap se deelname aan die instelling van welsynsdienste. Verder ook die verhoging van standaarde, samewerking tussen groepe, die verhoogde deelname aan en bekendheid met die werk, en die meerdere ondersteuning wat die voortdurende aanpassing van die dienste by die veranderde en veranderende behoeftes moontlik sal maak. Sodoende word dit van die vakkundige werker verwag om die gemeenskap behulpsaam te wees om 'n ge-ordende dinamiese gemeenskapswelsynsdiens te bewerkstellig.

Stulting stel dit so: „Om ꞌn verandering te bring in die rigting van ꞌn meer geïntegreerde gemeenskapswelsynsdiens, is die doelbewuste vakkundige leiding van gemeenskapsorganisasiewerkers nodig om, deur ꞌn proses van gemeenskapsorganisasie, samewerkende verhoudings op ꞌn vaste grondslag te plaas met gesinsorg as die sentrale diens waarby alle ander dienste aanskakel" en verder „daar is onteenseglik ꞌn behoefte aan die doelbewuster gebruikmaking van die metode van gemeenskapsorganisasie, aangepas by ons land se eie omstandighede en lewensbeskouing. Deur gemeenskapsorganisasiewerk moet ons in toenemende mate die ruimte skep waarbinne die ander maatskaplike werkmetodes tot groter ontplooiing gevoer kan word en moet ons die welsynsdienste so orden en beplan dat soveel moontlik een gemeenskapswelsynsdiens tot stand kom. Sowel openbare as partikuliere welsynsliggame, moet sodoende op doeltreffende wyse die onmisbare funksie vervul waartoe maatskaplike werk in ons hedendaagse samelewing geroepe is" [1].

Gemeenskapsorganisasie staan ook in direkte verband met maatskaplike beleid en -aksie hoewel dit daarvan verskil. Gemeenskapsorganisasie, maatskaplike beleid en maatskaplike aksie is onderskeibaar maar nie skeibaar van mekaar nie. Van Rooyen stel dit soos volg: „Maatskaplike beleid kan as die algemene struktuur beskou word waarbinne die proses gemeenskapsorganisasie, soos dit op ꞌn afgebakende gebied betrekking het, moet plaasvind, terwyl maatskaplike aksie die proses aan die gang sit om die maatskaplike beleid te verander met die doel om vooropgestelde doelstellings te verwesentlik, sodat die maatskaplike werk se taak vergemaklik en moont-

---

1. Stulting. „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk. P. 194.

lik gemaak kan word" [1].

So gesien sê Van Rooyen „... dat gemeenskapsorganisasie... toegespits moet wees op die organisering van welsynsdienste binne ŉ gemeenskap, (soos die begrip in die sosiologie teenoor samelewing staan), op spesifieke welsynsprojekte, binne die bestaande, en vir die doeleindes van die projek wat die gemeenskapsorganisasieproses vereis, aanvaarde welsynsbeleid, of anders genoem, maatskaplike welsynsbeleid" [2].

## V. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING VAN DIE DRIE BASIESE METODES IN MAATSKAPLIKE WERK.

By die beoefening van professionele maatskaplike werk speel die aanvaarde basiese uitgangspunte en veral die mensbeskouing in maatskaplike werk ŉ baie groot rol. In elke probleem-situasie behoort dit in ag geneem te word om sodoende ŉ geregverdigde en gebalanseerde siening oor die probleem te kan vorm. Dit geld ten opsigte van al die vertakkings van maatskaplike werk.

Ten opsigte van die verskillende metodes is dit ook duidelik dat geen enkele metode aangewend kan word om sukses te behaal nie, maar al die metodes moet aangewend word om die gewensde oogmerke te bereik. Die primêre metodes, toegepas op wetenskaplike wyse, word gekenmerk deur die feit dat almal hoofsaaklik dieselfde stappe insluit, naamlik die ondersoek of studie, die vasstelling van die probleem of die diagnose, die plan van behandeling, die uitvoering van die plan van behandeling en die evaluasie van die bereikte resultate.

---

1. Van Rooyen, I.J.J. <u>Gemeenskapsorganisasie en maatskaplike beleid - die plek daarvan in die leerplan van die B.A.(M.W.) kursus en die probleme daaraan verbonde.</u> Referaat gelewer voor die G.U.K. te Pretoria, 17 Junie 1964. P. 9.

3. Ibid. P. 7.

Theron gee die volgende kernagtige samevatting: „In die ontleding van die metodes in die hulpaksie is maatskaplike gevallewerk omskryf as die vakkundige metode waarin 'n deskundige ('n maatskaplike werker), werksaam binne die opset van 'n welsynsorganisasie met inagneming van die grondliggende waardes, kennis wat in verband staan met die fenomeen maatskaplike hulpverlening, op vaardige wyse aanwend om 'n kliënt (met maatskaplike funksioneringsprobleme) op direkte en indirekte wyse te beïnvloed tot verbeterde maatskaplike funksionering.

„Verder is bevind dat die ondersoek, diagnose, evaluering en behandeling eintlik 'n eenheid is, dat die gevallewerk psigo-sosiaal van aard is en dat die behandeling die eintlike kern is. Daar is ook bevind dat daar verskillende vorme van behandeling is en dat die maatskaplike werker van verskillende werkwyses in die behandeling gebruik maak.

„Met betrekking tot groepwerk is bevind dat dit soortgelyk aan gevallewerk is maar dat die hulpaksie daar via die groep gedoen word. Die hoofdoel is egter ook die beïnvloeding van die waarde-rangorde van die kliënte met die oog op hulle vordering op die wordingsweg en dus ook verbeterde maatskaplike funksionering. Uit ontleding van die maatskaplike groepwerk metode blyk dat dit ook die drie-eenheid ondersoek, diagnose en behandeling openbaar.

„Gemeenskapsorganisasie is omskryf as die beïnvloeding van die lede van 'n gemeenskap, deur 'n maatskaplike werker om van hulle onbevredigende en soms afwesige maatskaplike instellings bewus te word, en om gesamentlike pogings aan te wend om dit reg te stel of daar te stel, met die oog op die beter maatskaplike funksionering van die lede van die gemeenskap wat in maatskaplike nood verkeer. Weer is bevind dat die ondersoek, diagnose en behandeling as eenheid voorkom. Ook in die metode word sekere

werkwyses gebruik" [1].

Hoewel gemeenskapsorganisasie beskou word as 'n proses waardeur die gemeenskap sy algemene behoeftes identifiseer en hulpbronne organiseer om in hierdie behoeftes te voorsien deur middel van die ontwikkeling van koöperatiewe optrede, kan dit volgens Olivier ook gebruik word ten opsigte van spesifieke probleme soos byvoorbeeld by die versorging van die bejaarde [2].

In die praktyk behoort die maatskaplike werker by die implimentering van elke metode afsonderlik of gesamentlik die aanvaarde basiese uitgangspunte in gedagte te hou en behoort die mensbeskouing, veral die christelike mensbeskouing grootliks by te dra om die mens in nood in sy besondere situasie beter te verstaan. Met hierdie gesigspunt in gedagte word besef dat daar sekere beginsels is waarop maatskaplike versorging behoort te berus en dat daar sekere instellings of liggame is wat kragtens dié besondere beginsels geroepe is om maatskaplike versorging te beoefen.

---

1. Theron. Die begrip maatskaplike werk... P. 173-174.

2. Olivier, G.F. Die taak van gemeenskapsorganisasie in die versorging van die bejaarde. Referaat gelewer tydens die Konferensie oor Bejaardesorg op 16 Mei 1967, gereël deur die Streekswelsynsraad van Noord-Transvaal.

# HOOFSTUK 6.

## 'N PRINSIPIËLE BESKOUING OOR DIE BEOEFENING VAN MAATSKAPLIKE WERK OP VERSKILLENDE TERREINE EN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VERSKILLENDE INSTANSIES.

### I. INLEIDING.

Soos blyk uit die geskiedenis van maatskaplike versorging het maatskaplike hulpbetoon of hulpverlening en noodleniging aan behoeftige en lydende lede van die menslike samelewing, in die loop van die tyd verskillende vorme aangeneem. Die primitiewe volke, die Egiptenare, Grieke en Oosterse volke en Israel het elkeen hulle eie opvattings oor hulpverlening ontwikkel. So het onder die ingewing van God die Israelitiese wette in verband met die versorging van die armes en die voorkoming van armoede ontstaan, sodat kerk en staat verenig was vir die stoflike sowel as vir die geestelike versorging van die volk. Die hulpbetoon en weldadigheid onder Israel het berus op die grondslag van die besondere genade van God aan sy Volk betoon. Biesterveld, Van Lonkhuizen en Rudolph skryf: „Naar Israëls bedeeling treedt deze goddelijke zorg voor de armen op in een nationaal gewaad, in overheidskleed. Het Koninkrijk Gods treedt onder Israël op in den vorm van een aardsch koninkrijk. Kerk en Staat vallen onder Israël saam. Men zoekt dan ook onder Israël tevergeefs naar een afzonderlijke instelling of organisatie voor die verzorging van de armen. Naar Israëls bedeeling ligt deze in Israëls regelen en wetten" [1].

---

1. Biesterveld, P., Van Lonkhuijzen, J. en Rudolph, R.J.W. Het Diaconaat. Handboek ten dienste der diaconieën. Hilversum, J.H. Witzel, 1907. P. 22.

Van Rooy sê dat die „... Goddelike versoeningsliefde wat in Jesus Christus geopenbaar is,... gedien (het) om die uitverkore volk van God geestelik te red, en in die tweede plek het dit die grondslag gevorm van die barmhartigheidsdiens van die Christelike Kerk. Op hierdie grondslag het die ou Christelike Kerk 'n barmhartigheidsdiens georganiseer wat vêr bo alle vorme van hulpbetoon en weldadigheid onder die heidense volke uitgestyg het en wat in wese en karakter prinsipieel daarvan verskil het. Die Rooms-Katolieke Kerk het in die Middeleeue liefdadigheid en hulpbetoon hoofsaaklik deur die monnikordes vanuit die kloosters georganiseer. Die Lutherse Kerk het as staatskerk die versorging van armes in hoofsaak 'n saak van die staat gemaak. Die Calvinistiese Kerke het hul barmhartigheidsdiens weer op die gesonde grondslag - beginsels van Christus en die apostels georganiseer, die diakonale amp in eer herstel en algaande die verhoudinge tot die staat suiwer bepaal.

„Die staatkundige owerhede in die verskillende Europese lande het hulle ook met die bestryding van armoede ingelaat, o.a. deur wetgewing. Veral die Industriële Rewolusie van die 19e eeu het hulle verplig om daadwerklike aandag aan liefdadigheid en armversorging te wy. Die ekonomiese wantoestande het die kerke tot nuwe aksie geprikkel en het verder liefdadigheidsverenigings en welsynsorganisasies in groot getalle laat ontstaan. Staatsbemoeiing, staatsbeheer, industriële en sosiale wetgewing het aan die orde van die dag gekom" 1).

In teenstelling met die vroeëre vorme van hulpverlening waardeur dit beperk is tot liefdadigheid aan armes, onversorgde krankes en vreemdelinge;

---

1. Van Rooy, J.C. „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg" in Op die voorpunt van die tye. Stellenbosch, Pro Ecclesia-Boekhandel, 1944. P. 41-42.

deur sy terapeutiese en nie-preventatiewe karakter; deur onwetenskaplikheid in die sin dat geen poging aangewend is om die oorsake van die kwaad te verwyder nie; deur die ongekoördineerde en ongeorganiseerde aard daarvan, het uit die bestryding van die wantoestande deur die kerk, staat en die maatskappy die moderne hulpverlening en maatskaplike werk ontwikkel wat hom van die vroeëre hulpverlening onderskei.

Van Rooy sê die moderne hulpverlening „... onderskei hom van die vroeëre vorme van liefdadigheid en hulpbetoon daarin (a) dat dit geen sentimentele weldoenery wil wees nie; (b) dat dit nie tot een of hoogstens enkele lewensterreine beperk wil wees nie, maar (c) dat dit konsensieus, volhardend en op wetenskaplike wyse misstande en euwels op die verskillende lewensterreine uit die weg wil ruim, en wel onder andere deur ernstige ondersoek na hul oorsake en deur aanwending van doeltreffende middels vir die bestryding van die wantoestande, (d) dat dit die bestryding van die kwaad op behoorlik georganiseerde, gekoördineerde en gesistematiseerde wyse aanpak en (e) dat dit, gedagtig aan die stelreël: „prevention is better than cure", sover moontlik preventatief optree.

„Nieteenstaande die geweldige vordering op die gebied... bestaan daar tog nog ŉ ontsettende mate van verwarring veral ten opsigte van die volgende:

(a) Die terreine waarop volksorg uitgeoefen moet word.

(b) Die fundamentele beginsels van, en die aangewese liggame vir die beoefening van volksorg.

(c) Die sistematisering en koördinering van die werksaamhede van verantwoordelike liggame" 1).

---

1. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 42-43.

In Suid-Afrika word die ontwikkelingsgeskiedenis van welsynswerk soms ook so ingedeel om die bemoeiing van sekere instansies te beklemtoon soos onder andere die periode van kerklike bedrywighede, die ontstaan van partikuliere welsynsorganisasies en die stigting van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene om die terrein van die staat aan te dui [1].

Uit die voorgaande kan afgelei word dat daar dus drie instellings of liggame is deur wie welsynswerk onderneem kan word en dit verteenwoordig ook sekere afgebakende terreine naamlik die terrein van die kerk, dié van die privaat inisiatief en dié van die staat. Die welsynswerk deur hierdie drie instansies onderneem, geskied kragtens sekere beginsels waarvolgens die uitoefening plaasvind.

Verskillende skrywers het hulle ook al oor hierdie aspek uitgelaat, maar dan meer met betrekking tot net twee van die drie instansies. Cronje [2] skryf oor die vennootskap van die staat en die partikuliere welsynsorganisasies, Hall en Howes [3] behandel weer die kerk en maatskaplike werk terwyl Coughlin in Church and state in social welfare ook die vrywillige welsynsorganisasies in ag neem as hy sê: „One of the most important decisions that social welfare must make concerns the position of voluntary welfare..." [4].

---

1. Vgl. Theron, E. en Stulting, A.A. Maatskaplike dienste in Suid-Afrika. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers en boekhandelaars, 1961. P. 11.

2. Vgl. Cronje, G. 'n Prinsipiële uiteensetting van die vennootskap van die staat en die partikuliere welsynsorganisasies op die gebied van die maatskaplike sorg. Brosjure oorgedruk uit die Tydskrif vir Geesteswetenskap. Pretoria, Maart 1964.

3. Vgl. Hall, M.P. en Howes, I.V. The church in social welfare. London, Routledge and Kegan Paul, 1965.

4. Coughlin, B.J. Church and state in social welfare. New York, Columbia University Press, 1965. P. 1.

Ook Bouwman onderskei die drie terreine in die volgende: „De diakonale bediening is niet van hetzelfde karakter als de burgerlijke armenzorg. Ook de overheid kan en mag zich niet onttrekken aan de verzorging der armen. Waar verwaarloosden en ellendigen zijn, die niet door de kerk of door de particuliere liefdadigheid geholpen worden, moet de overheid helpen optreden" [1]. En verder: „Hieruit vloeit reeds voort het onderscheid tusschen de particuliere liefdadigheid, de staatsarmenzorg en den arbeid der diakenen" [2].

In aansluiting by die sentrale begrip „orde" en die beskouing oor die samelewingsorde sê Van Dijk: „Samenleving veronderstelt orde, samenlevingsorde..." [3], wat uiting vind onder andere in die gedagte van die ordelike naasbestaan van staat, kerk, bedryf, skool, welsynsorganisasie, ensovoorts. So gesien is die gedifferensieerde samelewingsorde „... 'n ordelike ontsluiting of ontwikkeling van die menslike kultuurarbeid. Dit is die beskawingsvrug van Gods-gehoorsame vormingsarbeid van die mens as kulturele maghebber..." [4]. In die samelewing word 'n duursame organisasie van die verskillende samelewingsvorme aangetref waaroor Van Riessen skryf: „De mens vormt, zeker niet willekeurig, duurzame verbanden in de samenleving, waarin hij met anderen leeft en werkt: vereniging, staat, school, kerk, gezin, onderneming, enz." [5]. Hy gaan verder: „Hij (die mens) kreeg

---

1. Bouwman, H. Gereformeerd Kerkrecht. Kampen, J.H. Kok, 1928. P. 573.

2. Ibid. P. 574.

3. Van Dijk. Mens en medemens. P. 51.

4. Van Loggerenberg, N.J.H. Die staatkundige beleid t.o.v. volksorg in die R.S.A. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Ongedateerd. P. 4.

5. Van Riessen, Ir.H. De maatschappij der toekomst. Franeker, T. Wever, 4de druk, 1957. P. 78.

de opdracht te ontplooien, wat God daarin besloten had. Het ambt van de mens was, de scheppingsmogelijkheden te cultiveren" [1]. Vanuit Christelike standpunt word die tydelike werklikheid wat staat, kerk en partikuliere liefdadigheid omvat in sy eenheid en verskeidenheid van samelewingsvorme die neerslag van normatiewe struktuurtipes wat in die samelewingsorde sinvol geïntegreer is. „Die staat, die kerk en die vrye welsynsorganisasie is die neerslag of verwerkliking van godgegewe normatiewe strukture wat hul aard en onderlinge andersheid aan die rykbedeelde skepping Gods ontleen" [2], en verder „elke lewensvorm is 'n struktuurtipe wat met 'n eie normatiewe bevoegdheid toegerus en in eie kring begrens is... Elke lewensvorm is daarom in die Wet van God begrens en lê saam met alle ander soewereine lewensvorme in ons gedifferensieerde samelewingswerklikheid in 'n enkaptiese vervlegtingsstruktuur ingebed. Dit is 'n veelheid wat tot 'n eenheid geharmonieer is. Ook die gesagstruktuur van die staat, die kerk en die welsynsorganisasie is dus in hul tipiese bevoegdhede in ons samelewingsorde vervleg en kan gevolglik van mekaar onderskei word.

„Die skeppingsbeginsel van soewereiniteit in eie kring handhaaf die selfstandigheid en soewereine bevoegdheid van elke lewensvorm kragtens 'n eie normatiewe funderings- en bestemmingsfunksie, met eie tipiese gesagsbevoegdheid. Die soewereiniteitsbeginsel handhaaf derhalwe 'n strukturele en funksionele gesagsbegrensing van alle individualiteitstrukture. Die staat as regsverband, die kerk as geloofsverband... of die welsynsorganisasie as liefdesverband, is lewensvorme met 'n tipiese bevoegdheid wat na

---

1. Van Riessen, Ir.H. <u>De maatschappij der toekomst.</u> P. 92.

2. Van Loggerenberg. <u>Die staatkundige beleid t.o.v. volksorg in die R.S.A.</u> P. 7.

binne en buite begrens is...

„Hier is dus ʼn soewereiniteit wat die skeppende wil van God as die bestaansgrond van alle synde erken, bely en handhaaf, want die skeppingsbeginsel van soewereiniteit in eie kring waarborg ʼn veelheid van gesagstipes wat met ʼn bepaalde ampsbevoegdheid toegerus en daardeur begrens is. Dit waarborg aan die staat, die kerk en die welsynsorganisasie ʼn ampsgesag wat soewerein en gebonde in eie kring is en wat in die gedifferensieerde samelewingswerklikheid vervleg is. Dit waarborg ʼn veelheid van gesagsverhoudinge te midde van ʼn werklike eenheid" [1].

Die samelewingsvorme wat deur die mens gekies word om sekere aspekte van die ryke lewe te realiseer is nie aan mekaar onderworpe nie, maar staan in noue verband met mekaar, neweskikkend en gekoördineerd, en verkeer steeds in gedurige vervlegting onderling omdat dieselfde mens van verskeie van die samelewingsvorme lid is. „Niet de onder- of bovenschikking, maar de nevenschikking is de juiste relatie tussen de samenlevingsverbanden" [2], merk Van Riessen tereg op. Maar hierdie vervlegting is sodanig dat „... die samenhang van individualiteitsstructuren is, waarin deze laatste wel hun interne souvereiniteit in eigen kring behouden, maar in hun externe functies ontsloten worden" [3].

Vervolgens sal die drie onderskeie terreine van die kerk, die partikuliere welsynsorganisasies en die staat afsonderlik in behandeling geneem word. Voordat ʼn prinsipiële omlyning en afbakening egter van die onder-

---

1. Van Loggerenberg. Die staatkundige beleid t.o.v. volksorg in die R.S.A. P. 7.

2. Van Riessen. De maatschappij der toekomst. P. 85.

3. Spier, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen, J.H. Kok N.V., 1950. P. 234.

skeie versorgingsaktiwiteite van die onderhawige samelewingsvorme gemaak kan word, is dit nodig om 'n sosiologiese struktuuranalise van elkeen te maak om die funderings-, bestemmings-, en gesagsfunksies na vore te bring.

## II. 'N SOSIOLOGIESE STRUKTUURANALISE VAN DIE KERK, PARTIKULIERE INISIATIEF EN DIE STAAT.

### (a) Die kerk.

Volgens Spier [1] is die kerk 'n pisties gekwalifiseerde, dit is 'n geloofsgemeenskap met 'n normatiewe indiwidualiteitstruktuur wat in die Woord-diens, sakramentsbediening en menslike ampsbediening verwesenlik word. As instituut is die kerk 'n samelewingsvorm wat in die ampsbediening van die leeramp, regeeramp en diakonaat histories gefundeer en volgens Kuyper is „... dit kerkinstituut (is) aan eigen, door God gestelde ordinantiën gebonden" [2]. „Toch is de kerk niet voldoende in haar eigen aard bepaald als gemeenschap van christ-gelovigen. Haar typische kenmerken zijn veeleer de Verkondiging van het Woord en de Bediening der Sacramenten.

„Woord en Sacrament zijn de instrumenten, waarvan Christus zich bedient, om met Zijn genade en Geest op zijn Kerk in te werken.

„Door de verkondiging van het Woord en de Bediening van de Sacramenten wordt het kerkinstituut als zodanig geformeerd" [3].

Sosiologies gesien moet onderskei word tussen die Kerk as tydelike samelewingsverband en die bo die tyd uitstygende werklikheid van die

---

1. Vgl. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 219.
2. Dengerink. Critish-historisch onderzoek... P. 121.
3. Ibid. P. 122.

gemeenskap van die liggaam van Christus. Hierdie onderskeiding beteken nie skeiding nie maar wel dat die Sosiologie van sy grense bewus moet wees wanneer dit met die kerk as samelewingsvorm te doen het. „Maar de socioloog, die zich op dit terrein van de kerk begeeft, heeft te bedenken, dat hij slechts in staat zal zijn de werkelijkheid recht te doen, indien hij niet blijft staan bij de gemakkelijk waarneembare uiterlijke verschijnselen, maar daarachter erkent het niet in wetenschappelijke formules te vatten diepere gebeuren. Het gebeuren van de strijd die de Geest Gods in Christus voert om mensenharten" 1).

~~Om bogenoemde~~ rede is die kernelemente van die struktuur van die kerk as samelewingsvorm van die Goddelike werklikheid in Christus nie los te make nie, en omskryf Van Dijk die kerk as: „... het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en cultusverband van Christ-gelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geinstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde" 2).

Dengerink sê dat die kerk as samelewingsvorm gekwalifiseer word deur twee radikale funksies van (d) geloof en die Woord van God. Hy skryf van die kerk: „... dat het pistisch is gequalificeerd, dat het m.a.w. zijn bestemmingsfunctie slechts kan vinden in een tijdelijke geloofsgemeenschap in onderworpenheid aan de goddelijke openbaringsnorm (Woord), en dat het een typisch historische fundering moet vertonen" 3).

Die funderingsfunksie van die kerk kan omskryf word as „... de

---

1. Van Dijk. Mens en medemens. P. 106.
2. Idem.
3. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 210.

historische macht van het Woord des Heren, d.i. de macht van de Christus, die door Zijn Woord en Geest Zijn volk regeert. De Heiland Zelf heeft deze zwaardmacht van het Woord Gods georganiseerd door aan de kerk het ambt en de sacramenten te geven. Deze zwaardmacht van het Woord is alleen te verstaan als geloofsmacht" [1].

Waar die kerk dus deur die geloofsfunksie gekwalifiseer word, verskil dit van die ander funksies van die kerk daarin dat dit 'n grenskarakter dra, met ander woorde alles wat geskape is, wys in die geloofsfunksie na wat bo-tydelik is, dit wil sê na die Oorsprong van alles, na God wat die wêreld deur Sy Woord geskape het en wat die sondige mensdom verlos deur Jesus Christus [2].

Hierbenewens het die kerk ook 'n unieke permanente gesagstruktuur wat net soos die funderings- en bestemmingsfunksies pisties gekwalifiseer is en in die historiese mag van die Woord verankerd is. Die dienende gesagsfunksie van die kerk is 'n afgeleide funksie of gedelegeerde gesag van die Koningskap van Christus. Spier sê: „... de ambtsdrager in de kerk is een dienstknecht van Jezus Christus, de Koning der kerk..." en verder: „... het kerkelijk ambtsgezag evenwel is niet heersend, maar dienend, wijl het pistisch gekarakteriseerd is. Het kerkelijke instituut heeft wel een juridische structuur-functie, maar die word vanuit het pistische bepaald. En - aangezien de pistische geloofsfunctie altijd de heenwijzing naar de transcendente Wortel der Schepping, nl. Jezus Christus, die de enige Souverein in Zijn kerk is - daarom zal ook in de juridische functie van het kerklijk instituut de dienst van de Koning der kerk het karakter van

---

1. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 220.
2. Vgl. Ibid. P. 219.

het kerkelijk gezag der ambtsdragers moeten bepalen" 1).

Samevattend sê Van der Walt is die primêre funksie van die kerk te vinde in die pistiese kring, in sy onafskeidelike korrelasie met die historiese funderingsfunksie, naamlik die swaardmag van die Woord van God, wat na alle kante toe sny. Om hierdie rede word die strukturele orde van die kerk dan ook gekleur deur die struktuurnorm van die geloof, wat gewortel is in die Heilige Skrif, die hart, siel en verstand as die poort van die menslike lewe, sodat die norm van naasteliefde in sy wese die geloofsverhoudinge is wat in ooreenstemming met die openbaring van die Goddelike waarheid en genade as die eenheid van die kerklike belydenis, dus van kerklik-konfessionele aard, is 2).

Hy skryf verder: „Die swaardmag van Gods Woord is alleen te verstaan as geloofsmag, omdat die bestemmingsfunksie sy stempel afdruk op die struktuurfunksies. Die kerk kom tot alle mense met die eis van die gemeenskap van die gelowiges en doen 'n beroep op menseharte onder die uitsluitende sanksie van die mag van Gods Woord, van die evangelie. Daarom is die tug wat die kerk handhaaf en waarmee hy na binne en buite optree, gegrond op die tug van die Woord. Die hoogste roeping van die Christengelowige is daarom om orals en te alle tye reformerend op te tree, want Christus en sy Woord is in die kerk die enigste outoriteit. Op hierdie basis is ampsgesag in die kerk altyd Woordgesag, wat geen grense of beperkinge het nie, want die Woord van God strewe geestelike wêreldheerskappy na, wat op die jongste dag in vervulling sal kom.

„Om hierdie roeping te vervul (liefde tot God en jou naaste, met jou

---

1. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 224.
2. Vgl. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing... 553.

hele hart, siel en verstand) beskik God dit so in menseharte dan mense hulle geroepe voel om te arbei aan die vorming en hervorming van die kerk todat Hy sy bruid op aarde kom haal.

„Deur die goddelike instelling van die kerklike ampsdraers en deur sy genade kan die positiveringsarbeid van die norm volvoer word, hoe gebrekkig en sondig ook al" [1] - elke oomblik in alle konkrete situasies.

So gesien is die kerk as liefdesgemeenskap tussen gelowiges ŉ binding aan God, deur Jesus Christus en die Heilige Gees en vereis gehoorsaamheid en onderworpenheid aan die Godgegewe wette en norme wat ook en veral op die geloofs- en godsdienstige lewensterrein in ons lewe waar gemaak en gehandhaaf moet word. Elkeen van hierdie variasies in naasteliefde word gekleur volgens oorsprong, aard, wese, roeping en bestemming volgens die onderskeie struktuurnorme van die samelewingsvorme, wat die mens as aksiesentrum ŉ roeping oplê, soos vervolgens ook gesien sal word by die partikuliere inisiatief.

(b) Die partikuliere inisiatief.

Waar die kerk en staat ŉ „institutair karakter" vertoon en die instelling daarvan nie aan menslike inisiatief te danke is nie, maar deur Rom.13 (Staat) God self ingestel en in stand gehou word, is daar in die samelewing ŉ groot verskeidenheid van „... andersoortige verbanden, die niet institutair zijn, die ontstaan zijn door vrije associatie, d.i. door een vrijwillig samengaan van mensen, die in de sfeer der maatschappelijke vrijheid op voet van gelijkheid staan" [2]. Volgens Spier kan hierdie terrein omskryf

---

1. Van der Walt. ŉ Histories-prinsipiële beskouing... P. 553-554.
2. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 225-226.

word „... als het brede veld van de persoonlijk vrijheid, waarop de mensen buiten de institutaire verbandsverhouding met elkaar omgaan als gelijken en zich met elkander organiseren kunnen... En uit de maatschappelijke organisatie resulteren de verschillende maatschappelijke verbanden, die alle historisch gefundeerd zijn, wijl ze tot stand komen door positieve vorming op de grondslag van een bepaalde macht" [1].

Die partikuliere inisiatief of „maatschapsverschijnsels" volgens Dooyeweerd soos aangehaal deur Dengerink dit noem [2] vertoon in die daaglikse bestaan twee radikale funksies waarvan die bestemmingsfunksie weer die kwalifiserende rol vervul, naamlik „... door een typische omgangsfunctie gequalificeerd..." [3] word.

Die partikuliere welsynsvereniging se tipiese fundering is geleë in die historiese liefdesmag soos dit tot uiting kom in die groot gebod: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Deur die eeue heen het hierdie historiese liefdesmag na aanleiding van noodtoestande tot uiting gekom in georganiseerde optrede waardeur noodleniging tot stand gekom het.

Van Loggerenberg merk op: „... dat die historiese liefdesmag altyd tot sy laaste herleibare grond, die skeppingsopdrag, herlei moet word. Die Gode-gehoorsame kultuurarbeid van die skepsel op die gebied van die noodlenigingsdienste vind daarom sy laaste funderingsgrond in die skepping Gods en die historiese liefdesmag gee daarom 'n tipiese fundering aan die welsynsorganisasie" [4].

---

1. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 225-226.
2. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 217.
3. Idem.
4. Van Loggerenberg. Die staatkundige beleid... P. 16.

Hoewel die bestemmingsfunksie van maatskaplike verbande baie verskillend kan wees, hang dit altyd saam met die doelstellings van elkeen as die rede waarom die organisasie in die lewe geroep is. Daarom sal die doelstellings van elke welsynsorganisasie 'n duidelike aanduiding van sy bestemmings-funksie gee. Die welsynsorganisasie met sy noodleningsdiens ten doel het sy bestemmingsfunksie in die etiese aspek. Die toestande van nood waarmee die welsynsorganisasie gedurig te doen kry en die eise wat dit aan die naasteliefde stel, bepaal die doel en bestemming van die vrywillige welsynsorganisasie. Hoewel die bestemming en doelstelling in verband met mekaar staan is dit tog nie dieselfde nie omdat doelstelling 'n wyer begrip vorm soos Spier sê: „Want terwijl de bestemmingsfunctie steeds beperkt blijft tot het interne verbandsleven, grijpt het doel vaak verder, wanneer nl. het oogmerk voorzit, dat hèt verband buiten z'n eigen interne sfeer zal inwerken op het breder veld van de maatschapsverhoudingen" 1).

funksie Dit is die vrywillige liefdesdiens en naastediens in die sin van versorging en hulpverlening, wat die arbeid van die welsynsorganisasie kwalifiseer.

Met betrekking tot die gesagsfunksie skryf Van Loggerenberg: „Die vrywillige welsynsorganisasie is 'n lewensvorm, 'n noramtiewe individualiteitstruktuur wat 'n besondere en tipiese bevoegdheid in ons gedifferensieerde samelewingsorde, kragtens 'n aard-eie gesagsfunksie, vervul. Dit is 'n lewensvorm met eie normatiewe gesagstruktuur" 2).

Uit bovermelde is dit duidelik dat die liefdesfunksie van die vrywillige welsynsorganisasie of partikuliere inisiatief sy gesagsfunksie as

---

1. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 226-227.

2. Van Loggerenberg. Die staatkundige beleid... P. 17.

'n morele liefdesgesag kwalifiseer. Hierdie morele liefdesgesag vorm 'n vrywillige bindende gesag wat deur die bestuur van die vrywillige welsynsorganisasie tot uiting gebring word.

Vervolgens word gelet op die variasie in naasteliefde van die staat.

(c) Die staat.

Die staat as spesifieke samelewingsvorm is 'n verskynsel van die moderne samelewing [1]. In die lig van hierdie bespreking kan die staat volgens Van Dijk soos volg omskryf word: „Naar zijn normatief structuurprincipe zou ik de staat willen omschrijven als: het verband der openbare samenlevingsorde van overheid en onderdanen, op de basis van het monopolie der zwaardmacht over een bepaald cultuurterritoir, naar de norm van de harmonisering van de private belangen in (de verzorging van) het openbaar (algemeen) belang in de zin der gerechtigheid" [2].

Stoker se omskrywing pas hierby in as hy sê: „Sy (die staat) eintlike funksie en taak is om vir indiwidue en menslike verbande regsmoontlikhede en die reg te vorm en te ontwikkel en om daardie reg met mag en geweld (soldate, polisie, tronke, boetes, ens.) te handhaaf en te beveilig, sodat 'n ordelike en harmoniese, asook roepingsgetroue samewerking tussen indiwidue, tussen indiwidue en samelewingsvorme onderling moontlik is. So bestry die staat die gevolge van die sonde - op positiewe en op negatiewe wyse" [3].

X Die staat as samelewingsvorm word gekwalifiseer deur twee radikale

---

1. Vgl. Van Dijk. Mens en medemens. P. 110.

2. Idem.

3. Stoker, H.G. Die stryd om die ordes. Pretoria, Caxton-drukkery (Edms.) Bpk., 1941. P. 224.
Vgl. Hoefnagels, G.P. Recht en maatschappelijk werk. Utrecht, Uitgeverij Het Spectrum, 1963. P. 16-22.

funksies van reg en mag of soos Dengerink dit noem: „... de verhouding tussen recht en macht in de structuur van dit samelevingsverband" [1]. Ook Spier sê: „Die beide factoren (recht en macht) wijzen de bestemmings- en funderingsfunctie aan in de staatstructuur" [2].

Dengerink beweer ook dat die bestemmingsfunksie van die staat slegs gevind kan word in die juridiese aspek en dat die staat deur die regsfunksie gekwalifiseer word en dit van alle ander strukture in die samelewing hierdeur afgegrens word.

Die funderingsfunksie van die staat is histories bepaald en Spier sê: „De typische funderingsfunctie van het staatsverband is de monopolitische organisatie van de zwaardmag over een territoriaal cultuurgebied" [3]. Sodoende dra die staat 'n normatiewe karakter wat inhou dat die staat die swaardmag na binne en na buite só moet organiseer dat dit behoorlik funksioneer. Die funksie van die swaardmag gee aan die staat 'n unieke fundering en word in Christelike sin as ampsfunksie van die owerheid naamlik as wetgewer gehandhaaf.

Hierdie regs- en magsfaktore is die onverbreekbare korrelasie tussen die bestemming en fundering en is ook in die bestemmingsfunksie van die staat as regsgemeenskap die bepalende faktore. Daarom gee die regsverhouding van owerheid en onderdaan tipies uitdrukking aan die gesagsfunksie van die owerheid. Gesag as modale begrip word volgens die Christelike gesagsleer herlei tot sy laaste funderingsgrond, die absolute gesag van God [4]. Daarom beklee alle gesagsdraers 'n afgeleide of gedelegeerde gesag

---

1. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 203.
2. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte... P. 202.
3. Ibid. P. 203.
4. Vgl. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 96.

en vind die owerheidsgesag sy hoogste realiteitsin in die Godgegewe verhouding van „n dienaar van God" [1].

Van Loggerenberg skryf hiervan: „Die staatlike ampsgesag onderskei sig voorts van alle ander soorte gesag as juridiese integreringsgesag. Voorts is die owerheidsgesag, net soos alle ander gesagstipes, onvervangbaar en ondeelbaar, d.w.s. dit kan in hierdie besondere verband deur geen ander gesag vervang word nie. Dit is trouens ŉ dwingende verbandsgesag wat in die swaardmag gefundeer is en daarom sal die ampstaak van die owerheid, ook waar dit noodlenigingsdienste betref, altyd deur ŉ juridies-dwingende gesag gekenmerk word. Owerheidsgesag is dus wesenlik te onderskei van kerklike geloofsgesag en van die liefdesgesag van die welsynsvereniging" [2].

Spier maak ŉ duidelike onderskeid tussen kerklikgesag en staatsgesag en tussen die kerklike amp en die owerheidsamp. Hy skryf: „Wie zegt: de ambtsdrager in de kerk is een dienstknecht van Jezus Christus, de enige Koning der kerk, terwijl tenslotte ook de overheid een dienende taak heeft onder het souvereine gezag van de Almachtige God, die spreekt ongetwijfeld de waarheid... Het overheidsgezag is niet primair dienend, doch heersend, omdat het in de zwaardmacht gefundeerd en juridisch gequalificeerd is. Het kerklijk ambtsgezag evenwel is niet heersend, maar dienend, wijl het pistisch gekarakteriseerd is. Het kerkelijke instituut heeft wel een juridische structuur-functie, maar die word vanuit het pistische bepaald" [3], terwyl die etiese funksie wat heenwys na die pistiese die vrywillige welsynsorganisasie kwalifiseer.

---

1. Vgl. Romeine 13:1-7.
2. Van Loggerenberg. Die staatkundige beleid... P. 12.
3. Spier. Inleiding in de wijsbegeerte... P. 224.

Opsommend word tot die gevolgtrekking geraak dat die leidende funksie van die staat die juridiese is, die van die kerk die pistiese, terwyl die etiese funksie die welsynsorganisasie kwalifiseer. Die staat, kerk en vrywillige welsynsorganisasie word dus begrens en onderskei deur die juridiese swaardmag, die pistiese geloofsmag en die etiese liefdesmag.

Van Loggerenberg sê: „Die strukturele andersheid van die normatiewe individualiteitstrukture gee 'n onderskeidende andersheid in die bestemmingsfunksie. Die juridiese gekwalifiseerdheid van die staatsverband gee 'n tipiese bestemming in die juridiese wetskring, en die pistiese gekwalifiseerdheid gee aan die kerkverband 'n bestemming in die geloofskring, terwyl die naasteliefde die welsynsorganisasie se bestemming in die etiese wetskring uitwys. Die staat, kerk en welsynsvereniging word dus deur die onderskeie kwalifiserende funksies in bestemming op prinsipiële vlak onderskei.

„Uit bostaande kan met veiligheid gekonkludeer word dat die kwalifiserende funksie van die normatiewe individualiteitstruktuur die bepalende faktor in die taakverdeling en die taakvervulling is. Die juridiese swaardmag sal die aard-eie juridiese sorg van die staat dwingend onpersoonlik inklee; die pistiese geloofsmag sal die aard-eie geloofsorg van die kerk dienend persoonlik inklee, terwyl die etiese liefdesmag die aard-eie liefdesorg van die welsynvereniging as vrywillige liefdadigheidsdiens sal inklee" [1].

Die staat, kerk en partikuliere inisiatief sowel as al die ander samelewingsvorme, elkeen met sy eie besondere bevoegdheid en tipiese belange is op „... universele en tegelijkertijd onverbrekelijke wijse met elkaar

---

1. Van Loggerenberg. Die staatkundige beleid... P. 19.

verbonden" [1] sonder dat daar sprake van universalistiese oorheersing of individualistiese losheid is. Daar bestaan egter ꞌn tipiese struktuurvervlegting waarvan Dengerink skryf: „Een wezenlijke enkaptische structuurvervlechting veronderstelt... dat de in deze vervlechting fungerende dingen en sociale verhoudingen inderdaad een eigen interne structuurwet bezitten" [2].

Met hierdie vervlegtingstruktuur van die samelewingsvorme wat onderling met mekaar vervleg is, word nie ꞌn vermenging bedoel nie „... maar dat die samelewingsorde ꞌn waarheidsbeeld van die vervlegting van soewereine belange, bevoegdhede en verantwoordelikhede behels" [3].

Vervolgens sal aandag gewy word aan die fundamentele beginsels van en die aangewese liggame vir die beoefening van maatskaplike hulpverlening en professionele maatskaplike werk.

## III. DIE FUNDAMENTELE BEGINSELS VAN EN DIE AANGEWESE LIGGAME VIR DIE BEOEFENING VAN HULPVERLENING EN MAATSKAPLIKE WERK.

Vir die bepaling van die beginsels waarop die uitoefening van hulpverlening en maatskaplike werk behoort te berus, asook die instellinge of liggame wat kragtens hierdie beginsels geroepe is om dit te beoefen, word aansluiting gevind by Van Rooy as hy skryf: „Wat die beginsels... betref, oorwen die Calvinisme die bestaande verwarring deur die volgende drie grondbeginsels te onderskei:

a. Die beginsel van heiligende of saligmakende liefde wat in

---

1. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek... P. 221.
2. Ibid. P. 222.
3. Van Loggerenberg. Die staatkundige beleid... P. 21.

Christus en sy soenlyde tot openbaring gekom het, en wat die grondslag vorm van die barmhartigheidsdiens van die kerk.

b. Die beginsel van organiese liefde wat een van die onontbeerlike voorwaardes vorm vir die bestaan van 'n volk en wat die grondslag vorm vir die arbeid van alle maatskaplike volksorganisasies.

c. Die beginsel van geregtigheid wat as grondslag dien vir enige vorm van staatsarbeid en staatsoptrede" [1].

Tesame met die bepaling van die spesifieke liggame, instansies of terreine moet ook die beginsels waarvolgens die beoefening van hulpverlening en maatskaplike werk behoort te geskied, afsonderlik ontleed word om enige verwarring te voorkom.

(a) Die beginsel van heiligende of saligmakende liefde as grondslag vir die barmhartigheidsdiens van die kerk.

As uitgangspunt vir die bepaling van die beginsel van heiligende of saligmakende liefde as grondslag vir die barmhartigheidsdiens van die kerk, word die woorde in Johannes 3:16 geneem: „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" [2].

Hier word gepraat van heiligende liefde omdat dit te doen het met die liefde van God vir die mens, en van saligmakende liefde omdat God hierdie ~~liefde~~ in Christus aan die mens geskenk het ten einde sy saligheid vir hom te bewerkstellig en daardeur Sy eie Naam te verheerlik. Uit die aard van die saak vorm hierdie beginsels die grondslag van al die

---

1. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 45.

2. Johannes 3:16.

arbeid van die Christelike kerk op aarde [1].

Die „Woord" en sakramente word deur Christus gebruik as instrumente vir die instandhouding en uitbreiding van Sy koninkryk op aarde en verder het Hy in Sy kerk drie ampte laat instel, naamlik:

(i) Die leeramp, wat deur die leraar met die verkondiging van Gods Woord uitgeoefen word.

(ii) Die opsienersamp wat deur die ouderlinge, as wagters op Sions mure, uitgeoefen word.

(iii) Die diakonale amp, wat die versorging van die armes in die Kerk van Christus ten doel het.

Dit moet duidelik gestel word dat die arbeid van die kerk in die eerste en belangrikste plek nie bestaan in die beoefening van hulpverlening en maatskaplike werk nie, maar wel in die instandhouding en uitbreiding van Gods Koninkryk op aarde. Net soos die leeramp en die opsienersamp lê die hoogste taakvervulling van die diakonale amp nie binne die kosmiese werklikheid nie, maar styg daarbo uit en reik heen na die hemel en die ewigheid. Daarom: „Het Ambt is in Christus' Kerk niet een instelling van menschen, maar een instelling van Christus, als Koning der Kerk, uitgaande" [2].

Na aanleiding hiervan skryf Van Rooy: „Vir hierdie heerlike taakvervulling deur die diakonale barmhartigheidsdiens moet die kerk vir hom sy Koning Jesus Christus as voorbeeld neem, wat, behalwe die verkondiging van die verlossingsevangelie, ook hoëpriesterlike barmhartigheidsdiens verrig

---

1. Vgl. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 46.

2. Kuyper, A. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Derde deel. Kampen, J.H. Kok, 1909. P. 468.
Vgl. Biesterveld, P. Het huisbezoek. Kampen, J.H. Bos, 1908. P. 221.

het deur strome van seëninge en weldade van sy uitgestrekte hande op ellendige en nooddruftige mensekinders te laat neervloei. Hy laat ter voortsetting van Sy priesterlike barmhartigheidsdiens die diakonale amp instel om dit uit te oefen kragtens die goddelike liefdesbeginsel, waarvan Hyself die beliggaming is." [1]. Die prediking van liefde en geregtigheid is egter nie losgemaak van die beoefening daarvan nie, sodat daar naas die leer- en regeerampte van die kerk ook 'n amp of diens van barmhartigheid ingestel is. Biesterveld en andere skryf hiervan: „De allereerste taak van de barmhartigheid is ieder in staat te stellen zijne roeping voor God te volbrengen" [2]. Hulle rig terselfdertyd 'n waarskuwing: „Sommigen meenen dat de waardigheid van het ambt meebrengt om zooveel mogelijk heel het levensterrein onder het ambt te stellen. Naar hen is er eigenlijk geen plaats meer voor het oefenen van barmhartigheid door de geloovigen. Nu heeft het diaconaat zeker allereerst zich te richten op het natuurlijke, terwijl de dienst des Woords en die van het ouderlingschap zich allereerst richten op het geestelijke. Maar bij alle ambten geldt de bepaling: zoover de taak van de geïnstitueerde kerk op dit terrein zich uitstrekt" [3].

Daarom beweer Bouwman tereg dat die diakonale bediening nie van dieselfde karakter is as die burgerlike hulpverlening of dié van die staat nie [4], en Biesterveld en andere vul hierby aan: „Naar den wil Gods zijn er de ongelijkheden in het midden van de kinderen der menschen. Door de zonde worden die ongelijkheden tot tegenstellingen. Aan de verzachting

---

1. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 46.
2. Biesterveld e.a. Het Diaconaat. P. 228.
3. Ibid. P. 239.
4. Vgl. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 573.

dier tegenstellingen heeft de Christelijke barmhartigheid te arbeiden" [1].

Bouwman vestig die aandag daarop dat die aardse verhoudinge deur Gods genade nie uitgewis word nie. Die verskil van aanleg en vermoë is gegrond op die skeppingsorde en die genade van God maak die mens wel anders, maar dit maak nie ander mense nie. Hy skryf verder: „De wedergeborene is dezelfde mensch van vroeger, met hetzelfde lichaam en dezelfde ziel, met dezelfde gaven en aanleg, gezet in den dienst Gods. Geroepen om de deugden Gods groot te maken, krijgt de mensch andere begeerten, zijn wil wordt vernieuwd, zijn verstand geheiligd, heel zijn leven bij den aanvang erop gericht om den Heere te dienen" [2].

Daar moet ook op gewys word dat geen mens tevergeefs geskape is of sonder waarde of betekenis is nie. „Nu is het de ideale worsteling van den Christen om op alle gebied tegen de zonde te strijden, om zoo het leven en den eigen arbeid in het rijk Gods mogelijk te maken, er aan mede-arbeidend, dat ieder zijne plaats bekleede, gelijk God dat wil. Dat is mee ook drang voor de barmhartigheid. Er is een zekere mate van welstand, ook voor den nederigste van noode, om aan de roeping als mensch Gods te kunnen voldoen. Daarom deelen wij mede tot de behoeften der armen onder ons, om hen te helpen in hun taak, en, kan het zijn, hen weer zoover op te heffen, dat zij zonder steun die roeping kunnen vervullen" [3].

Die kerk het daadwerklik 'n taak en roeping in verband met barmhartigheidsdiens, daarom moet vervolgens gelet word op die kanaal van hierdie diens.

---

1. Biesterveld e.a. Het diaconaat. P. 226.
2. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 572.
3. Biesterveld e.a. Het diaconaat. P. 228.

## 3. Die kanaal van kerklike barmhartigheidsdiens.

Die Protestantse kerke beoefen barmhartigheidsdiens deur middel van die diakonale amp. Hierdie amp is vroeg in die eerste christelike gemeentes ingestel omdat sommige lidmate gekla het dat hulle in die daaglikse versorging van die armes oor die hoof gesien is. Omdat die apostels te besig was met die verkondiging van die Christelike Evangelie is daar derhalwe persone aangewys met hierdie taak as hoofdoel.

Die formulier 1) vir die bevestiging van diakens som hulle taak kort en duidelik op. Hulle moet daarvolgens ten eerste met alle getrouheid en ywer die aalmoese wat aan die armes gegee word, versamel en bewaar. Hulle moet vlytig wees en sorg dat daar tot die ondersteuning van die armes baie goeie middele gevind word. Die tweede deel van die amp bestaan in die uitdeling. Daarvoor word vereis nie alleen die gawe van onderskeiding en versigtigheid om die hulp te verleen waar dit nodig is nie, maar ook blymoedigheid en opregtheid om met 'n bewoë hart en toegeneë gemoed die armes te help en te versorg.

Daarom bepaal die Skrif dat hulle nie net met die uiterlike gawes nie, maar ook met trooswoorde uit die Heilige Skrif aan die armes en ellendiges hulp moet verleen.

Hierin word voorwaar die mooiste ideaal en die gesondste riglyne vir die beoefening van maatskaplike hulpverlening gevind. Die ontwikkelende sosiale wetenskappe het nog nie daarin geslaag om beter beginsels te vind nie, maar ondervind daagliks weer die waarheid van hierdie beginsels van die kerklike barmhartigheidsdiens soos dit as eis gestel word aan die diakonie.

---

1. Vgl. Formulier vir die bevestiging van diakens.

Biesterveld en andere skryf dat die „... eigenaardige taak van den diaken" is „... dienend van aard" [1] en tweedens „... dat hun arbeid zich niet alleen op het stoffelijke, maar ook op het geestelijke richt" [2]. Hulle skryf verder: „De geestelijke verzorging geldt niet den geestelijken arbeid die gereserveerd is voor het huisgezin, de school, den staat. De kerk doet de beginselen prediken die voor elk levensgebied gelden, maar past die niet toe in de practijk van het gansche leven. Zij sticht geen scholen en Universiteiten. Zij roept geene kiesvereenigingen in het leven, geeft geen oplossing van de sociale quaestie, enz. Zoo staat het eveneens met het diaconaat. Alleen wanneer de geloovigen alles nalaten, kan het ambt bij wijze van subventie allerlei ondernemen, waartoe het uit zijn aard niet geroepen is, en wat toch voor de welstand des levens noodig is" [3].

Van Rooy som die inrigting en beoefening van die diakonale barmhartigheidsdiens in die geïnstitueerde kerke soos volg op:

1. Die versorging van behoeftige, kranke en afhanklike lidmate wat nie deur bloedverwante gehelp kan word nie. Hierdie versorging moet gepaard gaan met geestelike bearbeiding.

2. Die verskaffing van hulp en raad in verband met die verkryging van werk en uitoefening van 'n beroep asook in verband met die bestryding van armoede. Nie blote alimentasie nie, maar rehabilitasie moet die doel wees.

3. Die bestudering van armoedsvraagstukke en sosiale probleme, die prik-

---

1. Biesterveld e.a. Het diaconaat. P. 230.

2. Ibid. P. 231.
Vgl. Coughlin. Church and state in social welfare. P. 15-22.

3. Biesterveld e.a. Het diaconaat. P. 239-240.

keling van kerklike en openbare gewete, verskaffing van voorligting en raad aan burgerlike owerhede en samewerking met ander liggame in sover dit moontlik is sonder die oorskryding van die suiwer kerklike grense.

4. Die oprigting en instandhouding van barmhartigheidsinstellinge soos weeshuise en tehuise vir bejaardes [1].

Uit bostaande kan ons die volgende afleidings maak [2].

1. Die diakonale barmhartigheidsdiens van die kerk skakel onvermydelik aan by die maatskaplike hulpverlening van die staat en die partikuliere welsynsorganisasies.

2. Die diakonale barmhartigheidsdiens van die kerk mag nooit met die hulpbetoon van die staat en die partikuliere inisiatief gelyk gestel word nie; dit moet sy besondere eksepsionele karakter onder alle omstandighede behou.

3. Dit spreek vanself dat die kerklike barmhartigheidsdiens onderneem moet word in die lig van die beginsel wat in die woorde van Paulus opgesluit lê: „Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof" [3].

Deur die loop van die kerkgeskiedenis is die diakonale amp in mindere of meerdere mate beklemtoon, en het dit dikwels heeltemal passief geword en selfs totaal verval soos in die Roomse Kerk. Na

---

1. Vgl. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 47.

2. Vgl. Idem.

3. Galasiërs 6:10.

veral die kerkhervorming en die ontwikkeling van die Calvinistiese siening is die diakonale amp weer in ere herstel, sodat verwag kan word dat veral die drie Afrikaanse kerke die diakonaat sterk sal beklemtoon. In Suid-Afrika was die diakonaat dan ook nog altyd die sterkste middel en kanaal van kerklike barmhartigheidsdiens.

(2) Kerklike barmhartigheidsdiens in Suid-Afrika.

Met die aankoms van Jan van Riebeeck en sy gevolg op 6 April 1652 in die Kaap „... is saam met die Dietse westerse beskawing in algemene sin na Suid-Afrika ook oorgeplant, in besondere sin, die Christelike godsdiens en gereformeerde vorm en inhoud soos dit destyds sy neerslag gevind het in die Nederlande" [1].

In die Gereformeerde Kerke in Nederland na die groot sinode van 1618 te Dordrecht, het die kerklike ampte opgebloei. Hoewel Van Riebeeck en sy gevolg die Gereformeerde leer, geloof en belydenis na die Kaap gebring het, het die eerste gemeente ontstaan na die koms van ds. Van Arckel in 1665. Die nuwe gemeente in die Kaap het dadelik die nodige voorsiening in die vorm van die diakonale amp gemaak om die armes en hulpbehoewendes te help en te vertroos volgens hulle afsonderlike behoeftes [2].

Reeds van die begin het die Kaapse Owerheid 'n aandeel aan die armeversorging gehad sowel deur die verkiesing van ampsdraers as deur die sitting van die Politieke Kommissaris op die Kerkraadsvergaderings. Coetzee sê: „Die predikant was amptenaar van die Kompanie; politieke

---

1. Coetzee, J.H. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom, Pro Rege-Pers Beperk, 1953. P. 29.

2. Vgl. Greyling, P.F. Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg. D.Phil.-proefskrif. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939. P. 177.

kommissarissè het sitting geneem in elke kerkraadsvergadering en ... diakens is gekies en bevestig onder goedkeuring van die burgerlike owerheid" 1).

In ooreenstemming met die bevestigingsformulier was die diakens verantwoordelik vir die ywerige insameling, behoorlike en noukeurige administrasie en die versigtige uitdeling van die fondse. Hierdie fondse is dan ook verkry uit die gewone kollektes tydens godsdiensoefening, skenkings aan die kerk vir die armes, doopgelde, lidmaatskapsgelde, huweliksgelde, begrafnisgelde en sitplekgelde. Vir die behoorlike administrasie van die fondse is allerlei maatreëls getref sodat jaarliks aan die gemeente verslag gegee is en 'n afskrif van die geldelike state van die kerk moes ook aan die owerheid voorgelê word. Reeds in 1664 het die Politieke Raad besluit om sekere boetes af te staan wat saam met die Sondagse kollektes beskikbaar gestel was vir barmhartigheidsdiens.

Aanvanklik het die kerk aan die Kaap die hand van barmhartigheid aan alle behoeftiges, sonder aansien des persoons of selfs onderskeid van kleur, gereik. Hierin is selfs ten opsigte van besoekers van elders geen uitsondering gemaak nie.

Feitlik vanaf die stigting van die blanke nedersetting aan die Kaap is met probleme van sosiaal ekonomiese afhanklikheid te kampe gehad omdat die eerste koloniste tot die amptenaarsklas behoort het of anders soldate was wat met 'n karige salaris moes klaarkom. Oënskynlik was daar in die vroegste jare geen armoedsprobleme nie, maar nadat die eerste Vryburgers in 1657 toegelaat is, word hulp van staatsweë gevra. Melding van skreiende armoedstoestande word reeds in die notule van die Politieke Raad van

---

1. Coetzee. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. P. 40.

1664 aangetref. Die verantwoordelikheid vir die maatskaplike en ekonomiese versorging van hulpbehoewendes is gedra deur die enigste georganiseerde instellings van daardie tyd, naamlik die kerk en die staat.

„In mindere of meerdere mate is die diakonale amp deurgaans in die geskiedenis van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika gehandhaaf. Weliswaar het die praktyk en beoefening daarvan nie altyd dieselfde gebly nie. Die barmhartigheidsdiens het met verloop van tyd feitlik op die kerkraad as geheel - ouderlinge en diakens - oorgegaan, sodat die diakonale werksaamhede vereng is tot 'n kollekteerdiens enersyds en andersyds belas is met ander take wat, streng genome, nie tot die diakonale amp as sodanig behoort nie" [1].

Vanaf die volksplanting tot ongeveer die helfte van die 19de eeu was die kerk feitlik die enigste georganiseerde saambindende instansie onder die mense in die Kaap tot in die verre binneland. Daar is mettertyd deur die mense na die kerk begin opsien vir leiding en hulp, nie alleen in verband met geestelike sake nie, maar ook ten opsigte van hulle maatskaplike behoeftes [2]. Daarom was die kerk die aangewese instansie om, soos die maatskaplike behoeftes en toestande na vore gekom het, aandag daaraan te gee. Die kerk was die eerste „... wat dit as sy roeping beskou het om nie alleen die geestelike, maar ook die maatskaplike welsyn van die volk te bevorder, en gevolglik het die Kerk natuurlikerwys die rol van fakkeldraer en baanbreker op die gebied van maatskaplike werk in Suid-Afrika begin speel" [3].

---

1. Coetzee. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. P. 40-41.
   Vgl. Greyling. Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg. P.179-180.
2. Vgl. Malherbe, E.G. (Ed.) Handbook on Education and Social Work in South Africa. The New Education Fellowship, (South Africa) 1934. P. 55.
3. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die Boekjaar 1937-[illegible]. U.G. 15/1940. P. 16.

Sedert die vroegste jare van die volksplanting het die werksaamhede van die kerk 'n veel breër omvang aangeneem as net die geestelike versorging van sy lede en die leniging van die ellende van sy minderbevoorregte lidmate. Die kerk het ook 'n belangrike aandeel geneem in onder andere die volksopvoeding wat in die nouste verband met die bestryding van agterlikheid en armoede staan.

Selfs die beginsel van pleegsorg is beoefen ten opsigte van sorgbehoewende kinders wat met die goedkeuring van die Politieke Raad en onder toesig van die diakonie by gesinne geplaas is. Die diakonie het dit soms selfs nodig geag om kinders uit onwenslike omstandighede te verwyder en in gevalle waar ouers nie hiertoe wou instem nie, is die kinders met behulp van die Goewerneur en die Politieke Raad weggeneem [1].

Mettertyd het daar ook 'n behoefte ontstaan aan inrigtings waar kinders na behore versorg kan word en die eerste hiervan was die Suid-Afrikaanse Weeshuis wat op 26 September 1814 in gebruik geneem is [2].

Destyds was daar ook geen sprake van die omvattende probleem van volksverarming nie en hulpverlening was dan ook meer sporadies en meer bepaald gerig op die behoeftes van oues van dae en ander swak afhanklikes wat nie in hulle eie onderhoud kon voorsien nie. Derhalwe was die behoefte aan gesamentlike en meer georganiseerde pogings nog nie so sterk gevoel nie.

In die laaste dekade van die vorige eeu het dit egter duidelik geword dat kragtiger optrede noodsaaklik geword het. Nieteenstaande al die pogings van die kerk om deur middel van die diakonie die armes en afhank-

1. Vgl. Greyling. Die N.G. kerk en armesorg. P. 151 en 158.
2. Vgl. Ibid. P. 159.

likes te versorg en om die kind binne die bereik van die beskikbare onderwysfasiliteite te bring, het dit duidelik geword dat 'n deel van die volk nie vir die ekonomiese stryd wat bemoeilik is deur allerlei landbouprobleme en deur die eise wat die ontdekking van goud en diamante daarin gestel het, opgewasse was nie.

Hoewel die optrede van die ander kerke binne die raamwerk van die diakonale optrede gebly het, het die Nederduits Gereformeerde Kerk in die ontstaan en bevordering van welsynsdienste op drieërlei wyse opgetree. „Eerstens het hyself in sekere maatskaplike behoeftes voorsien, tweedens het hy sekere wantoestande ondersoek en oplossings probeer vind, en derdens het hy as kampvegter vir diegene in maatskaplike nood opgetree en die Regering tot optrede gemotiveer" 1).

Theron en Stulting skryf: „'n Historiese oorsig oor die welsynswerksaamhede van die N.G. Kerk toon dat hierdie liggaam altyd 'n aktiewe rol gespeel het om maatskaplike dienste te lewer soos die nood van die tye en omstandighede in ons land dit vereis het. Die volgende kan ter illustrasie dien:

1814 - die eerste weeshuis in Kaapstad opgerig saam met die Lutherse Kerk

1895 - eerste arbeidsburo vir werklose seuns

1893 - eerste konferensie oor die armblankevraagstuk belê

1876 - kerklike Normaalskool

1895 - industriële skole

1898 - 1915 - landbounedersettings nl. Kakamas, Lagers-Goedemoed en Olifantshoek.

---

1. Auret. Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk. P. 18.

1899 - 1902 en 1918 - kinderinrigtings na die Tweede Vryheids-
oorlog en die Griep-epidemie.

1900 en daarna - koshuise vir plattelandse skoolkinders.

1881 - skool vir Dowes

1891 - skool vir Blindes

1892 - diakonessehospitaal

1893 - eerste tehuis vir Bejaardes.

Baie van hierdie ondernemings is mettertyd deur die kerk beëindig omdat daarvoor nie meer ʼn behoefte was nie, of omdat dit nie meer nodig was dat die kerk dit self moes behartig nie en/of omdat dit aan die Staat oorgedra is" [1].

Oor die huidige organisasie van die N.G. Kerk ten opsigte van barmhartigheidsdiens sê Theron en Stulting: „Hoewel die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk toevertrou is aan en behartig word deur die plaaslike kerkrade met hulle diakonale diens en die Christelike Maatskaplike Rade wat die werk van verskillende diakonieë koördineer, is daar ook ʼn bowestruktuur van die kerklike welsynsdienste:

(i) Die Ringsarmsorgkommissie...

(ii) Die Algemene Armsorgkommissie...

(iii) Die Federale Armsorgraad..." [2].

Die feit dat die Nederduits Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk in hulle afsonderlike gemeentes barmhartigheidsdiens verrig en minder aan algemene welsynswerk doen, beteken nie dat hulle proporsioneel minder aan

---

1. Theron en Stulting. Maatskaplike dienste in Suid-Afrika. P. 47.

2. Ibid. P. 48-49.

armsorgwerk doen nie. Albei hierdie kerke hou hulle aan die beoefening van die diakonale arbeid.

Dit is egter van besondere belang dat die kerk hom moet oriënteer met betrekking tot die terreinverdeling en samewerking. Die ontwikkeling op alle gebiede stel nuwe eise en uitdagings wat deeglik inag geneem moet word sonder prysgawe van die tradisionele beginsels van kerklike barmhartigheidsdiens. Die vraag kom egter op of die diaken, dikwels van die jong lidmate sonder baie lewenservaring, opgewasse is om die gekompliseerde probleme van die moderne geïndustrialiseerde samelewing die hoof te bied in hulle hulpverlening aan lidmate.

Wijnterp antwoord hierop as hy skryf: „Willen wij in onze tijd voldoen aan wat Christus van ons vraagt aan barmhartigheidsbetoon dan zal ons diakonaat zich - onder hààr verantwoordelijkheid - laten bijstaan door het christelijk maatschappelijk werk" [1]. Hy sê verder: „Onze diakenen hebben al lang ontdekt dat in deze tijd hun de kennis en de tijd ontbreken voor een verantwoorde hulpverlening. Om te voldoen aan de plicht tot helpen overeenkomstig de mogelijkhede van deze tijd moet de gemeenschap zich wel bedienen van het werktuig van de organisatie, dus van onze Stichtingen voor maatschappelijk werk" [2].

Georganiseerde maatskaplike werk word of behoort uitgevoer te word in noue samewerking ~~met die diakonie omdat die~~ diaken „... bekleedt een centrale positie in het proces om door middel van het georganiseerd christelijk maatschappelijk werk gestalte te geven aan een volwaardige

---

1. Wijnterp, H. „De plaats van onze stichtingen voor maatschappelijk werk en de plaats van de diaken in het bestuur" in Het diakonaat. Kontakblad voor de Gereformeerde diakonale arbeid. 61ste Jaargang, No. 5, Mei 1964. P. 142.

2. Idem.

Vsorg voor al wat bedrukt is..." [1].

Wijnterp sien die oplossing van die probleme van ons ingewikkelde samelewing in die samewerking tussen die private welsynsorganisasie se bestuur, die diakonaat en die opgeleide beroepskrag om saam te werk om hulp te verleen aan hulle wat in maatskaplike nood verkeer. Verantwoordelike werkwyse lê in die saamwerk, elkeen met 'n eie taak en 'n eie verantwoordelikheid. Die maatskaplike werker het die verantwoordelikheid vir die deskundige hulpverlening terwyl die diaken die beleid bepaal en leiding gee aan die groot geheel waardeur die vakwerk deur die beroepskrag moontlik moet wees. Samewerking en aanvulling, oorleg en uitwisseling van ervaring en gedagtes moet altyd in gedagte gehou word.

Naas die arbeid van die diakonie is „... in principe (is) ieder gemeentelid geroepen tot... naastenliefde. Daarom kan gesproken worden van het algemene diaconale ambt der gemeenteleden" [2]. Die bestaan, taak, roeping en vervulling van die mens op aarde hou ook die volgende in: „Het in de wereld zijn houdt in dat wij daarin van Gods liefde zullen getuigen, maar ook dat wij op de plaats waar wij in de wereld zijn een sociale functie hebben. Als God ons in een bepaalde omgeving geplaatst heeft zullen wij daarin ook bezig moeten zijn op sociaal gebied en mede verantwoordelijkheid moeten willen dragen voor de ontwikkeling van die samenleving, niet alleen op religieus, maar ook op seculier terrein. Gereformeerden hebben dus ook een stuk verantwoordelijkheid voor de samenleving. Deze verantwoordelijkheid kan zich uiten in het leven roepen van een stichting voor maatschappelijk werk. Daar gereformeerden in een bepaald

---

1. Wijnterp. „De plaats van onze stichtingen..." P. 142.

2. Van Klinken, J. Kerk en gezinsmaatschappelijk werk. Groningen, Jan Haan N.V., 1961. P. 106.

gebied als groep duidelijk structuur bezitten in de vorm van een plaatselijke kerk, is het begrijpelijk dat deze kerk deze verantwoordelijkheid probeert te dragen. Wat dan in de meeste gevallen inhoudt dat de diakenen en/of ouderlingen het bestuur gaan vormen. Maar het is in principe bestaanbaar dat een aantal kerkleden samen komen tot het initiatief een stichting voor algemeen maatschappelijk werk op te richten" [1].

(b) Die beginsel van organiese liefde as grondslag van die welsynsarbeid van die partikuliere inisiatief of private welsynsorganisasie.

Die organiese liefde en die liefde tot die naaste het Herbert Krimm gedefinieer as: „... die tätige, zur Hilfe entschlossene, von Liebe Bestimmte Zuwendung zum Mitmenschen, wirksam als Ausdruck der Nachfolge Christi und ausgelöst durch das Bewustsein der Dankbarkeit für all Wohltaten, die man selbst durch Jesus Christus empfangen hat" [2]. Hierdie beginsel van organiese liefde bevat volgens Van Rooy twee essensiële momente, naamlik: die biologiese band van bloedverwantskap en die sedelike of persoonlikheidsliefde, wat sy uitdrukking vind in die liefdeswet dat jy jou naaste moet liefhê net soos jouself. Volgens hierdie beskouing is die organiese liefde feitlik hierdie sedelike liefde, soos dit gefundeer is in bloedverwantskap en gerig is tot persone wat deur die bloedverwantskap, soos byvoorbeeld in 'n gesin of volk, tot 'n organiese eenheid saamgebind is [3].

---

1. Kuik, G. „Het algemene in het ‚gereformeerd' maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 20e Jaargang, Nr. 3, 5 Februari 1966. P. 71.

2. Krimm, Herbert. „Diakonie" in Evangelisches Soziallexikon, Stuttgart, 2de druk, 1956.
Vgl. Van Klinken. Kerk en gezinsmaatschappelijk werk. P. 106.

3. Vgl. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 47-48.

Bouwman stel die beginsel van organiese liefde en die begronding van die partikuliere inisiatief soos volg: „Ook de particuliere liefdadigheid is noodig. Zij is gegrond in de orde, door God in het menschelijke samenleven gesteld. God heeft de menschheid als een organisch geheel geschapen, en Hij wil, dat de banden van familie en van zedelijke verhoudingen worden gevoeld, en dat naastenliefde, wederzijdsche steun en barmhartigheid worden geoefend. De particuliere liefdadigheid wortelt dus in het natuurlijke leven" [1].

Die organiese liefde vind sy oorsprong in die huisgesin, die intieme lewensverband tussen ouers en kinders gefundeer in die natuurlike afstamming en bloedverwantskap na die norm van onderlinge liefde. Uit die huisgesin met sy biologiese en sedelike band van gesinsliefde tree die organiese liefde te voorskyn, daaruit het die familieverband en die volksverband ontwikkel. Vir beide is die biologiese band en die sedelike liefde onontbeerlik.

Oor die organiese liefde skryf Van Rooy: „Die organiese liefde is 'n essensiële voorwaarde i.v.m. die proses van volkswording, asook i.v.m. sy voortbestaan. Maar soos alle liefde, voer ook die organiese liefde onvoorwaardelik tot diens. Al verskil hierdie menslike liefde prinsipieel van die heiligende of saligmakende liefde, wat ook tot diens (hier tot die diens van God met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en met alle kragte) voer, voer die organiese liefde tot onderlinge diens en tot diens van die hele volk, net soos die organiese gesinsliefde tot onderlinge diens en tot diens van die hele gesin voer. Die organiese liefde openbaar hom dan ook as 'n drang om onderlinge en gemeenskaplike

---

1. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 574.

belange van die hele organiese gemeenskap te bevorder, – en wel volgens die onderlinge diensverhouding waarin die lede van die groep tot mekaar staan. So is dit die organiese nasieliefde wat die dryfkrag vorm by die lede van die volk om disintegrasie te oorwin en deur nasiediens die hoogste belange van die volk as eenheid te behartig. Nasieliefde lei tot nasiediens en die biologies-sedelike, organiese nasieliefde vorm 'n belangrike faktor van die hedendaagse volksorg. Bowendien is die sedelike moment in die organiese liefde 'n plig: jy behoort jou volk lief te hê en te dien. Die volk moet dan ook self i.v.m. sy vraagstukke aktief wees en die inisiatief neem, en nie die bewerkstelliging van sy heil en welsyn uitsluitlik van kerk en staat verwag nie" [1]. Hierdie is in besonder die waarheid van veral die Afrikaanse Vroueverenigings.

Brillenburg Wurth is baie duidelik oor die uitgangspunt van die naasteliefde en teken ook duidelik die taak van die maatskaplike werk as hy skryf: „Maar terwijl de naastenliefde dus zo iets heel concreets is, niet maar het menselijke, maar die ène heel bijzondere mens... Want mijn naaste kan elk willekeurig mens op een ogenblik worden, als God hem maar op mijn weg plaatst. Of in de geest van Christus' gelijkenis, ik kan elk willekeurig moment de naaste worden van het doet er niet toe wie. Als daar opeens iemand op mij toekomt, in wie God Zelf wat van mij vraagt, dan heb ik niet te vragen, wat dat voor een mens is, een naastbestaande of een vreemde, een partijgenoot of een tegenstander, een vriend of een vijand en daarvan af te laten hangen, of ik een roeping tot liefde tegenover hem heb.

„De christelijke naastenliefde, hoe persoonlijk ze ook mag zijn, heeft met voorkeur niets te maken.

---

1. Van Rooy. <u>Op die voorpunt van die tye</u>. P. 48-49.

„Alleen, ook hier onderscheide men wel. Dat de christelijke naastenliefde geen grenzen heeft, betekent niet, dat ze in de betrekking, waarin ik tot mijn naaste sta en in de vorm, waarin ik hem mijn liefde heb te betonen, geen verscheidenheid toelaat. Voor de verscheidenheid in de openbaring der liefde blijft alle plaats" [1].

Paulus se woorde in Galasiërs 6:10 is vir elkeen 'n aansporing om aan almal goed te doen maar die meeste aan die huisgenote van die geloof. Die kragtige uitlewing van naasteliefde kom baie duidelik tot openbaring in die vorm van liefde „... als erbarming. Ook dat heeft ze weer met Gods liefde gemeen. Het essentiële van Diens liefde, dat is ook Zijn erbarming, Zijn ontferming over het ellendige, het deerniswaardige, het verlorene... Zo is het ook met de christelijke naastenliefde. Ook die is waarde-scheppend. Ze gaat bij voorkeur tot het ellendige uit, maar met de bedoeling om aan zijn ellende een einde te maken. Juist door iemand lief te hebben, door in liefde onszelf aan hem te geven, werken wij aan zijn geestelijke en zedelijke verheffing mee" [2].

Die doel, taak en funksie van die partikuliere inisiatief binne die groot raamwerk van kerk en staat word ook geskets deur Kuyper as hy skryf: „Ook bestaat er geen volstrekt bezwaar om op dit terrein van particulier initiatief... te werken [3]... optreden in philantropische vereenigingen om te zorgen voor krankzinnigen, voor blinden, voor idioten, voor hulpbehoevende kraamvrouwen, voor ziekenverpleging, voor wat Dorcas beoogde, voor

---

1. Wurth, G. Brillenburg. Het christelijk leven. Kampen, J.H. Kok N.V., 1948. P. 251.

2. Ibid. P. 253.

3. Kuyper. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. P. 551.

zeelieden en vreemdelingen, voor werkeloozen, voor fabrieksarbeiders, voor gevallen vrouwen, voor de bestrijding van de drankzucht en de prostitutie, en sinds de laatste evolutie der sociale woelingen, eveneens voor de bijeenvergadering van de werklieden in gezonde, op Gods Woord gefundeerde vereenigingen" 1).

Wat deur Wurth, Kuyper, Bouwman en andere genoem word oor die noodsaaklikheid van die partikuliere inisiatief se optrede ten opsigte van die welsyngebied, is vandag seker van dringender aard. Ons moderne geïndustrialiseerde en gemeganiseerde samelewing is in sy samestelling en funksies meer gedifferensieerd en gekompliseerd as vroeër. Daarom moet die maatskaplike werk wat deur die privaat inisiatief onderneem word, die oorsake en gevolge van die ingewikkelde en vervlegte sosiaal-patologiese toestande waardeur die kompleksiteit van die samelewing toegeneem het, deeglik bestudeer, en begryp om daarmee rekening te hou. Tereg verklaar die Sekretaris van Volkswelsyn in die 1937/39 verslag: „Hulle is nie die uitvindsel van die Staat nie en is ook nie slegs onderdele van administratiewe masjinerie nie. Hulle is die trots van manne en vroue, vernaamlik vroue van meer as een geslag, wat praktiese vraagstukke op 'n praktiese wyse aangepak het. Hulle belangrikheid kan nie te hoog geskat word nie" 2).

~~Dit word as feit aanvaar dat~~ Die partikuliere welsynsorganisasies 'n baie belangrike fase in die ontwikkeling van welsynswerk in Suid-Afrika kenmerk. Welsynsorganisasies dra 'n sterk gemeenskapskarakter omdat hulle in die gemeenskap setel en die praktiese openbaring is van die verant-

---

1. Kuyper. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. P. 552.
2. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die boekjare 1937 - 1939. U.G. 15/1940. P. 7.

woordelikheid en toegeneentheid om te help voorsien in die maatskaplike behoeftes van nooddruftiges. Om hulp te verleen is inherent aan die mens en daarom aan die gemeenskap wat tot uiting kom wanneer behoeftes ontstaan wat simpatie en belangstelling wek om hulp te verleen. Sowel in Suid-Afrika as in die buiteland lewer die partikuliere welsynsorganisasie ꞥ belangrike en omvangryke bydrae op die gebied van die maatskaplike werk. Hierdie instellings was dan ook die baanbrekers wat georganiseerde welsynswerk betref [1].

„Wanneer ꞥ ontleding gemaak word van die struktuur van partikuliere welsynsorganisasies... vind ons sekere hoofkenmerke van die dienste wat deur elkeen volgens hulle struktuur gelewer moet word" [2]. Theron en Stulting skets enkele belangrike eienskappe van die partikuliere welsynsorganisasies:

(i) „... dat dit die aktiewe deelname van die lede van die gemeenskap probeer kry vir die dienste wat gelewer word. Behalwe vir individuele optrede waar die medemens in nood verkeer, vind ons dat mense hulle verenig deur middel van ꞥ organisasie om sodoende persone wat hulp nodig het meer doeltreffend te kan dien. In ons ingewikkelde en gemeganiseerde samelewing is hierdie gemeenskaplike persoonlike belangstelling en persoonlike optrede ten behoewe van ander van groot betekenis... ꞥ Daadkragtige welsynsorganisasie sien dan ook toe dat die groots moontlike aantal lede ten behoewe van die gemeenskap ingespan word" [3].

---

1. Vgl. Lambrechts, H.C. en Theron, E. Vrouevolksdiens. Kaapstad, H.A.U.M., 1959. P. 1.

2. Theron en Stulting. Maatskaplike dienste... P. 87.

3. Idem.

(ii) Dat dit „... die sosiale gewete van die gemeenskap moet prikkel en wakkerskud" [1].

(iii) Die ontdekking van wantoestande en die wakkerskud van die sosiale gewete lei tot die welsynsorganisasie se „... optrede as kampvegter vir die verwydering van wantoestande in die samelewing" [2].

(iv) „Uit bostaande is dit reeds duidelik dat die partikuliere welsynsorganisasie ook ŉ belangrike opvoedingstaak verrig" [3].

(v) Welsynsorganisasies is „... oor die algemeen meer buigbaar (is) en makliker kan aanpas by veranderde omstandighede" [4].

(vi) Die volgende eienskap word aan die partikuliere welsynsorganisasie toegeskryf naamlik: „... dat dit welsynsdienste inisieer" [5].

(vii) „Laastens bewerkstellig die partikuliere welsynsorganisasie in welsynswerk die onmisbare band tussen die Staat en die gemeenskap" [6].

Die eerste organisasie wat uit die volk en gemeenskap gebore is, is die vroue-organisasies wat as gevolg van die nood, verwoesting, verarming en lyding van vroue en kinders na die Tweede Vryheidsoorlog gestig is soos die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging in Kaapland, die Suid-Afrikaanse Vroue-federasie in die Transvaal, die Oranje Vroue-vereniging in die Vrystaat en die Natalse Christelike Vroue-vereniging. Daarna

---

1. Theron en Stulting. Maatskaplike dienste... P. 88.
2. Idem.
3. Idem.
4. Ibid. P. 89.
5. Ibid. P. 90.
6. Idem.

volg die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg en die ander gespesialiseerde organisasies wat almal deur Nasionale Rade gekoördineer word soos blindesorg, kreupelsorg ensovoorts.

„Indien partikuliere welsynsorganisasies uitgeskakel sou word of, wat optrede betref, aan bande gelê word sal weggedoen word met die baie waardevolle taak wat hierdie liggame in elke gemeenskap verrig - 'n taak wat spruit uit persoonlike meegevoel en die persoonlike besef van verantwoordelikheid en diens teenoor die medemens" 1).

Soos blyk uit die geskiedenis, het maatskaplike werk in Suid-Afrika histories ontstaan uit die pogings van private persone en organisasies en ook uit die ontwikkeling van die barmhartigheidsdiens van die kerk. Mettertyd het die staat egter in die meeste beskaafde lande verantwoordelikheid begin neem vir sekere aspekte van welsynwerk, veral waar die finansiële voorsiening of statutêre optrede noodsaaklik geword het. Daar is egter baie noue samewerking tussen die staat en die private verenigings met betrekking tot welsynswerk sodat Cronje dit omskryf as 'n vennootskap 2).

### (c) Die beginsel van geregtigheid as grondslag van die arbeid van die staat.

#### 1. Die beginsel waarop die arbeid van die staat berus.

Spier skryf van die staat en staatsgesag: „Het overheidsgesag is niet primair dienend, doch heersend, omdat het in de zwaardmacht gefun-

---

1. Theron en Stulting. Maatskaplike dienste... P. 90.

2. Vgl. Cronje, G. „'n Prinsipiële uiteensetting van die vennootskap.. van die staat en die partikuliere welsynorganisasie op die gebied van die maatskaplike sorg" in Tydskrif vir Geesteswetenskappe. Jaargang 4, No. 1, Maart 1964.

deerd en juridisch gequalificeerd is" [1]. In aansluiting hierby sê Van Rooy dat die instelling deur God van die owerheidsgesag en die totstandkoming van state op die grondslag van reg en geregtigheid berus en gaan verder: „Die eintlike hooftaak van die staat is en bly, Calvinisties gesien, die handhawing van reg en orde binne die volksgemeenskap wat hom binne die staatsgrense bevind. Negatief gestel moet die staat met dwang of geweld reg en orde handhaaf teenoor almal wat dit op geweldadige of misdadige wyse trag te versteur, sowel teen binnedringers van buite af, as teen rusverstoorders binne die staat self; die regte van die volk en van die groepe en individue wat tot hom behoort, moet beskerm en verdedig word. Die staat is dan ook die enigste liggaam of instelling wat met die dwang van die swaardmag kan optree. Positief gestel moet die staat volgens die eise van reg en geregtigheid op konstruktiewe wyse, binne die perke van sy bevoegdheid, op elke terrein van die lewe die belange van sy burgery bevorder en wel deur sodanige regsmoontlikhede te skep wat 'n gesonde lewenspeil, sowel geestelik as stoflik, verseker" [2].

Oor die beginsel van staatsbemoeiing op die gebied van welsynswerk is Bouwman baie duidelik as hy sê: „Ook de overheid kan en mag zich niet onttrekken aan de verzorging der armen. Waar verwaarloosden en ellendigen zijn, die niet door de kerk of door de particulier liefdadigheid geholpen worden, moet de overheid helpen optreden" [3]. Hy gaan ook prinsipieel en vermanend verder: „De barmhartigheid behoort evenwel niet rechtstreeks tot het terrein van de overheid. Het eigen werk van de

---

1. Spier. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. P. 224.
2. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 50.
3. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 573.

overheid is de handhaving en uitoefening der gerechtigheid, het geven van wetten en het bestuderen van het volk... Wel heeft zij te zorgen, dat de stoffelijke en zedelijke welvaart des volks en dus ook van den enkele bevorderd wordt, en in verband hiermede is het haar roeping om de kerk en de particuliere liefdadigheid te steunen, maar zelf trede zij alleen aanvullend op. De staat moet wel naar vermogen zorgen, dat de levensvoorwaarden van de gemeenschap gemakkelijker gemaakt worden, en moet eveneens de wetten zoo inrichten, dat het stoffelijke welzijn van allen zooveel mogelijk tot zijn recht komt..." [1].

Hunt vat die doel, taak en funksies saam as hy skryf: „Government prohibits, protects, regulates, and co-ordinates in order to benefit individuals, groups, and the whole of society. Its major functions are to achieve the following: (1) internal order; (2) external security; (3) justice; (4) personal freedoms; (5) the regulation in the public interest of group activities and relationships; and (6) promotion of the general welfare in other ways which require government action" [2].

Die definisie van Grosheide oor maatskaplike werk impliseer ook die aandeel van die staat as hy sê: „Maatschappelijk werk is allerlei arbeid, die geschiedt ter leniging van armoede en ellede, naast den steun van diaconie, armbestuur en particuliere liefdadigheid" [3].

Berkhof is dit ook eens dat die staat naas die kerk en die partikuliere welsynorganisasie 'n taak en roeping het om te vervul op die gebied van die maatskaplike werk. Hy skryf: „Het gaat om een regering en een daarbij behorende wetgeving en ambtenaren-apparaat, die doordrongen zijn

---

1. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 573.
2. Hunt, Elgin F. Social Science: an introduction to the study of society. New York, Macmillan, 1957. P. 515.
3. Grosheide. Korte christelijke encyclopaedie. P. 689.

van de gedachte dat de overheid niet alleen politioneel de orde heeft te handhaven, maar ook verantwoordelijk is voor het welzijn van de burgers van de wieg tot het graf, zodat ze maatregelen moet nemen om de risico's, die de leefbaarheid van hul bestaan bedreigen, zo klein mogelijk te maken. De staat gaat dus hulp bieden aan de hulpelozen... Want het gaat om ondersteuning der armen, verzekering van brood en arbeid, hulp aan gebrekkigen, zorg voor bejaarden, weduwen en wezen. En dit alles wordt uitgevoerd met de steun van het maatschappelijk werk als een apart vak met eigen technieken" 1).

Ook Van Dijk en Kuiper is van mening dat die staat naas die uitoefening van die swaardmag, ook 'n taak het in verband met die harmonisering van die privaat belange en die versorging van sy onderdane deur die instelling en handhawing van die openbare orde in die samelewing. Hulle is dit eens dat die staat in hierdie moderne eeu hom meer moet besig hou met die bevordering en verdeling van die land en sy burgers se welvaart. „De staat beoogt niet slechts een evenwichtig behoud, maar ook een evenwichtige verandering van bestaande samenlevingsvormen en samenlevingsverhoudingen. Mede dank zij de ontwikkeling der economische, sociale en andere wetenschappen is de staat steeds meer een middel geworden voor vooruitgang naar een betere of althans een andere samenleving" 2).

Daar kan aanvaar word dat die staat in die algemeen en in besonder in die Republiek van Suid-Afrika beslis 'n taak en roeping het ten opsigte van

---

1. Berkhof, H. „De gemeente in het christelijk maatschappelijk werk" in Mens en ontmoeting. Enige facetten van het protestants-christelijk maatschappelijk werk. Den Haag, Uitgeverij Van Keulen N.V., 1961. P. 22-23.
2. Van Dijk, R. en Kuiper, G. Gestalten en getijden in de sociale werkelijkheid. Een oriëntering. Amersfoort, N.V. Uitgeverij A. Roelofs van Goor, Vierde druk, 1964. P. 40.

welsynwerk. Die staat se aandeel in welsynwerk het twee aspekte, naamlik die beleidsbepaling en beplanning en die behartiging van welsyndiens waarvoor dit verantwoordelikheid aanvaar het. In die uitvoering van reg en geregtigheid bevorder die staat nie alleen die algemene welsyn van die bevolking as geheel nie, maar dit moet ook toesien dat die welsyndiens waarvoor dit verantwoordelikheid aanvaar het, aan almal wat daarop geregtig is, gelewer word [1].

„Die staat moet toesien dat algemene maatskaplike en ekonomiese toestande geskep word waardeur die totale welsyn van die inwoners van n land bevorder word. Vir dié doel is daar ook in ons land en in ander lande wetlike maatreëls getref ten bate van die algemene nasionale welsyn soos bv. die in verband met bestaansbeveiliging en die verskaffing van hulptoelaes. In hierdie verband het die Staat vandag voortdurend n groot en belangrike funksie. Maar verder is die Staat verplig om sy dienste oral en aan almal te lewer. Daartoe is hy natuurlik finansieel beter in staat as die vrywillige welsynorganisasies. Sy inkomste is betreklik konstant en omdat dit uit belastings verhaal word, ook aansienlik groter as enige finansiële middele waaroor partikuliere welsynorganisasies beskik" [2].

Die staat se welsynsaktiwiteite is in meer as een opsig statutêr van oorsprong en aard en bevorder die algemene welsyn van die bevolking, en het ook die verantwoordelikheid om in die behoeftes van die hele bevolking te voorsien. As gevolg van sy uitgebreide werksaamhede en omvangryke administratiewe masjinerie het die staat n baie goeie oorsig oor die

---

1. Vgl. Cronje. <u>Mens tot medemens</u>. P. 165.
   Vgl. Theron en Stulting. <u>Maatskaplike dienste in Suid-Afrika</u>. P. 90.

2. Theron en Stulting. <u>Maatskaplike dienste in Suid-Afrika</u>. P. 90-91.

landsomstandighede en kan veral 'n groot rol speel ten opsigte van die koördinasie van welsynsdienste [1].

## 2. Die rol van die staat in welsynwerk in Suid-Afrika.

Feitlik vanaf die stigting van die blanke nedersetting aan die Kaap is probleme van sosiaal-ekonomiese afhanklikheid ondervind, veral omdat die eerste koloniste amptenare of soldate was. Reeds in die notule van die Politieke Raad van 1664 word van aangrypende armoede melding gemaak waarop besluit is om sekere boetes saam met die Sondagse kollektes vir die versorging van die armes af te staan.

Met verloop van etlike eeue was die eerste belangrike optrede van die staat in Suid-Afrika die Zuid-Afrika Wet van 1910 waarin slegs op indirekte wyse na maatskaplike versorging verwys is in Artikel 85 naamlik na die oprigting, onderhoud en beheer van hospitale en liefdadigheidsinrigtings van gelyksoortige aard as wat aan die verskillende provinsiale administrasies opgedra is.

Aan die begin van 1930 was daar byna 220 wette en 120 ordonnansies wat 'n welsynstrekking gehad het, hoewel die Staat se praktiese aandeel feitlik net beperk was tot armsorg, gesondheidsorg en die betaling van toelaes aan moeders en kinders [2]. Dit word aanvaar dat die ekonomiese depressie van 1929, die Carnegie ondersoek en die publikasie van die verslag in 1932, opgevolg deur die Volkskongres te Kimberley, en op aandrang van die laasgenoemde Kongres, die Staat daartoe beweeg is om tot die welsynsterrein toe te tree. Tydens die Kongres het wyle dr. H.F. Verwoerd

---

1. Vgl. Ruppert, M. De welvaartsstaat. Kampen, J.H. Kok N.V., 1965. P. 70 - 72.

2. Vgl. Theron en Stulting. Maatskaplike dienste in S.A. P. 24-25.

tereg verklaar: „Liefdadigheid was vroeër die taak van ŉ paar self-aangestelde filantrope; sosiale werk is nou die taak van die demokrasie. Nuwe tye bring nuwe probleme en eis nuwe masjinerie" [1].

Die Voortsettingskomitee van die Volkskongres het aan die destydse regering versoek dat ŉ staatsdepartement ingestel moet word en skryf: „Die Volkskongres het gevoel dat ŉ departement deur die Staat moet ingestel word wat ŉ beleid en leiding aan die land kan gee in verband met sy probleme van maatskaplike welsyn en waardeur die Regering kan werk in verband met al die welvaartwerksaamhede wat nou so versprei is onder sy departemente. Dan sal ook ten minste een orgaan duidelik verantwoordelik wees vir die Staat se aandeel aan welvaartswerk en sal die liefdadigheidsverenigings (wat oor die hele land versprei is, wat leiding en steun nodig het in hulle werk en wat die belange van die hele gemeenskap vrywillig dien) weet van een verantwoordelike liggaam waarmee hulle moet saamwerk" [2].

Dit is opvallend dat hoewel die staat beperkte hulp op welsynsgebied verleen het, sy toetrede tot hierdie gebied juis deur ŉ Volkskongres versoek is. Daarom is die werksaamhede van die Departement van Arbeid wat reeds met welsynswerksaamhede belas was, uitgebrei. Op 26 April 1935 word die naam van die Departement van Arbeid verander na die Departement van Arbeid en Volkswelsyn, waarna die welsynswerksaamhede ná 1 Oktober 1935 deur ŉ Kommissaris van Volkswelsyn behartig is [3].

---

1. Verslag van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk, gehou te Kimberley, 2-5 Oktober 1934. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1935. P. 37.

2. Theron en Stulting. Maatskaplike dienste in S.A. P. 27.

3. Vgl. Grobler, J.A. „Die vakkundige op die terrein van die maatskaplike werk" in Mens en gemeenskap. Jaargang II, Nrs. 3-4, Augustus 1961. P. 118.

As gevolg van die druk van die openbare mening - die uitvloeisel van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk in Oktober 1936 in Johannesburg [1] en die bemoeiing van die Voortsettingskomitee van die Volkskongres in verband met 'n afsonderlike departement, het die destydse regering op 1 Oktober 1937 daartoe oorgegaan om 'n selfstandige Departement van Volkswelsyn in die lewe te roep. Al die welsynswerksaamhede van die Departement van Arbeid en Volkswelsyn is na hierdie nuwe departement oorgedra sowel as ander welsynsdienste wat deur ander staatsdepartemente onderneem is. Die nuwe Departement moes ook ander werk aanvul en koördineer en nuwe dienste, indien nodig, in die lewe roep. In Oktober 1958 word Pensioene by Volkswelsyn gevoeg om saam die Departement Volkswelsyn en Pensioene te vorm.

Die destydse regering het baie versigtig te werk gegaan met sy toetrede tot die welsynsterrein veral omdat die Carnegie-kommissie in sy sosiologiese verslag 'n ernstige waarskuwing gerig het teen die „demoraliserende invloed" van die wyse waarop liefdadigheid te dikwels beoefen is en gewys dat daar by enige vorm van hulpverlening op 'n teëprestasie aangedring moes word [2]. Hierdie versigtige optrede het gevolg op die ongesonde gevoel van afhanklikheid van die Staat wat daar by 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse volk ontwikkel het. Die Sekretaris het in sy memorandum besonder klem daarop gelê dat dit die beleid van die Departement is „... om die volk minder op die Staat te laat steun" [3].

---

1. Vgl. Verslag van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk 1936. Pretoria, Staatsdrukker, 1937. P. 12.

2. Vgl. Carnegie-kommissie: Verslag oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Deel I. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1932. P. 175.

3. Memorandum van die Kabinetskomitee oor die Dept. van Volkswelsyn. 27 Oktober 1938. P. 1.

In sy eerste Jaarverslag word die Departement van Volkswelsyn se beleid geskets wat ten doel het die „... heraanpassing van maatskaplike onaanpasbares en nie die skepping van 'n stelsel van uitdeling van aalmoese nie" en „... dat stoflike steun nie verleen behoort te word nie, tensy dit maatskaplike opheffing vergemaklik, of waar rehabilitasie onprakties is as gevolg van omstandighede buitekant die beheer van die ontvanger van sodanige hulp" 1). Verder het die Departement klem gelê op die noodsaaklikheid van „konstruktiewe werk" in stede van „lapmiddels" en dat dienste so gelewer moes word om die „... heroriëntasie van die bevoordeelde teweeg te bring, wat hom deur eie inspanning sal lei tot sy losmaking van 'n ongunstige omgewing" 2).

Die doel en funksies van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene word vandag baie kortliks gestel naamlik:

„(a) Om maatskaplike wanaanpassing en behoeftigheid in die huisgesin of gemeenskap te voorkom en te bestry en maatreëls in hierdie verband te koördineer; en

(b) om voorsiening te maak vir siviele en oorlogspensioene" 3).

Winckler skryf dat daar met die stigting van die Departement van Volkswelsyn bepaal is dat hy hoofsaaklik vier funksies sou hê: „... naamlik navorsing in verband met die aard en oorsake van toestande wat aanleiding gee tot maatskaplike wanaanpassing, die tref van maatreëls om die toestande te voorkom, behandelingsdienste en koördinering van

---

1. Verslag van die Dept. van Volkswelsyn vir die boekjare 1937-1939. P. 6.

2. Idem.

3. Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1962-1964. Pretoria, Staatsdrukker, R.P. 32/1964. P. 1.

welsynsdienste. Sy funksies het dus van die begin af op die vakkundige vlak gelê...

„Tweedens is ook as beleid aanvaar dat welsynswerk die gesamentlike poging van die Staat en die private sektor is en dat die Staat laasgenoemde onder andere deur geldelike steun moet aanmoedig. ŉ Derde beginsel was dat daar ekonomies te werk gegaan moes word met staatsuitgawes vir volkswelsynsdienste. In die vierde plek moes die Departement van Volkswelsyn se dienste en skemas van so ŉ aard wees dat dit aanpas by die dienste van ander departemente" 1).

Dit is noodsaaklik dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ŉ welsynstelsel en beleid moet hê waarvolgens hulle werksaamhede beplan en uitgevoer moet word en „... wat die maatskaplike sorg van die Staat, die vrywillige welsynsorganisasies en die plaaslike owerhede omvat" 2). Cronje beskryf ŉ welsynstelsel as „... die ordening van alle welsynsdoelstellings en -bedrywighede tot ŉ bepaalde sisteem wat alle wetgewing, maatreëls en werksaamhede behels sodat die hele terrein van die maatskaplike sorg op sinvolle wyse as eenheid oorsien en behartig word. ŉ Welsynstelsel moet nie net organisatories opgevat word nie. Ewe belangrik, en eintlik nog belangriker is die lewenswaardes wat daaraan ten grondslag lê, rigting en koers daaraan gee, dit motiveer en aktiveer. Wat Suid-Afrika aangaan, is daardie lewenswaardes beliggaam in die Westerse, Christelike, demokratiese mens- en lewensbeskouing wat deur die Blankes in hierdie land

---

1. Winckler, A.T. Tendense in Suid-Afrikaanse volkswelsynbeleid 1910 - 1966. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Januarie 1967. P. 111.
2. Aanbevelings van die Komitee van Ondersoek insake die Finansiëring van Vrywillige Welsynsorganisasies. (Uittreksel van die Verslag van die Komitee van Ondersoek insake die Finansiëring van Vrywillige Welsynsorganisasies). Pretoria, Staatsdrukker, 1953. P. 58.

gevestig en inheems gemaak is.

„n Welsynstelsel is iets wat eie aan n bepaalde land en volk is omdat dit gemik is op die welsynsbevordering van n besondere gemeenskap met sy eie stadium en peil van ontwikkeling, sy eie probleme en omstandighede, sy eie ideale en aspirasies. Daaruit volg dat n welsynstelsel nie eenmalig tot stand gebring en afgerond word nie, maar steeds ontplooi en ontwikkel in samehang met die ontplooiing en ontwikkeling van die gemeenskap. Dit vereis voortdurende navorsing en beplanning, deur denking en besinning" [1].

Dit was steeds n aanvaarde beleid dat die Staat en die private inisiatief elkeen n besondere bydrae op die gebied van welsynswerk te lewer het en dat die beste resultate verkry word deur hulle as vennote te beskou. Na aanleiding hiervan het die Minister van Volkswelsyn op 26 Oktober 1954 die volgende belangrike, geskiedkundige beleidsverklaring in verband met gesinsorgdienste gemaak:

„(a) Dat dit as die funksie en taak van die partikuliere inisiatief beskou sal word om die breë terrein van gesinsorg waarby ook die kindersorg ingesluit word, te behartig.

(b) Dat, wanneer die behartiging van maatskaplike staatsorg inhou dat dit noodsaaklik is dat aan gesinsorg aandag geskenk sal word, dit die plig en vernaamste verantwoordelikheid van die Staat is om toe te sien dat dit wel sal gebeur, maar dat, ten einde onnodige en nadelige oorvleueling te voorkom en doeltreffendheid te bevorder, hierdie gesinsorg sover moontlik en doenlik in die hande van vrywillige organisasies gelaat dien te

---

1. Cronje. Mens tot medemens. P. 162.

word" [1].

Met betrekking tot die afbakening van die terrein en funksies van die staat en die vrywillige welsynorganisasies beweer Levin dat daar glad nie afsonderlike funksies vir die staat en welsynsorganisasies bepaal kan word nie [2]. In hierdie opsig is Suid-Afrika beslis 'n uitsondering. As die goeie samewerking tussen die Staat en die partikuliere inisiatief in aanmerking geneem word is Suid-Afrika in 'n unieke situasie wat hom ten opsigte hiervan 'n voorsprong gee bo baie ander moderne lande.

Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene beweer by monde van dr. Winckler dat daar nie 'n waterdigte afbakening moontlik is nie maar het tog 'n volle medewerking met die vrywillige welsynsorganisasies bewys gelewer dat 'n verdeling prakties moontlik is en ook bevorderlik is vir koördinering oor die algemeen. Winckler skryf: „Hierdie ooreenkoms berus op twee beginsels wat op ministeriële vlak neergelê is... naamlik dat:

(a) waar enige finansiële hulp van staatsweë aan liggame, indiwidue of gesinne verleen staan te word, die voorafgaande maatskaplike ondersoek wat verlang mag word ter regverdiging van sodanige hulp deur beamptes van die Departement onderneem word; en

(b) alle maatskaplike ondersoeke en verslae wat ingevolge bestaande statutêre bepalings deur staatsowerhede verlang word ten opsigte van indiwidue en gesinne deur vakkundige beamptes van die Departement behartig

---

1. Toespraak van die Minister van Volkswelsyn voor die Nasionale Welsynsraad, 26 Oktober, 1954.

2. Vgl. Levin, H. „The future of voluntary Family and Children's Social Work: A Historical View" in Social Service Review, Vol. XXXVIII, No. 2, June, 1964. P. 163-173.

sal word" 1).

Hierdie ooreenkoms bring mee dat vrywillige welsynsorganisasies hulle kan toespits op kindersorg- en gesinsorgwerk terwyl die professionele beamptes van die Staat hulle sal toelê op die pligte en funksies deur die verskillende wette en regulasies aan hulle opgedra, en ondersoeke doen in verband met finansiële staatshulp en gevalle waar die status van die indiwidu of gesin in die vrye samelewing ingrypend aangetas word. ŉ Verdere uitvloeisel wat die ooreenkoms meebring is dat daar nouer ineenskakeling van die verskillende dienste sal wees met die oog op ŉ beter gekoördineerde diens in sy geheel aan die bevolking van Suid-Afrika.

ŉ Ander baie belangrike aspek is die voorvereistes wat deur die betrokke partye nagekom moet word soos die inagneming van kerk- en kultuurverband van gevalle, die gespesialiseerde aard van die werksaamhede van die welsynsorganisasie, die vryheid van die indiwidue om met ŉ besondere organisasie saam te werk ensovoorts.

Die Nasionale Welsynwet No. 79 van 1965 span die kroon op jarelange bemoeiing vir die verkryging van een wet om al die welsynsaangeleenthede van die land te omvat. Hierdie wet maak voorsiening vir die instelling van ŉ Nasionale Welsynsraad, die vier spesialiteitskommissies en die streekswelsynsrade wat beoog om die Minister van Volkswelsyn van deskundige en doeltreffende advies te bedien 2). Al die funksies van die Nasionale Welsynsraad maak dit ŉ baie belangrike skakel tussen die private sektor

---

1. Winckler. Tendense in Suid-Afrikaanse Volkswelsynbeleid 1910-1966. P. 300.

2. Volkswelsyn en Pensioene. Amptelike halfjaarlikse tydskrif van die Departement Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang 1, Desember 1966, No. 1. P. 8-13.

op welsynsgebied en die Minister sowel as die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene verklaar dan dat: „n Beginsel wat deurgaans gehandhaaf is, is dié van samewerking tussen die Staat en vrywillige inisiatief op welsyngebied. Die huidige wetgewing en samestelling van die Nasionale Welsynsraad, die spesialiteitskommissies en die streekwelsynsrade is meer as ooit tevore bevorderlik vir die instandhouding en beklemtoning van die beginsel van vennootskap...

„Die Nasionale Welsynsraad, bygestaan deur sy vier spesialiteitskommissies en nege streekswelsynsrade, het nou in n toonaangewende liggaam ontwikkel op die gebied van vrywillige welsynwerk en koördinasie met die Staat, en daar word groot verwagtings van die Raad, sy kommissies en die streekswelsynsrade gekoester" [1].

## IV. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING OOR DIE BEOEFENING VAN MAATSKAPLIKE WERK.

In die lig van die ontwikkeling van die geskiedenis van Suid-Afrika het die Kerk, Staat en partikuliere welsynsorganisasies elkeen op een of ander tyd sterk op die voorgrond getree by die verlening van hulp aan noodlydendes. Tradisioneel is hierdie afgebakende terreine gehandhaaf en erkenning van die gemeenskap verwerf.

Wetenskaplike bewysgronde erken die bestaan van die drie instansies wat hulle met maatskaplike versorging besig hou, hoewel die grondslag, beginsels en wyse van hantering verskil. Van Rooy skets dit soos volg:

---

1. Maree, Sy Edele W.A. Die Nasionale Welsynsraad in breër perspektief. Toespraak gelewer by geleentheid van die 44ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad op 11 Augustus 1966.

„Staat en kerk is beide instellings van God. Waar egter die taak van die kerk finaliter eers in die bedeling hiernamaals volbring sal word, lê die eindvervulling van die staatstaak binne die grense van die kosmiese werklikheid. Waar die kerk ter bereiking van sy doel slegs van geestelike middels (o.a. van die Christelike ban) gebruik mag maak, rus die handhawing van die onontbeerlike owerheidsgesag van die staat op dwangmag. Die volksorganisasies daarenteen word deur die wil van die mens tot stand gebring, gewysig en beëindig, terwyl hul doel en taak ook binne die grense van die kosmiese werklikheid lê" 1).

Daar is ook kerkregtelike regverdiging vir die toetrede van die kerk, staat en partikuliere welsynsorganisasies tot die gebied van welsynswerk en hulpverlening soos blyk uit die uitspraak van Bouwman, Kuyper en andere. Tereg waarsku Bouwman: „Daarom mag het natuurlijke (staat) leven niet geknecht worden onder het kerkelijke leven doch evenmin mag de kerk gebracht worden onder het juk van den staat, maar moeten kerk en staat naar eigen levenswetten samenwerken ter ere Gods" 2). Ook Biesterveld, Van Lonkhuizen en Rudolph skryf: „... wij weerstaan ook alle clericalisme, dat meent, de dingen worden alleen goed gedaan, als zij door het ambt (kerklike) geschieden... dat alles dus door het ambt beheerst worden... In den grond is deze gedachte niet vrij van den Roomschen zuurdeesem" 3).

Bouwman skets baie duidelik die Calvinistiese benadering in verband met maatskaplike versorging as hy dit onomwonde stel dat die staat moet sorg vir die uitoefening van reg en geregtigheid, die administrasie van

---

1. Van Rooy. Op die voorpunt van die tye. P. 51.
2. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 251.
3. Biesterveld, Van Lonkhuizen en Rudolph. Het diaconaat. P. 360-361.

wette ensovoorts. Daarbenewens moet die staat ook sorg dat die materiële en sedelike welsyn van die hele bevolking en die enkeling bevorder word en in verband hiermee is dit ook die roeping van die staat om die kerk en die partikuliere inisiatief te steun en verder aanvullend op te tree[1].

Die versorgingsfunksies van die kerk, staat en private welsynsorganisasies word in ooreenstemming met die sosiologiese struktuur van die onderskeie instansies onderneem by wyse van die besondere kanale wat daarvoor ingestel is. Verder word die welsynsaktiwiteite onderneem in ooreenstemming met die besondere beginsels eie aan die kerk, staat en partikuliere inisiatief.

Die maatskaplike beleid ten opsigte van die welsynsaktiwiteit wat deur die jare vanaf die blanke besetting aan die Kaap tot nou gevolg is, is ook in ooreenstemming met bogenoemde uitgangspunte. Selfs die Christelike mensbeskouing is ingesluit in die ooreenkoms tussen die Staat en die partikuliere welsynsorganisasies waar aanvaar word dat hulpverlening moet geskied met die inagneming van die kerk- en kultuurverband van hulpbehoewendes. Die uitspraak van die Minister van Volkswelsyn en Pensioene laat geen onduidelikheid in verband hiermee nie [2].

In aansluiting hierby en met die inwerkingtreding van die Nasionale Welsynswet kom dr. Brümmer, Adjunk-Sekretaris van Volkswelsyn, tot die volgende slotsom: „The principle upon which the Department's policy is based is that every citizen is responsible for his own welfare and social adjustment, that of his family and of the community. Only

---

1. Vgl. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht. P. 573.

2. Vgl. Maree, Sy Edele W.A. Die Nasionale Welsynsraad in breër perspektief... P. 8-13.

where the citizen fails to sustain his independence in these regards, does the State come to his assistance in co-operation with private effort. This is the principle which expresses the character of the nation and distinguishes the Republic of South Africa from a welfare state" [1].

---

1. Brümmer, F. „Thirty years of social welfare" in Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang 1, Des. 1966, No. 1. P. 22.

# HOOFSTUK 7.

## SAMEVATTENDE SLOTBESKOUINGE.

In hierdie studie is daarop gewys dat publikasies in boekvorm en artikels oor die tema van die Sosiologie van Hulpverlening en ook die Sosiologie van Maatskaplike Werk nie te volop is nie. Skrywer van hierdie proefskrif waarmee 'n bydrae tot die vakliteratuur van die voorgenoemde Toegepaste Sosiologie gelewer is, wil enersyds erken dat met hierdie bydrae tot sowel die terrein van die Sosiologie asook tot die terrein van die Maatskaplike Werk sekerlik slegs die eerste woord en nie die laaste woord gespreek is nie. En andersyds dat hierdie poging die stimulus sal wees vir verdere studie van talle probleme op hierdie terrein.

Die Sosiologie, Spesiale of Aspeksosiologie, die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk spruit uit die basiese maatskaplike probleme wat uit die Industriële Rewolusie voortgespruit het.

Omdat die mens nie geheel en al onafhanklik sy lewe sonder saamlewe met ander mense kan deurbring nie, staan die studie van die mens in nood in die sentrum van die moderne sosiale wetenskappe se veld van ondersoek. „In onze zo gecompliceerde samenleving, waarin het spontane tussenmenselijke contact minder mogelijkheden heeft dan in meer eenvoudige samenlevingsstructuren, is een hernieuwde bezinning op de menselijke bijstand te constateren. Bij alle pessimistische geluiden, die men kan beluisteren over onze cultuur, moet opgemerkt worden, dat juist in onze tijd de behoefte aan het helpen van de mens groot is" [1].

1. Nederlandse Gesprekcentrum. Helpen in deze tijd. Kampen, N.V. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok, 1960. P. 1.

In die eerste hoofstuk is die opkoms en prinsipiële fundering van die Sosiologie, die Spesiale of Aspeksosiologie en die Sosiologie van die Hulpverlening binne die besondere historiese verband geplaas waaruit die ontwikkeling van hulpverlening na vore gekom het as 'n spontane reaksie van die mens teenoor die mens wat in een of ander nood verkeer.

Die Sosiologie bestudeer die samelewing as sodanig, is geïnteresseerd in die algemene kenmerke en verskaf kennis oor die samelewingsvorme, handelinge en gebeurtenisse wat nodig is vir die diagnose van die samelewing. Dit sluit in die verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse van die mens wat in ooreenstemming is met die samelewing se goedkeuring maar sluit ook die abnormale optrede van die mens in. Die Sosiologie van Hulpverlening en veral die Maatskaplike Werk wil dan die mens wat aldus optree, help om sy verkeerde handelinge en optrede reg te stel. Met ander woorde, dit wil daardie dinge wat verkeerd is regstel, wil die mens in nood help en in sy veelvuldige lewensnood voorsien.

Die Sosiologie, Toegepaste of Spesiale Sosiologie, die Sosiologie van Hulpverlening en Maatskaplike Werk het elkeen 'n eie terrein of veld van ondersoek wat deur geen ander wetenskap gedek word nie.

In die tweede hoofstuk word 'n beknopte oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van hulpverlening gegee om tot die ontstaan en ontwikkeling van professionele maatskaplike werk te kom. Na 'n uiteensetting van enkele definisies, is tot die gevolgtrekking gekom dat maatskaplike werk in ons moderne samelewing 'n hoogsbelangrike funksie van die samelewing is. Maatskaplike werk kan omskryf word as 'n vakkundige diens, deur 'n daartoe opgeleide persoon, binne 'n sekere welsynstruktuur, om die maatskaplike funksionering (van die enkeling of groep) te bevorder of te verbeter om die maatskaplike verhoudings tussen mensë, groepe en gemeenskappe te be-

vorder sodat die hoogste mate van algehele welsyn van die mens bereik kan word.

Om bostaande doelstellings te bereik is wetenskaplike kennis en bedrewenheid in menslike verhoudings in al sy fasette nodig omdat die maatskaplike werker te doen het met die mens met sy besondere behoeftes, ekonomies-fisies, emosioneel-maatskaplik en geestelik-godsdienstig; die mens met sy besondere nood en die mens in sy besondere maatskaplike funksionering.

Vir die bereiking van bostaande doelstellings is die bydrae van die kennis van die Sosiologie van die uiterste belang wat dwarsdeur die eeue heen en vandag nog baie hoog geag is [1].

ŉ Sosiologiese struktuuranalise van die maatskaplike werkgroep is in hoofstuk drie gemaak, om die funderings- en bestemmingsfunksie van die hulpverlener (maatskaplike werker) en die hulpontvanger (kliënt) aan te toon. Daar is veral klem gelê op die besondere, eiesoortige verhouding wat daar tussen die verlener en die ontvanger van hulp behoort te bestaan, wat neerkom op ŉ besondere kennis, kundigheid en vaardigheid in menslike verhoudings.

In hierdie werker-kliënt-verhouding is van die allergrootste belang die maatskaplike werker se eie lewens- en wêreldbeskouing en veral sy mensbeskouing. Klem is gelê op die christelike mensbeskouing en die beskouing van die mens as unieke wese, eenheidswese, verbandswese, antwoordwese met ŉ ewigheidsbestemming. Om mens te wees beteken om (1) op God gerig te wees en (2) op die naaste gerig te wees en (3) om die natuur te beheers.

---

1. Vgl. Leonard, Peter. Sociology in Social Work. London, Routledge and Kegan Paul, 1966. P. 1-3. Vgl. Hoofstukke 1 en 5.

Die verhouding tussen die werker en die kliënt hang grootliks af van die mensbeskouing. En hierdie positiewe benadering oor die christelike mensbeskouing, plaas professionele maatskaplike werk op ŉ hegte grondslag en ŉ vaste fondament, op ŉ rots. Dit maak van maatskaplike werk ŉ heerlike taak en roeping.

Hoofstuk vier word gewy aan die aanvaarde basiese uitgangspunte en metodes by maatskaplike werk in ooreenstemming gebring met die mens- en lewensbeskouing.

Maatskaplike werk net soos baie ander wetenskappe is gebaseer op sekere wetenskaplike beginsels of uitgangspunte, wat grondliggend is aan die vakwetenskap: Maatskaplike Werk. Hierdie grondbeginsels is van baie groot belang by die beoefening van professionele maatskaplike werk maar word te dikwels deur die werker uit die oog verloor.

Vervolgens is die drie primêre metodes kortliks in behandeling geneem, histories en prinsipieel en in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing en veral mensbeskouing gebring. Dit het duidelik geword dat een enkele metode nie altyd gewens toegepas kan word nie maar dat soms meer as een metode toegepas moet word om die gewensde resultaat te bereik.

In elke probleem-situasie behoort die basiese uitgangspunte sowel as die metodes in ag geneem te word om ŉ geregverdigde en gebalanseerde siening oor die probleem te vorm om uiteindelik die probleem op te los.

Op die vraag wie nou verantwoordelik is om maatskaplike versorging te onderneem, word die antwoord in hoofstuk ses bespreek, waar ŉ prinsipiële beskouing gegee is oor die beoefening van maatskaplike werk op die terrein van die kerk, staat en partikuliere inisiatief.

Voordat die welsynsaktiwiteite van elkeen van die drie instansies

behandel is, is 'n sosiologiese struktuuranalise van elkeen gemaak om die funderings-, bestemmings- en gesagsfunksies te onderskei.

Vervolgens is die beginsels vasgestel waarvolgens die welsynswerk onderneem word, naamlik (1) die beginsel van heiligende en saligmakende liefde as grondslag vir die barmhartigheidsdiens van die kerk; (2) die beginsel van organiese liefde as grondslag van die welsynsarbeid van die partikuliere inisiatief en (3) die beginsel van geregtigheid as grondslag van die welsynsarbeid van die staat.

Wetenskaplike bewysgronde erken die geregverdigheid vir die beoefening van maatskaplike versorging deur die kerk, staat en privaat welsynsorganisasies, hoewel die grondslag, beginsels en wyse van optrede verskil.

Na aanleiding van die ondersoek is bevind dat maatskaplike werk 'n wesensverskynsel is van die moderne samelewing wat baie nou verbonde is met die lewens- en wêreldbeskouing en veral met die mensbeskouing van hulle wat die professie beoefen. Verder is vasgestel dat maatskaplike werk 'n waardegrondslag het, dat maatskaplike werk 'n normatiewe en toegepaste ervaringswetenskap is met 'n eie veld van ondersoek wat hom van ander sosiale wetenskappe afgrens.

Daar word besef dat maatskaplike werk in ons moderne samelewing 'n vername plek inneem, 'n groot en belangrike rol speel en dat maatskaplike werkers dikwels beslissings neem en aanbevelings maak wat ingrypende veranderings in die lewe van die mense wat daarby betrokke is, kan hê.

By die prinsipiële beskouing word gelet op twee aspekte, naamlik die positiewe en die negatiewe.

Ten opsigte van die positiewe aspek:

1. Die lewens- en wêreldbeskouing en die mensbeskouing behoort by die opleiding van maatskaplike werkers/sters baie meer aandag te geniet veral as die wêreldneiging tot sekularisasie in ag geneem word.

2. By die opleiding moet gewaak word teen pogings van ongesonde integrasie van sekere aspekte soos die verabsolutering van onder andere die Sosiologie en die Psigologie.

3. Daar behoort 'n geskikte metode van keuring van studente ontwerp te word waarby veral onder andere op die aanleg en persoonlikheidstrekke en -toerusting gelet moet word.

4. Die studietydperk van maatskaplike werkers/sters behoort tot vier jaar verleng te word wat veral verbreding en verdieping van die kennis sal hê, beter integrasie van die teorie en die praktyk tot gevolg sal hê en daarby 'n ryper en meer ervare maatskaplike werker/ster aan die professie sal lewer.

5. Dosente in Maatskaplike Werk behoort jarelange ervaring in die praktyk van maatskaplike werk te hê om behoorlik die teorie en praktyk van maatskaplike werk met mekaar te integreer.

6. Meer manspersone behoort vir die professie gewerf te word veral met die oog op die vulling van beheer- en sleutelposte.

7. Daar moet na gestreef word om die status van die professie en alles wat daarmee saamhang te verhoog wat ook beter diensvoorwaardes tot gevolg behoort te hê.

In negatiewe sin moet in die eerste plek gewaarsku word teen die oorbeklemtoning van die Sosiologie en Sielkunde by die opleiding en by die beoefening van die beroep.

Tweedens moet gewaak word teen materialisme en die algemene vervlakking van die beroep.

Die slotsom waartoe geraak word is dat daar by die opleiding van maatskaplike werkers oor die algemeen meer aandag aan die lewens- en wêreldbeskouing geskenk moet word, omdat die prinsipiële beskouing 'n bydrae lewer tot die koers en rigting van die vak en die professie. Dit behoort en kan ook antwoorde verskaf op talle lewensvrae en probleme van die mens in alle situasies.

---

# BIBLIOGRAFIE

## A. BOEKE.

1. Aptekar, H.H. — The dynamics of casework and counseling. New York, Houghton Mifflin Co., 1955.

2. Aquinas, Thomas. — „Commentary on Nichomachean Ethics". Soos aangehaal deur Witmer in Social Work.

3. Ashley, W.J. — An introduction to English economic history and theory. New York, G.P. Putnam's Sons, 1910.

4. Baden, H.J. — De grenzen van de vermoeidheid. Amsterdam, W. ten Have N.V., 1962.

5. Bain, Read and Cohen, Joseph. — „Trends in applied sociology" in Trends in American Sociology, deur Lundberg, George A., Bain, Read and Anderson, Nels (Editors). New York, Harper and Brothers, 1929.

6. Banning, W. — Sociologie en kerk. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1951.

7. Banning, W. — Sociale ethiek. Den Haag, Servire, 1949.

8. Banning, W. — Theologie en sociologie. Een terreinverkenning en inleiding. Assen, Van Gorcum en Comp. N.V., Ongedateer.

9. Barnes, H.E. — An introduction to the history of Sociology. Chicago, The University of Chicago Press, Sixth Impression, 1961.

10. Barnhoorn, J.A.J. — Individueel maatschappelijk werk en geestelijke gezondheidszorg. Leiden, H.E. Stenfert Kroese N.V., 1960.

11. Barry, M.C. — „Assessment of progress made by community organization in identifying basic concepts and methods for utilization in social work education" in Community organization in social work. New York, Council on Social Work Education, 1956.

12. Beerling, R.F. — Crisis van den mensch. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon N.V., 1938.

13. Benedict, R. — Patterns of culture. New York, Penguin Books, 1946.

14. Berkhof, H. — De mens onderweg. Een christelijke mensbebeschouwing. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1963.

15. Berkhof, H. — „De gemeente in het christelijk maatschappelijk werk" in Mens en ontmoeting. Enige facetten van het protestants-christelijk maatschappelijk werk. Den Haag, Uitgeverij van Keulen N.V., 1961.

16. Berkouwer, G.C. — De mens het beeld Gods. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957.

17. Bierstedt, Robert. — The social order. An introduction to sociology. Second edition. New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1957.

18. Biestek Felix P. — The casework relationship. Chicago/Illinois, Loyola University Press, 1957.

19. Biesterveld, P. — Het huisbezoek. Kampen, J.H. Bos, 1908.

20. Biesterveld, P., Van Lonkhuizen, J. en Rudolph, R.J.W. — Het diaconaat. Handboek ten dienste der diaconieën. Hilversum, J.H. Witzel, 1907.

21. Bisno, Herbert. — The philosophy of social work. Washington D.C., Public Affairs Press, 1952.

22. Boehm, Werner W. — Objectives of the social work curriculum of the future. Vol. I, New York, Council on Social Work Education, 1959.

23. Boehm, Werner W. — The social casework method in social work education. Vol. X. A project report of the curriculum study. New York, Council on Social Work Education, 1959.

24. Bogardus, E.S. — Sociology. Third edition. New York, Longmans, Green and Co., 1949.

25. Bosanquet, Helen. Social work in London 1869-1912. London, John Murray, 1914.

26. Bouman, P.J. Sociologie, begrippen en problemen. Amsterdam, Uitgeversmij. N.V. Standaard-Boekhandel, 1958.

27. Bouwman, H. Gereformeerd kerkrecht. Kampen, J.H. Kok, 1928.

28. Bowers, Swithun. „The nature and definition of social casework" in Principles and techniques in social casework. Selected articles 1940 - 1950. Onder redaksie van Cora Kasius. New York, Family Service Association of America, 1950.

29. Brew, J. Macalister. Youth and youth groups. London, Faber and Faber, 1957.

30. Broekman, J.M. (Redakteur) Maatschappelijk werk. Krachten, terreinen, methoden. Assen, Van Gorcum en Comp. N.V., Ongedateer.

31. Brown, S.C. „Some methods of sociology" in The study of society. London, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., 1939.

32. Buckley, Walter. „Structural-functional analysis in modern sociology" in Modern sociological theory. Edited by Howard Becker and Alvin Boskoff. New York, The Dryden Press, 1957.

33. Bybel, Die

34. Cannon, M.A. „Guiding motives in social work" in New directions in social work, onder redaksie van Cora Kasius. New York, Harper and Bros., 1954.

35. Carter, Genevieve W. „Social work community organization methods and processes" in Concepts and methods of social work. Edited by Walter A. Friedlander, Englewood Cliffs N.J., Prentice-Hall Inc., 1965.

36. Case, C.M. Outlines of introductory sociology. New York, Brace, 1924.

37. Chinoy, E. Society. An introduction to sociology. New York, Random House, 1962.

38. Chinoy, E. Sociological perspective. Basic concepts and their application. New York, Random House, 1954.

39. Clarke, Helen I. Principles and practice of social work. New York, D. Appleton-Century Co., Inc., 1947.

40. Clinard, Marshall B. Sociology of deviant behavior. New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc., 1964.

41. Coetzee, J.Chr. Ons universiteit. Sy grondslag en beginsel en die vryheidsbeginsel. Potchefstroom, Die Westelike Stem, Junie 1954.

42. Coetzee, J.H. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1859 - 1949). Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1953.

43. Cohn, M.M. „Training for community organization in social work" in The community organization method in social work education. London, Council on Social Work Education, 1959.

44. Coughlin, B.J. Church and state in social welfare. New York, Columbia University Press, 1965.

45. Cronje, G. Mens tot medemens. 'n Algemene inleiding tot die maatskaplike sorg. Kaapstad, H.A.U.M., 1965.

46. Cronje, G. Professionele maatskaplike werk. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

47. Davis, K. Human society. New York, The Macmillan Co., 1961.

48. Davison, Evelyn H. Social casework. London, Bailliere, Tindall and Cox, 1965.

49. De Haan, J. Bierens. Grondslagen der samenleving. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon N.V., 1946.

50. De Haan, J. Bierens. Sociologie, ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire, 1952.

51. Dengerink, J.D. — Critisch-historische onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok N.V., 1948.

52. Dent, H.C. — Education in transition. London, Kegan Paul and Co., Ltd., 1945.

53. Dunham, Arthur. — Community welfare organization. Principles and practice. New York, Thomas Y. Crowell Co., 1965.

54. Dunham, Arthur. — „What is the job of the community organization worker?" in Proceedings of the National Conference of Social Work. Atlantic City, 1948. New York, Columbia Press, 1949.

55. Du Toit, J.B., Steyn, Anna F. en Rip, Colin, M. — Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme. Kaapstad, Nasionale Handelsdrukkery Bpk., 1965.

56. Dynes, R.R., Clarke, A.C. and Dinitz, S. — Social problems. Dissensus and deviation in an industrial society. New York, Oxford University Press, 1946.

57. Eisenstadt, S.N. (Editor) — Comparative social problems. New York, The Free Press, 1964.

58. Eubank, E.E. — Concepts of sociology. Boston, Heath, 1932.

59. Ferguson, Elizabeth A. — Social work. An introduction. New York, J.B. Lippincott Co., 1963.

60. Fink, E.A., Wilson, E.E. and Conover M.B. — The field of social work. New York, Henry Holt and Co., Third edition, 1959.

61. Friedlander, W.A. — Concepts and methods of social work. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall Inc., 1958.

62. Friedlander, Walter A. — Introduction to social welfare. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall Inc., 1965.

63. Garrett, Annette. Interviewing. Its principles and methods. New York, Family Service Association of America. 1966.

64. Gillen, J.L. and Gillen, J.P. Cultural sociology. New York, Macmillan Co., 1948.

65. Gouldner, Alvin W. and Miller, S.M. (Editors). Applied sociology. Opportunities and problems. New York, The Free Press, 1965.

66. Groenman, Sj. Sociale aanpassing. Assen, Van Gorcum en Comp., 1952.

67. Habermehl, D.N. Ons daaglijks werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1959.

68. Hall, M.P. and Howes, I.V. The church in social welfare. London, Routledge and Kegan Paul, 1965.

69. Hamilton, G. Theory and practice of social casework. New York, Columbia University Press, 1940 and 1951.

70. Harper, E.B. and Dunham A. Community organization in action. New York, Associated Press, 1959.

71. Hayes, E.C. Introduction to the study of sociology. New York, Appleton and Co., 1928.

72. Hendriks, G. Wat is community organization? Een korte verkenning. Groningen, Academie voor Sociale en Culturele Arbeid, 1960.

73. Heijmans, M. „Een pedagogisch aspect in de hulp aan probleemgezinnen" in Om de leefbaarheid van het bestaan, deur Heijmans, Kamphuis en andere. Lochem, De Tijdstroom, 1959.

74. Hoefnagels, G.P. Recht en maatschappelijk werk. Utrecht, Uitgeverij Het Spectrum, 1963.

75. Hofstra, S. „Het functiebegrip in de Sociologie" in Het Sociale leven in al zijn facetten, Deel I. Assen, Van Gorcum, December 1946.

76. Hollis, Florence. „Social casework" in Social work year book, 1957.

77. Hollis, Florence. „The techniques of casework" in Principles and techniques in social casework onder redaksie van Cora Kasius. New York, Family Service Association of America, 1950.

78. Hollis, Florence. Casework. A psycho-social therapy. New York, Random House, 1965.

79. Horton Paul B. and Leslie, Gerald R. The sociology of social problems. New York, Appleton-Century-Crofts, Inc., 1960.

80. Hunt, Elgin F. Social science: an introduction to the study of society. New York, Macmillan, 1957.

81. „International Conference of Social Work. Social work in a changing world - Its functions and responsibilities." Proceedings of the Tenth International Conference of Social Work, Rome. Published by the International Conference of Social Work, Regional Office, Bombay, India, 1961.

82. In't Veld-Langeveld, H.M. Gezinssociologie en gezinsbeleid. Utrecht, Bijleveld, 1963.

83. Johns, R. and Demarche, D.F. Community organization and agency responsibility. New York, Association Press, 1951.

84. Johnson, A. „Community organization method and skill in social casework practice" in The community organization method in social work education. New York, Council on Social Work Education, 1959.

85. Johnson F. Ernest (Editor). Religion and social work. New York, Harper and Bros., 1956.

86. Johnson, Harry M. Sociology: a systematic introduction. London, Routledge and Kegan Paul Ltd., 1962.

87. Jones, M.E. Basic sociological principles. Boston, Ginn and Co., 1949.

88. Joubert, D.D. en Steyn, A.F. Groepsdinamika. 'n Inleiding tot die studie van klein groepe. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1965.

89. Kamphuis, M. e.a. Helpen als ambacht. Baarn, Bosch en Keuning N.V., 1951.

90. Kamphuis, M. „Functie en verantwoordelijkheden van het maatschappelijk werk vandaag" in Professionele maatskaplike werk onder redaksie van G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

91. Kamphuis, M. Wat is social casework? Groningen, N. Samson N.V., Alphen aan den Rijn, 1964.

92. Kasius, Cora (Editor). Principles and techniques in social casework. Selected articles, 1940 - 1950. New York, Family Service Association of America, 1950.

93. König, Rene. Sociologie in deze tijd. Amsterdam, Uitgeverij H.J. Paris, 1952.

94. Konopka, Gisela. Group work in the institution. A modern challenge. New York, Whiteside Inc. and William Morrow and Co., 1954.

95. Konopka, Gisela. Social group work. A helping process. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, Inc., 1964.

96. Kooistra, R. De Gereformeerde theoloog en de sociologie. Franeker, T. Wever, 1955.

97. Kooistra, Remkes. Facts and values. A christian approach to sociology. Hamilton, Guardian Publishing Co., Ltd., 1962.

98. Krimm, Herbert. „Diakonie" in Evangelische Soziallexikon. 2. Aufl. Stuttgart, 1956.

99. Kuypers, A., Wielenga, G. en Wyngaarden, H.R. Feestbundel uitgegeven ter gelegendheid van het Vijfentwintigjarige Jubileum als hoogleraar van Doctor Jan Waterink. Amsterdam, 8 October 1951.

100. Lambrechts H.C. en Theron, E. Vrouevolksdiens. Kaapstad, H.A.U.M., 1959.

101. Landy, David. „Problems of the person seeking help in our culture" in Social welfare institutions. A sociological reader. Edited by Mayer N. Zald. New York/London, John Wiley and Sons, Inc., 1965.

102. Lane, Robert. Proceedings of the National Conference of Social Work. Selected papers, Sixty-sixth Annual Conference, Buffalo. New York, Columbia University Press, 1939.

103. Leonard, Peter. Sociology in social work. London, Routledge and Kegan Paul, 1966.

104. Lewin, Kurt. Resolving social conflicts. New York, Harper and Bros., 1948.

105. Lichtenberger, J.P. Development of social theory. New York, D. Appleton-Century Coy., 1938.

106. Lindeman, Eduard C. „Group work and education for democracy" in Proceedings of the National Conference of Social Work, 1939. New York, Columbia University Press, 1939.

107. Linton, Ralph. The cultural background of personality. London, Kegan Paul, 1947.

108. Lion, L.C.F. „De betekenis van de term ‚basic concept' in het individueel maatschappelijk werk" in Maatschappelijk werk. Krachten, terreinen, methoden, onder redaksie van J.M. Broekman. Assen, Van Gorcum, 1964. Deel I.

109. Lurie, Harry L. The community organization method in social work education. New York, Council on Social Work Education, 1959.

110. MacIver, R.M. Community. A sociological study. London, Macmillan and Co., Ltd., 1936.

111. MacIver, R.M. and Page, C.H. Society. An introductory analysis. London, Macmillan and Co., Ltd., 1962.

112. McMillen, Wayne. Community organization for social welfare. Chicago, University of Chicago Press, 1949.

113. Malherbe, E.G. (Ed.) Handbook on Education and Social Work in South Africa. The New Education Fellowship (South Africa), 1934.

114. Mannheim, Karl. Diagnosis of our time. Wartime essays of a sociologist. London, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., 1943.

115. Mannheim, Karl. Man and society in an age of reconstruction. London, Routledge and Kegan Paul Ltd., 1949.

116. Mayo, Leonard W. „Community organization in 1946" in Proceedings of the National Conference of Social Work. New York, Columbia University Press, 1947.

117. Merton, Robert K. Social theory and social structure. Rev. ed. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1957.

118. Mess, Henry A. Social structure. London, George Allen and Unwin Ltd., 1942.

119. Murphy, C.G. Community organization practice. Boston, Houghton Mifflin Co., 1954.

120. Murphy, Marjorie. „The social group work method in social work education" in A project report of the curriculum study, Vol. XI. Werner Boehm, Director and Co-ordinator. New York, Council on Social Work Education, 1959.

121. National Conference on Social Welfare, 84th Annual Forum. New York, Columbia University Press, 1957.

122. Nederlandse Gesprekcentrum. Helpen in deze tijd. Kampen, N.V. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok, 1961.

123. O'Grady, John. An introduction to social work. New York, Appleton-Century, 1928.

124. Ottaway, A.K.C. Education and society. An introduction to the sociology of education. London, Routledge and Kegan Paul, Ltd., 1955.

125. Outler, A.C. Psychotherapie en evangelie-verkondiging. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1959.

126. Parsons, Talcott. Structure and process in modern societies. Deel IV. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1960.

127. Perlman, H.H. Social casework. A problem-solving process. Chicago and London, The University of Chicago Press, 1957.

128. Phillips, Helen U. Essentials of social group work skill. New York, Association Press, 1957.

129. Pieterse, J.E. „Groepwerk as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk onder redaksie van G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

130. Pop, F.J. Bijbelse woorde en hun geheim. 's-Gravenhage, Boekencentrum N.V., 1964.

131. Pray, K.L.M. Social work in a revolutionary age. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1949.

132. Proceedings of the National Conference of Social Work. New York, Columbia University Press, 1939.

133. Proceedings of the National Conference of Social Work, 1946. New York, Columbia University Press, 1947.

134. Proceedings of the National Conference of Social Work. Atlantic City, 1948. New York, Columbia University Press, 1949.

135. Queen, Stuart A. Social work in the light of history. Philadelphia, Lippincott, 1922.

136. Rich, Margaret E. A belief in people. A history of family social work. New York, Family Service Association of America, 1956.

137. Richmond, Mary. „Some next steps in social treatment" in Proceedings of the National Conference of Social Work. New York, Columbia University Press, 1939.

138. Richmond, Mary E. The long view. New York, 1930.

139. Richmond, Mary E. What is social casework? New York, Russel Sage Foundation, 1922.

140. Robinson, Virginia. A changing psychology in social casework. Chapel Hill, University of North Carolina Press, 1930.

141. Rogers, C.R. Counselling and psycho-therapy. New concepts in practice. Boston, Houghton Mifflin Co., 1942.

142. Rogers, C.R. Client-centered therapy. Boston, Houghton Mifflin Co., 1959.

143. Rogers, C.R. and Kinget, G.M. Psychotherapie en menselijke verhoudingen. Utrecht, Spectrum, 1959.

144. Röpke, Wilhelm. Civitas humana. A humane order of society. London, William Hodge and Co., Ltd., 1948.

145. Ross, E.J. Fundamental sociology. Milwaukee, The Bruce Publishing Co., 1942.

146. Ross, Murray. Community organization, theory and principles. New York, Harper and Bros., 1955.

147. Rumney, J. — The science of society. An introduction to sociology. London, Duckworth, 1938.

148. Ruppert, M. — De welvaartsstaat. Kampen, J.H. Kok N.V., 1965.

149. Shenton, H.N. — The practical application of sociology. New York, Columbia University Press, 1928.

150. Sieder, V.M. — „The task of the community organization worker" in The community organization method in social work education. New York, Council on Social Work Education, 1959.

151. Sieder, V.M. — „The task of the community organization worker" in Planning social service for urban needs: Papers on community organization presented at the 84th Annual Forum of the National Conference on Social Welfare. New York, Columbia University Press, 1957.

152. Skidmore, Rex, A. and Thackeray, Milton, G. — Introduction to social work. New York, Appleton-Century-Crofts, 1964.

153. Spier, J.M. — Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen, J.H. Kok N.V., 1950.

154. Steinmetz, S.R. — Inleiding tot de sociologie. Herzien door J.P. Kruijt, F. Bohn N.V., 1952.

155. Stoker, H.G. — Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1961.

156. Stoker, H.G. — Praktiese Calvinisme. Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1956.

157. Stoker, H.G. — Die stryd om die ordes. Pretoria, Caxton Drukkery (Edms.) Bpk., 1941.

158. Stroup, H.H. — Social work. An introduction to the field. Second edition. New York, American Book Co., 1960.

159. Stroup, Herbert H. — Community welfare organization. New York, Harper, 1952.

160. Stulting, A.A. — „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk onder redaksie van G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

161. Temple, W. — Christianity and social order. London, S.C.M. Press Ltd., 1950.

162. Theron, E. en Stulting, A.A. — Maatskaplike dienste in Suid-Afrika. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1961.

163. Thierry, H. De bedreigde mens in de moderne samenleving. Den Haag, J.N. Voorhoeve, 1956.

164. Thurston, Henry W. The dependant child. New York, Columbia University Press, 1930.

165. Trecker, Harleigh B. Social group work. Principles and practices. New York, Association Press, 1965.

166. United Nations Department of Social Affairs. Training for social work. An international survey. New York, Lake Success, 1950.

167. Van Bochove, J.W. „Die ontwikkeling van die indiwiduele behandeling as metode in maatskaplike werk" in Professionele maatskaplike werk onder redaksie van G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

168. Van den Berg, H. Sociologie van de hulpverlening. Meppel, J.A. Boom en Zoon, Uitgevers, 1964.

169. Van den Dam, J.P.A. „Maatschappelijk werk - een poging tot verheldering". Aangehaal in Maatschappelijk werk onder redaksie van J.M. Broekman. Assen, Van Gorcum en Comp., N.V., Ongedateerd.

170. Van der Linden, H.B. Van nummer tot mens. Arnhem, Vuga-boekerij, 1962.

171. Van Doorn, J.A.A. en Lammers, C.J. Moderne sociologie. Systematiek en analyse. Utrecht, Aulaboeken, 1964.

172. Van Dijk, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij., Tweede druk.

173. Van Dijk, R. Enige opmerkingen over Sociologie als wetenschap. 's-Gravenhage, N.V. Uitg. W. van Hoeve, 1949.

174. Van Dijk, R. en Kuiper, G. (Hzn). Gestalten en getijden in de sociale werkelijkheid. Amersfoort, N.V. Uitgeverij A. Roelofs van Goor. Vierde druk.

175. Vam Klinken, J. Kerk en gezinsmaatschappelijk werk. Groningen, Jan Haan N.V., 1961.

176. Van Niekerk, S.E. „Die aanmelding, ondersoek, probleembepaling en evaluasie in die individuele behandelingsmetode" in Professionele maatskaplike werk onder redaksie van G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk., 1965.

177. Van Riessen, Ir. H. De maatschappij der toekomst. Franeker, T. Wever, Vierde druk, 1957.

178. Van Roosmalen, H.P.A. „De funktie van het maatschappelijk werk in onze hedendaagse maatschappij" in Maatschappelijk werk. Krachten, terreinen, methoden. Onder redaksie van J.M. Broekman. Assen, Van Gorcum en Comp., N.V., Ongedateerd.

179. Van Rooy, J.C. „Die betekenis van Calvinisme vir die hedendaagse volksorg" in Op die voorpunt van die tye. Stellenbosch, Pro Ecclesia-Boekhandel, 1944.

180. Van Rooyen, I.J.J. Maatskaplike funksionering en die maatskaplike werk. Pretoria, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1963.

181. Van Rooyen, I.J.J. Diagnostiese en funksionele benaderings in die gevallestudiemetode - 'n oorsig en evaluasie. Pretoria, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1960.

182. Van Zijl, G.J. „Die hulpmiddels en bedrewenhede in die individuele behandeling" in Professionele maatskaplike werk onder redaksie van G. Cronje. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1965.

183. Von Heiseler, Bernt. „Essay over Stifter". Soos aangehaal deur Baden, H.J. in De grenzen van de vermoeidheid. Amsterdam, W. ten Have N.V., 1962.

184. Walker, S.H. Social work and the training of social workers. Chapel Hill, The University of North Carolina Press, 1928.

185. Warner, A.G., Queen, S.A. and Harper, E.B. American charities and social work. New York, Thomas Y. Crowell Co., 1942.

186. Waterink, J. Theorie der opvoeding. Kampen, J.H. Kok N.V., 1951.

187. Webb, Sidney and Beatrice. English poor law history. New York, Longmans Green, 1927. Deel I.

188. Wilson, G. and Ryland, G. Social group work practice. Cambridge, Houghton Mifflin Co., The Riverside Press, 1949.

189. Wilson, L. and Kolb, W.L. Sociological analysis. An introductory text and case book. New York, Harcourt, Brace and Co., 1949.

190. Witmer, Helen L. Social work. An analysis of a social institution. New York, Rinehart and Co., Inc., 1942.

191. Woodroofe, Kathleen. From charity to social work. London, Routledge and Kegan Paul, 1964.

192. Wright, Verne and Elmer, Manüel C. General sociology. An introductory book. New York, Farrar and Rinehart, Inc., 1940.

193. Wurth, G. Brillenburg. Mensbeschouwing en maatschappelijk werk. Kampen, J.H. Kok N.V., 1957.

194. Wurth, G. Brillenburg. Het christelijk leven. Kampen, J.H. Kok N.V., 1948.

195. Young, A.F. and Ashton, E.T. British social work in the nineteenth century. London, Routledge and Kegan Paul, 1956.

196. Zald, Mayer N. (Editor). Social Welfare Institutions. A sociological reader. London, John Wiley and Son, Inc., 1965.

## B. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS.

197. Auret, A.J. Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria, 1965.

198. Botha, D. Groepwerk in kinderinrigtings met spesiale verwysing na 'n Pretoriase Inrigting. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Januarie 1964.

199. Du Toit, J.B. Die naskoolse jeug, arbeid en vrye tyd. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch. 1956.

200. Eloff, D.J. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuur-funksionele teorie van die samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, 1963.

201. Greyling, P.F. Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg. D.Phil.-proefskrif. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

202. Muller, Annette. Opleiding vir maatskaplike werk met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Ongepubliseerde proefskrif, Stellenbosch, 1965.

203. Stulting, A.A. Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Stellenbosch, 1961.

204. Theron, J.S. Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Pretoria, 1965.

205. Van der Walt, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige Sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Potchefstroom, 1959.

206. Van Loggerenberg, N.J.H. Die staatkundige beleid t.o.v. volksorg in die Republiek van Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Ongedateerd.

207. Van Rooyen, I.J.J. 'n Ontleding van die gesinsagtergrond van blanke sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika en van die rehabilitasiemetodes wat in die verband aangewend word. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Unisa, Pretoria, 1965.

208. Winckler, A.T. Tendense in Suid-Afrikaanse volkswelsynbeleid, 1910 - 1966. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van S.A., Pretoria, Januarie 1967.

## C. VAKTYDSKRIFTE

209. Biestek, Felix P. „An analysis of the casework relationship" in Social Casework. Vol. XXXV, February, 1954.

210. Bowers, S. „Social work and human problems" in Social casework. Vol. XXXV, No. 4, May, 1954.

211. Brümmer, F. „Thirty years of social welfare" in Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang I, Desember 1966, No. 1.

212. Coetzee, J.Chr. „Die mens in die opvoeding" in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap. No. 5, Mei 1966.

213. Cohen, Nathan. „Social work in a changing world. Its functions and responsibilities" in International social work, Vol. IV, No. 4, October, 1961.

214. Cronje, G. „'n Prinsipiële uiteensetting van die vennootskap van die staat en die partikuliere welsynsorganisasies op die gebied van die maatskaplike sorg" in Tydskrif vir geesteswetenskappe. Jaargang 4, No. 1, Maart 1964.

215. De Jongh, J.F. „De verzuiling van het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 20 April 1957.

216. Du Plessis, P.G.W. „Wat is die mens" in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Christelike Wetenskap. No. 6, Augustus, 1966.

217. Friedman, W.G. „Sociology of Law" in Current sociology. Vol. XXI, No. 1. Oxford, Basil Blackwell, 1961-'62.

218. Greenwood, Ernest. „Attributes of a profession" in Social work. July 1957.

219. Grobler, J.A. „Die vakkundige op die terrein van die maatskaplike werk" in Mens en gemeenskap. Jaargang II, Nrs. 3-4, Augustus 1961.

220. International social work. Part III, Vol. IV, No. 1. January, 1961.

221. International social work. Part III, Vol. IV, No. 4, October, 1961.

222. International social work. Vol. 8, No. 1, January, 1964.

223. International social work. Vol. 2, No. 3, July, 1959.

224. James, M. „Mensbeeld en methodiek" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10de Jaargang, Nr. 22, 20 December, 1956.

225. Johnson, Arlien. „Development of basic methods of social work practice and education" in Social work journal, Vol. 36, No. 3, July, 1955.

226. Kasius, Cora. „Are social work principles emerging internationally?" in Social casework. Vol. XXXIV, No. 1, January, 1953.

227. Kasius, Cora. „Group treatment in casework settings" in Social casework. Vol. XLIV, No. 2, February, 1963.

228. Kuik, G. „Het algemene in het ‚gereformeerd' maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 20e Jaargang, No. 3, 5 Februari 1966.

229. Levin, H. „The future of voluntary family and children's social work: A historical view" in Social service review. Vol. XXXVIII, No. 2, June, 1964.

230. Maatskaplike werk. ꞌn Vaktydskrif vir die maatskaplike werker. Jaargang 2, No. 3, Augustus 1966.

231. Macarov, D. „Current issues in social group work" in International social work. Vol. 8, No. 1, January, 1964.

232. Mens en gemeenskap. Jaargang III, No. 2, Junie 1962.

233. Milhaud, M. „Ten years of social work in Europe. The United Nations Special European Social Welfare Programme" in International social work. Vol. 2, No. 3, July, 1959.

234. Millar, L.L. „Groepwerk soos toegepas in ꞌn veiligheidsplek" in Rehabilitasie in Suid-Afrika. Vol. 9, No. 1, Maart 1965.

235. Papanoutsos, E. „Human values in social work education" in International social work, Vol. VIII, No. 1, January, 1965.

236. Pieterse, J.E. „Ons werk met groepe" in Vrouevolksdiens. Kwartaalblad van die S.A.V.F., A.C.V.V., O.V.V., en N.C.V.V. Jaargang 2, No. 4, 4de kwartaal, 1964.

237. Pieterse, J.E. „Die metodes van maatskaplike werk" in Mens en gemeenskap. Jaargang III, No. 2, Junie 1962.

238. Rehabilitasie in Suid-Afrika. Vol. 9, No. 1, Maart 1965.

239. Social casework. Vol. XXXIV, No. 1, January, 1953.

240. Social casework. Vol. XXXV, February, 1954.

241. Social casework. Vol. XXXV, No. 4, May, 1954.

242. Social casework. Vol. XLIV, No. 2, February, 1963.

243. Social service review. Vol. XXXVIII, No. 2, June, 1964.

244. Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10e Jaargang, No. 10, 22 Mei 1956.

245. Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10e Jaargang, No. 22, 20 December, 1956.

246. Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 15e Jaargang, No. 12, 20 Juni 1961.

247. Van der Ploeg, J.G. „Het mensbeeld in het maatschappelijk werk" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 10e Jaargang, No. 10, 22 Mei 1956.

248. Volkswelsyn en pensioene. Amptelike halfjaarlikse tydskrif van die Departement Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang I, No. 1, Desember 1966.

249. Vrouevolksdiens. Kwartaalblad van die S.A.V.F., A.C.V.V., O.V.V. en N.C.V.V. Jaargang 2, No. 4, 4de kwartaal 1964.

250. Wierenga, C.F. „Groepwerk - doelstellingen - uitgangspunten - middelen" in Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 15de Jaargang, No. 12, 20 Juni, 1961.

251. Wijnterp, H. „De plaats van onze stichtingen voor maatschappelijk werk en de plaats van de diaken in het bestuur" in Het diaconaat. Kontakblad voor de gereformeerde diakonale arbeid. 61ste Jaargang, No. 5, Mei 1964.

## D. ARTIKELS, REFERATE, TOESPRAKE, WETTE ENSOVOORTS.


252. Botha, D. — Groepwerk as metode in maatskaplike werk. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die opknappingskursus vir maatskaplike werkers te Pretoria. 12 - 14 Oktober 1966.

253. Carnegie-Kommissie: Verslag oor die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1932.

254. Coetzee, J.Chr. — Die christelike universiteit. Intreerede as Rektor van die P.U. vir C.H.O. gehou op 19 Februarie 1954.

255. Cronje, G. — 'n Prinsipiële uiteensetting van die vennootskap van die staat en die partikuliere welsynsorganisasies op die gebied van maatskaplike sorg. Brosjure oorgedruk uit die Tydskrif vir Geesteswetenskappe. Pretoria, Maart 1964.

256. Cronje, G. — Grondslae in die maatskaplike werk. Ongepubliseerde rede op 12 Oktober 1966 uitgespreek by geleentheid van die kursus vir maatskaplike werkers aan die Universiteit van Pretoria.

257. Du Preez, D.C.S. — Prolegomena. Ongepubliseerde artikel, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom, Ongedateerd.

258. Konstitusie van maatskaplike werkers vereniging van Suid-Afrika.

259. Maree, Sy Edele W.A. — Die Nasionale Welsynsraad in breër perspektief. Toespraak gelewer by geleentheid van die 44ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad op 11 Augustus 1966.

260. Memorandum van die Kabinetskomitee oor die Departement van Volkswelsyn. 27 Oktober 1938.

261. Die Nasionale Welsynswet. No. 79 van 1965. Pretoria, Die Staatdrukker.

262. Olivier, G.F. — Die taak van gemeenskapsorganisasie in die versorging van die bejaarde. Referaat gelewer tydens die Konferensie oor Bejaardesorg op 16 Mei 1967, gereël deur die Streekwelsynsraad van Noord-Transvaal.

263. Toespraak van die Minister van Volkswelsyn voor die Nasionale Welsynsraad, 26 Oktober 1954.

264. Van der Walt, J.P. — Ongepubliseerde memorandum oor die opleiding vir professionele maatskaplike werk in die Dept. Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 4 Mei 1964.

265. Van Rooyen, I.J.J. — Gemeenskapsorganisasie en maatskaplike beleid - die plek daarvan in die B.A.(M.W.) -kursus en die probleme daaraan verbonde. Referaat gelewer voor die G.U.K. te Pretoria, 17 Julie 1964.

266. Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1962 - 1964. Pretoria, Staatsdrukker, R.P. 32/1964.

267. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die Boekjaar 1937 - 1939. U.G. 15/1940.

268. Verslag van die Departementele Komitee van Ondersoek oor die Opleiding en Indiensplasing van Maatskaplike Werkers. U.G. 13/1950.

269. Verslag van die Komitee insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies. Ongepubliseer. Pretoria, 1953.

270. Verslag van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk, 1936. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1937.

271. Verslag van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk gehou te Kimberley, 2-5 Oktober 1934. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1935.

272. *Volkswelsyn en Pensioene. Evaluasie-verslag oor groepwerk by Excelsior Plek van Veiligheid en Bewaring, Durban.* Aangebied deur die seksie navorsing en statistiek van die genoemde Departement, No. 1 van 1964.

273. Zuidema, S.U. *De mens als historie.* Rede gehouden bij de aanvaarding van het ambt van buitengewoon hoogleraar in de Faculteit der Lettere en Wijsbegeerte aan de Vrije Universiteit te Amsterdam, 9 Junie 1948. Franeker, T. Wever.

E. ENSIKLOPEDIEË.

274. Carr-Saunder, A.M. and Wilson, P.A. „Professions" in *Encyclopaedia of the social sciences.* New York, Macmillan, 1948. Part XII.

275. Grosheide, F.W. *Korte christelijke encyclopaedie.* Kampen, J.H. Kok N.V., 1934.

276. Kruyt, J.P. *Inleiding tot de sociale wetenschappen.* ENSIE, IIIde Deel.

277. Kuyper, A. *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid.* Derde Deel, Kampen, J.H. Kok, 1909.

F. WOORDEBOEK

278. Fairchild, H.P. *Dictionary of sociology.* Paterson, New Jersey, Littlefield, Adams and Co., 1961.

-----------